# KORPORATIEWE SPIRITUALITEIT
# EN
# KLEINGROEPLEIERSKAP

**Johann Wilhelm Oostenbrink, B.A. Honns. Grieks,**
**B.A. Honns. Sielkunde, Th.M.**

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes van die graad Theologiae Doctor in die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

**Promotor:** **Dr. G.A. Lotter**

**Hulppromotors:** **Prof. Dr. J.M. Vorster**

**Prof. Dr. M. Nel**

BERGBRON

1996

# VOORWOORD

Om voortdurend in die kragveld van die tegelyk transendente én immanente God te lewe, is 'n ideaal waarna elke Christen hunker. Deur hierdie studie kon ek, deur die Here se genade, die wonderlike lig van sy Woord en die leiding van sy Gees, 'n bietjie beter verstaan en beleef wat 'n *coram-Deo-lewe* ('n lewe voor God se aangesig) beteken. Ek het ook opnuut besef dat sonder die Christelike geloofsgemeenskap ware belewenis van Christenwees onmoontlik is. Vir hierdie persoonlike verryking en verdieping dank ek die Here.

Vir my studieleier, Dr. George Lotter, saam met sy vrou Adelle, het ek die hoogste agting en waardering - veral vir hulle diepgaande spiritualiteit. Hy het my met skerp teologies-wetenskaplike insig, asook 'n opregte pastorale bewoënheid en Christelike vriendskap deur hierdie studie begelei en geïnspireer. Sy geesdrif (en Gees-drif) en toewyding het dit vir my 'n vreugde gemaak om onder sy leiding te werk. Mag nog baie meer studente dieselfde voorreg as ek geniet!

Aan my twee hulppromotors, Proff. Koos Vorster en Malan Nel, van harte dank dat julle my in hierdie studie van hulp was. Om uit julle kundigheid oor die veld van hierdie navorsing te kon put was vir my 'n groot aansporing. Verder 'n besondere woord van dank aan Prof. Fika van Rensburg vir sy voortdurende belangstelling en aansporing in my navorsingswerk, asook die spiritualiteit wat ek by hom kon sien en beleef.

Ook groot dank aan die buitelandse teoloë met wie ek gedurende my studiereis in Nederland en die VSA indringende gesprekke kon voer, veral Drr. M te Velde, A. Noordegraaf, Tim Keller, Proff. Van't Spijker en Bob de Vries, asook Di. Erik Veenhuizen en Doug Kamstra. Hulle het my kennis en persoonlike geloofslewe op talle maniere verryk.

Mnr. Martin Ackerman, 'n statistikus, het my gehelp met die verwerking van die inligting wat uit die vraelyste verkry is. Sy hulp word opreg waardeer.

Die Gereformeerde gemeente Delarey het 'n reuse aandeel in hierdie studie gehad. Nie alleen het hulle my met studieverlof en persoonlike belangstelling aangespoor nie, maar talle lidmate - veral die kerkraad en kleingroepleiers - het saam met my die Skrif en belydenisskrifte oor hierdie saak ondersoek. Uiteindelik kon ons begin om baie van die beginsels wat in hierdie studie weergegee word in ons gemeentelike bediening te

verdiskonteer. Dankie dat julle bereid is om saam met my hierdie pad van geestelike en gemeentelike vernuwing te loop.

Aan my kollegas in die gemeente, Di. Sakkie Minnaar (emeritus) en Human Coetsee, van harte dankie. Hulle het my broederlik bygestaan, geadviseer en saam met my deur hierdie studie gegroei. Ds. Sakkie Minnaar, asook twee ander predikante in die klassis, naamlik Di. Jakob Pretorius en Hannes van der Walt, het groot dele van hierdie studie nagegaan en kritiese kommentaar gelewer. Julle onselfsugtige bydraes en eerlike kommentaar, maar veral julle pragtige vriendskap word opreg waardeer.

Nog 'n klompie lidmate van Gereformeerde kerk Delarey verdien spesiale vermelding. Hannie Schutte het die taalversorging met groot toewyding gedoen en in gesprekke my tot verdere nadenke gestimuleer. Ek dank die Here vir u. Baie dankie ook aan Corlie van Aartsen, Hefer Venter en Frans Sadie vir hulp met die grafiese rekenaarwerk en die drukwerk. Ek is ook baie dank verskuldig aan Arnold Greyling wat gedurende sy oorsese verblyf sy meenthuis vir 7 maande gratis aan my beskikbaar gestel het sodat ek daar ongestoord kon werk.

My ouers, Hans en Careen Oostenbrink, en skoonouers, Jan en Martie Boot, het my met hulle belangstelling en gebede voortdurend ondersteun en aangespoor. Dankie vir al julle liefde en ook vir die finansiële ondersteuning. Ek is ook baie dank verskuldig aan Gideon en Nina Hefer, my swaer en suster wat in ons huis kom bly het om ons kinders op te pas tydens ons studietoer. Gideon het my ook met groot opoffering met rekenaarwerk bygestaan.

Mariëtte, my vrou, asook my kinders Marlizanne, Hanno en Ruan, was en is vir my 'n groot bron van krag en inspirasie. Mariëtte het saam met my die studietoer meegemaak en my gehelp om talle onderhoude te voer. Tuis het ons kinders getrou vir ons gebid. Wat 'n voorreg om saam met so 'n gesin die Here te mag dien!

Ek bid opreg dat hierdie studie nie alleen sal dien as voldoening aan die vereistes vir 'n doktorsgraad nie, maar ook dat baie gelowiges en gemeentes hierby baat sal vind.

Bergbron
November 1996.

# ABSTRACT


In this study the potential of small group leadership to facilitate corporate spirituality is examined.

Postmodern man longs for supernatural experience and relational intimacy with fellow human beings. It seems that reformed churches should redirect their strategies of ministry to simultaneously build God's people in the image of Christ and meet their deeply felt spiritual needs.

The term *spirituality* refers to the subjective or experiential dimension of religion. Reformed spirituality has often been expressed as *praxis pietatis*. It indicates that Christians ***live in the presence of God (coram Deo), in living fellowship with Him and fellow believers and as living witnesses of Christ in this world***. According to the Scriptures Christian spirituality should be practiced and experienced **corporately as well as individually**. Corporate spirituality focusses on the fellowship (κοινωνια) which believers enjoy with each other as a dimension of spirituality as well as an important context wherein spirituality can (and must) be practiced.

The congregational small group is seen as a complete εκκλησια - a community of faith within the bigger unit of the local church. In the small group as a community of faith, spirituality can be practiced in the context of intimate relationships. Although there are dangers which can obstruct healthy spirituality, small group dynamics provide unique opportunities and are useful forces to facilitate corporate spirituality in a unique way. The small group leader should know and be taught how to use small group dynamics and facilitate corporate spirituality in the small group.

Small group leadership is spiritual leadership with the explicit purpose of helping the small group members, firstly corporately and secondly individually, to live in the presence of God (*coram Deo*). The effectiveness of the small group leader is largely determined *not* by what he ***does*** but by what he ***is***. The small group leader's identity as servant-shepherd, his Christian character, his style of leadership and his personal spirituality is of great importance. **What he does should flow from what he is *coram Deo*.**

The relationship between corporate spirituality in the local church and the spirituality of its small groups should be reciprocal. Congregational strategies of ministry should, therefore, enhance corporate spirituality in the small groups.

To support and motivate the small group leaders in their task of facilitating healthy spirituality in the small groups, there should be an overall congregational strategy and structure which provides spiritual care and help to them. **In reformed churches small group leadership should be integrated in the presbyterial system of church government as a ministry under the oversight and care of the elders**.

# INHOUDSOPGAWE


## HOOFSTUK 1: VERANTWOORDING

1.1 ORIëNTERING 1

1.1.1 'n Groeiende behoefte aan spiritualiteit by die Postmoderne mens 1

1.1.2 'n Groeiende belangstelling in gemeentelike kleingroepe 3

1.1.3 'n Behoefte aan leierskap wat spiritualiteit bevorder 4

1.2 PROBLEEMSTELLING 5

1.2.1 Stand van navorsing 5

1.2.2 Die navorsingsprobleem 5

1.2.3 Die afbakening van die studie 6

1.3 DOELSTELLINGS 6

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 7

1.5 UITGANGSPUNTE EN METODE 7

1.6 BIBLIOGRAFIESE EN ANDER TEGNIESE ASPEKTE 8

## HOOFSTUK 2: KORPORATIEWE SPIRITUALITEIT UIT 'N GEREFORMEERDE PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING 9

2.1.1 Agtergrond 9

2.1.2 Werkswyse 9

2.1.3 Doel van die hoofstuk 10

**2.2 BESKRYWING VAN SPIRITUALITEIT** **10**
**2.2.1 Die vaagheid rondom die begrip** **10**
**2.2.2 'n Indeling van perspektiewe op Christelike spiritualiteit** **10**
**2.2.3 'n Keuse vir 'n meerdimensionele omskrywing** **12**

**2.3 SKRIFGEGEWENS** **13**
**2.3.1 Afbakening** **13**
**2.3.2 Hand 2:42 binne die gedeelte Hand 2:1-47** **14**
2.3.2.1 Die Heilige Gees as Bewerker van spiritualiteit **15**
2.3.2.2 Die gemeente se funksie in gelowiges se volharding **15**
2.3.2.3 'n Korporatiewe getuienis **16**
2.3.2.4 Die vier wesenskenmerke van die eerste gemeente **17**
**2.3.3 Perspektiewe uit Efesiërs** **20**
2.3.3.1 Ontleding van Ef 3:14-21 **22**
2.3.3.2 Beelde ter beskrywing van die geloofsgemeenskap **28**
**2.3.4 Samevatting** **29**

**2.4 BESKRYWING VAN *GEREFORMEERDE* SPIRITUALITEIT** **30**
**2.4.1 Grepe uit die historiese ontwikkeling van gereformeerde spiritualiteit** **30**
2.4.1.1 Die Ou Testamentiese Israeliet **30**
2.4.1.2 Die Nuwe-Testamentiese Christen **31**
2.4.1.3 Die vroeë Christelike kerk **31**
2.4.1.4 Die Middeleeue **33**
2.4.1.5 Die Reformasie **36**
2.4.1.6 Die Nadere Reformasie en Puritanisme **37**
2.4.1.7 Ander tradisies **38**

**2.4.2 Die teologiese *ratio* van gereformeerde spiritualiteit** 39
2.4.2.1 'n Lewe voor God 39
2.4.2.2 'n Lewe vanuit die openbaring van God 40
2.4.2.3 'n Lewe uit genade 41
2.4.2.4 'n Lewe deur geloof 42
2.4.2.5 'n Lewe deur die Gees wat in die gelowiges woon 42
2.4.2.6 'n Lewe uit liefde vir die wet 43
2.4.2.7 'n Lewe in hoopvolle verwagting 44
2.4.2.8 'n Lewe vanuit 'n verbondsverhouding 45
2.4.2.9 'n Toegewyde lewe *in* hierdie wêreld 45
2.4.2.10 'n Lewe in die gemeente 46
**2.4.3 'n Fenomenologiese beskrywing van gereformeerde spiritualiteit** 47
2.4.3.1 Spesifieke handelinge of gebruike 47
2.4.3.2 Die rol van siklus en gemeenskap 47
2.4.3.3 Simbole of leerstukke 48
2.4.3.4 Religieuse motiewe 48
2.4.3.5 Die verhoudinge waarbinne die mens leef 49
2.4.3.6 Die rol van nie-teologiese faktore 49
**2.4.4 Samevatting** 49

**2.5 'N WERKBARE DEFINISIE VIR SPIRITUALITEIT** 50

**2.6 GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT AS KORPORATIEWE SPIRITUALITEIT** 52
**2.6.1 Omskrywing van gereformeerde korporatiewe spiritualiteit** 52
**2.6.2 Korporatiewe spiritualiteit as spiritualiteit in koinoniale verhoudinge** 53
**2.6.3 Gereformeerde spiritualiteit is korporatiewe spiritualiteit** 55

**2.7 GEVOLGTREKKINGS** 55

## HOOFSTUK 3: KLEINGROEPE TER FASILITERING VAN SPIRITUALITEIT


**3.1 INLEIDING** 56

**3.1.1 'n Wêreldwye belangstelling in kleingroepbediening** 57

**3.1.2 Definiëring van die begrip *kleingroep*** 58

**3.1.3 Doel van die hoofstuk** 59

**3.2 FAKTORE WAT DIE ONTPLOOIING VAN KORPORATIEWE SPIRITUALITEIT BEÏNVLOED** 59

**3.2.1 Faktore in die breë samelewing** 60

3.2.1.1 Post-modernisme 60

3.2.1.2 Die "New Age"-beweging 61

3.2.1.3 Internasionalisme (*globalism*) en terug huis toe 61

3.2.1.4 Individualisme, kollektivisme en netwerke van kleiner groepe 62

3.2.1.5 Veranderinge op sosio-politieke gebied 63

**3.2.2 Faktore in die kerk** 65

3.2.2.1 Veranderde verwagtinge ten opsigte van die kerk 65

3.2.2.2 Eensydighede van 'n Woordverkondigingsmodel 65

3.2.2.3 Onderbeklemtoning van die Persoon en werk van die Heilige Gees 67

3.2.2.4 Verbrokkeling van gemeentelike verhoudinge en *koinonia* 68

3.2.2.5 Individualisering van spiritualiteit 69

3.2.2.6 Strukturele vernuwing sonder spirituele groei 69

3.2.2.7 Die vergete amp 70

3.2.2.8 Oppervlakkigheid in die kerk 71

3.2.2.9 'n Dualistiese lewensbeskouing 72

**3.2.3 Die hedendaagse psigologiese ingesteldheid** 72

**3.2.4 Samevatting** 74

**3.3 SKRIFTUURLIKE EN TEOLOGIESE FUNDERING** **75**

**3.3.1 Skrifgegewens** **75**

3.3.1.1 Hand 2:46-47 By die tempel en mekaar se huise **75**

3.3.1.2 Hand 4:23-37 **77**

3.3.1.3 Ef 4:1-16 In die kleingroep (as εκκλησια) bou die lede mekaar op **83**

**3.3.2 Samevattende teologiese perspektiewe** **84**

**3.4 KLEINGROEPE SE POTENSIAAL TOT SPIRITUALITEIT** **84**

**3.4.1 Strukture wat ruimtes skep om na God te luister** **85**

**3.4.2 'n Ruimte vir *koinonia*** **86**

**3.4.3 Oop vensters en deure na en vir die wêreld** **87**

**3.4.4 Aanspreek van sosio-emosionele behoeftes** **88**

**3.4.5 'n Potensiële antwoord vir spiritualiteit in hierdie tyd en situasie** **89**

**3.5 KLEINGROEPDINAMIKA** **90**

**3.5.1 Die totstandkoming en samestelling van die kleingroep** **91**

3.5.1.1 Gemeenskaplikhede as rede vir ontstaan **91**

3.5.1.2 Die waarde van heterogeniteit **91**

3.5.1.3 Die grootte van die groep **92**

3.5.1.4 Die kontraktering en verbintenis van kleingroeplede **92**

**3.5.2 Die groei en ontwikkeling van die groep** **94**

**3.5.3 Die bestemming van die groep** **95**

**3.5.4 Interpersoonlike kommunikasie en interaksie** **95**

3.5.4.1 Twee style van interpersoonlike kommunikasie **95**

3.5.4.2 Die toename in kommunikasielyne **96**

3.5.4.3 Die *ek-en-jy*-interpretasies **97**

3.5.4.4 Eerlike en oordeelkundige selfopenbaring **97**

3.5.4.5 Liefdevolle luister **98**

3.5.4.6 Diades en triades **99**

**3.5.5 Groepbewussyn en -identifikasie** **99**

**3.5.6 Groepkohesie** **100**

**3.5.7 Samevatting** **101**

**3.6 DIE FASES VAN 'N KLEINGROEPBYEENKOMS** **101**

**3.7 SPIRITUALITEITSBEOFENING** **103**

**3.7.1 Spiritualiteit as lewe *coram Deo*** **105**

3.7.1.1 Lewenshoudinge vir *coram-Deo*-belewing **105**

3.7.1.2 'n Votum of openlike verklaring **106**

3.7.1.3 Die *coram-Deo*-belewing moet alles beheers **107**

**3.7.2 *Koinonia* as korporatiewe spiritualiteit in kleingroepe** **107**

3.7.2.1 Die *koinonia* van die kleingroep as spiritualiteitskonteks **108**

3.7.2.2 *Koinonia* in die kleingroep as spiritualiteitsbeoefening **110**

**3.7.3 Gemeenskap met God as korporatiewe spiritualiteit in kleingroepe** **113**

3.7.3.1 Luisterende gemeenskap met God **113**

3.7.3.2 Biddende gemeenskap met God **116**

**3.7.4 Die lewe na buite as korporatiewe spiritualiteit in kleingroepe** **122**

**3.7.5 Samevatting** **124**

**3.8 GEVARE EN BEPERKINGE VAN SPIRITUALITEIT IN KLEINGROEPE** **124**

**3.9 GEVOLGTREKKINGS** **126**

## HOOFSTUK 4: KLEINGROEPLEIERSKAP TER FASILITERING VAN SPIRITUALITEIT

**4.1 INLEIDING** **127**

**4.1.1 Die noodsaaklikheid van kleingroepleiers** **127**

**4.1.2 Omskrywing van kleingroepleierskap** **128**

**4.1.3 Doel van die hoofstuk** **129**

**4.2 SKRIFGEGEWENS** 130

**4.2.1 Hand 20:28 in Hand 20:17-38** 131

4.2.1.1 Herders se opdrag ten opsigte van hulleself 132

4.2.1.2 Herders se opdragte ten opsigte van die kudde 134

4.2.1.3 Deur die Heilige Gees in die kudde aangestel 135

4.2.1.4 Die kudde is duur gekoop 136

**4.2.2 Ef. 4:12 in die gedeelte Ef. 4:1-16** 137

4.2.2.1 Onmiddellike doel: om gelowiges volkome te maak 140

4.2.2.2 Die verdere doel: die dienswerk van die gelowiges 140

4.2.2.3 Die uiteindelike doel: die opbou van die liggaam van Christus 141

**4.2.3 Samevatting** 142

**4.3 DIE SPIRITUALITEIT VAN DIE KLEINGROEPLEIER** 142

**4.3.1 Die kleingroepleier se lewe *coram Deo*** 144

4.3.1.1 God in die sentrum 145

4.3.1.2 *Coram-Deo*-lewenswaardes 146

4.3.1.3 Oefening in geestelike dissiplines 149

4.3.1.4 Roepingsbesef 150

**4.3.2 Biddende gemeenskap met God** 151

**4.3.3 Luisterende gemeenskap met God** 153

**4.3.4 Gemeenskap met medegelowiges** 154

**4.3.5 Lewe in die wêreld** 155

**4.4 DIE KLEINGROEPLEIER SE IDENTITEIT** 157

**4.4.1 Die identiteit van 'n diensknegleier** 158

**4.4.2 Die identiteit van 'n herderleier** 159

**4.5 DIE EIENSKAPPE VAN 'N KLEINGROEPLEIER SE LEWE** 161

**4.6 DIE KLEINGROEPLEIER SE STYL** 165

**4.6.1 Drie afwykende leierskapstyle** 165

4.6.1.1 Die outokratiese styl 165

4.6.1.2 Die laissez-faire-styl 166

4.6.1.3 Die demokratiese leierskapstyl 167

**4.6.2 Die Christokratiese styl** 168

**4.6.3 Implikasies van die keuse** 170

4.6.3.1 Die kleingroepleier se mensbeskouing 171

4.6.3.2 'n Styl van gebrokenheid 172

4.6.3.3 'n Lewe met die kleingroep 173

**4.7 DIE VERANTWOORDELIKHEDE VAN 'N KLEINGROEPLEIER** 174

**4.8 GEVOLGTREKKINGS** 178


## HOOFSTUK 5: KONTOERE VAN 'N GEMEENTELIKE STRATEGIE VIR KLEINGROEPLEIERSKAP


**5.1 INLEIDING** 179

**5.2 DIE VERHOUDING: GEMEENTELIKE SPIRITUALITEIT EN KLEINGROEPSPIRITUALITEIT** 180

**5.2.1 Prinsipiële oriëntering** 180

**5.2.2 Historiese lesse uit die Piëtisme en Metodisme** 181

**5.2.3 Moontlikhede om die spanning op te los** 182

**5.2.4 Samevatting** 183

**5.3 DIE ORGANISATORIESE PLEK VAN DIE KLEINGROEPLEIER** 183

**5.3.1 Prinsipiële besinning** 184

5.3.1.1 Die wese en doel van die gemeente 185

5.3.1.2 Christus as die enigste Hoof en Koning van die Kerk 186

5.3.1.3 Die gawes en bedieninge van lidmate 186

5.3.1.4 Die bestaan van die besondere ampte 187

5.3.1.5 Die verhouding tussen die besondere ampte en die lidmate in die charismatiese (begaafde) gemeente 188
5.3.1.6 Gevolgtrekkinge 190
**5.3.2 'n Voorlopige organogram om kleingroepleierskap binne die gemeenteleierskap-sisteem te integreer 190**
5.3.2.1 Bestaande modelle 191
5.3.2.2 'n Eie model 193
5.3.2.3 Beskrywing en evaluering van die voorgestelde organisasiestruktuur 194
5.3.2.4 Implikasies vir die gemeentebediening 195
**5.3.3 Samevatting 197**

**5.4 GEMEENTELIKE BEDIENINGSGESTALTES TER BEVORDERING VAN KLEINGROEPSPIRITUALITEIT 197**
**5.4.1 Enkele voorbeelde van bedieningsgestaltes met die oog op kleingroepspiritualiteit 199**
5.4.1.1 Erediens 200
5.4.1.2 Woordverkondiging 203
5.4.1.3 Kategese 204
5.4.1.4 Gemeentekampe en *retraites* 204
**5.4.2 Samevatting 205**

**5.5 DIE ONTWIKKELING EN VERSORGING VAN KLEINGROEPLEIERSKAP 205**
**5.5.1 'n Belangrike funksie van die ampte 205**
**5.5.2 Verskillende maniere waarop gawes in bedieninge ontwikkel 206**
**5.5.3 In-diens-opleiding 207**
**5.5.4 Toerustingskursusse 209**
**5.5.5 Die versorging van 'n kleingroepleier 211**
**5.5.6 Die spiritualieitsvorming van die kleingroepleier 212**
**5.5.7 Samevatting 213**

**5.6 GEVOLGTREKKINGS 213**

# HOOFSTUK 1

# VERANTWOORDING

## 1.1 ORIëNTERING

### 1.1.1 'n Groeiende behoefte aan spiritualiteit by die post-moderne mens

Die begrip *"spiritualiteit"* verwys na die *subjektiewe of beleweniskant* van die religie. Spiritualiteit het te doen met die individu se persoonlike vroomheid, maar is onlosmaaklik verbonde aan die geloofsgemeenskap waartoe die enkeling behoort (Jonker, 1989:288-289).

Die Reformasie wou eerstens 'n Bybelse spiritualiteit bevorder en daarna 'n teologiese beweging wees. Uit Luther se geskrifte is dit duidelik dat hy nie net 'n reformasie van die gangbare leer in die oog gehad het nie, maar allereers 'n kragtige reformasie van die Christelike vroomheid (Exalto, 1993:149). Die Reformasie is gebore uit Luther se persoonlike worsteling om genade voor God te kry.

Tydens die Nadere Reformasie van die 17de en 18de eeue is die belangrikheid van spiritualiteit as *praxis pietatis* (beoefening van vroomheid) opnuut beklemtoon (Malan, 1984:1-3). Eksponente van die Nadere Reformasie is egter dikwels gekategoriseer as piëtiste wanneer hulle oordrewe klem op spiritualiteit as 'n innerlike vroomheidsbelewing geplaas het (Malan, 1984:44-45).

Sedert die tagtigerjare van hierdie eeu het die belangrikheid van spiritualiteit weer sterk op die voorgrond getree (Jonker, 1989:288; Velema, 1990:13, 17). In 'n artikel oor die belangrikheid van spiritualiteit vir die missionêre kerk, merk Houston (1991:184) op:

> Since "Functional Man" describes much of the character of our contemporary culture, what we "do" defines most people's definition of life, and personal identity. "Being" a Christian is overlooked, in the dominance of what is "done". The dominance of "doing" over "being"

leads those who assume they know the gospel then to promote many wares on its behalf. Perhaps it is this that helps explain the emptiness that some of us feel about the "packaging" of evangelical promotionalism.

Kane (1995:21) verwys in 'n resente artikel oor die groot toename in belangstelling in die okkultisme na 'n "popular longing for spiritual meaning". Dit kom voor asof die hedendaagse mens in spirituele belewing sin en sekuriteit soek, asook 'n belewing van dinge wat bo die sigbare (harde) werklikheid uitstyg.

Die moderne era met sy oorskatting van die mens se rasionele vermoëns (Van der Walt, 1994:3-5), het reeds plek begin maak vir die post-moderne mens se beklemtoning van die spirituele en relatiewe (Louw, 1980:143; Vorster, 1994:315; Van der Walt, 1994:5-8; Kane, 1995:21).

Ongelukkig is kerke dikwels geneig om hierdie nuwe belangstelling in spiritualiteit eensydig af te maak as die groot gevaar van die okkultisme en die sogenaamde *New Age Beweging* en om so 'n heksejagtery te ontketen (Van der Walt, 1990:2-4). Hierdie neiging kan daartoe lei dat die New Age Beweging en die okkultisme die nuwe "golf" (vgl. Toffler, 1980) ry, terwyl Christelike kerke dié golf tot hulle eie ondergang teenstaan omdat aan tradisionalistiese en formalistiese idees van kerkwees vasgehou word (vgl. Vorster, 1994:321-324).

Hoewel die nuwe belangstelling in spiritualiteit meebring dat mense ten prooi kan val aan okkultisme en verwante vorme van verleiding, bied dit tegelyk aan die gereformeerde kerke die *uitdaging* om die post-moderne mens te begelei na ware gereformeerde spiritualiteit (Fowler, 1990:48-50; Van der Walt, 1990:30-31).

Vorster (1994:323) toon aan hoe paradigmaverskuiwings in die ekklesiologie meebring dat die kerk se bestaansreg beoordeel word op grond van sy kontekstuele en pragmatiese betekenis. Volgens hom (1994:324) moet die kerk noodwendig sy *bedieningsvorme en organisasie aanpas* om in die nuwe milieu funksioneel te bly. Hierdie aanpassing moet egter geskied sonder om van die Bybelgefundeerde omskrywing van die wese en roeping van die kerk af te wyk.

Houston (1991:188) vra die vraag: "What proposals then should be made for renewed effort to integrate spirituality and Christian truth for post-modern man?". Hierdie vraag eis, in die lig van die bostaande bespreking, dringende en deeglike antwoorde. As die kerk geen of oppervlakkige antwoorde bied, kan hy vir baie hedendaagse lidmate sy funksionaliteit verloor.

### 1.1.2 'n Groeiende belangstelling in gemeentelike kleingroepe

In resente literatuur oor gemeentebou en -vernuwing (vgl. o.a. Girard, 1977; Versteeg, 1980; Getz, 1987; Burger, 1991; Hendriks, 1992; Simpson, 1992; Oostenbrink, 1994) word dit sterk beklemtoon dat die lewe in die kerk en die toewyding van die lidmate baie nou saamhang met die vlak van *koinonia* (gemeenskap) wat lidmate met mekaar beleef. Meier et al. (1992:10) toon aan dat daar in die hedendaagse kerke 'n groot leemte bestaan in die belewing van die gemeenskap van die gelowiges. Vandaar die groeiende belangstelling van kerke wêreldwyd in die bediening van lidmate deur kleingroepe (Simpson, 1992:31; Potgieter, 1995:18).

Neighbour (1990:47) wys op die gevaar dat 'n gemeente soos 'n goedgeorganiseerde maatskappy kan word. Hy verwys na so 'n kerk as 'n "Program Base Design Church". Hy kritiseer hierdie soort gemeente se werkswyse want dit "doesn't build *people* on the foundation of Christ; It only builds *programs*. The assumption is that the programs are necessary to build the people, but it just doesn't achieve this goal!". Kunst (1991:16) meen "om gemeenschap mogelijk te maken, moet er een nieuwe kerkhervorming komen". Volgens Floor (1978:56), Neighbour (1990:6) en George (1994:313) is kleingroepe die Bybelse en mees praktiese oplossing vir die toekoms van die kerk.

Verskeie navorsers het in resente studies aangetoon dat gelowiges binne kleingroepe in spiritualiteit kan groei deur ware en diepgaande *koinonia* met mekaar te beoefen, mekaar te versorg en op te bou, en ongelowiges te evangeliseer (Gibbs, 1981:260; Schwanz, 1988:43; Bellah, 1988:51; Neighbour, 1990; Arnold, 1992:23; Oostenbrink, 1994:111-127). Kleingroepe slaag daarin om 'n antwoord te bied op lidmate se behoefte "aan meer intieme, betekenisvolle verhoudings met ander mense" en "bied 'n medium om dié verskeidenheid in die gemeente en samelewing beter op te vang" (Simpson, 1992:30).

Kleingroepe moet egter nie gesien word as 'n "nuwe" bedieningsvorm in gereformeerde kerke nie. Beide die hervormers, Luther en Bucer, het aangetoon dat die benutting van klein- of huisgroepe die geleentheid bied om korporatiewe spiritualiteit, die beoefening van die gemeenskap van die gelowiges en die funksionering van die amp van die gelowige tot sy reg te laat kom (Berkhof, 1973:378; Kunst, 1991:66-67; vgl. 3.1). Beckham (1995:116-117, 231-241) pleit vir 'n tweede Reformasie wat deur kleingroepbediening die kerklike struktuur kan hervorm sodat nie net die kerklike leer nie, maar ook die kerklike lewe en spiritualiteit waarlik Skriftuurlik kan wees.

### 1.1.3 'n Behoefte aan leierskap wat spiritualiteit bevorder

As gevolg van die *klerus-leke-onderskeid* wat vandag nog in baie Afrikaanse gereformeerde kerke geldend is (vgl. Hendriks, 1992:19-23), is die gemeente grootliks toeskouers en ontvangers van dit wat in die kerk gebeur (Oostenbrink, 1994:55-58). Die passiwiteit van lidmate bring mee dat die toerusting wat gegee word, vir lidmate amper irrelevant is omdat die leiers al die werk "namens hulle" (Nel, 1994:54) doen. So strem lidmate se passiwiteit hulle belewing van die godsdiens (Nel, 1994:52, 69). Deelname aan aktiewe diens is immers 'n dissipline van spiritualiteit (Foster, 1990: 159-177; Whitney, 1991:109-123) wat elke lidmaat behoort te beoefen.

Raubenheimer (1987:50) meen egter dat baie lidmate as gevolg van 'n "geestelike minderwaardigheidskompleks" nie gereed is om hulle plek in die gemeente in te neem nie. Hy meen "hulle weet nie *wie* hulle is en *wat* hulle taak is nie. Die kleingroep ... is die ideale ruimte waarbinne lidmate bewus gemaak kan word van hule ware 'geestelike identiteit'" en tot ware diensbaarheid kan kom.

Die effektiwiteit van 'n kleingroep hang grootliks af van die spiritualiteit, karakter en vaardighede van die kleingroepleier (Engelbrecht & De Wet, 1985?:37; George, 1994:70-71; vgl. Dinkmeyer & Muro, 1979:123-178; Vander Kolk, 1985:216-217). Daarom kan daar met reg verwag word dat die leiding wat die kleingroepleier gee en die vlak van spiritualiteit wat die kleingroepdinamika aan die lede fasiliteer, 'n baie noue verband het. Hierdie verband moet egter nog nader ondersoek word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Stand van navorsing

'n Uitgebreide bibliografiese soektog is met die hulp van die Ferdinand Postma Biblioteek gedoen deur die gebruikmaking van die volgende databasisse: Religious Index, Religious and Theological Abstracts, proefskrifte en verhandelings. Hierdie soektog toon dat die verband tussen kleingroepleierskap en spiritualiteit nog nie wetenskaplik nagevors is nie en klaarblyklik ook nie in die proses van navorsing is nie. Daar is wel 'n aantal afgehandelde studies wat die studievelde van die kleingroep (bv. Simpson, 1992), kleingroepleierskap (bv. Du Preez, 1990) en spiritualiteit (bv. Smit, 1990; Van der Merwe, 1990) aansny.

In 'n deeglike studie oor spiritualiteit tipeer Van der Merwe (1990:25-26) spiritualiteit as verbondenheid aan God, betrokkenheid by die alledaagse lewenspraktyk en die verband tussen die verbondenheid aan God en die alledaagse lewenspraktyk. Hy laat egter na om die *korporatiewe* of *koinoniale* dimensie van spiritualiteit te verdiskonteer soos wat met hierdie studie beoog word. Smit (1990) ondersoek spiritualiteit as 'n dimensie in leierskapsontwikkeling. Sy studie fokus egter op die teologiese opleiding van predikante en nie op kleingroepleierskap en spiritualiteit nie.

### 1.2.2 Die navorsingsprobleem

Die navorsingsprobleem wat in die lig van bostaande bespreking ondersoek word, is:

- Wat is korporatiewe spiritualiteit uit gereformeerde perspektief?
- Hoe kan kleingroepe spiritualiteit fasiliteer?
- Hoe kan kleingroepleiers spiritualiteit in kleingroepe fasiliteer?
- Hoe kan 'n gemeentelike strategie kleingroepleiers ondersteun om spiritualiteit in die kleingroepe te fasiliteer?

### 1.2.3 Die afbakening van die studie

Die studie word soos volg afgebaken:

- Dit is primêr 'n pastorale studie.
- Dit fokus op die problematiek van 'n gereformeerde gemeente.
- Dit ondersoek die rol van die kleingroepleier om gereformeerde spiritualiteit in die kleingroep te fasiliteer.

Die studie fokus nie op die volle spektrum van spirituele dissiplines nie (vgl. Whitney, 1991). Die innerlike dissiplines is minder in die fokus as die **korporatiewe** dissiplines (vgl. Foster [1990] vir die onderskeid). Die fokus is voorts op **gereformeerde** spiritualiteit wat geloofsbelewing baie nou koppel en toets aan die Bybel as die Woord van God, en dit sien as 'n lewe *coram Deo* (voor God) in gemeenskap met Christus deur die werking van die Heilige Gees (vgl. Smit, 1988:187-191).

Verder word die studie spesifiek op ***kleingroep***leierskap toegespits en nie op leierskap in die algemeen nie.

## 1.3 DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie studie is die volgende:

- Om korporatiewe spiritualiteit uit gereformeerde perspektief te ondersoek;
- Om aan te te toon op watter wyse kleingroepe spiritualiteit kan fasiliteer;
- Om die verband tussen kleingroepleierskap en die spiritualiteit van kleingroeplede te ondersoek; en
- Om kontoere van 'n gemeentelike strategie wat kleingroepleiers ondersteun om spiritualiteit in die kleingroepe te fasiliteer, daar te stel.

## 1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is:

- Daar is 'n besondere verband tussen gereformeerde en korporatiewe spiritualiteit.
- Kleingroepe kan 'n kardinale rol in die fasilitering van spiritualiteit speel.
- Deur effektiewe kleingroepleierskap in die kerk kan kleingroeplede tot groei in spiritualiteit gelei word.
- Dit is moontlik om, ter ondersteuning van kleingroepleiers se fasilitering van spiritualiteit in die kleingroepe, kontoere van 'n gemeentelike strategie daar te stel.

## 1.5 UITGANGSPUNTE EN METODE

Die navorser neem as voorveronderstelling dat die Bybel

- die organies-geïnspireerde Skrifopenbaring van God is, en
- die konsekwensies wat die aanvaarding van God se versoeningsdaad in Christus vir die praktyk van die alledaagse lewe het, belig (Venter, 1995:196-197).

Hierdie studie is in die eerste plek 'n teoretiese studie wat toegespits word op literatuurnavorsing. As bronne vir hierdie studie is die Bybel asook sekondêre literatuur oor die onderwerp gebruik.

Die studie bevat verder ook 'n empiriese komponent wat die beantwoording van vraelyste deur lede van reeds gevestigde kleingroepe behels. Die eksegese van Skrifgedeeltes is gedoen volgens die grammaties-historiese metode soos dit binne die gereformeerde tradisie beoefen word (vgl. Lotter, 1993:11; Breed, 1994: 4). Daar is in die eksegese aandag gegee aan grammatiese, historiese en teologiese aspekte van die teksgedeeltes wat gebruik word. In die metode van ondersoek word die openbaringshistoriese karakter van die Skrif erken (vgl. De Klerk, 1993:8).

In hierdie studie word die wetenskapsteoretiese perspektiewe op diakoniologiese navorsing van Venter (1995:198-199) oor die verhouding tussen die Skrif, basisteorie en praktykteorie verdiskonteer. In die navorsing oor kleingroepe en kleingroepleierskap word interdissiplinêr te werk gegaan deur toepaslike gegewens uit ander dissiplines soos die Sosiologie, Psigologie en Bedryfspsigologie te ontgin.

## 1.6 BIBLIOGRAFIESE EN ANDER TEGNIESE ASPEKTE

- Wanneer na Bybelboeke verwys word, word die spelling en lys van afkortings van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983-vertaling) gebruik.

- In die bronnelys word die verskillende Afrikaanse vertalings van die Bybel wat in hierdie studie gebruik word, onder "DIE BYBEL" aangedui met die gebruikte afkortings daarby, naamlik "1933-vertaling" en "1983-vertaling".

- Waar verse uit die Bybel aangehaal word, word die 1983-vertaling gebruik, behalwe wanneer dit anders aangedui word.

- In hierdie studie word die Griekse teks van die derde uitgawe van *The Greek New Testament* van die United Bible Societies gebruik.

- Die diakritiese tekens in Grieks is weggelaat as gevolg van die beperkinge van die rekenaarprogram wat vir hierdie studie gebruik is.

- Wanneer na *Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Die Heidelbergse Kategismus* en *Die Dordtse Leerreëls* verwys word, word onderskeidelik die afkortings NGB, HK en DL gebruik. In die verwysings word nie die bladsynommers aangetoon nie, maar wel die toepaslike artikel, vraag en antwoord of hoofstuk in die belydenisskrif (byvoorbeeld NGB, 1992:art. 5).

# HOOFSTUK 2

# KORPORATIEWE SPIRITUALITEIT UIT 'N GEREFORMEERDE PERSPEKTIEF

## 2.1 INLEIDING

### 2.1.1 Agtergrond

Die woord "spiritualiteit" het 'n populêre modewoord geword (Jonker, 1989:288; Velema, 1990:13, 17). Tog wil dit voorkom of die gesprek rondom spiritualiteit nie soos 'n kortstondige modegier spoedig gaan oorwaai nie. Volgens Louw (1989:2) het die "hernude opbloei van pogings om met 'n transendente werklikheid kontak te maak ... die tema van spiritualiteit opnuut gedurende die tagtiger-dekade op die tafel van die sinsoekende Westerse mens (ge)plaas". Die sinsoekende mens poog om sy innerlike leegheid onder andere met geestelike ervaringe te vul (Schwanda, 1995:1).

### 2.1.2 Werkswyse

Hierdie studie fokus op spiritualiteit vanuit 'n gereformeerde perspektief (vgl. 1.2.3). Ten einde die plek van gereformeerde spiritualiteit tussen die baie ander tradisies en definisies van spiritualiteit te bepaal, word 'n kort oorsig van verskillende *definisies* van die begrip gegee asook 'n voorlopige omskrywing van "spiritualiteit". Deur teksgedeeltes uit Handelinge en Efesiërs kursories te eksegetiseer, word enkele *Skriftuurlike lyne* getrek. Daarna word gereformeerde spiritualiteit teenoor ander spiritualiteite afgegrens deur die *historiese ontwikkeling, teologiese ratio en verskillende gestaltes* van spiritualiteit te behandel. Uit hierdie gegewens word 'n algemene definisie vir spiritualiteit gegee en spiritualiteit sketsmatig voorgestel. Laastens word aangetoon wat met *korporatiewe* spiritualiteit uit gereformeerde perspektief bedoel word.

### 2.1.3 Doel van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk word gepoog om die volgende te ondersoek:

- Hoe word spiritualiteit uit verskillende benaderings beskryf?
- Watter perspektiewe op spiritualiteit kan uit die Skrif afgelei word?
- Hoe kan gereformeerde spiritualiteit van ander spiritualiteite onderskei word?
- Hoe kan spiritualiteit in 'n werkbare definisie omskryf word?
- Wat is korporatiewe spiritualiteit?

## 2.2 BESKRYWING VAN SPIRITUALITEIT

### 2.2.1 Die vaagheid rondom die begrip

Om 'n bepaalde faset van Christelike spiritualiteit sinvol te kan ondersoek, moet *spiritualiteit* eers omskryf word. Die probleem is egter dat daar 'n Babelse begripsverwarring rondom die woord bestaan. Velema (1990:20) wys daarop dat ons in 'n pluralistiese samelewing met baie opvattinge leef. Die gevolg is dat elkeen 'n woord soos "spiritualiteit" met sy of haar eie inhoud vul.

Daar is egter nog 'n probleem. Van der Merwe (1990:21) meen "Die aard van die *saak* (sy kursivering) waarom dit hier gaan, is sodanig dat dit as't ware per definisie ondefinieerbaar is". Ook Van 't Spijker (1993a:15) en Velema (1990:17) wys daarop dat vaagheid eie aan die begrip *spiritualiteit* is.

### 2.2.2 'n Indeling van perspektiewe op Christelike spiritualiteit

Daar is 'n oorvloed van definisies wat poog om bepaalde perspektiewe op Christelike spiritualiteit te omskryf. Hier word na aanleiding van Van der Merwe(2) (1995:104) 'n indeling van verskillende perspektiewe en/of definisies gemaak:

- Eerstens verwys spiritualiteit in die algemeen na "die geestelike lewe van die mens in sy verhouding tot God" en, in sy moderne betekenis, "*die beleweniskant of ervaringskant van die religie*" (Jonker, 1989:288, sy kursivering).

- 'n Tweede groep definisies wil spiritualiteit verstaan in terme van die *praktiese beoefening van godsdiens*. Thurston (1993:3) stel dit kort en kragtig: "What a person does with what a person believes is spirituality". Meestal word in hierdie groep definisies gefokus op spirituele dissiplines in die persoonlike geloofslewe soos gebed, meditering, vas ens. (vgl. Foster, 1990; Whitney, 1991).

- Teenoor bogenoemde meer geestelike siening van spiritualiteit, is 'n derde groep definisies meer gerig op die praktiese dimensie van spiritualiteit *in die gemeenskap en die politieke lewe* (vgl. Jonker, 1989:289). Hiervolgens word spiritualiteit gesien as geloof in aksie in die wêreld.

- 'n Vierde lyn kom uit die pastoraat. De Jongh van Arkel (1989:19) beskou spiritualiteit vir die pastoraat as "die holisties, semanties-funksionele oriëntasie van die mens". Spiritualiteit is uit hierdie pastorale hoek gesien, 'n *interpretasie- en integrasiesisteem* waardeur die individu sin en identiteit aan sy bestaan binne sy bepaalde werklikheid gee. In sy evaluering van Clinebell se politiek-pastorale model, meen Van der Merwe (1990:24) dat hierdie perspektief van De Jongh van Arkel "besliste moontlikhede" bied.

- 'n Vyfde benadering uit die hoek van gemeentebou sluit nou by De Jongh van Arkel aan deur spiritualiteit as 'n hermeneutiese proses te beskou. Arnold Smit (1995:24-25) (sy naam word hier genoem om hom van D.J. Smit te onderskei), meen spiritualiteit "gaan oor ons verstaan en vertolking van die teenwoordigheid en aktiwiteit van God in die wêreld". Hiervolgens word 'n geloofsgemeenskap se spiritualiteit gediagnoseer in terme van die "stories" wat hulle van hulle persoonlike verstaan en belewing van God vertel.

- 'n Sesde perspektief beskryf spiritualiteit as "*die verbande tussen die verbondenheid aan God en die alledaagse lewenspraktyk*, die wyse waarop die innerlike of persoonlike ervaring van God die lewe van gelowiges stempel" (Smit, 1989:85). Richards (1987:50) kom in die lig van 'n klompie uitsprake van Jesus in die Evangelie van Johannes tot die volgende

gevolgtrekking: "Christian spirituality is living a human life in this world in union with God".

### 2.2.3 'n Keuse vir 'n meerdimensionele omskrywing

In hierdie studie word hoofsaaklik aangesluit by die sesde kategorie hierbo as gevolg van die meerdimensionaliteit daarvan. Daarvolgens is spiritualiteit *'n balans van innerlike vroomheid en die praktiese uitlewing daarvan*. Die klassieke uitdrukking *praxis pietatis* is 'n poging om hierdie balans in spiritualiteit in twee woorde saam te vat.

Van der Merwe (1990:48) meen dat die uitdrukking *praxis pietatis* die "meerdimensionele aard en inherente spanning" in spiritualiteit probeer beskryf. In sy studie wat die verband tussen spiritualiteit en politieke betrokkenheid ondersoek, verruim hy die betekenis van die uitdrukking soos volg: "Volledige identifikasie met die wêreld (praxis) en, tegelykertyd, radikale toewyding aan God alleen (pietas) as 'n integrale nuwe lewenstyl (praxis pietas)" (Van der Merwe, 1990:48). Hierdie definisie maak egter nie melding van *die gemeenskap van gelowiges* nie.

Die Griekse woord ευσεβεια word algemeen met "godsvrug" vertaal en is 'n sambreelterm vir spiritualiteit (Noordegraaf, 1993:60-62). Na aanleiding van sy ontleding van die begrip ευσεβεια in 1 Tim 4:7-8 omskryf Louw (1989:11) spiritualiteit soos volg:

- 'n eksistensiële Godskennis;
- 'n aktuele gebedsgemeenskap met God;
- 'n veranderde lewenstyl en
- 'n ekklesiologiese fenomeen.

Veral Louw (1989:11) se verwysing na spiritualiteit as 'n "ekklesiologiese fenomeen" is vir hierdie studie, wat spiritualiteit in gemeenskap met medegelowiges wil ondersoek, van groot belang (vgl. 2.2.6). Met behulp van hierdie meerdimensionele perspektief op spiritualiteit word die begrip nou verder ondersoek.

## 2.3 SKRIFGEGEWENS

### 2.3.1 Afbakening

Daar is baie Skrifgegewens oor spiritualiteit. Daarom is 'n afbakening en seleksie van Bybelse gegewens vir hierdie studie noodsaaklik.

Op voetspoor van Thurston (1993) is 'n keuse gemaak vir Skrifgedeeltes uit Handelinge van die Apostels (of kortliks: Handelinge) en die brief van Paulus aan die Efesiërs (of kortliks: Efesiërs). Die volgende redes motiveer hierdie keuse:

- Beide Handelinge en Efesiërs bied belangrike ekklesiologiese perspektiewe (vgl. Roberts, 1984:294-295; Venter, 1986:2-3).
- Beide geskrifte teken die hooflyne van die Nuwe-Testamentiese perspektief op spiritualiteit (Thurston, 1993:72-76; vgl. Hendriksen, 1969:39-40).
- Met behulp van Handelinge kan Efesiërs (soos ook die ander Pauliniese briewe) beter verstaan word en andersom. Gesamentlik werp die twee boeke byvoorbeeld meer lig op die ontstaan en groei van die eerste Christelike gemeentes (vgl. Bruce, 1965:37; Foulkes, 1963:28).
- Altwee geskrifte teken die kerk van Christus in sy vestigingsjare, 'n kerk vir Jood en nie-Jood (vgl. Hand 15; Ef 2), wat sterk wortels in die Joodse lewenstyl en vroomheid het.
- Volgens die tradisionele standpunt is die skrywers van die twee geskrifte onderskeidelik Lukas en Paulus. Hulle het mekaar goed geken omdat Lukas 'n reisgenoot van Paulus was (vgl. die "ons"-gedeeltes in Hand 16:10-17; 20:5-21:18; 27:1-28:16) en ook sy medewerker (Filem 24; vgl. ook 2 Tim 4:11; Kol 4:14).
- Verder is die geskrifte ook vir hierdie studie van belang omdat 'n hele aantal vroomheidspraktyke in albei behandel word (vgl. De Villiers, 1985:265-266; Hendriksen, 1969:3-4, 39; asook 2.3.2 - 2.3.3).

In die lig van bogenoemde redes blyk die keuse van Handelinge en Efesiërs vir 'n studie oor korporatiewe spiritualiteit gegrond te wees.

### 2.3.2 Hand 2:42 binne die gedeelte Hand 2:1-47

Handelinge gee 'n duidelike beeld van die wyse waarop God in Jesus Christus deur die Heilige Gees sy kerk uitbou en opbou (vgl. De Villiers, 1977:15; Venter, 1986:2, 212). Hand 2:42 (binne die konteks van die hele Hand 2) is vir die doeleindes van hierdie hoofstuk geselekteer omdat korporatiewe spiritualiteit daarin op treffende wyse uitgebeeld word

Hand 2:42 volg op die vertelling van die gebeure rondom Jesus se hemelvaart, die verkiesing van Mattias as Judas se opvolger, die uitstorting van die Heilige Gees, Petrus se preek ter verduideliking van die Pinkstergebeure en die bekering van ongeveer 3000 mense. Wat óók vertel word is Jesus se belofte om die dissipels met die krag van die Gees toe te rus (1:8), en die dissipels se volhardende gebedslewe (1:14, 24; vgl. 2:1). In Hand 2:42 word die spiritualiteit van die eerste gemeente beskryf as die produk van die uitstorting en die werk van die Heilige Gees (Thurston, 1993:22, 57; vgl. Venter, 1986:149-151).

Die spiritualiteitspraktyke word in 'n chiastiese struktuur weergegee:

| |
|---|
| En hulle het volhard |
| (a) in die leer van die apostels<br>(b) en in die gemeenskap<br>(b) en in die breking van brood<br>(a) en in die gebede |

(vgl. Coetzee, 1983:13).

Hiervolgens vorm "die leer van die apostels" saam met "die gebede" 'n eenheid (a), en "die gemeenskap" saam met "die breking van brood" 'n eenheid (b).

Volgens Calvyn (1981:127) beskryf Lukas in Hand 2:42 die wesenskenmerke van 'n ware kerk. Daar kan volgens Venter (1986:188) nie van 'n "oergemeente" gepraat word nie, "want die opbouende werk van die Heilige Gees was daadwerklik en wesenlik van die begin af in die kerk aanwesig". Venter verdiskonteer egter nie die feit dat historiese en kontekstuele verskille tot verskillende uiterlike lewensvorme lei nie. Die wesenskenmerke van die lewe in die gemeente volgens Hand 2:42 kan daarom wel as normatief vir die kerk oor alle eeue gesien word, maar nie die praktiese vormgewing daaraan nie soos bespreek in 2:43-47 nie (kyk 3.3.1.1). Vormgewing behels praktiese sake soos die gereeldheid van byeenkomste by die tempel (grootgroep) en in huise (kleingroep) en die wyse waarop hulle eiendom verdeel het.

Vervolgens word enkele aspekte van spiritualiteit behandel:

**2.3.2.1 Die Heilige Gees as Bewerker van spiritualiteit**

In Handelinge speel die Heilige Gees "'n hoofrol" (Bruce, 1965:30; De Villiers, 1985:242; Leech, 1989:114), veral in Hand. 2. Deur die Heilige Gees kom die spiritualiteit van die eerste gemeente tot stand. Hy is hier besig om die gemeente op te bou, nie in die eerste plek deur op uiterlike praktyke te fokus nie, maar "vanuit die kern van die gemeente se bestaan" (Venter, 1986:186) - hulle verhouding met Jesus Christus (vgl. Hand 2:32-36).

Hieruit kan afgelei word:

- Korporatiewe spiritualiteit is die gevolg van die Heilige Gees se werk - sonder die Heilige Gees (*Spiritus Sanctus)* is daar geen *spiritualiteit* nie (vgl. Op 3:1-2).

**2.3.2.2 Die gemeente se funksie in gelowiges se volharding**

Christenwees verg volharding (vgl. DL, 1992:hfst. 5). Die Griekse woord vir volharding, προσκαρτεροῦντες, beteken hier "tyd bestee aan", "hulleself toewy aan", "ywerig wees in" of "begerig wees vir" (Newman & Nida, 1972:63). Volharding verg tyd, toewyding en ywer in die geestelike dissiplines.

Om te kan volhard (2:42, 46), het Christusgelowiges egter die gemeente as liggaam van Christus nodig. Opvallend word beskryf hoe redding en bekering feitlik vanselfsprekend gelei het tot doop en deelwording van die gemeente (2:41 in verband met 2:42; en 2:47c: redding word opgevolg deur toevoeging tot die gemeente).

Hieruit kan afgelei word:

- Christenwees sonder deelwees van die gemeente is teen die plan van God met sy kinders.
- Christene het mekaar nodig om in hulle geloof en geestelike toewyding te kan volhard.

### 2.3.2.3 'n Korporatiewe getuienis

Die lewe en gebeure in die eerste gemeente het verskillende reaksies op buitestaanders gehad:

- almal (letterlik: "elke siel") is met diep ontsag (vrees) vervul (2:43);
- die hele volk was hulle goedgesind (2:47b); en
- mense het deur die Here se beskikking tot bekering gekom en deel van die gemeente geword (2:47c).

Hoewel 2:47c dit duidelik stel dat die Here dié wat in Christus gered is, by die gemeente gevoeg het, kan aanvaar word dat Hy die korporatiewe getuienis van die lewe (dade en woorde) van die vroeë kerk hierin gebruik het. Hy het immers sy Gees gestuur sodat sy volgelinge kragtig kan getuig (Hand 1:8) en Hy deur hulle die uitverkorenes na Hom toe kan roep (vgl. Hand 13:48). Die liefdevolle *koinonia* van hierdie eerste gemeente was 'n kragtige getuienis in die wêreld (vgl. Venter, 1972:40-41; Long, 1982:31). Verder is die groei van die gemeente hier 'n sterk aanduiding van God se seën (Haenchen, 1971:196).

Hieruit kan vir die studie oor gereformeerde spiritualiteit die volgende afgelei word:

- 'n Gemeente dra nie slegs deur sy individuele lede nie, maar juis ook deur sy korporatiewe lewe 'n getuienis na buite.

#### 2.3.2.4 Die vier wesenskenmerke van die eerste gemeente

- **Die leer van die apostels**

Die leer van die apostels word as die eerste kenmerk van die lewe van die eerste kerk genoem. Hierdeur word aangedui hoe belangrik suiwere lering vir ware en egte Christelike spiritualiteit is. Calvyn (1981:127) beskryf suiwer lering as "the soul of the Church" en sê dat daar waar die suiwer leer weerklink, waar mense dit aanhou bely en waar mense hulleself oefen ("exercise") om die suiwere leer te hoor en daarvolgens te leef, dáár is die ware kerk.

Grosheide (1941:45) verklaar die inhoud van die leer van die apostels as "het werk van Christus en de beteekenis daarvan". Petrus se Pinksterpreek is 'n goeie voorbeeld van die Christologiese inhoud van die apostels se leer (Thurston, 1993:23):

- die Ou Testament voorspel die koms van Christus (2:16-22) - 'n kontinuïteit met die verlede;
- Jesus is verhoog en stuur die Heilige Gees (2:33-36) - 'n eenheid tussen die Vader, Jesus en die Gees; en
- 'n oproep tot reaksie (2:33-36) - bekering en doop.

Hieruit blyk dat die hooflyne van die Skrif in die leer van die apostels gestalte gekry het (vgl. o.a. ook Hand. 4:8-12 7; 13:16-41). Uit 2:43-47 blyk dat die Christus-gelowiges hulle geloof in gemeenskap met mekaar beoefen het. Daarom kan ook afgelei word dat die volharding in die leer veral 'n korporatiewe dissipline is.

As die belangrikheid van die leer van die apostels deurgetrek word na die hedendaagse gemeente, is die volgende van toepassing:

- Ware spiritualiteit word gebou op die suiwer leer van die Woord van God.
- Ware spiritualiteit is afhanklik van kennis van Christus en sy betekenis vir die gelowige se lewe.
- Omgang met die Woord is iets wat doelbewus en volhardend beoefen moet word.
- Ware spiritualiteit word gevind waar die suiwer leer gelewe word.
- Gelowiges kan (en moet) mekaar in hierdie dissipline bystaan.

- **Gebed**

Voor Pinkster was dit 'n belangrike dissipline by die volgelinge van Jesus Christus om eensgesind te volhard in gebed (Luk 21:36; 22:39-46; Hand. 1:14, 24). Gebed was nie iets wat elkeen maar net op sy eie beoefen het nie. Hieroor merk Calvyn (1981:128) op:

> It is certain that he speaks of public prayer. And for this cause it is not sufficient to make their prayers at home by themselves, unless they meet together to pray; wherein consisteth also the profession of faith.

Deur gesamentlike gebed het gelowiges sigbare uitdrukking gegee aan hulle geloofseenheid met mekaar. Uit Hand 3:1 blyk dat die volgelinge van Christus hul by die Joodse gebruik om vir bepaalde gebedstye in die tempel of sinagoge bymekaar te kom, gehou het.

Die rol en wyse van gebed word in nadere besonderhede in 2.3.2.2 bespreek. Hier word die volgende afleidings gemaak:

- gebed is 'n geestelike dissipline wat gelowiges volhardend moet beoefen; en
- wanneer gelowiges eensgesind saambid, kom iets van die onderlinge geloofsband tot uiting.

- **Gemeenskap**

Die gelowiges is deur die Heilige Gees in Christus tot 'n hegte eenheid saamgesnoer. Hierdie eenheid het 'n sterk gemeenskaplike band (*koinonia*) tussen die gelowiges teweeggebring en het tot gemeenskaplike dade en gemeenskaplike besit gelei (Bruce, 1984:81; Venter, 1986:158). In gemeenskap met mekaar het hulle die Here gedien en wat hulle besit het, het hulle nie meer vir hulleself gehou nie, maar alles vrywillig met mekaar gedeel (Hand 2:44-45; 4:32-35). Korporatiewe spiritualiteit is konkreet uitgeleef. Verder dui *koinonia* ook die konteks aan waarbinne die volharding in die leer van die apostels, die gemeenskaplike maaltye en die gebede (Hand 2:42; vgl. Hand 2:43-47) plaasgevind het. Al hierdie aktiwiteite het plaasgevind in 'n konteks van onderlinge verbondenheid met mekaar in Christus.

Toegepas beteken *koinonia* vir spiritualiteit onder andere:

- 'n bereidheid om deel te wees van 'n gemeenskap van gelowiges;
- 'n aflê van individualisme en selfsug; en
- 'n bereidheid om in woord en daad van wat jou eie is konkreet met ander te deel.

Dit is moontlik om die praktyk van *koinonia* te ontwyk met argumente oor die historiese en kulturele kontekste wat verskil. Die fokus hier is egter meer op die gesindheid (gees) wat die Heilige Gees teweeggebring het. Dieselfde gesindheid om bereid te wees om van hulleself (hetsy besittings, geld, tyd of kennis) met mekaar te deel, moet egter steeds in die gelowiges teenwoordig wees. Beide Te Velde (1996) en Noordegraaf (1996) meen dat *koinonia* die

beginsel agter die praktyk van die huisbyeenkomste van die Jerusalemse gemeente was (vgl. Hand 2:46; 3.3.1.1).

- **Breek van brood**

Die breek van brood of die gemeenskaplike maaltyd dui na alle waarskynlikheid op 'n liefdesmaaltyd wat uitgeloop het op 'n nagmaalviering (De Villiers, 1977:63; Bruce, 1984:79). Daardeur is die verlossingsdade van Christus op 'n gereelde basis in herinnering geroep. Opvallend kry nagmaal kort na die Pinkstergebeure naas die doop ook sy plek in die konkrete uitdrukking van die geestelike lewe as 'n eenheid met Christus en sy gemeente (verbondsgemeenskap).

Die liefdesmaaltye (wat met 'n nagmaalviering afgesluit is) het op 'n besondere wyse uitdrukking gegee aan die gemeentelede se *koinonia* en eenheid met mekaar in Christus. Hierdie maaltye was in die gemeente 'n hoogtepunt van hulle korporatiewe spiritualiteit. Daarom verwys Bruce (1984:81) tereg na die liefdesmaaltye as "fellowship meals".

Die volgende kan met die oog op korporatiewe spiritualiteit afgelei word:

- Om saam te eet, is vir gelowiges 'n besondere uitdrukking van hulle band met mekaar.
- Nagmaal is 'n besondere uitdrukking van gelowiges se eenheid met Christus en mekaar.

### 2.3.3 Perspektiewe uit Efesiërs

Vir die doeleindes van hierdie studie word aangesluit by die redelik algemene standpunt dat Paulus die skrywer van die brief aan die Efesiërs was en dat die brief na alle waarskynlikheid as 'n omsendbrief bedoel was (Abbot, 1968:iii-ix; Hendriksen, 1969:56, 61; Roberts, 1983:11-12).

Volgens Thurston (1993:80) wil Paulus in hierdie brief die aandag fokus op God se plan om deur die dood en opstanding van Christus Jode en nie-Jode met Homself te versoen (vgl. 1:9-10; 2:11-22). Om sy plan uit te voer, gebruik Hy die kerk, waarvan Christus die Hoof is (vgl. Foulkes, 1963:13). Hendriksen (1967:61) meen dat Paulus in die brief sy dankbaarheid wil uitspreek oor die geadresseerdes se Christosentriese geloof (1:15), maar dat sy verdere doel is "to picture God's glorious redemptive grace toward the church, bestowed upon it in order that it might be a blessing to the world and might stand united over against all the forces of evil and thus glorify its Redeemer."

Efesiërs is van groot belang vir 'n studie oor korporatiewe spiritualiteit omdat die brief belangrike ekklesiologiese perspektiewe bied. Met *ekklesia* word in Efesiërs hoofsaaklik die kerk in die breë sin van die woord as volk van God, die *Una Sancta*, bedoel (vgl. Roberts, 1983:54, 1984b:294; Lenski, 1961:335-336).

Die liggaam van die Efesiërbrief bestaan uit twee hoofdele, naamlik 1:3-3:21 as lering in die vorm van 'n lofrede of gebed, en 4:1-6:20 as vermanings wat op die eerste hoofdeel gegrond is en nog verdere fundering van die nuwe lewe in Christus gee (Roberts, 1983:16-17; Foulkes, 1963:13-14). Die eerste hoofdeel toon ooreenkomste met die Joodse *berakah*-gebede wat hoofsaaklik 'n tipe lofgesang is (Roberts, 1984a:139-140). Opvallend gebruik Paulus juis hierdie styl vir sy lering, wat daarop dui dat lering vir hom nie net 'n saak van verstand is nie, maar ook van die hart (Hendriksen, 1967:63).

As gevolg van die rykheid van die Efesiërbrief, is dit moeilik om net een Skrifgedeelte uit te kies. 'n Goeie keuse is egter Ef 3:14-21, waarin Paulus biddend vertel hoe die spiritualiteit van 'n gemeente moet wees om waarlik gemeente van Christus te wees (vgl. Hattingh, 1990:59). Terselfdertyd vorm dié gedeelte die hoogtepunt van die eerste hoofdeel van die brief, die *berakah*-gebed waarin belangrike lering gegee word oor die geloofsgemeenskap as objek van God se uitverkiesende genade (1:3-14), sy krag (1:15-23), en sy verlossende en samebindende liefde (2:1-3:21).

Die beelde wat in die Efesiërbrief gebruik word om die geloofsgemeenskap te beskryf, is vir die verstaan van korporatiewe spiritualiteit van belang. Daarom word enkele van

die beelde nader bespreek om die belangrikheid van die geloofsgemeenskap vir spiritualiteit te ondersoek.

#### 2.3.3.1 Ontleding van Ef 3:14-21

'n Gedagte-struktuurontleding kan op grond van die 3 maal herhaling van ινα (dat) soos volg weergegee word:

| |
|---|
| Ek bid tot die Vader, die oorsprong van die kerk |
| 1. dat Hy julle innerlik sal versterk deur sy Gees en dat Christus in julle harte sal woon deur geloof;<br>2. dat julle saam met al die gelowiges die liefde van Christus sal begryp en julle sy liefde sal ken;<br>3. dat julle vervul sal word met die volheid van God. |
| Lof aan God (die Vader), die doel van die kerk. |

Die sterk trinitariese samestelling van die gebed is opvallend. Dat Paulus veral die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente in die oog het, blyk uit die volgende:

- v. 15 praat van "die hele geslag" (1933-vertaling) of "hele gemeenskap van gelowiges" (1983-vertaling);
- v. 18 verwys na "al die heiliges" (1933-vertaling) of "al die gelowiges" (1983-vertaling);
- in die doksologie van v.20-21 word verwys na die εκκλησια (kerk);

- die hoofdeel van die brief waarin 3:14-21 val, is 'n berakah-gebed oor God se genade vir en in die kerk; en
- in hoofstuk 4 word oor die εκκλησια gehandel.

Belangrike aspekte van korporatiewe spiritualiteit wat in die Skrifgedeelte na vore kom, is die volgende:

- **Gebed om groeiende spiritualiteit**

Hierbo is reeds aangetoon dat Paulus in Ef 3:14-21 die lesers nie bloot *leer* van spiritualiteit as ervaring van God en lewe met God nie, maar in *gebeds*vorm sy visie vir die kerk gee. Paulus deel sy lesers mee hoe hy vir hulle geloofsbelewing en hulle gemeenskap met God bid. In 3:20-21 spreek hy in die doksologiese afsluiting van sy gebed sy vertroue uit dat God die gebed sal verhoor want Hy is magtig "om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink".

Paulus rig sy gebed tot die "Vader", met ander woorde, "die Vader van ons Here Jesus Christus" (1:3) en deur Hom ook die Vader van die gelowiges. Die uitdrukking in 3:15 "van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang" (1933-vertaling) beteken (volgens Roberts, 1983:90) dat God die Skepper en Oorsprong van alles is. Die gelowiges, of te wel die kerk, is deel van God se skepping wat "sy naam van God ontvang". Die hele verwysing na God in 3:14-15 dui volgens Roberts (1983:90) op die volgende: "As Naamgewer wat alles beheers, kán Hy die gebed verhoor, en as Vader wat hulle (die gelowiges - JWO) liefhet en versorg, wíl Hy die gebed verhoor".

Paulus maak in Ef 1-3 breedvoerig melding daarvan dat hy vir die kerk bid en wat die inhoud van sy gebede is. In Ef. 6:18-20 vra hy ook dat hulle vir hom en alle gelowiges moet bid. Hieruit blyk dat gelowiges in die kerk, as 'n uitdrukking van onderlinge meelewing en eensgesindheid, vir mekaar behoort te bid. 'n Gelowige kan ook vir medegelowiges sê dat hy vir hulle bid en hulle vra om vir hom te bid.

Uit bostaande bespreking kan afgelei word:

- Gebed is nie net 'n uitdrukkingsvorm van spiritualiteit nie, maar spiritualiteit is ook iets waarvoor gebid kan word.
- God, as Vader en Skepper en onderhouer van alles, kan en wil sy plan met sy kerk tot volvoering bring in samewerking met die gebede van gelowiges.
- Gelowiges kan gerus vir mekaar sê dat, en wat, hulle vir mekaar bid.

- **Gebedshouding**

Die gebedshouding wat Paulus hier beskryf (knielend), dui op 'n uitdrukking van erns, verootmoediging, toewyding en aanbidding (Hendriksen, 1967:166; Abbot, 1968:93). Gebedshoudings word nie in die Skrif voorgeskryf nie, maar wel beskryf as 'n uitdrukking van 'n innerlike *gesindheid*.

- **Innerlike vernuwing**

Die eerste saak waaroor Paulus in 3:16-17 bid, is vir vernuwing in hulle binneste (εις τον εσω) en in hulle harte (εν ταις καρδιαις). Hierdie innerlike vernuwing moet plaasvind volgens die rykdom van God se heerlikheid (κατα το πλουτος της δοξης αυτου). Hiervolgens word gevra dat wat God in die mens doen, moet ooreenstem met sy (God se) heerlike eienskappe.

Die eerste aspek van innerlike vernuwing waaroor Paulus vir die gelowiges bid, is dat die Heilige Gees hulle innerlik met krag sal versterk, dat Hy God se dinamiese krag (vgl. 1:19, 20) in hulle tot ontplooiïng sal bring (Roberts, 1983:91).

Vervolgens bid Paulus dat Christus in hulle sal woon. Reeds in 2:22 is vermeld dat hulle 'n geestelike huis is en dat God in Christus daarin (in hulle) woon. Verder word Christus in 1:22 beskryf as Hoof oor alles tot voordeel van die kerk (κεφαλην υπερ παντα τη εκκλησια). Die grond (δια + genitief) vir Christus se inwoning is hulle geloof. Paulus bid, volgens Roberts (1983:92), dat Christus "in die diepste van hulle bestaan sy intrek neem, Hom daar vestig en aldaar sy bewind voer".

Louw en Nida (1988:326) verklaar γνωναι binne die semantiese veld van leer ("learn") soos volg: "to acquire information by whatever means, but often with the implication of personal involvement or experience".

Die objek van die werkwoorde is die liefde van God. Hy bid dat hulle "saam met al die heiliges" (die universele kerk oor die eeue) kan begryp "wat die breedte en lengte en diepte en hoogte" (1933-vertaling) van God se liefde is. Hierdie beskrywing van liefde dui op die omvattende grootheid en ondeurgrondelikheid van God se liefde.

Die woorde "saam met al die gelowiges" dui daarop dat gelowiges nie in isolasie die grootsheid van God se liefde kan begryp en ervaar nie. Foulkes (1963:104) sê hieroor "... men are limited in the very understanding of the purpose of God until they see it working out, and they themselves are parts of its outworking, in the 'fellowship of the saints'". In die geloofsgemeenskap help die lede mekaar om die liefde van God te begryp en te ervaar onder andere deur van hulle ervaringe van God se liefde te getuig (Hendriksen, 1967:173).

In 3:19a word gebid om bevindelike (of ervarings-) kennis van die liefde "wat die kennis oortref" (1933-vertaling). Weer eens gaan dit oor liefde wat nie ten volle met die verstand begryp kan word nie. Uiteindelik kan die grootsheid daarvan net ervaar word, want woorde kan die liefde van Christus nie omskryf nie en die verstand kan dit nie begryp nie. Die gelowiges moet in verwondering aanvaar (be-gryp) dat die liefde van God baie groots is en daarna voortgaan om dié liefde te ervaar.

Hieruit kan die volgende afgelei word:

- Die grootsheid van die liefde van God oortref die begripsvermoë van die mens.
- Gelowiges moet egter, korporatief en individueel, hulle geloof op God se liefde bou en daaruit leef.
- Gelowiges leer hierdie liefde "ken" deur ervaring of bevinding.
- Gelowiges het die geloofsgemeenskap nodig om die omvattendheid van God se liefde te kan ken en ervaar.
- Gelowiges moet vir hierdie belewing van God se liefde bid, want sonder 'n genadige wonderwerk van God in die mens sal sy liefde vaag en op 'n afstand bly.

### 2.3.3.2 Beelde ter beskrywing van die geloofsgemeenskap

In Efesiërs gebruik Paulus verskillende beskrywings, beelde en metafore vir die kerk om te verduidelik hoe gelowiges, Jood en nie-Jood, korporatief aan God en aan mekaar in een geloofsgemeenskap verbind is:

- "*Medeburgers van die heiliges*" (Ef 2:19) dui daarop dat die nie-Joodse gelowiges nie meer vreemdelinge is nie, maar saam met die Joodse Christene en almal wat aan God gewy is, burgers van God se koninkryk en verbondsvolk is (Hendriksen, 1967:141; Van Leeuwen, 1926:68).

- "Lede van die huisgesin van God" (Ef 2:19) dui op die intieme en baie persoonlike verhouding wat gelowiges as kinders van God met Hom en mekaar het (Foulkes, 1963:85; Hendriksen, 1967:141). Hieruit vloei voort dat gelowiges mekaar se broers en susters is.

- "'n Gebou"; "'n heilige tempel; en 'n "geestelike huis" waarin gelowiges in Christus saam opgebou word en waarin God self woon (Ef 2:20-22; vgl. Foulkes, 1963:87).

- "Die liggaam van Christus" waarvan gelowiges lede is, waarin die lede by mekaar pas, saam 'n eenheid vorm en elkeen sy funksie vervul om so as liggaam homself op te bou en te groei na Christus toe (Ef 1:23, 4:1-16). Volgens Roberts (1984b:304) beskryf hierdie metafoor die geloofsgemeenskap as 'n korporatiewe eenheid waar Christus "Representant" of verteenwoordiger van die kerk is en die kerk "by Hom geïnkorporeer" of ingelyf is.

- Christus as "Hoof" na Wie en uit Wie die hele liggaam (sy kerk) groei (Ef 4:15-16, vgl. 1:22-23), dui op die organiese eenheid tussen Christus en sy gemeente, die gesag van Christus oor die gemeente en op Christus as die oorsprong en doel van die gemeente se groei (Van der Walt, 1976:37-55; Du Plooy, 1982:74-76).

Ander beelde wat Paulus in Efesiërs vir die gemeente gebruik, is "die volheid van Hom", dit is van Christus (Ef 1:23), "een nuwe mensheid" (Ef 2:15), "'n volgroeide mens" (Ef 4:13), "lig" (Ef 5:8), en bruid van Christus (vgl. Ef 5:22-30) (Roberts, 1984b:287).

Uit hierdie beelde wat Paulus gebruik om die kerk te beskryf, kan die volgende afgelei word:

- Christenwees beteken *deelwees van die kerk van Christus as 'n korporatiewe eenheid* en kan nie bloot individualisties beleef en uitgeleef word nie.

### 2.3.4 Samevatting

Uit die bespreking van die gekose Skrifgedeeltes uit Handelinge en Efesiërs en die beskrywinge van die kerk in Efesiërs, blyk die volgende:

- Die Heilige Gees woon en werk op 'n besondere manier in die kerk as die gemeenskap van die gelowiges.
- Deur die werk van die Gees word God se handelinge in Christus nie net verstaan en aanvaar nie, maar ook deur gelowiges ervaar en in hulle lewens gerealiseer.
- Ortodoksie sonder die bevinding (belewing) van die godsdiens is leweloos.
- Die gelowiges se reaksie op die ervaring van God in die gemeenskap van die gelowiges is om God meer toegewyd te dien en lief te hê.
- Gereformeerde spiritualiteit is Bybelse spiritualiteit en volgens die Skrif is individuele spiritualiteit sonder die gemeenskap van gelowiges ondenkbaar. Soos Douma (1993:64) dit stel: "Voor de oefening van onze godsvrucht is de kerk onmisbaar. Geen goede spiritualiteit zonder de kerk!"

## 2.4 BESKRYWING VAN *GEREFORMEERDE* SPIRITUALITEIT

Om spiritualiteit verder te ondersoek, word die soort spiritualiteit waarop hierdie studie betrekking het, naamlik gereformeerde spiritualiteit, van ander soorte spiritualiteite onderskei. Die soorte spiritualiteit kan op verskillende maniere van mekaar onderskei word:

- In die eerste plek kan spiritualiteit in terme van *historiese tradisies* of wortels beskryf word.
- Uit 'n ander hoek kan op die *teologiese ratio* van 'n bepaalde tipe spiritualiteit gefokus word (Jonker, 1989:290).
- 'n Derde opsie is om spiritualiteit in terme van 'n *fenomenologiese* raamwerk wat op verskillende gestaltes van spiritualiteit fokus, te beskryf. Smit (1988:182 ev.) gebruik so 'n fenomenologiese raamwerk om gereformeerde spiritualiteit te beskryf en af te grens.

### 2.4.1 Grepe uit die historiese ontwikkeling van gereformeerde spiritualiteit

'n Volledige bespreking van al die historiese tradisies sou te omvangryk vir die doeleindes van hierdie studie wees. Daarom word hier oorsigtelik te werk gegaan en enkele breë lyne getrek van die tersaaklike tradisies.

#### 2.4.1.1 Die Ou Testamentiese Israeliet

Die spiritualiteit van die Nuwe-Testamentiese Christen het belangrike wortels in die Ou-Testamentiese vroomheidsbelewing (Paul, 1993:17-43; Thurston, 1993:4-9). Die gelowige en toegewyde Israeliet se spiritualiteit is gekenmerk deur geloof in (vgl. Hebr. 11), kinderlike vrees (of eerbied) vir (vgl. Ps 19:10, 111:10; Spr 1:7), en seremoniële (vgl. Levitikus; Ps150) sowel as praktiese diens (vgl. Ex. 20; Deut. 5) aan die monoteïstiese God (vgl. Deut 5:7, 6:4-5). Verder het die eskatologiese verwagting van die volle heil 'n belangrike rol gespeel (Ps 2, 45, 72, 110; Miga 5:1; Jes 9:1, 35, 53).

'n Uitstaande kenmerk van die Ou-Testamentiese Israeliet se godsdiens was sy verbondenheid aan die Godsvolk as verbondsgemeenskap (vgl. Gen 12, 17; Potgieter,

1995:167). Buys (1984:22-23) wys daarop dat in die Ou Testament die verbond tussen God en sy kinders nooit bloot individualisties was nie, maar besliste kollektiewe implikasies gehad het. Vir die Ou-Testamentiese Israeliet was sy spiritualiteit onlosmaaklik van sy deelwees van die verbondsvolk as verbondsgemeenskap en van sy verbondenheid aan 'n bepaalde stam, familiegroep en huisgesin (Oostenbrink, 1994:10-14).

#### 2.4.1.2 Die Nuwe-Testamentiese Christen

Die Nuwe-Testamentiese vroomheid is in wese gemeenskap met Christus, nie deur mistieke ervaringe of eenwording nie, maar deur geloof in wat Hy vir ons gedoen het en deur 'n navolging van sy voorbeeld (vgl. Joh 15:1-8; Gal 2:19b-20; 1 Kor 11:1; Fil 2:5). Verder toon Noordegraaf (1993:65) aan dat die Nuwe-Testamentiese spiritualiteit trinitaries bepaald is, op die koninkryk van God en die konkrete lewenswerklikheid gerig is en 'n missionêre en doksologiese (aanbiddings-) karakter het.

Vir die Nuwe-Testamentiese gelowige was sy deelwees van die *ekklesia* as geloofsgemeenskap van wesenlike belang vir sy spiritualiteit (Potgieter, 1995:169-170, Noordegraaf, 1993:63, 65).

#### 2.4.1.3 Die vroeë Christelike kerk

Hierdie tydvak strek van die laat eerste eeu tot die einde van die vierde eeu. In hierdie tydperk is verskillende groeperinge te onderskei, naamlik die Asiatiese of Aramese kerk, die Oosterse of Griekse kerk en die Westerse of Latynse kerk (Van de Bank, 1993:69).

Die Apostoliese Vaders het probeer om met hulle geskrifte gelowiges en gemeentes toe te rus vir selfverstaan (te midde van die strominge van hulle tyd), hantering van innerlike probleme en uiterlike weerstand (Le Roux, 1991:146).

Belangrike kenmerke van hierdie tyd is die rol van die apologete in die verdediging van die Christendom, die stryd rondom die vassteling van die kanon en belangrike

leerstellinge, 'n ontwikkeling van 'n hiërargiese orde in die kerk met die biskop wat al meer mag kry, en die ontstaan van 'n monastiese lewe (hoofsaaklik in Egipte) om daarmee in askese, geskei van die wêreld, vroomheidsdissiplines te beoefen (Van de Bank, 1993:76-89).

In die Westerse kerk - waarin die reformatoriese kerke belangrike wortels het, het Rome spoedig die sentrum geword. Drie figure speel 'n groot rol in hierdie kerk:

- Tertullianus (gesterf in 230 n.C.) het veral die gnostieke ketters bestry, maar 'n lewe van askese en bereidheid tot martelaarskap as 'n soort verdienstelikheid bepleit (Van de Bank, 1993:92) en was simpatiekgesind teenoor die Montanisme (Du Toit, 1955:41).

- In sy stryd vir die suiwerheid en mag van die kerk het Ciprianus (ongeveer 200-258 n.C.) twee baie bekende stellings gemaak: "*habere non potest deum patrem, qui ecclesiam non habet matrem*" (wie die kerk nie as moeder het nie, kan God nie as Vader hê nie; en "*salus extra ecclesiam non est*" (buite die kerk is daar geen heil nie) (Van de Bank, 1993:92). Hoewel die stellings 'n sterk element van waarheid het, was dit in daardie tydvak tiperend van 'n strewe om die Westerse kerk (wat later die Rooms Katolieke kerk sou word) te verabsoluteer as 'n doel op sigself met die mag gesetel by die biskopdom (Berkhoff, 1955:49-50).

- Augustinus (354-430 nC) is ongetwyfeld een van die grootste figure van die Westerse kerk en sy geskrifte het ook die denke en spiritualiteit van die reformatore sterk beïnvloed (Du Toit, 1955:49-50). Sy jongmenslewe was heidens en genotsugtig. Later is hy vir 9 jaar lank 'n Manicheër ('n sinkretistiese gnostieke rigting). Hy kom onder die prediking van Ambrosius na wie hy aanvanklik luister oor sy welsprekendheid. Later begin hy ook na die inhoud luister. 'n Besoeker se vertelling van die kloosterlewe en die lewe van die heilige Antonius beskaam hom. In sy tuin hoor hy 'n kinderstem wat sê "neem, lees". Die eerste wat hy lees, was Rom. 13:13-14. In antwoord op

sy vrome moeder, Monica. se jarelange gebede kom hy tot bekering en word in die Paastyd van 387 n.C. gedoop. (Berkhoff, 1955:81-82).

Na sy bekering word Augustinus 'n stryder vir die waarheid en 'n toegewyde Christelike lewe. Hy stig 'n kloostergemeenskap in Afrika en was 'n voorstander van die asketiese lewe as 'n bevryding van die wêreldse goddeloosheid. Hy bestry Pelagius se leer oor die vrye wil en leer self dat die mens van nature in sy sonde hulpeloos is sodat hy slegs deur genade van God in Christus gered kan word. Sy predestinasieleer behels dat die mens nie self kan kies nie, maar deur God verkies word. Vir hom lê die suiwerheid van die kerk in die gepredikte Woord en die sigbare Woord, die sakramente. Van sy bekendste werke is *De Civitate Dei* (waarin hy beklemtoon dat die stad van God by die skepping begin het, in Israel en die Christelike kerk voortleef, en uitloop op die nuwe Jerusalem) en *Confessiones* (Belydenisse) (Van de Bank, 1993:92-95).

Samevattend kan gesê word dat die Vroeë Christelike spiritualiteit gekenmerk word deur 'n stryd om God met hulle hele lewe te dien en die kerk suiwer te hou.

**2.4.1.4 Die Middeleeue**

Hierdie tydperk kan ruweg geneem word as die vyfde tot die vyftiende eeu n.C.. In 380 n.C. verklaar keiser Theodosius die Christelike kerk as staatskerk en daarmee begin 'n nuwe bedeling vir die kerk (Nauta, 1957:245; Smitskamp, 1957:289). Vervolginge het plek gemaak vir openlike georganiseerde kerkwees, maar in die proses het die grense tussen kerk en wêreld begin vervaag.

Die Middeleeuse spiritualiteit word ten onregte algemeen afgemaak as net "duister" of "donker". Baie van die Middeleeuse spiritualiteit is opgeneem in die spiritualiteit van die Reformasie.

Sommige hooffigure kan in die lig van Van der Pol (1993:99-141) se breedvoerige uiteensetting soos volg aangetoon word:

- Pseudo Dionisius hou hom besig met allerlei spekulatiewe denke oor God as die onkenbare duisternis. Hy wys Skriflesing af as "vroedvrouediens". Daarom propageer hy dat die "ingewydes" deur 'n na-binne-gekeerde soektog en 'n uittree uit die sigbare wêreld kan ingaan in die mistieke duister van kennisloosheid van God. Hoewel Pseudo Dionisius groot invloed uitgeoefen het - veral op die denke en taalgebruik van latere middeleeuse skrywers -, het die reformatore Luther en Calvyn sy spekulatiewe denke en mistiek sterk afgewys (Van der Pol, 1993: 104-105).

- Seker die sterkste Middeleeuse invloed op die spiritualiteit van die Reformasie en Nadere Reformasie het uitgegaan van Bernardus van Clairvaux. Hy is deur Luther as "die Augustinus van die Middeleeue" vereer (Berkhof, 1955:110). Die reformatore het hom gereeld in geskrifte en preke aangehaal. Hy skryf baie oor monasties-geestelike oefeninge waardeur die mens stelselmatig vorder (opklim) tot eenwording met en navolging van Jesus en gestaltegewing van die beeld van God in homself (Berkhof, 1955:110). Kritiek teen hom kan veral uitgebring word oor sy siening dat die mens deur vroomheid kan opklim na God. Dit is immers God wat na die mens toe kom in Christus en die Gees. Verder word Jesus deur Bernardus meer beklemtoon as leraar en voorbeeld en minder as Verlosser.

- Franciscus van Assisi sien vroomheid as 'n volkome navolging van Christus. Hy doen dit deur selfvernedering, armoede, diens aan armes, rond te preek en 'n broederskapsidee. Hy gaan egter te ver as hy sy eie lyding en lewe op feitlik dieselfde vlak as dié van Christus probeer stel.

In die 14de eeu het daar binne 'n konteks van koningsheerskappy oor die kerk en pous, en verstarde, skolastieke teologie nuwe oplewing van mistieke vroomheid gekom. Hierna word verwys as die "Rynlandse mistiek" (Van der Pol, 1993:120-128). Selfkennis, afskeiding van die wêreld en selfontlediging kry groot klem. Ander figure

wat groot rolle gespeel het was Jan van Ruusbroec (met sy boek *Die Geestelike Bruilof* waarin die geestelike lewe beskryf word as 'n geestelike groei en opgang na God), Geert Grote (wat die sg. *devotio moderna* bevorder het as 'n vrome sielelewe en onttrekking uit die praktiese leefwêreld) en Thomas à Kempis (met sy baie bekende boek *Imitatio Christi* oor geestelike vroomheid en dissipline) (Van der Pol, 1993:135-139).

Tog was die middeleeue ook donker. Die leke (d.i. die oningeligtes uit die algemene bevolking) is al meer oorheers deur die klerusse (kerklike amptenare). Hulle godsdiens was vol bygeloof. 'n Spiritualiteit met baie rituele en aanskoulikhede, maar sonder die belewing van Christus se verlossing en regverdigmaking, het die godsdienstige lewe oorheers (vgl. Floor, 1993:295). Die amp van gelowige is gedegradeer tot dié van passiewe toeskouer en onderganer van godsdienstige handelinge en seremonies, terwyl al die inisiatief en aktiwiteit van enkele kerklike amptenare uitgegaan het (Venter, 1972:43, 82; Lyon et al., 1969: 128-132).

Van der Pol (1993:139) beskryf die donker kant van die middeleeuse spiritualiteit soos volg:

> De laat middeleeuwse mens leefde temidden van kerkgebouwen, kloosters en kapelle. In deze gebouwen spraken altaren, beelden en tafelrelen hun gewijde taal. Gebrandschilderde ramen brachten bijbelverhalen en heiligenlegendes tot leven. Jongenstemmen in koorzang vulde de gewelven. Klokgelui van kloosters en kerke gaf ritme van iedere werkdag aan. Gilden en geestelijke broederschappen onderhielden hun altaardiensten.

Du Toit (1955:58) meen die hoofkenmerk van die Middeleeuse spiritualiteit is 'n dualisme tussen natuur en genade, en tussen kerk en wêreld. Aan die een kant was daar die vroomheidsideaal van wêreldontvlugting, en aan die ander kant Gregorius vii se ideaal dat die kerk die wêreld oorheers. Die vroomheidsideaal van wêreldmyding moet verstaan word in die lig van die verwêreldliking van die kerk, wat ingetree het nadat die Christelike kerk staatskerk geword het. By die bestudering van spiritualiteit in

hierdie tydvak is dit dus weer eens opvallend hoe die situasie in die kerk die spiritualiteit van die individuele gelowige beïnvloed het.

### 2.4.1.5 Die Reformasie

Die sestiende eeuse Reformasie het, volgens Jonker (1989:292), "geensins die opruiming van die spiritualiteit van die Christelike kerk as sodanig beteken nie, maar 'n suiwering daarvan." Richards (1974:5) meen dat die Reformasie saam met die Renaissance "issued a call for a purified and more religious Church, and a less superstitious worship".

Vroomheid, of *pietas*, was vir die reformatore van groot belang. Hoewel die nuwe spiritualiteit die genade van God in Christus as die Verlosser en die totale lewe as 'n lewe voor God beklemtoon het, het dit hoegenaamd nie beteken dat die Reformasie hom buite die hoofstroom van die Christelike tradisie geplaas het nie. Ooreenkomste met die spiritualiteit van die Apostoliese Vaders, Augustinus, die Middeleeue, en die mistiek is aantoonbaar (Jonker, 1989:292). Luther en Calvyn verwys baie na Bernard van Clairvaux (Van der Pol, 1993:105; vgl. die bespreking oor Middeleeuse spiritualiteit by 2.4.1.4).

Tereg verwys Le Roux (1991:159) na die Reformasie as 'n "emansipasie in die rigting van die mondigheid van die individu ... teenoor die kollektiewe besef van die middeleeue en die gesag van tradisionele institute". Luther (Exalto, 1993:154) kritiseer die gangbare spiritualiteit by kerkvolk en kerkleiers van sy tyd oor hulle gemaksug, geesteloosheid, eiegeregtigheid, verering van heiliges, die baie misse en die aflaatpraktyk. Vir hom gaan ware spiritualiteit oor die eenheid met en gelykvormigheid aan Christus wat ter wille van ons verlossing gekruisig is (Exalto, 1993:154).

Verder het die reformatore die Rooms Katolieke kerk sterk gekritiseer omdat die godsdiens daarin veruitwendig is en kerkwees op menslike instellings en tradisies gebou is. Daarteenoor het die Reformasie 'n nuwe teologie oor die begrip van "kerk" en kerkwees, gebou op die Heilige Skrif, daargestel (D'Assonville, 1981:51). Met die herstrukturering van die kerk, en die teologie daarvan, is ook 'n nuwe spiritualiteit

bevorder - 'n spiritualiteit met Christus as hoeksteen van die gemeente en die Skrif in die sentrum (vgl. D'Assonville, 1981:47-53, 57-60; Hendriks, 1992:19-23).

Calvyn gebruik die woord *pietas* (innerlike vroomheid) 180 keer in sy bekende Institusie (Velema, 1990:68). Sy Institusie kan met reg beskryf word as 'n handleiding oor vroomheid. Calvyn se werke weerspieël 'n diepe omgang met en eerbied vir God. Veral gebed neem by hom 'n belangrike plek in. Die persoonlike motto van Calvyn was 'n brandende hart wat as offer vir God aangebied word, as simboliek van die toewyding van die ganse lewe aan God (Smit, 1988:190).

Veral in Calvyn se reformatoriese spiritualiteit het gereformeerde spiritualiteit sy beslag gekry. Die teologiese *ratio* van gereformeerde spiritualiteit word onder 2.4.2 bespreek.

#### 2.4.1.6 Die Nadere Reformasie en Puritanisme

Die Nadere Reformasie en die Puritanisme is twee bewegings uit hoofsaaklik die 17de en 18de eeu. Waar die Nadere Reformasie 'n beweging in Nederland was, was Puritanisme 'n beweging in Engeland en Skotland. Beide bewegings het sterk klem gelê op die *geloofservaring*. Na die twee bewegings kan onder die versamelnaam "Gereformeerde piëtisme" verwys word, hoewel dié naam dikwels meer op die Nadere Reformasie slaan (vgl. Velema, 1990:69-70).

In die Nadere Reformasie is klem gelê op die presiesheid van die leer, die ervaring van geloof, maar ook 'n lewenstyl wat daarmee gepaard gaan (Velema, 1990:71). Calvyn se bekelmtoning van vroomheid, die Middeleeuse mistiek en dan veral die *devotio moderna*, die skolastiek, die piëtistiese denke van (prof.) William Perkins, en die deformasie van die kerk na die Sinode van Dordrecht was aanleidende faktore tot die ontstaan van hierdie beweging (Malan, 1984:4-12) . Bekende verteenwoordigers van die Nadere Reformasie was Gisbertius Voetius, Willem en Johannes Teellinck, Theodorius en Wilhelmus à Brakel en Guilielmus Amesius (Velema, 1990:72; Malan, 1984;Brienen, 1993:199-208).

Die Puritanisme was 'n vroomheidsbeweging wat besondere klem op die geestelike sy van die lewe gelê het asook op die puriteinse suiwer sedelike leefwyse (Graafland, 1993:209). Vandaar die naam puritanisme ("pure", dit wil sê eg, suiwer of heilig).

Hoewel die Nadere Reformasie (en daarby kan die Puritanisme bepaald ook ingesluit word) eg-reformatories wou wees, het die beweging volgens Malan (1984:35) tog buite die Skriftuurlike, reformatoriese bane beweeg. Die rede is dat die klem al meer na innerlike vroomheid verskuif het en so die Bybels-reformatoriese visie op vroomheid versmal het. Hiermee is die kerk se roeping in die wêreld onderspeel. Verder is, volgens Floor (1993:295) en Jonker (1989:293), die klem soms so swaar op bevinding gelê dat die geloofservaring die grond vir geloofsekerheid geword het.

Deur die Puritanisme het gereformeerde vroomheid in kontak gekom met die Metodisme en Piëtisme, die heiligheidsbewegings van die 19de eeu en die Pentakostalistiese en Charismatiese bewegings wat daaruit voortgevloei het (Jonker, 1989:293).

Hoewel spiritualiteit dus onlosmaaklik aan die Reformatoriese godsdiens verbind is, moet ook in gedagte gehou word dat ook dié spiritualiteit op syspore van spiritualiteit kan ontspoor. Hierdie werklikheid behoort gereformeerdes egter nie uit vrees vir ontsporing, bevinding van die godsdiens te laat vermy nie, maar moet hulle aanspoor tot eg-reformatoriese spiritualiteit.

#### 2.4.1.7 Ander tradisies

In die tyd van die Reformasie het die Doperse kerk Luther en Calvyn gekritiseer as sou hulle nie ver genoeg gegaan het nie. Die Dopers is negatief oor die Skrif en beklemtoon geestelike openbaringe deur drome, gesigte en visioene (Floor, 1993:295).

In die 17de en 18de eeu kom die Piëtisme in Duitsland en die Metodisme in Engeland na vore. Hulle kom in opstand teen die skolastiek, dooie ortodoksie en rasionalisme in die kerk. In hierdie beweging is kleingroepe gebruik. Ongelukkig het daar dwaling

ingesluip soos Arminianisme, eensydige bekeringservarings en moralisme (Oostenbrink, 1994:31).

Die Charismatiese beweging bou op bogenoemde 3 strominge voort. Hulle beklemtoon 'n volmaaktheidsideaal, die sg. "second blessing" (waaroor die metodis Wesley baie gepreek het) as 'n volgende stap na volmaaktheid wat gepaard gaan met spreek in tale, en allerlei geestelike ervaringe en bonatuurlike openbaringe (Floor, 1993:294-296).

In die negentiede eeu het die Reveil onder leiding van Cesar Malan en Merle d'Aubigné in Engeland en Isaäc da Costa in Nederland ontstaan (Du Toit, 1955:108-110). Hierdie beweging het 'n geestelike ontwaking en herstel van die kerk in die oog gehad. Hoewel die beweging gereformeerd wou wees, het metodisme ingesluip (Coetzee, 1980:44).

### 2.4.2 Die teologiese *ratio* van gereformeerde spiritualiteit

In die lig van die gevare van ontsporing van spiritualiteit en die feit dat daar 'n direkte verhouding is tussen leer en lewe, belydenis en spiritualiteit, moet die teologiese vertrekpunte van *gereformeerde* spiritualiteit omskryf word. 'n Blootstelling van lidmate aan vorme van spiritualiteit wat wesensvreemd aan die gereformeerde verstaan van die evangelie is, kan die verkondiging van die evangelie ontkragtig en die kerklike lewe laat ontspoor. Wat nou volg is enkele hooflyne:

#### 2.4.2.1 'n Lewe voor God

In gereformeerde spiritualiteit gaan dit nie in die eerste plek om die mens nie. Die soewereine God, die Skepper en onderhouer van mens en wêreld staan voorop en alles moet op sy eer gerig word (Velema, 1990:82).

Daarom word die hele lewe van die gelowige 'n lewe in die teenwoordigheid van die lewende God (*coram Deo*). Gebed en aanbidding waarin die mens wegkyk van homself, speel 'n belangrike rol. In die teenwoordigheid van die heilige en liefdevolle

God word die mens met ontsag én dankbaarheid gevul. Die lewe *coram Deo* sluit vir die gereformeerde gelowige alle dualistiese skeidinge, soos dié tussen liggaam en siel, kerk en wêreld, godsdienstige lewe en praktiese lewe, heilige tye en gewone tye, uit.

Die hele lewe is lewe voor God met 'n perspektief op die koninkryk van God as sy regering oor alles en almal (Mat 6:33; Rom 11:36; 1 Kor 10:31).

#### 2.4.2.2 'n Lewe vanuit die openbaring van God

Die mens leer God ken vanuit die Skepping en die Skrif, maar sonder die lig van die Skrif kan die Skepper nie uit die Skepping waarlik geken word nie (NGB, 1992:art 2; Calvyn, 1559/1984a:130-153). Daarom beklemtoon die Reformasie veral die belang van die Skrif (vgl. die uitdrukking *Sola Scriptura* wat een van die sentrale slagspreuke van die Reformasie is).

Die Gees getuig in die gelowiges se harte dat die Bybel die Woord van God is (NGB, 1992:art. 5) en deur die verkondigde Woord wek en versterk die Gees die geloof (HK, 1992:antw. 65). Meditasie is binne die gereformeerde spiritualiteit 'n nugtere luister na en oordenking van die Skrif, nie 'n wag op 'n innerlike lig, influistering of buitengewone openbarings nie (Jonker, 1989:294-295). Nadenke oor en belewing van God se openbaring in die natuur word gedoen in die lig van die Skrif waarsonder ons God nie in die Skepping kan herken en leer ken nie (Calvyn, 1559/1984:130, 149-153). Gereformeerde spiritualiteit is 'n reaksie ('n antwoord in aksie) op wat God in die Skrif van Homself, die mens en die werklikheid waarin die mens leef, sê.

In die gereformeerde liturgie, maar ook in die huislike, kleingroep- en persoonlike lewe van gereformeerde gelowiges speel die Skrif 'n sentrale rol. Saam met die psalmdigter sê die gereformeerde gelowige in waardering vir die Skrif as Woord van God: "U woord is die lamp wat virmy die weg wys, die lig op my pad" (Ps 119:105).

**2.4.2.3 'n Lewe uit genade**

In gereformeerde spiritualiteit word die totale verdorwenheid van die menslike natuur aanvaar. Daaruit spruit voort dat die mens absoluut afhanklik is van God se genade wat Hy aan ons in Christus skenk - "Gods genade is verkiezende genade!" (Velema, 1990:82). Die Heidelbergse Kategismus met sy driedeling Ellende-Verlossing-Dankbaarheid (vgl. Antw 2) dui die Christelike lewe aan as 'n lewe wat 'n gelowige, bewus van sy ellende, verlos van sy sonde, uit dankbaarheid lewe.

Volgens die evangelie (vgl. Rom 5:6-11; Ef 1:3-14) neem God in Christus die inisiatief om die mens in 'n lewende verhouding met Hom te bring. Hiermee word 'n mistieke of verdienstelike opklim na God uitgesluit. Die mens se reaksie op God se genadige inisiatief is lof en dank aan Hom (Rom 11:33-36), asook die oorgee van sy totale lewe as offer aan God (Rom 12:1).

Genade sluit die mens se ervaring en aktiwiteit nie uit nie, maar juis in en maak ervaring en gehoorsaamheid moontlik. Genade roep reaksie van aflê van die sonde en 'n lewe van nuwe gehoorsaamheid op. Die nuwe lewe is egter nie voorwaarde van die genade nie, maar die vrug daarvan. Daarom is die gelowige se sekerheid van sy saligheid nie in homself (sy eie vroomheid of goeie werke) gesetel nie, maar buite homself in God se genade deur Christus (NGB, 1992:art. 24). Die gelowige word egter wel van sy uitverkiesing en saligheid verseker wanneer hy die vrugte van die nuwe lewe in Christus in sy lewe waarneem (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 1: par. 12).

Hoewel gereformeerde spiritualiteit nie in die eerste plek oor die mens gaan nie, gaan dit tog óók oor die mens. God word verheerlik wanneer die mens met sy hele lewe reageer op God se genadige inisiatief. Die mens word opgeroep om met sy hele lewe voor die aangesig van God te lewe, God se genade te aanvaar, te ervaar en ten volle daaruit te lewe en God met oorgawe te dien (vgl. NGB, 1992:art. 23-24).

Juis die lewe uit genade maak die gereformeerde Christen se lewe vol krag en positiwiteit. Hy lewe immers nie 'n lewe van vrees nie (1 Joh 4:18) maar 'n *dankbaarheids*lewe uit reaksie op en geanker in God se vrye en onwankelbare genade

(vgl. HK, 1992:antw. 86). Hierdie lewe uit dankbaarheid roep gereformeerde gelowiges op om mekaar te beleef en te aanvaar as begenadigdes in Christus. Moralisme en wettisisme hoort nie tuis by gereformeerde spiritualiteit nie. Hierin onderskei gereformeerde spiritualiteit homself van die tipe vroomheid van die metodistiese kleingroepe van Wesley (vgl. Van der Vyver, 1975:1-15).

**2.4.2.4 'n Lewe deur geloof**

Gereformeerde vroomheid is geloofsvroomheid. En geloof beteken ook ervaring want sonder ervaring is geloof dood en 'n koue rasionele ervaring (Floor, 1993:295).

"Daarom", merk Jonker (1989:296) op, "dra gereformeerde spiritualiteit wesenlik die karakter van geloofs*belewing*, geloofs*ervaring*, geloofs*wandel* en geloofs*omgang* met God ... Dit is 'n lewe uit geloof wat opkom uit die vernuwende werk van die Heilige Gees".

'n Belangrike onderskeid is hier die *fides quae* en die *fides qua* (vgl. Heyns, 1978:308). *Fides quae* is die inhoud van die geloof en *fides qua* is die daad van geloof. Beide is die vrug van die werk van God in die mens deur sy Woord en Gees en is onlosmaaklik van mekaar.

**2.4.2.5 'n Lewe deur die Gees wat in die gelowiges woon**

Calvyn word dikwels "die teoloog van die Heilige Gees" genoem (Smit, 1988:189). Spiritualiteit het volgens Van 't Spijker (1993c:435) sy ontstaan aan die Heilige Gees te danke en kan nie sonder die Heilige Gees bestaan nie. Die gereformeerde gelowige glo en beleef die werk van die Heilige Gees in sy eie lewe (Vorster, 1992:12). Deur die werking en inwoning van die Heilige Gees word die verlossing en genade van Christus in die gelowige se lewe gerealiseer. Die gelowige beleef die inwoning en werking van die Gees as "Christus in my deur sy Gees" en daarmee saam die ontsluiting van die "skatte van Christus", naamlik geloof, bekering, vernuwing en heiligmaking (vgl. Velema, 1990:117).

Die Heilige Gees werk deur die gelowige se omgang met die Woord (Van 't Spijker, 1993c:442). So word die Woord van God die Lewende Woord, Jesus Christus in die gelowige, en word die verhouding tussen mens en God nuutgemaak. Die Heilige Gees funksioneer nooit buite-om, of los van die Vader en die Seun nie. In sy wese en werke bly God immers trinitaries - die Drie-enige God (NGB, 1992:art. 8-9).

Wanneer iemand tot geloof in Christus kom, word hy volgens 1 Kor 12:13 en Rom 8:9 gedoop tot lid (deelwees) van die liggaam van Christus. Die Gees gee volgens 1 Kor 12:1-11 aan elke gelowige 'n gawe (*charisma*) of gawes en rus volgens Hand 1:8 elkeen toe om 'n getuie van Christus te wees.

Verder woon God op 'n besondere wyse deur sy Gees in die geloofsgemeenskap en word so sigbaar in die wêreld (Potgieter, 1995:124). In Christus kry die tempel as simbool van God se teenwoordigheid onder sy kerk sy volle betekenis (Combrink, 1987:12) want Hy is *Immanuel* - God met ons. Die Christelike gemeente is die heiligdom van God omdat Christus deur sy Gees in hulle woon (vgl. De Klerk, 1987:18-44; 1 Kor 3:9, 16).

#### 2.4.2.6 'n Lewe uit liefde vir die wet

Waar in ander tipes spiritualiteit die wet (as die "letter wat doodmaak") 'n lae profiel kry, word in gereformeerde spiritualiteit die wet as baie belangrik vir die Christelike lewe ervaar (vgl. HK, 1992:So 34-44). Vir die gereformeerde het die wet drie funksies, naamlik

- 'n burgerlike funksie;
- as 'n tugmeester na Christus; en
- as 'n reël vir die gelowige se dankbaarheidslewe (Jonker, 1989:297).

Uit die wet leer die Christen hoe hy sy hele lewe eties volgens die wil van God moet inrig, maar ook hoe om innerlik die regte gesindheid te hê (Calvyn, 1559/1986:504-505). Die feit dat gereformeerdes die wet hoog ag, lei ook tot 'n waardering vir die hele Ou Testament sodat Ou en Nuwe Testament saam gelees en verstaan word (vgl. Jonker, 1989:298).

**2.4.2.7 'n Lewe in hoopvolle verwagting**

In gereformeerde spiritualiteit gaan die hele lewe nie op in die hier en nou asof die utopia hier moet realiseer nie. Verder kyk die gelowige ook nie vas teen die gebrokenheid van die hier en nou nie. Nee, hy lewe in hoopvolle verwagting op Christus se wederkoms wanneer die volle heil sal realiseer. Die verdrukking wat hy hier moet ly, wek die gelowige op tot begeerte na die toekomstige lewe (Calvyn, 1559/1988:912).

Calvyn (1559/1988:913-917) verduidelik hoe die gelowige se denke en dade in die hier en nou op die lewe hierna toegespits moet word en hoe die Christen kan lewe sonder vrees vir die dood. Hiermee word die diepste eksistensiële vrae van die mens aangespreek. Die Heidelbergse Kategismus (antw 1) is in lyn hiermee as bely word "dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort".

Nadat Calvyn oor die toekomstige lewe gehandel het (1559/1988:911-919), skryf hy oor die teenwoordige lewe en die hulpmiddels daarvan (1559/1988:920-926). Velema (1990:119) merk hieroor op

> Hy (Calvyn) zet het teenwoordige leven in het perspectief van het toekomende. Dat geeft aan zijn behandeling van het christelijke leven een eigenaardige dinamiek. Wij moet hier wel zijn, maar wij zijn mensen op weg.

So is Christene en die Christelike kerk strydend op pad na die eskatologiese triomf. Die Christelike lewe met al sy stryd, word sinvol belewe omdat die triomf van God se koninkryk wat kom, besig is om te realiseer.

Die kerk mag nooit 'n kliek word waarin lede ontvlugting soek en vir die wêreld kom wegkruip nie. Van der Walt (1996:22) wys op die gevaar van 'n spiritualiteit van wêreldontvlugting waarin godsdiens "'n verdowingsmiddel in plaas van 'n versterkmiddel" is en die Christelike geloof vergeestelik word sodat gelowiges hulleself in hulle kerk en persoonlike geloofslewe terugtrek. Só word Christene se invloed op die wêreld verswak en selfs geneutraliseer.

God het immers uit liefde vir *die wêreld* sy Seun gegee (Joh 3:16). Gelowiges behoort nie tot die wêreld nie, maar moet as geroepenes en gestuurdes *in die wêreld* lewe (Joh 17:14-18) as "sout vir die aarde" (Mat 5:13) en "lig vir die wêreld". So gesien het Christene 'n groot roeping om God se mense, sy verteenwoordigers, in hierdie wêreld te wees. Die kerk (die gemeenskap van die gelowiges) het daarom die funksie om Christene toe te rus en te versterk om in die wêreld tot eer van God te lewe.

**2.4.2.10 'n Lewe in die gemeente**

Calvyn (1559/1992:1267) sluit direk aan by Ciprianus se spreuk "wie God as Vader het, het die kerk as moeder" (vgl. 2.4.1.3). Hy (1559/1992:1269-1271) maak dit duidelik dat deelgenootskap aan die kerk gelowiges bewaar in gemeenskap met God. Solank ons op aarde lewe, het ons die kerk se moederlike versorging, voeding en beskerming nodig (1559/1992:1271).

Met 'n verwysing na Ef. 4:11-13 verduidelik Calvyn (1559/1992:1272) dat die kerk in die geestelike voeding en groei na geestelike volwassenheid absoluut noodsaaklik is. Oor mense wat meen dat hulle deur hulle eie vroomheidshandelinge van Skriflesing en meditasie sonder die kerk oor die weg kan kom, is Calvyn baie uitgesproke. Volgens hom (1559/1992:1274-1275) verbreek hulle die eenheidsband van die kerk en verval hulle as straf in allerlei dwalinge. Hy beskou die beoefening van gemeenskap met medegelowiges as 'n belangrike vroomheidsoefening wat God noodsaaklik ag (vgl. NGB, 1992:art. 28).

Vir die gereformeerde gelowige beteken sy Christenwees 'n lewe in gemeenskap met God, maar, as deel van die gemeenskap met God, ook gemeenskap met

medegelowiges as broers en susters in die huisgesin van God (HK, 1992:vraag en antw. 55). Onder 2.6 word nader ingegaan op gelowiges se lewe in gemeenskap met medegelowiges.

### 2.4.3 'n Fenomenologiese beskrywing van gereformeerde spiritualiteit

'n Fenomenologiese beskrywing van gereformeerde spiritualiteit dui die manier aan waarop dié spiritualiteit in die praktyk gestalte kry. Smit (1988:183-192) kom aan die hand van ses verskillende benaderingswyses, naamlik spesifieke handelinge of gebruike, die rol van siklus en gemeenskap, simbole of leerstukke, religieuse motiewe, die verhoudinge waarbinne die mens leef, en die rol van nie-teologiese faktore, by 'n tipering van gereformeerde spiritualiteit uit.

#### 2.4.3.1 Spesifieke handelinge of gebruike

Twee kernfokusse word onderskei, naamlik gemeentelike godsdiensoefening en die huis- en/of persoonlike godsdiensoefening. Binne hierdie vroomheidsbelewing val die klem op die volgende:

- *Die Bybel* - veral in die prediking en verskillende vorme van Bybelstudie.
- *Gebed*, gewoonlik vrye gebed waarin die elemente van skuldbelydenis, verklaring van afhanklikheid, dank vir krag en hulp, en voorbedes na vore kom. Calvyn (1559/1988: 1077-1156) gee groot prioriteit aan gebed en gee praktiese reëls vir die beoefening daarvan.
- *Lering* met 'n intellektuele inslag maar op die praktyk van die alledaagse lewe gerig. Al die groot reformatore het kategismusse opgestel wat bepalend was vir die geloofsdissipline.

#### 2.4.3.2 Die rol van siklus en gemeenskap

Die lewens- en jaarsiklus speel 'n geringe rol terwyl die dagsiklus in die vorm van persoonlike godsdiensoefening (stiltetyd), tafelgebede en huisgodsdiens wel belangrik bly, maar nie as 'n strakke dissipline nie.

Die organiese verbande word gesien as die raamwerk waarbinne die Christelike lewe afspeel. Hulle is:

- Die *familieverband* waarin veral huisgodsdiens, kinderdoop, kategese, verbond en die rol van ouers 'n belangrike rol speel;
- die *gemeenteverband* waarin bv. die gesamentlike erediens, onderlinge sielsorg en liefdesbetoning belangrik is; en
- die *samelewingsverband* waarin die gemeente se perspektief op God se wil en geregtigheid vertolk en uitgeleef word om 'n transformerende invloed van die evangelie op die samelewing te bevorder.

### 2.4.3.3 Simbole of leerstukke

Hier word aangesluit by wat onder die teologiese ratio by 2.3.2 behandel is. Smit (1988:187) onderskei die volgende kernfokusse, naamlik:

- Die bewussyn dat die mens in alles met God te make het en in alles die eer van God moet soek;
- Christus as Middelaar aan Wie die mens deel kry deur geloof, gehoorsaamheid en die voortdurende proses van heiliging; en
- Voortdurende heiligmaking en vernuwing in die persoonlike lewe, kerk en samelewing (en so is die gereformeerde 'n morele aktivis omdat hy God se eer bo alles soek).
- 'n Klem op die teokratiese ideaal, die koninkryksidee en die heerskappy van Christus oor die hele lewe.

Hier kan bygevoeg word dat gereformeerde spiritualiteit baie nou verbonde is aan die gereformeerde belydenisskrifte, byvoorbeeld die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis.

### 2.4.3.4 Religieuse motiewe

Hieronder tel die gesindheid van ootmoed of nederigheid voor God, asook 'n dankbare drang tot heiliging van die gelowige se lewe en die wêreld waarin hy lewe.

#### 2.4.3.5 Die verhoudinge waarbinne die mens leef

Gereformeerde spiritualiteit beklemtoon veral die verhouding tot die samelewing wat getransformeer of verander moet word tot God se eer. Hier kan gedink word aan gereformeerdes se betrokkenheid by skole, universiteite, kinderhuise en sosio-politieke ontwikkelinge (Schwanda, 1995:9).

#### 2.4.3.6 Die rol van nie-teologiese faktore

Onder nie-teologiese faktore wys Smit (1988:192) veral op die gereformeerde werksetiek se bydrae tot kapitalisme, industrialisasie en verstedeliking, asook bepaalde gestaltes van verbruikersgedrag, soeke na persoonlike groei en bevryding. Verder was gereformeerde spiritualiteit dikwels nou verweef met nasionalistiese of groepsbelange vanuit die perspektief "ons is die uitverkore verbondsvolk".

Oor hierdie nie-teologiese faktore wat onderskei word, kan ernstige kritiek uitgeoefen word, maar dit is belangrik om eerstens te let op die gevare wat dit vir gereformeerde spiritualiteit inhou. Aanvullend tot Smit, word dit duidelik dat in die Suid-Afrikaanse konteks die politieke klimaat, maatskaplike verdelinge en rasseverhoudinge dikwels 'n invloed op die spiritualiteit van gereformeerde lidmate het. As gevolg van hierdie faktore het byvoorbeeld blank en swart, minder gegoede en wel-af gereformeerdes moeilik hulle spiritualiteit in gemeenskap met mekaar beleef.

### 2.4.4 Samevatting

Uit 2.4.1 - 2.4.3 blyk die volgende:

- Die spiritualiteit van 'n geloofsgemeenskap kan nie van sy historiese wortels, teologiese beklemtoninge en godsdienstige uitdrukkingsvorme losgemaak word nie.
- Gereformeerde spritualiteit het wortels in en hou verband met 'n verskeidenheid historiese spiritualiteitstradisies.
- Gereformeerde spiritualiteit het 'n eie teologiese *ratio* wat aanleiding gee tot sy eie unieke tipe spiritualiteit.
- Gereformeerde spiritualiteit word deur bepaalde gestaltes getipeer.

Smit (1989:84) spreek die hoop uit dat gereformeerdes nie bloot sal vra na die eiendomlike van hulle eie tradisie nie, maar "*die sterk punte van ander tradisies en gemeenskappe* (kursivering van Smit) opnuut, of vir die eerste maal, (sal) leer raaksien ten einde daardeur verryk te word".

## 2.5 'N WERKBARE DEFINISIE VIR SPIRITUALITEIT

Vir die doeleindes van hierdie studie kan spiritualiteit in die lig van 2.2 - 2.4 meerdimensioneel soos volg gedefinieer word:

> **Spiritualiteit beskryf hoe gelowiges voor die aangesig van God, in gemeenskap met Hom en medegelowiges in hierdie wêreld lewe.**

Volgens hierdie definisie fokus spiritualiteit op die volgende:

- die hele lewe *coram Deo*: voor die aangesig van God;

  en uit hierdie sentrale dimensie op:

  - luisterende en biddende gemeenskap met *God*;
  - liefdesgemeenskap met *medegelowiges*; en
  - die gelowige se nuutgemaakte lewe in hierdie *wêreld*.

As die groot prentjie met 'n wyehoeklens bekyk word, kan spiritualiteit na aanleiding van illustrasies van die Buro vir Voortgesette Navorsing en Opleiding (Le Roux, 1991:230) en Van der Merwe(1) (1995:5, 16) soos volg voorgestel word:




Hiervolgens is die *Coram Deo* die middelpunt waarom spiritualiteit draai. Hierom sentreer (1) die aanbidding van en luister na God; (2) gelowiges as liefdesgemeenskap luister saam na God en help mekaar om na Hom te luister; en (3) die praktiese en daadwerklike lewe voor God in die praktyk van die lewe.

In hierdie skema kry al die fasette van *praxis pietatis* sy regmatige plek. Soos enige skema wat 'n waarheid probeer voorstel, het die skema ook sy gebreke. Die probleem met bogaande skema is dat *koinonia*, gemeenskap met God en lewe verstaan kan word as 3 verskillende kompartemente. Alhoewel die verskillende fasette van gereformeerde spiritualiteit van mekaar onderskei kan word, vorm hulle 'n integrale eenheid.

Sonder om die ander fasette van spiritualiteit uit die oog te verloor, fokus hierdie studie op gelowiges se *saam*luister na, en *saam*beleef en *saam*dien van God.

## 2.6 GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT AS KORPORATIEWE SPIRITUALITEIT

### 2.6.1 Omskrywing van gereformeerde korporatiewe spiritualiteit

Korporatiewe (wat dui op die "liggaam van Christus") of kommunale (na aanleiding van die Latynse woord *communitas*) spiritualiteit verwys na spiritualiteit wat in gemeenskap met medegelowiges beoefen word (vgl. Louw, 1989: 8, 11; Thurston, 1993:22-24, 91; Ackerman, 1994:75-87; Burger, 1995a:49).

Smit (1988:187) toon ook aan dat die verbond en die gemeenteverband sentrale kenmerke van gereformeerde spiritualiteit is (vgl. 2.4.2.8; 2.4.2.10). In lyn hiermee kom Louw (1989:11), na die ontleding van die woord ευσεβεια in 1 Tim 4:7-8, onder andere tot die gevolgtrekking dat spiritualiteit "as vroomheid nooit as 'n sieklike na-binne gerigte emosionaliteit" beskryf kan word nie. Hy trek die lyn na korporatiewe spiritualiteit soos volg deur:

> Alhoewel spiritualiteit wel subjektiwiteit in die sin van eksistensiële ontslotenheid vir Gods teenwoordigheid veronderstel, is hierdie subjektiwiteit nooit geïsoleerde individualiteit nie, maar as korporatiewe saak steeds 'n koinoniale intersubjektiwiteit binne die communio sanctorum. Spiritualiteit dus as 'n ekklesiologiese fenomeen.

Versteeg (1980:93) stel dit te sterk wanneer hy, op grond van 'n eksegetiese studie van die woord "mekaar" in die Nuwe Testament, die gevolgtrekking maak dat "Het heil van God is voor ons slechts te beleven in gemeenschap met andere gelowigen". Die gelowige se verhouding met God het immers beide korporatiewe en persoonlike dimensies wat onlosmaaklik van mekaar is. Die een dimensie moenie ten koste van die ander dimensie oorbeklemtoon word nie.

Oor die verhouding tussen 'n Christen se spiritualiteit en sy deelwees van die liggaam van Christus sê Leech (1989:119) "Being a Christian, in the New Testament understanding, is thus not a purely personal but a social reality. At the same time, within the body of Christ, there is an encounter with God, and a continuing relationship

with God at a personal level". Volgens Bolkestein (1964:94) en Kunst (1991:16) het gelowiges die roeping om in hulle onderlinge verhoudinge mekaar pastoraal en geestelik te versorg.

In 'n meestersgraadstudie maak Oostenbrink (1994:37, 163) onder andere die volgende bevindinge:

- God werk in sy heils- en verbondshandelinge nooit bloot individualisties met die mens nie, maar handel gewoonlik kollektiewelik met die mens in sy natuurlike groep; en
- dit is nie vir die gelowige moontlik om sonder die gemeenskap van gelowiges sy geloof (*koinonia*) ten volle te kan beleef en uitleef nie.

### 2.6.2 Korporatiewe spiritualiteit as spiritualiteit in koinoniale verhoudinge

Vir die doeleindes van hierdie studie kan *koinonia* beskryf word as 'n assosiasie van persone wat in 'n konteks van nabye verhoudinge iets met mekaar in gemeen het en van hulle besittings en hulleself met mekaar deel (Louw & Nida, 1988:446, 569). In die woorde van Simpson (1992:3):

> Die christelike lewe is 'n persoonlike *koinonia* of deelname aan Christus. Dié verhouding is die grond vir deelname aan die liggaam van Christus, die *koinonia* van mede-gelowiges. Die vertikale dimensie van "*in Christus wees*" skep die horisontale *koinonia* wat Christene een maak.

Hieruit kan afgelei word dat *sonder koinonia met Christus en met mekaar 'n groep mense nie 'n gemeente van Christus genoem kan word nie*. Anders gestel, 'n gemeente lewe wanneer die gelowiges se *koinonia* met God en mekaar 'n lewende werklikheid is.

Van der Merwe(1) (1995:66) merk op "Koinonia is 'n spiritualiteitsoefening. Koinonia is nie maar net 'n saam-wees met mekaar nie. Dit is 'n saam-wees met mekaar voor God".



Vir die res van hierdie studie, maar in besonder hoofstuk 3, is veral die funksionering van kleingroepe in die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente van belang. Gemeentelike kleingroepe is 'n besondere manier waarop korporatiewe spiritualiteit in die gemeente gefasiliteer kan word. Kleingroepe moet egter nie los van die ander *koinonia*-verbande gesien word nie.

### 2.6.3 Gereformeerde spiritualiteit is korporatiewe spiritualiteit

Uit 2.6.1 en 2.6.2 se bespreking kan afgelei word dat gereformeerde spiritualiteit nie "the flight of the alone to the Alone" (Thurston, 1993:22) is nie, maar dat dit deur en deur te doen het met die gemeenskap van gelowiges (Rice, 1991:121). Korporatiewe spiritualiteit is spiritualiteit waarin *koinonia* 'n belangrike konteks of ruimte vir spiritualiteit is, maar tegelyk ook 'n belangrike beoefening van spiritualiteit.

## 2.7 GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk is die volgende aangetoon:

- Daar is verskeie benaderings wat spiritualiteit uit verskillende perspektiewe beskryf. Hier is gekies vir 'n meerdimensionele beskrywing van spiritualiteit.
- Uit die Skrif blyk dat godsdiens in gemeenskap met medegelowiges sowel as individueel beleef en ervaar moet word.
- Gereformeerde spiritualiteit word van ander soorte spiritualiteite onderskei deur 'n gereformeerd-teologiese *ratio*, 'n bepaalde historiese tradisie en deur bepaalde gestaltes van spiritualiteit.
- "Spiritualiteit" beskryf hoe die gelowige voor die aangesig van God, in gemeenskap met Hom en medegelowiges in hierdie wêreld lewe.
- Korporatiewe spiritualiteit fokus op die gemeenskap van gelowiges as 'n dimensie van spiritualiteit maar ook as 'n belangrike ruimte of konteks waarbinne spiritualiteit beoefen (moet) word.
- Gemeentelike kleingroepe is 'n besondere manier waarop korporatiewe spiritualiteit in die gemeente gefasiliteer kan word. Hierdie faset van korporatiewe spiritualiteit word in die volgende hoofstuk nader ondersoek.

# HOOFSTUK 3

# KLEINGROEPE TER FASILITERING VAN SPIRITUALITEIT

## 3.1 INLEIDING

Die mens van die 1990's se groeiende behoefte aan spiritualiteit (Kane, 1995:21; Wuthnow, 1994:32-34; vgl. 1.1.1 en 2.1.1) is 'n realiteit wat nuwe uitdagings aan die kerk bied. Die kerk sal sy bedieningspatrone só moet aanpas "dat die funksionaliteit van die kerk daardeur gedien sal word, die nuwe omstandighede en verwagtinge betrek en hanteer word en dat die regering van Christus kontekstueel gestalte mag kry vir die mens in die sterk stroom van veranderinge" (Vorster, 1994:324; vgl. Mead, 1991:5-7).

Om die hedendaagse mens dinamies-relevant te bedien, moet die kerk sy eie spiritualiteit evalueer, duidelik definieer en die praktiese beoefening daarvan vir lidmate fasiliteer. Die verband tussen geloofsinhoud en geloofsbelewing moet vir die lidmaat duidelik wees (Louw, 1989:3), anders kan dit maklik gebeur dat hy weggelok word na (oënskynlik) groener weivelde waar sy behoefte aan belewing gevoed word. In die woorde van Burger (1995b:9) "As ons wil leer en wil groei deur hierdie tye heen, sal ons moet reoriënteer; ons sal moet herfokus en ons lense moet skoonmaak sodat ons die werklike uitdagings en moontlikhede helder kan sien".

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat gereformeerde spiritualiteit sowel korporatief (in gemeenskap met medegelowiges) as individueel beoefen behoort te word. Korporatiewe spiritualiteit is spiritualiteit waar *koinonia* 'n belangrike milieu of ruimte vir spiritualiteit is, maar tegelyk ook 'n belangrike beoefening van spiritualiteit is (2.6.3). Kleingroepe is een van 'n paar *koinonia*verbande in die gemeente van Christus waarbinne korporatiewe spiritualiteit beoefen word (2.6.2).

Kleingroepbediening is nie 'n nuwe verskynsel in gereformeerde kerke nie. Die hervormers Luther en Bucer het albei aangetoon dat die amp van die gelowige en korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep tot sy reg kan kom (Berkhof, 1973:378; Kunst, 1991:66-67). Bucer, wat soms die vader van die gereformeerde kerk- en ampsbeskouing genoem word (Kurpershoek, 1995:34), het kleingroepe beskou as Christelike gemeenskappe wat die groot stadskerk van Straatsburg tot 'n wesenlike reformasie kan bring (Van't Spijker, 1990a:137). Daarom het hy in die Straatburgse gemeente 'n "gemeenteboustrategie" met kleingroepe van stapel gestuur. Kleingroepe is, volgens hom, veral geskik vir onderlinge liefdesdiens, pastorale sorg en tug (Berkhof, 1973:378; Van't Spijker, 1990a: 133, 136-137). Luther het gemeen dat Bybelstudie, gebed, die sakramente en Christelike dienswerk uitstekend in kleingroepe kan figureer (Floor, 1978:53-54). Ook tydens die Nadere Reformasie is die belangrikheid van kleingroepe waarin gelowiges hulle geloofservaringe met mekaar kon deel, deur onder andere Voetius (met sy sterk klem op lewensheiliging) benadruk (Eschbach, 1993:39).

### 3.1.1 'n Wêreldwye belangstelling in kleingroepbediening

Volgens Potgieter (1995:18) is daar "'n wêreldwye beweging van mense wat kerkwees belewe as intieme verhoudings tussen klein groepies gelowiges wat in huise bymekaar kom". Wuthnow (1994:31-32) toon aan dat die kleingroepbeweging in die lig van 'n groeiende behoefte aan spiritualiteit en die verbrokkeling van verhoudinge in die samelewing 'n sosiologiese verskynsel is, maar dat dit ook gerugsteun word deur die Bybelse beginsels van onderlinge liefde en die gemeenskap van die gelowiges.

Wanneer gemeentes hulle bedieningsfokus na kleingroepe verskuif, vind 'n paradigmaverskuiwing plaas waarin gemeentewees nie in strukture nie, maar in terme van verhoudinge (met God, medegelowiges en die wêreld - vgl. 2.5 - 2.6) gedefinieer word.

beskrywing. Hieronder sal die prinsipiële en funksionele aspekte van kleingroepe nader omskryf word.

### 3.1.3 Doel van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk word ondersoek op watter wyse kleingroepe spiritualiteit kan fasiliteer om so bepaalde behoeftes van die hedendaagse mens relevant en tot eer van God aan te spreek. Gevolglik word antwoorde op die volgende vrae gesoek:

- Watter faktore in die samelewing en die kerk beïnvloed die korporatiewe spiritualiteit van gelowiges?
- Watter teologiese en Skriftuurlike oorweginge is van toepassing?
- Watter potensiaal het kleingroepe om korporatiewe spiritualiteit te fasiliteer en om die situasionele faktore wat korporatiewe spiritualiteit beïnvloed, aan te spreek?
- Watter geleenthede bied kleingroepdinamika vir die ontplooïng van korporatiewe spiritualiteit?
- Deur watter fases beweeg die spiritualiteit in 'n kleingroepbyeenkoms?
- Hoe word korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep beoefen?
- Watter gevare en beperkinge kan kleingroepe vir korporatiewe spiritualiteit hê?

## 3.2 FAKTORE WAT DIE ONTPLOOIING VAN KORPORATIEWE SPIRITUALITEIT BEÏNVLOED

Spiritualiteit vind nie in 'n lugleegte plaas nie. Die historiese en kulturele konteks waarin 'n geloofsgemeenskap lewe, het 'n invloed op die ontplooiing van hulle spiritualiteit. Daarom is 'n kontekstuele of situasie-beskrywing nodig. Vir die doeleindes van hierdie studie word verskillende faktore op drie vlakke onderskei, faktore in die breë samelewing, faktore binne die kerk en faktore van die hedendaagse mens se psigologiese ingesteldheid:

### 3.2.1 Faktore in die breë samelewing

#### 3.2.1.1 Post-modernisme

Rasionalisme is tiperend van die Modernisme van die eerste helfte van die twintigste eeu (Vorster, 1994:315). Die werklikheid is rasioneel benader en alles is aan die heerskappy van die rede onderwerp. Wat nie strook met die rede nie, is as ongeldig verklaar. Die modernistiese denke met sy intellektuele inslag het veroorsaak dat die mens homself grootliks van religieuse ervaring gedistansieer het.

Van der Walt (1994:3) verklaar die Modernisme aan die hand van die Verligtingsdenke van die Aufklärung, 'n stroming wat aan die begin van die 18de eeu momentum begin kry het en deur die Renaissance en Humanisme voorberei is. Volgens die Aufklärung het die mens die durf gekry om uit sy onmondigheid om sy eie verstand te gebruik, te tree. Die rasionele is verabsoluteer en gesien as die enigste pad na geluk.

Volgens die Verligtingsdenke van die Modernisme moes ook godsdiens rasioneel benader en beleef word. Uiteindelik het hierdie benadering gelei tot sekularisme en neutralisme wat by die westerse mens "'n religieuse vakuum" (Van der Walt, 1994:2) van godsdiensloosheid gelaat het.

Die Post-modernisme reageer teen die modernisme as 'n mislukte ideologie (Van der Walt, 1994:6). Hierdie nuwe stroming "ontken die heerskappy van die rede en erken die bestaan van geloofs- en ideologiese voorveronderstellings" (Vorster, 1995b:11). Elke mens het die reg tot sy eie oortuigings en voorveronderstellings. In teenstelling met die Modernisme is die Post-modernisme *pro-godsdiens*, maar in die relativistiese sin dat alle godsdienste gelykwaardig is. Verder kom die religieuse *ervaring* en *gevoel* sterk op die voorgrond.

#### 3.2.1.2 Die "New Age"-beweging

'n Belangrike eksponent van die Post-modernisme is die "New Age"-beweging (NAB). Die belangrikste basiese tendense van die NAB kan, na aanleiding van Steyn (1994:303-310) en Van der Walt, (1990:12-22) puntsgewys soos volg weergegee word:

- 'n nuwe era van nuwe sosiale, religieuse, en persoonlike dimensies is aan die kom, maar die mensdom moet dit laat realiseer;
- monistiese holisme (alles is een);
- mistieke panteïsme (God is alles, alles is God);
- 'n baie optimistiese siening van die mens as goddelik en skepper van eie realiteit; en
- 'n liefde vir die onkonvensionele, die okkulte en die antieke wysheid.

Die kursoriese uiteensetting hierbo laat nie reg geskied aan die meerdimensionaliteit en verskeidenheid van oortuiginge nie, maar dui (hoewel gebrekkig) die algemene rigting van die beweging aan.

Die kerk se antwoord lê nie in nuwe bedieninge met 'n sousie van spiritualiteit daaroor nie, óf in 'n saamlopery met die NAB nie, óf in 'n strategie om die beweging met alle mag te beveg nie. Vir gereformeerde kerke lê die antwoord in *ware, egte spiritualiteit in die hart van die kerk* (vgl. Van der Walt, 1990:28-31).

#### 3.2.1.3 Internasionalisme (*globalism*) en terug huis toe

Vorster (1995a:25) verduidelik dat die elektroniese media en internasionale lugverkeer en handel mense aan die wêreld blootstel en 'n wêreldkultuur kweek. Die afbakening van nasionale kultuur en wêreldkultuur gaan nie nie meer op nie. Tendense van die res van die wêreld kom op nasionale vlak ook voor.

McLuhan (Toffler, 1971:444) se uitdrukking "global village" en Toffler (1981:204, 310) se uitdrukking "electronic cottage" beskryf die wêreld as 'n groot ruimte wat deur kommunikasietegnologie klein geword het sodat mense hulleself baie nader voel aan wêreldlinge aan die ander kant van die wêreld as wat vantevore die geval was. Ruimte en afstand het relatief geword. Elektroniese media maak dit vir mense moontlik om tuis

Met reg vra Hendriks et al (1987:110) of die individu in die toekoms 'n gemeenskapsbasis sal besit. Die huidige stroming waarvolgens mense hulleself as deel van die groot heelal ("universe") sien, kan dui op 'n nuwe (en groter) vorm van kollektivisme, oftewel universalisme.

Die groot klem op eenheid teenoor verskeidenheid is opvallend en verstaanbaar in Suid-Afrika. Oral word 'n versugting na 'n groter eenheid gehoor in byvoorbeeld die slagspreuk "one country one nation". Aan die ander kant bly etnisiteit en nasionalisme realiteite wat in die Suid-Afrikaanse konteks nie geïgnoreer kan word nie.

'n Paradoksale ervaring van die medemens kan by die hedendaagse mens opgemerk word. Aan die een kant bied universalisering en kollektivering 'n gerieflike wegkruipplek om anoniem te kan bly sonder aanvaarding van verantwoordelikhede (vgl. Louw, 1980:62). Aan die ander kant het die hedendaagse mens 'n sterk behoefte aan egte medemenslikheid (Louw, 1980:165-166). Immers, die mens is gemaak vir persoonlike gemeenskap en sy wegkruipneiging, soos dit die eerste keer gevind word in Gen. 2:8, is 'n direkte gevolg van die sondeval (Neighbour, 1990:97).

Toffler (1981:272-273) beskryf egter 'n ander tendens wat aan die ontwikkel is, naamlik "small-within-big-is-beautiful" en sê "maximisation is on its way out. Appropriate scale is in". Volgens hom is heelwat besighede besig om die eenhede waarin werknemers saamwerk te verklein. Die teenstelling van grootgroep teenoor kleingroep gaan daarom nie meer op nie. Die fokus het verskuif na die kleingroep binne die grootgroep. Organisasie-strukture is ook besig om te verander om nie meer hiërargies (volgens 'n piramide-struktuur) nie, maar "platter" te funksioneer (Toffler, 1991:180-203). Organisasies begin al meer gedesentraliseerd in kleiner komponente funksioneer sodat die komponente as 'n netwerk met mekaar kan saamwerk en tog elkeen sy eie selfstandigheid kan besit (Toffler, 1981:274-275; 1991:200-202, 286).

### 3.2.1.5 Veranderinge op sosio-politieke gebied

Suid-Afrika ondergaan in die negentigerjare 'n transformasieproses (Boshoff, 1991:1). Die ou era van apartheid het verbygegaan en 'n nuwe era is besig om homself te vestig

- vandaar die populêre verwysing na 'n "nuwe Suid-Afrika". Belangrike doelstellings van die huidige transformasieproses is "die daarstelling van 'n nie-rassige regeringsbestel, verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaners en die progressiewe ontvouing van 'n geïntegreerde samelewing en gemeenskappe" (Potgieter et al., 1994:371). Verdere veranderinge is aan die kom veral na 1999 wanneer die grondwetskrywende proses voltooi is en die regering van nasionale eenheid vervang word met 'n meerderheidsregering (Burger, 1995b:13).

Gereformeerde kerke staan nie buite hierdie veranderinge nie. Die veranderinge bring by baie lidmate onsekerhede en vrees (Potgieter et al., 1994:372; Burger, 1995b:40, 68-69). Gevolglik soek lidmate onder andere by die kerk 'n spiritualiteit waarin hulle vastigheid, sekuriteit, insig en lewensrigting vind (Boshoff, 1991:27; Kane, 1995:21).

Volgens Burger (1995b:14-15), wat uit die konteks van die Nederduits Gereformeerde kerk skryf, sal die volgende sake op die kerk se tafel kom:

- lidmaatgetalle kan krimp, veral onder die jeug;
- finansiële probleme sal toeneem en ernstige besnoeiings verg;
- die NG kerk gaan in 'n groot mate sy invloed en seggenskap in die samelewing verloor;
- die kerk sal om sy geloofwaardigheid te behou, vrae oor sy betrokkenheid by die apartheidsbeleid moet beantwoord en regstellende stappe doen; en
- heterogeniteit en sekularisasie gaan toeneem.

Aan die ander kant toon Burger (1995b:18) aan dat die Skrif leer dat oorgangstye ook unieke geleenthede vir die kerk bied. As die kerk kan aanvaar dat God in die veranderende omstandighede teenwoordig is, kan hierdie tye vir die kerk 'n geleentheid wees tot grondige vernuwing. So beskou, is hierdie oorgangstyd 'n bedekte seën omdat ontvriesing van gestolde strukture plaasvind. Die situasie in die kerk word weer vloeibaar sodat hervormingswerk opnuut gedoen kan word en die kerk sy lewe *coram Deo*, opnuut in oënskou kan (en moet en wil) neem.

### 3.2.2 Faktore in die kerk

#### 3.2.2.1 Veranderde verwagtinge ten opsigte van die kerk

Ter aansluiting by 3.2.1.5 kan na aanleiding van Vorster (1994:319-324; 1995a:25, 27; 1995b:11, 25) en Louw (1989:2) die volgende tendense in die hedendaagse mens se houding teenoor die kerk geïdentifiseer word:

- 'n verset teen formele gesagstrukture wat lei tot 'n buitekerklike Christendom waarin die kerk nie meer gesien word as nodig vir die geloofslewe nie;
- 'n groeiende verset teen institusionalisme en formalisme asook 'n soeke na alternatiewe aanbiddingsvorme wat die behoefte aan lewensin beantwoord;
- 'n relativering van godsdienstige waarhede; en
- 'n soeke na 'n godsdiensbelewing van God (en die kerk) se teenwoordigheid in en betrokkenheid by die alledaagse lewenspraktyk.

Vorster (1994:316) gee oor die verskuiwing in verwagtinge die volgende gebalanseerde perspektief: "die kerk het nie by die einde van die pad gekom soos die Teologie van Sekularisasie beweer nie, maar by 'n nuwe pad". Om te bepaal wat presies die "nuwe pad" is, sal egter nog baie Skrifstudie, kreatiewe en strategiese denke en biddende waagmoed verg. Die nuwe pad vra nuwe bedieningsvorme sodat in die veranderende situasie die "regering van Christus kontekstueel gestalte mag kry" (Vorster, 1994:324).

#### 3.2.2.2 Eensydighede van 'n Woordverkondigingsmodel

In sy behandeling van verskillende kerkmodelle deur die eeue, bespreek Hendriks (1992:19-24) die verkondigingsmodel as die model wat gereformeerde kerke se kerkwees beskryf. Uit Hendriks se bespreking van dié model (1992:23-24) blyk die volgende nadele:

- die model beklemtoon die intellektuele, maar onderspeel die psigomotoriese (vaardighede en dade), die affektiewe (emosionele) en die konatiewe (wil);
- die gevaar van 'n bibliolatreia waarvolgens die Bybel as Woord van God as't ware aanbid word;

- 'n onbetrokkenheid by sake soos sosiale ongeregtigheid en geweld, omdat Woordverkondiging so sterk voorop staan ("verkondig net die Woord en alles sal regkom");
- 'n neiging om te institusionaliseer en burokraties en hiërargies te raak; en
- die gevaar om 'n domineeskerk te wees.

Ten spyte van die feit dat die Reformasie tot 'n groot mate 'n reaksie teen die Rooms Katolieke skolastiek van die Middeleeue was, het daar kort voor lank 'n "gereformeerde" skolastiek en ortodoksisme ingesluip (Van der Merwe, 1990:36). Hiermee het, uit reaksie teen die anabaptisme en soortgelyke strominge, 'n sterk skeptisisme teenoor vroomheid en geestelike belewing ingesluip (Theron, 1989:36). Anders gestel, vanuit 'n oordrewe objektivisme (ortodoksisme) het 'n oordrewe vrees vir subjektivisme ontstaan. So word geloofservaring onder verdenking geplaas (Louw, 1989:5). Tereg waarsku Theron (1989:36) dat hierdie "reaksie-houding" in gereformeerde kringe tot 'n skeefgetrekte en ongesonde spiritualiteit lei.

Aan die ander kant is dit waar dat daar ook vertakkinge van gereformeerde spiritualiteit was, soos byvoorbeeld die Piëtisme in Duitsland (Malan, 1984:44), die Nadere Reformasie in Nederland (Velema, 1990:69-72), die Puritanisme in Engeland (Graafland, 1993:209) en die Metodisme in Suid Afrika onder leiding van Andrew Murray (vgl. Coetzee, 1980:394-395). In hierdie vorme van spiritualiteit is subjektivistiese vroomheidsbelewing en allerlei geestelike ervaringe sterk op die voorgrond geplaas (Van der Merwe, 1990:36; Jonker, 1989:293). So word geloofservaring die grond vir geloofsekerheid.

'n Gesonde balans tussen *praxis* en *pietas*, objektiviteit en subjektiviteit, verstand en emosie, geloofsinhoud en geloofservaring, en tussen die openbaring van God en die mistieke van God, is nodig.

### 3.2.2.3 Onderbeklemtoning van die Persoon en werk van die Heilige Gees

In studie en veral in die praktiese bediening van gereformeerde kerke is die Persoon en werk van die Heilige Gees verwaarloos en is daar 'n terughoudenheid om oor Hom te praat (Molenaar, 1963:5-8; Lovelace, 1979:119-133; Lotter, 1993:2-3). Hierdie verwaarlosing van sy Persoon en werk kan onder andere toegeskryf word aan 'n oorreaksie teen die geesdrywery van die Anabaptiste in die 16de eeu en die Pentakostalisme in die 20ste eeu. Ook die reaksie teen subjektivisme het gereformeerdes sku gemaak vir gemeenskap met en belewing van die Heilige Gees.Verder is daar ook 'n vrees dat beklemtoning van die Heilige Gees kan lei tot onderbeklemtoning van Jesus Christus (Lovelace, 1979:122-124).

Daar is in die gereformeerde teologie en, op voetsoolvlak, by gereformeerde gelowiges in die algemeen 'n vaagheid en onduidelikheid oor gemeenskapsbeoefening met die Heilige Gees en sigbare manifestasies van die Gees (Molenaar, 1963:6-7; Theron, 1989:33-45). Lovelace (1979:131) vergelyk die gebrek aan gemeenskap tussen gelowiges en die Heilige Gees in die hedendaagse kerk met 'n swak huwelik tussen 'n man en vrou. Hulle woon saam in dieselfde huis en die man maak gebruik van die vrou se dienste, "but he fails to communicate with her, recognize her presence and celebrate his relationship with her".

Hierdie onderbeklemtoning van die gelowige se verhouding met die Heilige Gees is in stryd met die Skrif en die gereformeerde belydenis. Volgens die Geloofbelydenis van Nicea moet God die Heilige Gees "saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik" word. Volgens die Heidelbergse Kategismus (So 19, antw 51; So 20, antw 53) word die Heilige Gees bely as die Een deur Wie Christus die gawes in gelowiges as lede van Christus uitstort, en as Trooster wat altyd by die gelowiges bly. Wanneer gereformeerdes, teen hulle belydenis in, markties God as 'n Twee-eenheid aanbid en beleef, kan dit verwoestend en verswakkend op die kerklike lewe inwerk. Immers, die Heilige Gees is juis gegee sodat Christene deur Hom getroos en versterk kan word, Hy hulle in die volle waarheid en kennis van God kan lei en hulle toerus om met krag Christus se getuies te wees (Joh. 14:15-20, 26; 16:5-15; Hand. 1:8; vgl. 2.3.2.1; 2.4.2.3).

#### 3.2.2.4 Verbrokkeling van gemeentelike verhoudinge en *koinonia*

In lyn met wat onder 3.2.1.4 bespreek is, word die kerk deur baie as "een collectieve anonimiteit" (Van 't Spijker, 1993c:445) ervaar. Nie alleen die lewe in die breë samelewing het onpersoonlik geword nie, maar ook in die kerklike lewe. Individualisme het ook gelowiges van mekaar losgemaak (Venter, 1972:10-12). Roxburgh (1993:56) praat van 'n "breakdown of community". Die gevolg daarvan is dat lidmate van 'n gemiddelde stedelike gemeente in hedendaagse konteks probleme ondervind om die evangelie in gemeenskap met mekaar te belewe (Louw, 1980:132-133, 141-143; Eschbach, 1993:9).

Eredienste is volgens Engelbrecht en De Wet (1985?:79) meestal onpersoonlik en die gevolg daarvan is dat die erediensbywoningsyfer daal. Volgens hulle word die "basiese behoefte om te ken en geken te word" nie in die grootgroep van 'n erediens in 'n kerkgebou aangespreek nie. Mense bly vreemdelinge vir mekaar al kom hulle as verbondsgesin saam om God te aanbid.

Beide Louw (1980:61-63) en Cho (1981:49-50) waarsku teen depersonalisasie in die kerk waarvolgens die lidmaat maar bloot 'n gesig in die massa word. Die gemeente word 'n versameling van individue. Lidmate beleef hulleself en medelidmate as bloot name op 'n lidmateregister en daarvolgens bedieningsobjekte, en ervaar die kerk as 'n onpersoonlike grootheid, vasgevang en gestol in sinodale en ander amptelike strukture (Van 't Spijker, 1993c:445; Potgieter, 1995:13-17).

Die gevolge van die verontpersoonliking van die kerk is dat gelowiges nie net van mekaar en die kerk vervreem raak nie, maar algaande ook van God vervreem word (Venter, 1972:15).

Teenoor hierdie gebrek aan beoefening van persoonlike gemeenskap is gereformeerde spiritualiteit juis 'n persoonlike én interpersoonlike saak (vgl. 2.6).

#### 3.2.2.5 Individualisering van spiritualiteit

Aansluitend by 3.2.2.4 word by gereformeerde gelowiges 'n stugheid om oor hulle spiritualiteit te praat, bespeur (vgl. Jonker, 1989:291). Waarskynlik is een van die redes hiervoor die verinnerlikking van spiritualiteit. Westerse individualisme maak dit moeilik "om oop te maak vir ander" (vgl Burger, 1995b:46) en geloofsake (spiritualiteit) met ander te deel. Burger (1995b:95) meen dat "Een van die gevaarlikste kante van die huidige oplewing in spiritualiteit is dat dit so sterk klem plaas op individuele spiritualiteit. Dit het sekerlik 'n plek, maar as dit ten koste van kontak met die geloofsgemeenskap gedoen word, soek ons moeilikheid".

Ook Wuthnow (1994:39-40) waarsku teen die hedendaagse verskynsel van 'n geprivatiseerde spiritualiteit waarvolgens oordrewe klem op die verinnerliking van die godsdiens gelê word. Hy (1994:40) sê baie mense in ons samelewing vind dit moeilik om hulp by ander te soek wanneer hulle oortuigings begin wankel. Hulle sukkel ook om ondersteuning te gee wanneer ander mense antwoorde soek en hulp nodig het.

#### 3.2.2.6 Strukturele vernuwing sonder spirituele groei

Die versugting by baie predikante en lidmate na beter en effektiewer bedieningstrukture (vgl. Ludik, 1992:90), was van die aanleidende faktore tot die gemeenteboubeweging. Die blote verandering van gemeente-bedieningstrukture, nuwe gemeentebou-strategieë, en om dinge "anders" te begin doen, slaag egter nie altyd daarin om gemeentes en gemeentelede geestelik (dit wil sê: spiritueel) te laat lewe en groei nie (vgl. Nel, 1994: Voorwoord, 114).

Op die korttermyn bring die veranderinge wel nuwe entoesiasme en betrokkenheid, maar op die langtermyn slaag uiterlike veranderinge op sigself dikwels nie daarin om die algemene vlak van spiritualiteit te verdiep nie . Ware spiritualiteit groei immers van binne na buite (vgl. 2.5.3.1 oor innerlike vernuwing; asook Rom 12:2).

Treffend stel Smit (1995a:24) die saak soos volg:

> Doelgerigte gemeentebou is noodsaaklik in enige geloofsgemeenskap. En tog skuil daar in baie aktiwiteite, wat soms daarmee gepaardgaan, die versoeking om byna krampagtig te begin ywer vir die vitaliteit en effektiwiteit van 'n gemeente. *'n Mens kan soms nie help om te wonder of sommige pogings tot gemeentebou nie meer te doen het met die drang om mededingend in 'n effektiewe en kompeterende samelewing te wees as wat dit daarop ingestel is om gelowiges vir hulle lewe in hierdie soort samelewing toe te rus nie.*

### 3.2.2.7 Die vergete amp

Botes (1982:3-4) kontrasteer die algemene funksionering van gawes in die kerk vandag treffend met die Nuwe Testamentiese begrip daarvan:

> Die voorgangers sien nie meer die kerk in die lidmaat nie. Die rol van die lidmaat is geëlimineer tot 'n totaal onbybelse konsep. Die kerk het 'n gondel geword in plaas van 'n roeiboot. Die voorganger druk met moeite in die water en die bootjie beur traag vorentoe. Die passasiers sit bietjie angstig en niksdoen, hopende hulle verloor nie balans en kantel nie. Volgens die Bybelse begrip van kerk gee die voorgangers slegs die pas en koers aan, soos in die geval van 'n roeiboot. Al die ander mense in die boot is roeiers. Snel skiet hulle, selfs stroom op, met ritmiese, kragtige hale deur die water.

Ten spyte van die feit dat die Reformasie groot klem op die amp van die gelowige met sy priesterlike, profetiese en koninklike dimensies geplaas het, het in praktyk die klerus-leke-onderskeid bly voortbestaan (Kraemer, 1958:25; Hattingh, 1990:9). Raubenheimer (1987:50) wys daarop dat lidmate nie hulle plek in die gemeente kan inneem nie omdat baie van hulle aan 'n "geestelike minderwaardigheidskompleks" ly. Lidmate weet nie "*wie* hulle is en *wat* hulle taak is nie". Gevolglik doen 'n klein kerngroep die amptelike kerkwerk en die res van die gemeente bly grootliks passief en

"toeskouers van godsdienstige seremonies en eredienste in plaas van aktiewe deelnemers" en bedienaars (Oostenbrink, 1994:30).

#### 3.2.2.8 Oppervlakkigheid in die kerk

Foster (1990:1) se eerste sin in sy baie bekende boek *Celebration of discipline* lui "Superficiality is the curse of our age". Carson (1992:16) diagnoseer 'n groot probleem van die gemiddelde kerklidmaat se spiritualiteit so: "we are selfishly running after God's blessings without running after him". In skoktaktiekstyl beskryf hy (1992:16) die hedendaagse lidmaat se verhouding met God:

> We are even worse than the man who wants his wife's services - someone to come home to, someone to cook and clean, someone to sleep with - without ever making the effort really to know and love his wife and discover what she wants and needs; we are worse than such a man, I say, because God is more than any wife, more than the best of wives: he is perfect in his love, he has made us for himself, and we are answerable to him.

Vir baie lidmate is God 'n tipe "Ere-president" (Van der Merwe(1), 1995:8). So nou en dan word Hy by spesiale geleenthede vereer, maar in die alledaagse lewe word Hy nie geëer nie en sy gesag nie aanvaar nie. Potgieter (1995:2, 15-17) meen dat die kerk vir die oorgrote meerderheid van kerklidmate irrelevant is en hoogstens op die kantlyn van hulle lewens staan. Dit het op voetsoolvlak feitlik geen effek op die moraliteit en etiese lewensbeskouing van die individu nie.

Die nuwe tye (3.2.1.5) bring volgens Burger (1995b:32) nie net 'n soeke na verdiepte verhoudings nie, maar ook 'n hunkering na 'n verdiepte spiritualiteit. Die kerk staan voor die uitdaging (en roeping) om sy lidmate in hierdie proses van verdieping te begelei.

#### 3.2.2.9 'n Dualistiese lewensbeskouing

Potgieter (1995:206-218) wys uit watter dilemma 'n dualistiese lewensuitkyk vir gelowiges is. Die geestelike en praktiese, liggaam en siel, geestelike en gewone mense, en die lewe in die kerk en die lewe in die wêreld, word van mekaar geskei. Dit het volgens Potgieter die volgende praktiese gevolge:

- "die geloof in God word tot die kerklike of geestelike aspek van die lewe beperk";
- "die bevryding en veranderende krag van die evangelie word nie werklik (ten volle - JWO) ervaar nie";
- "die samelewing word nie werklik geraak nie";
- "die appèl van die evangelie word verswak";
- "indien die bose nie totaal ontken word nie, is die mag wat aan hom (sic) toegedig word, buite verhouding"; en
- "waar lewensverandering benadruk word, kom wettisisme en onttrekking uit die wêreld voor".

As die dualistiese wêreldbeskouing vergelyk word met die wyse waarop gereformeerde spiritualiteit in hoofstuk 2 beskryf is, is dit duidelik dat hierdie lewensuitkyk gereformeerde spiritualiteit kan ondermyn of ten minste aansienlik verskraal.

### 3.2.3 Die hedendaagse psigologiese ingesteldheid

Faktore wat remmend inwerk op die spiritualiteit van die twintigste eeuse mens word hoofsaaklik ontleen aan Louw (1989:3-5) se uitstekende samevatting daarvan:

- **Die Kits-sindroom**

Hiervolgens soek die mens na kitsoplossings om probleme vinnig uit die weg te ruim, amper soos om 'n toilet te spoel. Spiritualiteit moet egter lewenslank groei. Hierby kan gevoeg word die sogenaamde "skaarsheid aan tyd" (Le Roux, 1991:138), waarvolgens die mens altyd gejaag is omdat dit in die mode is.

- **Die Produksie- of prestasiementaliteit**

Daar is 'n neiging om die mens te waardeer volgens sy *doen-* en *ken-funksies*, terwyl daar min waardering vir sy *wees-funksies* is (vgl. Houston, 1991:184). Uit reaksie op die eensydige waardering van die mens en die gevolglike fragmentering van menswees, soek die hedendaagse mens in spiritualiteit integrasie, intimiteit, personalisering - om iets en iemand te mag wees.

- **Die vrees vir stilte**

Spiritualiteit bevat dimensies van soms stil wees, wag, geniet, bewonder en beleef. Die gejaagde mens het moeite met stilwees. Hierby kan gevoeg word dat die hedendaagse mens 'n tipe "leë koppie"-sindroom het wat 'n "volmaak" met televisie en ander media verg. Stilte skep ongemak en vrees want dan word die mens met sy eie leegheid gekonfronteer.

- **Die totdat-sindroom**

Dié sindroom het twee dimensies. Aan die een kant die lewensingesteldheid van "as ek eers ... dan sal ek ...", en aan die ander kant die utopiese verwagting van "môre sal dit beter gaan". So word stres, keuses en verantwoordelikheid ontduik want, so meen die hedendaagse mens, "ons moenie slapende honde wakker maak nie". Hierdie lewenshouding werk remmend in op gereformeerde spiritualiteit wat juis in die hier en nou 'n transformerende (lewensveranderende) proses wil wees.

Le Roux (1991:139) dui ook nog die volgende belangrike faktor aan:

- **Selfgerigtheid**

By sommige is daar 'n selfbehepte belangstelling in spiritualiteit wat eensydig op die eie ervaring en voordeel gerig is. Daarteenoor is gereformeerde spiritualiteit nie op die self nie, maar op ander en God as die "Gans Andere" gerig (vgl. 2.4.2.1; 2.4.2.2; 2.4.2.10).

Le Roux (1991:139) se opmerking hieroor is van groot belang vir korporatiewe spiritualiteit uit gereformeerde perspektief. Die belangstelling in spiritualiteit is vir vele 'n soeke na persoonlike (selfgerigte) sin, geborgenheid en sekuriteit (Kane, 1995:21; Louw, 1989:3). Die uitdaging aan die kerk is om die hedendaagse mens te begelei om die antwoorde vir sy soeke in God, sy Woord en die geloofsgemeenskap te vind.

### 3.2.4 Samevatting

Uit die bespreking hierbo blyk die volgende:

- ***Uit die breë samelewing*** stel die Post-modernisme, "New Age"-Beweging, Internasionalisme, die Individualisme, en die Kollektivisme en Universalisme nuwe eise aan die kerk. Tegelyk bied dié faktore ook **'n nuwe milieu met nuwe behoeftes en geleenthede, waarbinne die kerk met dieselfde geloofsinhoud op 'n nuwe manier in die 21ste eeu sal moet opereer.**

- ***Binne die kerk*** word korporatiewe spiritualiteit gerem deur 'n eensydige verkondigingsmodel, die onderbeklemtoning van die Heilige Gees, lidmate se belewing van die kerk as 'n anonieme kollektiwiteit en strukture wat nie ruimte vir spiritualiteit skep nie. As die verwagtinge wat hedendaagse lidmate aan die kerk stel, bygereken word, is die implikasie dat die kerk op 'n kritieke moment van sy bestaan verkeer. Die kerk sal met sy Bybelse raamwerk Bybels kreatief en strategies te werk moet gaan.

- ***Die psigologiese ingesteldheid*** van die mens van die laat 20ste eeu, soos die kits-sindroom, die produksie- of prestasiementaliteit, sy vrees vir stilte, die totdat-sindroom (uitstelmentaliteit en utopiese verwagting van 'n beter toekoms) en sy selfbeheptheid in spiritualiteit, kan remmend inwerk op pogings om gereformeerde spiritualiteit te bevorder.

- Nuwe bedieningsvorme wat ruimte skep vir *korporatiewe* spiritualiteit is nodig.

### 3.3 SKRIFTUURLIKE EN TEOLOGIESE FUNDERING

Oostenbrink (1994:hoofstuk 2) het reeds 'n teologiese fundering vir kleingroep-bediening in die gemeente gegee. Onder hierdie afdeling word, in die lig van daardie navorsing, die kleingroep as ruimte vir spiritualiteit Skriftuurlik ondersoek. Reeds onder 2.6 is Skriftuurlik aangetoon dat spiritualiteit 'n korporatiewe dimensie het. Die Skriftuurlike en teologiese beginsels wat in hoofstuk 2 oor spiritualiteit ontgin en verduidelik is, is hier van toepassing.

Om dieselfde redes wat in 2.3 aangetoon is, word gedeeltes uit die Handelinge van die apostels en die brief aan die Efesiërs hier gebruik en op korporatiewe spiritualiteit in kleingroepe (of huisgroepe) van toepassing gemaak.

#### 3.3.1 Skrifgegewens

##### 3.3.1.1 Hand 2:41-47 By die tempel en mekaar se huise

In lyn met die gedagtestruktuuranalises van Venter (1986:153) en Noordegraaf (1983:38) kan Hand 2:41-47 soos volg uiteengesit word:

(a)Vers 41: Die gemeente groei tot 3 000 mense wat tot geloof gekom het en gedoop is.

(b)Vers 42: Die volhardende lewe van die gemeente ('n oorgangsvers).

(a)Verse 43: Die buitestaanders is beïndruk oor wat in die gemeente, veral deur die apostels, gebeur.

(b)Verse 44-45: Die eensgesindheid, gemeenskaplike besit en onderlinge versorging in die gemeente.

(b)Vers 46: Die gemeentelike lewe by die tempel en in mekaar se huise vir *koinonia*, viering, en lof.

(a)Vers 47: Die buitestaanders se positiewe houding en die gemeente se getallegroei.

16:5; Ridderbos, 1959:343, Floor, 1978:49). Uit 1 Kor 1:10-12, 3:1-21 blyk dit dat die verskillende huisgemeentes in Korinte (vgl. Floor, 1978:50) met mekaar oor verskillende sake ernstige stryd en meningsverskil gehad het. Daaroor het Paulus hulle ernstig aangespreek en hulle tot eenheid in Christus opgeroep.

Die Nuwe-Testamentiese kerk het kleingroepbyeenkomste in huise vir verskillende doeleindes gebruik, byvoorbeeld vir gebed (Hand 1:13-14; 12:12), vir onderlinge samekomste (Hand 20:7-8), vir die bediening van Nagmaal (Hand 2:46), vir evangeliseringsbyeenkomste (Hand 10:27; 16:32), en onderrig (Hand 5:42, 20:20).

Uit bostaande kan die volgende ten opsigte van korporatiewe spiritualiteit afgelei word:

- *Koinonia* is wesenlik deel van die lewe in 'n gemeente (vgl. 2.3.2.4)
- Huise is 'n belangrike ruimte waarbinne klein groepe gelowiges onderlinge geloofsgemeenskap en Christelike spiritualiteit kan beoefen en beleef.
- Ook waar 'n kleingroep as gelowiges in 'n huis saamkom, kan hulle as gemeente van die Here beskou word.
- Stryd en kompetisie tussen huisgroepe kan kerklike eenheid bedreig en so korporatiewe spiritualiteit in die breër kerklike verband bedreig. Daarom moet gelowiges se eenheid in Christus beklemtoon word.
- Grootgroep- en kleingroepbyeenkomste behoort nie teen mekaar afgespeel te word nie, maar kan beide hulle regmatige plek binne die kerklike lewe inneem.
- In die kleingroep is onder andere saamgeëet en Nagmaal gevier in 'n gees van blydskap, eenvoud en lofprysing.

#### 3.3.1.2 Hand 4:23-37

Die gebeure wat in Hand 4:23-37 beskryf word, volg kronologies na die vertelling van die genesing van die verlamde man (Hand 3) en die Joodse Raad se reaksie om Petrus en Johannes gevange te neem, te verhoor en te dreig om nie meer in die Naam van Jesus "iets te verkondig of te leer nie" (Hand 4:18). In die ondersoek van hierdie gedeelte word veral gefokus op Hand 4:23-31 as 'n weergawe van 'n kleingroep (vgl.

die verklaring van τους ιδιους later) se spiritualiteit in die hantering van probleme en bedreiginge van buite (vgl. Haenchen, 1971:229).

Die gedagtestruktuur van Hand 4:23-37 kan soos volg weergegee word:

Die wyse van probleemhantering (vv. 23-24)

| |
|---|
| Gaan na medegelowiges (v. 23a) |
| Vertel alles wat gebeur het (v. 23b) |
| Bid eendragtig saam (v. 24a) |

Inhoud van die gesamentlike gebed (vv.24b-30)

| |
|---|
| Aanbidding van God as Here en skepper (v. 24b) |
| Skrifhantering en toepassing (vv. 25-25) |
| Gee die probleem oor (v. 29a) |
| Bid vir vrymoedigheid en kragdadigheid (v. 29b-30) |

Onmiddellike gevolge (v.31)

| |
|---|
| Die plek skud (v. 31a) |
| Vervulling met die Heilige Gees (v. 31b) |
| Vrymoedige Woordverkondiging (v. 31c) |

Latere gevolge (vv. 32-37)

| |
|---|
| 'n Groot getal mense word gelowig (v. 32a) |
| Eensgesindheid (v. 32a) |
| Onderlinge mededeelsaamheid (v. 32b, 34-37) |
| Voortgang van die apostoliese verkondiging (v. 33a) |
| Belewing van God se genade (v. 33b) |

Uit Hand 4:23-37 kom die volgende aspekte van korporatiewe spiritualiteit na vore:

- **Die rol van 'n kleingroep medegelowiges in die hantering van eksterne probleme**

Die voortgang van die verkondiging van die evangelie was op die spel (4:18), maar so ook die lewens van gelowiges, veral die apostels, wat die evangelie verkondig het (4:21). Die saak waaroor dit hier handel is 'n praktiese een: die lewe en voortbestaan van die gelowiges in die wêreld waarin hulle hulle getuienisroeping moet (en wil) uitleef.

Die wyse waarop Petrus en Johannes die dreigemente hanteer, is alles behalwe individualisties. Direk na hulle vrygelaat is, is hulle na τους ιδιους, dit wil sê: "hulle eie mense" (1933-vertaling) of "hulle medegelowiges" toe. Hierdie groep wat saam was, het na alle waarskynlikheid bestaan uit die apostels en 'n kerngroep van die gemeente - mense met wie hulle nabye verhoudinge gehad het (De Villiers, 1977:93; Venter, 1986:131). (Die gemeente was volgens Hand 4:4 op hierdie stadium alreeds meer as 5000 lidmate). Heel moontlik was die groep juis besig om vir hulle te bid toe Petrus en Johannes daar aankom (Grosheide, 1941:69; vgl. Hand 12:5). Die bymekaarkomplek was waarskynlik die huis van Maria, Markus se moeder - dieselfde plek waarheen Petrus ook gegaan het na sy goddelike bevryding uit die gevangenis (12:12).

Behalwe die troos vir Petrus en Johannes dat hulle by medegelowiges was, kon hulle ook hulle ervaring deel met 'n groep mense wat geduldig na hulle luister (4:23-24). Die grootste vertroosting en versterking het egter in die saambid van die gelowiges gelê - 4:24-31.

Uit bostaande bespreking kan die volgende afleidings gemaak word:

- Medegelowiges is vir mekaar 'n veilige hawe of 'n ondersteuningsisteem wanneer die wêreld, waarin hulle lewe en hulle roeping moet uitleef, die lewe vir hulle moeilik maak.
- Gelowiges in die kleingroep se korporatiewe hantering van eksterne probleme is om hande te vat deur daar te wees vir mekaar, na mekaar te luister en saam te bid.

- **Die eenheid tussen gelowiges**

Die gees waarin die gelowiges saamgebid het, word beskryf deur die woord ομοθυμαδον wat eensgesindheid beteken - 'n woord wat die outeur Lukas 10 keer in Handelinge gebruik (Thurston, 1993:63). Die eensgesindheid dui hier op 'n eenparigheid en 'n eenheid in denke en strewe (Louw & Nida, 1988:368-369) oor die saak wat hier ter sprake is: die koninkryk van God en hulle roeping om te getuig van God se verlossingswerke (vgl. 4:19-20). Hiersonder sou onderlinge ondersteuning en gemeenskaplike gebed moeilik kon geskied.

Hieruit kan die volgende gevolgtrekking gemaak word:

- Vir korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep is eensgesindheid van wesenlike belang.
- Gelowiges het mekaar se ondersteuning en gebede nodig om kragtig hulle getuienisroeping in hierdie wêreld te kan uitleef.

- **Gesamentlike gebed**

Die aktiwiteit van gebed word in Hand 4:24 uitgedruk met ηραν φωνην προς τον θεον, wat beteken dat hulle die stem opgehef het na God. Hierdie tipies Oosterse uitdrukking beteken om die woorde uit die mond na God op te stuur in ware afhanklikheid (vgl. Grosheide, 1941:68). Die uitdrukking vir "bid" in 4:31 (δεηθεντων) beteken om 'n behoefte smekend uit te druk, en, merk Thurston (1993:64) op, oral waar daarvan melding gemaak word, beantwoord God die gebed.

Lukas gee in Hand 4:24-30 na alle waarskynlikheid nie presies alles weer wat gebid is nie, maar gee die hoofpunte van die gebed en iets van die gees en karakter van die gemeente weer (vgl. Thurston, 1993:64). Die gebed bevat die volgende elemente:

- Die gerigtheid op God as die magtige Heerser (Δεσποτα) wat alles geskep het - 'n tipies Ou-Testamentiese manier om na God te verwys (vgl. Eks 20:11; Neh 9:6; Ps 121; Ps 146:6). Hulle gebed bring hulle met hulle lewens *coram* Deo deurdat hulle eers wegkyk van hulle eie situasie om die grootheid van God te aanbid en alle vertroue op Hom te stel.

- Die gebruik van toepaslike gedeeltes uit die Ou Testament deur Ps 2:1-2 uit die Septuaginta aan te haal. Daarmee gryp hulle vas aan hulle vertroue dat die mag in God se hande is en dat die weerstand teen Christus as die gesalfde lankal vasstaan.

- Die Skrif word geïnterpreteer in terme van Jesus Christus. Daarin kry hulle die berusting dat alles in vervulling gaan soos "God vooruit beskik en besluit het" (4:28).

- Die *probleem* van eie bedreiging word in vertroue voor die Here gelê.

- 'n Versoek om toerusting dat sy dienaars (δουλοι), die apostels en die ander gelowiges wat die evangelie verkondig, met vrymoedigheid en (steeds soos in Hand 3) met genesing, tekens en wonders kan getuig. Hulle vra met ander woorde nie dat die probleem weggeneem word nie, maar vir genade om die situasie te hanteer.

Die breë struktuur van hierdie gebed kom ooreen met die *Onse Vader*-gebed in Luk 11:2-4: Eers 'n fokus op en lofprysing van die Here en daarna eie belange. Selfs oor die eie belange word in Hand 4:23-30 só gebid dat dit uiteindelik ook om God en God se saak gaan.

Opvallend leer Jesus sy dissipels om in die eerste-persoon-meervoud ("ons") te bid en beklemtoon daarmee reeds iets van die korporatiewe aard van gebed (Luk 11:2-4).

Die volgende kan ten opsigte van korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep afgelei word:

- Gesamentlike gebed moet nie horisontaal of humanisties op mense en húlle voordeel gerig wees nie;
- God en sy koninkryk moet voluit in die fokus bly: in die aanspreekvorm, doksologie, in die hantering van die Skrif in die gebed, en in die manier waarop vir eie behoeftes gebid word; en
- Gesamentlike gebed moet spreek van 'n gesamentlike vertroue op God en God alleen.
- Gelowiges se gesamentlike gebede kan 'n belangrike rol speel in hulle uitlewing van hulle getuienisroeping.

- **God werk met gelowiges in noue samewerking met hulle gebede**

Thurston (1993:66) toon treffend aan dat God sy doel met sy gemeente bereik in noue samewerking met hulle gebede. In hierdie geval is die onmiddellike gevolge die skudding van die gebou, dat almal met die Gees vervul is en met vrymoedigheid die woord kon verkondig (4:31). Met ander woorde: God gee meer as wat gevra is. Hulle bid vir toerusting vir die bedienaars van die Woord (δουλοι), maar God rus "almal" (απαντες) toe.

Die verdere gevolge is volgens 4:32-37 die groei in getalle, blywende eensgesindheid en onderlinge mededeelsaamheid, kragtige voortgang van die apostoliese dienswerk en belewing van God se genade.

Hieruit kan afgelei word:

- God voer sy plan nie uit ten spyte van of as gevolg van gelowiges se gebede nie, maar in noue samewerking daarmee; en
- Waar gelowiges eensgesind saambid, kan en wil God groot dinge vir, in en deur hulle doen.

**In die geheel onderstreep Hand 4:23-37 die wesenlike plek van onderlinge ondersteuning en veral gesamentlike gebed in die korporatiewe spiritualiteit van 'n klein groep gelowiges.**

### 3.3.1.3 Ef 4:1-16 In die kleingroep (as εκκλησια) bou die lede mekaar op

Omdat hierdie gedeelte in die volgende hoofstuk in nadere besonderhede ontleed word, word hier net enkele sake wat vir hierdie hoofstuk van belang is, uitgewys. Ander Pauliniese gedeeltes wat min of meer dieselfde sake aan die orde bring is Rom 12:3-8 en 1 Kor 12:1-31.

Reeds onder 3.3.1.1 is aangetoon dat waar gelowiges in betekenisvolle verhoudinge met mekaar in Christus as 'n geloofsgemeenskap verbind is en as gelowiges met mekaar in God se teenwoordigheid byeenkom, hulle in die Pauliniese briewe εκκλησια genoem is (vgl. Rom 16:5 en Kol 4:15 waar 'n groepie gelowiges wat in 'n huis byeenkom εκκλησια genoem word; die term "selgemeente" - Potgieter, 1995:50). **Die kleingroep word daarom in hierdie bespreking beskou as volledig εκκλησια - 'n selfstandige geloofsgemeenskap binne die groter eenheid van die gemeente.** Daar word aanvaar dat wat oor die εκκλησια in Ef 4:1-16 gesê word, **ook op die kleingroep van toepassing is.**

Uit Ef 4:1-16 kan die volgende oor die kleingroep as εκκλησια afgelei word:

- Christus is die Hoof, die middelpunt en die hartklop van die kleingroep. In Hom lê die bestaansrede, die doel, die standvastigheid en die eenheid van die kleingroep (v. 13).
- Die kleingroep het ten doel om in sy volwassewording Christus te vergestalt (v.13) en om te groei "uit Christus" (v.15) en "na Hom toe" (v.16).
- Die kleingroepdele is ligaamsdele van die liggaam van Christus en ook lede van mekaar wat by mekaar pas en interafhanklik is (v.16).
- Wanneer elkeen sy rol vervul, "bou die liggaam homself op in liefde" (v.16).

### 3.3.2 Samevattende teologiese perspektiewe

In die lig van die bogaande Skriftuurlike ondersoeke (3.3.1.1 - 3.3.1.3) kan die volgende teologiese lyne getrek word:

- Die kleingroep is 'n klein eenheid wat met ander klein eenhede saamverbind is tot die groter sisteem van die plaaslike gemeente (en die universele kerk).
- Hoewel kleingroepbediening nêrens in die Skrif eksplisiet as voorskrif voorgehou word nie, is dit in die Nuwe Testament 'n belangrike en *navolgenswaardige voorbeeld* van opbou van die geloofsgemeenskap en die funksionering van *koinonia*.
- Die kleingroep is daar waar die kleingroeplede met mekaar saam is vir geloofsgemeenskap, gemeente (εκκλησια) van Christus.
- Wanneer gelowiges in die kleingroep voor God in sy teenwoordigheid byeen is, kan hulle mekaar op 'n besondere wyse ondersteun deur na mekaar te luister en saam te bid.
- So verkry gelowiges ondersteuning, toerusting en krag vir hulle roeping in die wêreld.
- In die kleingroep kan gelowiges as liggaam van Christus mekaar opbou deurdat elkeen sy/haar funksie vervul.
- Christus moet erken en beleef word as Hoof (die belangrikste Een, die groep se bestaansrede) deur Wie mense volwaardige lede van die groep word, en na Wie en uit Wie die groep groei en lewe.

## 3.4 KLEINGROEPE SE POTENSIAAL TOT SPIRITUALITEIT

Nadat die faktore wat spiritualiteit in die huidige tydsgewrig beïnvloed en die Skriftuurlike begronding vir kleingroepe ondersoek is, kan kleingroepe se potensiaal tot spiritualiteit nou bestudeer word. Onder hierdie afdeling word aangetoon dat, en waarom die kleingroep 'n ruimte vir korporatiewe spiritualiteit kan wees. Onder 3.5 - 3.7 word op die praktiese "hoe?" ingegaan.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling word ook gebruik gemaak van die resultate van 'n 'n vraelys-ondersoek wat onder 69 kleingroeplede geloods is (vgl. bylae A en B).

### 3.4.1 Strukture wat ruimtes skep om na God te luister

Christus sê volgens Matt 18:20 "waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle". Neighbour (1994:169) stel dit duidelik: "What makes the life of a Cell Group successful is not the presence of a gifted Cell Leader or guitar player, but the presence of Christ among us". Die horisontale (mens-tot-mens-) verhoudings in die kleingroep kry sy volle betekenis in die vertikale verhouding, naamlik die groep se lewe *coram Deo*.

Volgens die die respondente se antwoorde op die vraelys (bylae A en B, vrae A1 en 2) is die kleingroep waarin hulle funksioneer baie beslis 'n ruimte waarbinne hulle God se teenwoordigheid op 'n besondere wyse kan beleef en saam probeer agterkom wat die wil van die Here vir hulle lewens is. Die kleingroep help ook lidmate om op individuele vlak God se werklikheid in hulle lewens te ervaar en hulle geloof, Bybelstudie en gebed op 'n dieper geestelike vlak te beleef (bylae A en B, vrae C1 - C3)

Nouwen (1981:63, 64) maak die volgende twee belangrike uitsprake:

> Our task is to help people concentrate on the real but often hidden event of God's active presence in their lives. Hence the question that must guide all organizing activity in a parish is not how to keep people busy, but how to keep them from being so busy that they can no longer hear the voice of God who speaks in silence.
>
> Thus organizing can be seen as the creation of a space where communion becomes possible and community can develop.

Met "silence" bedoel Nouwen nie letterlik stilte in die sin van stilbly nie, maar dat dit wat gebeur, die gelowiges voor God en in gemeenskap met Hom sal bring.

Die moontlikheid is daar dat kleingroepe net so besig en "raserig" kan word as tradisionele kerke met al hulle bedrywighede en gebeurtenisse. Dan word die groep 'n program-aangedrewe organisasie in plaas van 'n lewende organisme. Wanneer

gelowiges in kleingroepe egter hulleself daarop toespits om saam na God te luister en om mekaar te help om sy stem te hoor, kan kleingroepe 'n *luisterruimte* (na aanleiding van Neighbour, 1990:172-180 se "listening room") wees. Die rede hiervoor is dat die Gees van God op 'n besondere wyse in die gemeenskap van gelowiges woon (vgl. 1 Kor 3:16-17; Ef 2:20-21).

Netsoos Ridderbos (1959:343) en Floor (1978:50) meen Neighbour (1990:173-176) ook dat die gelowiges in Korinte as kleingroepe in huise byeengekom het. Daarom pas hy voorskrifte oor die funksionering van profesieë in 1 Kor 14 op die kleingroep toe. Gelowiges moet volgens Neighbour (1990:175) met die kennis van hulle medegelowiges se behoeftes voor die kleingroepbyeenkoms tyd met God deurbring. 1 Kor 14:26 dui op voorbereiding van die bydraes wat gelowiges in die byeenkoms kan kom maak. Tydens die byeenkoms moet die kleingroeplede mekaar se behoeftes in ag neem en sensitief wees vir wat die Heilige Gees deur hulle vir mekaar wil doen. So 'n byeenkoms sal dan tot opbou van die kleingroep as εκκλησια wees (1 Kor 14:26).

In terme van Bybelstudie vorm die kleingroep 'n gemeenskap van Skrif-interpreteerders. Saam kan hulle na God se Woord luister en biddend vir die lede se lewens interpreteer en toepas. In groot getalle kan 'n gemeente sinvol na een of miskien 'n paar Geesvervulde mense luister en hoor wat God deur hulle vir die gemeente sê. In die kleingroep word interaksioneel na mekaar geluister. Elkeen kan 'n kans kry om te praat en elke groeplid bring sy/haar lewe na die byeenkoms sodat God se lig daarop kan val en sy stem daaroor gehoor kan word. So kan 'n kleingroeplid ook hoor hoe God deur die ander lede met hom of haar praat. Op dié wyse kan gelowiges mekaar se geloof onderling verryk en mekaar vir hulle lewe *coram Deo* toerus

### 3.4.2 'n Ruimte vir *koinonia*

*Koinonia* is spiritualiteitsbeoefening waarin gelowiges met mekaar die teenwoordigheid van God beleef (Snyder, 1977:116-117). Kleingroepe is, volgens Nouwen (1991:141) "ways of restoring or deepening our awareness of belonging to the people of God". Hy (1991:141) wys egter daarop dat ten diepste "we are not primarily for each other but for God".

Neighbour (1995:157) verduidelik dat "true Christian fellowship occurs when we allow Christ to open the spiritual dimensions of our lives to one another. The result of being in his light is fellowship with others who are also in his light. He is the basic dynamic of fellowship" (vgl. 1 Joh 1:7).

In Joh 13:35 stel Jesus dit duidelik dat sy volgelinge uitgeken moet word aan hulle onderlinge liefde vir mekaar: "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is".

Uit die resultate van die vraelys-ondersoek (bylae A en B, vrae A3 en 4 en C4) blyk dit duidelik dat kleingroeplede die kleingroep beleef as 'n ruimte waarbinne kleingroeplede vir mekaar omgee en met vrymoedigheid oor hulle geloof gesels.

Waar groot getalle en institusionalistiese bedieningsvorme die liefdevolle verhoudinge in 'n gemeente inhibeer, is die fokus in die kleingroep soos dit bedoel is om in die gemeente van Christus te wees: op verhoudinge. Die intieme en interaksionele aard van 'n kleingroep sorg dat mense met mekaar van aangesig tot aangesig verhoudinge kan bou. Kleingroeplede kan die groep beleef as 'n verbondsgesin van God waarin hulle nie net tydens kleingroepbyeenkomste nie, maar elke dag in liefdevolle verhoudinge as broers en susters met mekaar meeleef (vgl Potgieter, 1995:21-22, 190-195; Hand 2:44-46).

### 3.4.3 Oop vensters en deure na en vir die wêreld

Om as gelowige alleen in hierdie wêreld te lewe en staande te bly, is feitlik onmoontlik (Bellah, 1988:51). Daarom het God gelowiges aan mekaar gegee om in diepgaande verhoudings mekaar te versterk, aan te spoor en toe te rus en vir mekaar te bid (vgl. Hebr 10:24-25; Ef 6:18-20; asook Hand 4:23-31 wat onder 3.3.1.2 bespreek is). Gelowiges kan mekaar slegs met hulle lewe in die wêreld help as hulle mekaar en mekaar se omstandighede ken en met vrymoedigheid met mekaar daaroor kan praat.

In die konteks van die kleingroep kan kleingroeplede mekaar help om in hulle alledaagse lewe hulle Christenskap in woord en daad uit te leef (bylae A en B, vraag C5). Wanneer die kleingroep 'n gerigtheid (venster) na buite het, kan hulle die behoeftes in die *samelewing* raaksien en dienend betrokke raak. Die kleingroep kan 'n veilige hawe wees waarin pasbekeerde Christene opgevang word, en kan selfs ook ongelowiges nadertrek sodat hulle in die netwerk van liefdevolle verhoudinge, van God se liefde bewus kan word (vgl. Oostenbrink, 1994:69-72).

### 3.4.4 Aanspreek van sosio-emosionele behoeftes

Dinkmeyer & Muro (1979:10-12) toon vanuit 'n sosio-psigologiese hoek in hulle omvattende studie oor groepsterapie aan dat kleingroepe die volgende behoeftes van mense aanspreek:

- "The need to belong, to find a place, and to be accepted as one is";
- "Affection needs - to be loved and to be able to provide love; the opportunity to have a therapeutic effect on others";
- "The opportunity to engage in the give-and-take which is required for the maturing of social interest and altruistic feelings";
- "Help in seeing that one's problem is not unique but perhaps is universally experienced in the group";
- "The opportunity to develop feelings of equality, to be part of a group regardless of what one brings in terms of intellect or affect"; en
- "The need to work out one's identity and approach to the various social tasks of life".

Waarskynlik is een van die redes waarom die hedendaagse mens probleme ondervind om in die tradisionele kerk-opset spiritualiteit te beleef, dat mense se mensheid en hulle sosiale en emosionele behoeftes buite rekening gelaat word. Wanneer mense se sosiale en emosionele behoeftes nie aangespreek word nie, beleef hulle die kerk (of groep) as koud en (die liefdevolle) God as vér.

### 3.4.5 'n Potensiële antwoord vir spiritualiteit in hierdie tyd en situasie

In die lig van die situasie-analise onder 3.2 kan kleingroepe 'n belangrike antwoord vir spiritualiteit in die huidige situasie wees:

- Ten opsigte van die hedendaagse oppervlakkige lewensingesteldheid (3.2.2.8; 3.2.3) kan kleingroepe 'n *kontrakultuur* wees wat die gelowige begelei tot 'n sinvoller en dieper lewe van gemeenskap met die lewende God en medegelowiges (vgl. 3.2.2.4; 3.2.2.5). Byvoorbeeld, die eensydige klem op die "doen-funksies" en prestasies van die mens word verbreed met klem op die "wees-funksies".

- Die kleingroep is 'n ruimte waarin die gawes van die Gees kan funksioneer. Gelowiges leer om sensitief vir, en afhanklik van die Heilige Gees te wees omdat hulle onder sy leiding en met sy gawes mekaar dien (vgl. 3.2.2.3).

- Deur die kleingroep as voertuig of medium vir spiritualiteit te gebruik, word die kragte wat tans in die samelewing loskom (vgl. 3.2.1.1 - 3.2.1.5), benut. Die Post-modernistiese en die "New Age"-Beweging se reaksie teen absolute waarhede en die soeke na die metafisiese, en die geestelike behoeftes wat ontstaan het as gevolg van die oorgangstyd wat Suid-Afrika beleef, kan aangespreek en as kragte in die regte rigting gebruik word. Met die klem op die *coram Deo* van die byeenkoms, word belewing van God in die byeenkoms, maar ook in die praktyk van gelowiges se lewens bevorder. In die kleingroep word lede nie voorgesê (voorgepreek) wat om te glo nie, maar ontdek hulle die waarhede *saam* uit die Bybel en uit mekaar se getuienisse oor die realisering van die Woord in hulle lewens (vgl. 3.2.2.1; 3.2.2.2).

- Omdat gelowiges in die kleingroep op mekaar aangewese is, word die belangrikheid van die amp van die gelowige (3.2.2.7) herwaardeer.

- Ten opsigte van die onsekerheid van die oorgangstyd in die Suid-Afrikaanse samelewing bied die kleingroep geborgenheid in meer as net medemensverhoudinge, maar ten diepste in die gemeenskaplike verhouding met God. Die spiritualiteitsbelewing in die groep kan lewensin, perspektief en sekuritieit gee omdat kleingroeplede beleef: "God is saam met *ons*" (3.2.1.5).

- Wat die gebrek aan, en soeke na diepgaande verhoudinge betref (3.2.1.3; 3.2.1.4; 3.2.2.4; 3.2.2.5), sorg die kleingroeplewe dat gelowiges waarlik *koinonia* met mekaar kan beoefen. Die mens word as mens raakgesien en begelei om sy medegelowiges lief te hê. So word 'n eensydige individualisme en die individualisering van spiritualiteit verbreed om voor God in gemeenskap met ander te lewe.

- Omdat die kleingroeplewe 'n koninkrykgerigtheid het, word die redelik algemene dualistiese lewensuitkyk (3.2.2.9) gekorrigeer met die perspektief dat die *hele lewe* onder God se koningsheerskappy staan. Daarom is kleingroeplewe heelweek-lewe en beïnvloed die gebeure in die kleingroepbyeenkoms die lede se totale lewe. So word wegbeweeg van 'n tipe Sondagchristenskap waar iemand op Sondag sy of haar Christenskap beoefen, maar die ander dae van die week ver van God lewe.

## 3.5 KLEINGROEPDINAMIKA

Die term "kleingroepdinamika" beskryf die interaksie van kragte wat afspeel binne die konteks van die kleingroep (Venter, 1972:58; Gudjons, 1976:13-14; Engelbrecht & De Wet, 1985?:44). Volgens die Psigologie-woordeboek van Gouws et al. (1979:108) dui groepdinamika op:

- "Die oorsaak-en-gevolg-verhoudings wat in 'n groep bestaan en die studie van die ontwikkeling daarvan".
- "Die tegnieke om die interpersoonlike verhoudings en houdings in 'n groep te verander".

Eenvoudiger gestel: kleingroepdinamika gaan oor dit wat in die kleingroep gebeur en oor die manier waarop kleingroeplede teenoor mekaar optree. Die vraag waaroor dit met die oog op die onderwerp van die studie hier gaan, is: Watter kragte in die kleingroep beïnvloed die spiritualiteit daarvan?

Oor die belangrikheid van kleingroepdinamika merk Barlow (1972:82) raak op: "The challenge to the Church is to understand the dynamics and to utilize them for the advancement of the kingdom of God. Jesus is our best example. He utilized the small group approach with the Twelve because human nature is such that this procedure is the most natural way to train and to transmit faith".

### 3.5.1 Die totstandkoming en samestelling van die kleingroep

#### 3.5.1.1 Gemeenskaplikhede as rede vir ontstaan

Op die oorvloed van maniere waarop groepe tot stand kom, word hier nie ingegaan nie. Wat wel belangrik is, is dat groepe gewoonlik tot stand kom omdat die lede sekere sake met mekaar in gemeen het, soos bepaalde behoeftes, probleme, waardes, doelwitte, ouderdomsgroep, huwelikstatus, of die geografiese ligging van hulle woonplekke (Wuthnow, 1994:105-106).

Soos die uitdrukking "soort soek soort" lui, soek mense na kleingroepe waar mense "soos hulle" is, hulle hulleself kan wees en waarin hulle gemaklik en veilig voel sodat hulle hul harte kan oopmaak en vreugdes, angste en twyfels met mekaar kan deel. 'n Mate van homogeniteit het groot waarde vir die gladde funksionering van die groep, veral in die beginstadia van die groep se bestaan (vgl. 3.5.2).

#### 3.5.1.2 Die waarde van heterogeniteit

In die lig van die gereformeerde verbondsbeskouing (vgl. 2.4.2.8) behoort die klem op homogeniteit by die samestelling van kleingroeplede nie oordryf te word nie. Die waarde van 'n kleingroep as 'n verbondsgesin lê juis ook daarin dat die lede van mekaar kan verskil (wat byvoorbeeld gawes, geslag, persoonlikheid, belangstellings, ouderdom en liggaamlike, ekonomiese en emosionele krag betref) en daarom mekaar

Toegepas op die kleingroep as geestelike gesin, met Christus as Hoof (vgl. 3.3.1.3), kan mense slegs as volle lede van die groep aanvaar word, wanneer hulle "hulleself onvoorwaardelik verbind aan die Here Jesus Christus en aan die groep medegelowiges" (Potgieter, 1995:57). Besoekers is welkom in die groep, maar hulle bly besoekers totdat hulle hulle verbintenis aan die groep verklaar het. As besoekers 'n paar keer die groep besoek het, kan hulle deur lede van die groep besoek word en gevra word of hulle hulleself aan die groep wil verbind (Potgieter, 1995:58).

Die proses waarvolgens kleingroeplede hulleself aan die kleingroep en sy doelstellings verbind, word "*kontraktering*" genoem. Ulschak et al. (1981:13) beskryf uit 'n psigoterapeutiese hoek hierdie proses soos volg: "Contracting means that the facilitator and the client group agree at the outset on goals, ground rules, expectations, tasks, and other important considerations".

Kontraktering word gedoen wanneer 'n voornemende kleingroeplid sy verbintenis aan die groep kommunikeer. Volgens Potgieter (1996:2) doen die kleingroeplede aanvanklik veral twee dinge. Hulle sê (a) wat hulle van die groep verwag; en (b) wat hulle bereid is om van hulleself te gee en tot die groep by te dra. Wanneer al die lede in 'n groep nuut is, kan 'n hele kleingroepsessie aan kontraktering gewy word. Kleingroeplede kan op verskillende wyses aan hulle verbintenis en kontraktering herinner word sodat hulle dit kan bevestig (Potgieter, 1995:58).

Kontraktering moet egter nie 'n emosionele drukgang word nie. Gelowiges moet uit oortuiging deel van 'n kleingroep wees en nie as gevolg van sosiale druk nie. Kleingroeplede wat nie meer tuis voel binne die groep nie, behoort ruimte gegee te word om die kleingroep te verlaat.

### 3.5.2 Die groei en ontwikkeling van die groep

Reeds in 'n vorige studie (Oostenbrink, 1994:125) is die verskillende stadia waarvolgens 'n groep ontwikkel, ondersoek. Die stadia verloop min of meer soos volg:

- Oriëntering en kenmekaar;
- Konflik en konfrontasie om verskille tussen mekaar te leer hanteer;
- Interpersoonlike funksionering en samewerking vir doelwitbereiking; en
- Ontbinding van die groep om bv. te verdeel of by ander groepe in te skakel.

Dinkmeyer en Muro (1979:27) verduidelik dat "all groups have individual personalities and styles. No two will develop and evolve in exactly the same fashion". Die onderskeidinge van verskillende stadia is hoogstens 'n poging om iets te probeer verstaan en verduidelik van wat in die meeste groepe gebeur.

In terme van spiritualiteit beteken die ontwikkeling van 'n groep dat die groep in die derde stadium sy hoogtepunt sal belewe. Kleingroeplede ken mekaar goed genoeg om selfs oor sensitiewe sake voor God én mekaar hulle harte oop te maak en om saam met mekaar na God se stem te luister. Die gevaar van hierdie stadium is egter dat die kleingroeplewe só aangenaam word dat kleingroeplede mekaar kan begin "warm broei", hulle "vensters" en "deure" na buite begin toemaak en nie meer verder in getalle wil groei nie. Die lewe in die kleingroep kan dan belangriker word as die lewe en die mense daarbuite en so word hulle 'n *ecclesiola in ecclesia* - 'n kerkie binne 'n kerk wat hulleself van die ander lidmate afsonder (kyk ook 5.2.2).

Neighbour (1990:222) meen kleingroepe behoort binne 6 tot 9 maande te verdeel. Waarskynlik is hy te haastig - moontlik as gevolg van sy sterk evangelisasiegerigtheid. Gewoonlik begin groepe wat na 12 maande nie verdeel nie, te stagneer (Potgieter, 1995:98). Waarskynlik is dit wys om 'n groep wat na twee jaar steeds uit dieselfde lede bestaan, te laat termineer en die groeplede by ander groeiende groepe in te skakel. Anders verval die groep, soos hierbo genoem is, in 'n "broeigroep" wat skadelik vir gesonde spiritualiteit is.

### 3.5.3 Die bestemming van die groep

'n Groep vergader nie bloot ter wille van groepaksies nie, maar het 'n bepaalde bestemming in die oog. Sielkundig en emosioneel gesproke is die aktiwiteite van die groep daarop gemik om bepaalde behoeftes te bevredig en mense te bring in die geborgenheid van liefdevolle verhoudinge. Venter (1972:38) sê hieroor tereg dat "Langs hierdie weg word die kleingroep die innige klein gemeenskap wat die weg open vir die aktiewe herlewing van die gemeenskap tussen mens en mens ... en uiteindelik ook tussen die mens en sy Skepper".

Waar die Rasionalisme en Modernisme tot religieuse ontworteling gelei het, is 'n belangrike deel van die kleingroep se bestemming die opbou van religieuse verbondenheid. Venter (1972:39) meen "dit kan alleen indien die groep in die formulering van sy bestemming Jesus Christus in die sentrum van sy strewe plaas. Alleen in Christus het die hart van die mens 'n ware skuilplek en word die fundamentele behoeftes van die hart van die mens waarlik vervul".

Ter wille van gesonde spiritualiteit is dit belangrik dat die groep gereeld vir mekaar sal vertel waarom en waarvoor die kleingroep bestaan sodat dit hulle wyse van funksionering kan bepaal.

### 3.5.4 Interpersoonlike kommunikasie en interaksie

#### 3.5.4.1 Twee style van interpersoonlike kommunikasie

Volgens Ulschak et al (1981:36) is interpersoonlike kommunikasie die essensie van die groepsproses. Bormann (1976:28) onderskei tussen twee hoofstyle van kommunikasie. Die eerste styl is pragmaties en sien kommunikasie as 'n middel tot 'n doel. In die pragmatiese styl van kommunikasie gaan dit oor die rasionele en analitiese. Die ander styl is meer ingestel op die estetiese en die innerlike vervulling wat kommunikasie bring. Hiervolgens is kommunikasie 'n doel op sigself.

Aanhangers van die tweede hoofstyl van kommunikasie is onder andere diegene wat groepe wil gebruik vir menslike groei. Hiervolgens word op die hier en nou gefokus en

groeps- en selfbewustheid bevorder. Oor 'n kleingroep waarin kommunikasie vir menslike (psigologiese) groei aangewend word, sê Bormann (1976:29), 'n psigoloog, die volgende:

> These people may seek to develop greater sensitivity to others and to build relationships with fellow group members. They may seek to gain insight into the nature of the human experience, to raise their consciousness about humanity, or to participate in such deep and intimate communication that the result is *a mystical, almost religious communion*. (Beklemtoning deur JWO).

Hierdie woorde van Bormann is van wesenlike belang. Met die oog op spiritualiteit is kommunikasie nie maar net 'n middel om boodskappe oor te dra nie, maar deel van die kleingroep se *coram-Deo*-belewenis.

Na aanleiding van Harnack et al (1977:84-86) se bespreking kan kommunikasie gedefinieer word as 'n proses van interaksies tussen mense ten einde interpersoonlike en intrapersoonlike integrasie te bewerkstellig. Deur kommunikasie leer die kleingroeplede mekaar en hulleself beter ken en vind samebinding plaas. Sodoende word die band met mekaar en, korporatief sowel as individueel, met God al hoe sterker.

### 3.5.4.2 Die toename in kommunikasielyne

Hoe groter die groep, hoe meer interpersoonlike kommunikasielyne is daar in die groep en hoe ingewikkelder word die kommunikasie. Die volgende is 'n formule om kommunikasielyne te bereken:

$$kl = (g \times g) - g$$

kl = kommunikasielyne; g = getal persone in die groep (Neighbour, 1995:156).

Wanneer die formule gebruik word, beteken dit dat in 'n groep van 5 daar 20 kommunikasielyne is, in 'n groep van 10 is daar 90, en 'n groep van 15 lede het 210

kommunikasielyne. Hieruit blyk waarom 'n groep nie te groot moet wees nie (vgl. 3.5.1.3). Alvorens kleingroeplede spiritueel kan groei, is aktiewe deelname aan die kommunikasieproses noodsaaklik. As die groep te groot word, word kommunikasie tussen die kleingroeplede geïnhibeer en word hulle band met, en deelwees van die groep belemmer.

#### 3.5.4.3 Die *ek-en-jy*-interpretasies

Beebe en Masterson (1994:32) wys verder op die kompleksiteit van die kommunikasieproses. Elke persoon kommunikeer, neem waar, reageer en interpreteer. Wanneer een persoon met slegs een ander persoon kommunikeer (A met B), is daar as't ware ses faktore betrokke wat al ses deur kommunikasie beïnvloed word:

- wie persoon A dink hy is;
- wie persoon A dink persoon B is;
- wie persoon A dink persoon B dink hy (A) is;
- wie persoon B dink hy is;
- wie persoon B dink persoon A is; en
- wie persoon B dink persoon A dink hy (B) is.

In die lig van korporatiewe spiritualiteit kom nog 'n dieper dimensie by: wie God dink die groeplid is en Wie die kleingroeplid dink God is. Groeplede moet gelei word om hulleself nie in terme van mekaar te evalueer nie, maar in terme van hulle lewe voor God en uiteindelik wie hulleself voor God is. Kleingroeplede kan mekaar hierin help deur die kleingroepbyeenkoms op God te rig. So kan die kleingroeplede mekaar help om ook in hulle alledaagse lewe hulle gedrag deur God te laat bepaal en nie deur wat mense van hulle dink nie.

#### 3.5.4.4 Eerlike en oordeelkundige selfopenbaring

Vir gesonde interaksie tussen kleingroeplede is 'n atmosfeer van onderlinge liefde en omgee, 'n bereidheid tot selfopenbaring ("selfdisclosure") en uitdrukking van nie net opinies (kognitiewe inhoude) nie maar ook van emosies, en liefdevolle konfrontasie van mekaar nodig (Dinkmeyer & Muro, 1979:199). Lede moet gehelp wod om nie maskers

voor mekaar te dra nie (voor te gee wat hulle nie is nie), maar om met Christelike eerlikheid en liefde hulleself voor mekaar te wees. Onegtheid van die lede kan spiritualiteit as egte lewe voor God strem.

Aan die ander kant is daar sensitiewe inligting wat kleingroeplede nie voor die hele groep behoort te deel nie, bv. seksuele probleme, omdat dit vir die groep se groei nadelig kan wees. Sulke inligting kan groeplede in 'n een-tot-een-verhouding met mekaar deel.

#### 3.5.4.5 Liefdevolle luister

George (1992:125) meen "The key to the architecture of care is the activity called listening. People don't feel cared for until someone has heard them". Harnack et al. (1977:86) beklemtoon dat kleingroeplede nie net mooi moet luister na wat gesê word nie, maar ook hoe dit verband hou met wat ander reeds gesê het.

In Jak 1:19 word oor luister gesê: "elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie". Omdat God in Christus deur sy Gees in gelowiges woon (vgl. 1 Kor 3:16) en Christus op 'n besondere wyse teenwoordig is waar gelowiges in sy Naam byeenkom (Matt 18:20), hoor gelowiges juis ook God se stem deur wat ander kleingroeplede kommunikeer. Mense is meer geneig om na ander in die groep te luister as hulle voel dat na hulleself ook geluister word (Barlow, 1972:78).

Venter (1972:30) sê oor die interaksie in die kleingroep: "daar moet geleentheid tot bepaalde aksies en reaksies wees waardeur persone op 'n waarneembare manier, deur houding of gedrag, mekaar wedersyds kan beïnvloed en wisselwerkend kan stimuleer".

### 3.5.4.6 Diades en triades

'n Tegniek wat met groot vrug gebruik kan word om dieper kommunikasie onder die groep te stimuleer, is om soms in diades (groepies van twee) en triades (groepies van drie) op te deel. Diades en triades het hulle eie unieke kommunikasiepatrone (vgl. Steyn & Uys, 1990:118) en bevorder aktiewe deelname en intieme kommunikasie.

**Samevattend** kan gesê word dat sonder gesonde interaksie en interpersoonlike kommunikasie kleingroeplewe, onmoontlik is.

### 3.5.5 Groepbewussyn en -identifikasie

"Die verskynsel dat 'n lid van 'n groep bewus is van die teenwoordigheid van die ander lede of van die groep as geheel en dat dit 'n invloed op sy gedrag kan hê" (Louw et al. 1979:108), word *groepbewussyn* genoem. Kleingroeplede se bewussyn van hulle deelwees van die groep word later geïnternaliseer sodat hulle as't ware die groep in hulle saamdra. Hulle voel hulleself met hulle lewe verbind tot, bewus van en verantwoordelik aan die groep. In 'n Christelike groep word hierdie bewussyn ten diepste 'n bewussyn van God in wie se teenwoordigheid die groep bestaan en lewe.

Soos die groep ontwikkel, identifiseer die groeplede met mekaar: "ek is deel van die ons". Beebe en Masterson (1994:4) beklemtoon die belangrikheid van identifisering: "Members of a group ... need to have a sense of *identity* with the group; they should be able to feel that it is *their* group". In die Christelike kleingroep beteken identifikasie dat die lede mekaar leer aanvaar as mense met swak en sterk punte, maar ook as mense in wie Christus 'n werklikheid is.

Oor identifikasie sê Richards (1990:19):

> Die groep wat vir bediening byeenkom, is op soek na 'n dinamiese ervaring met Jesus Christus. Dit is belangrik om te weet dat hoewel dit belangrik is om met ander groeplede op die menslike vlak te identifiseer, dit nie die doel op sigself is nie. Ons identiteit op dié vlak moet ons in

### 3.5.7 Samevatting

Uit 3.5.1 - 3.5.6 blyk die belangrike rol wat kleingroepdinamika in die korporatiewe spiritualiteit speel. Belangrike kragte beïnvloed die kleingroep om gesamentlik God se teenwoordigheid te kan beleef al dan nie.

## 3.6 DIE FASES VAN 'N KLEINGROEPBYEENKOMS

Volgens George (1992:90) het kleingroepbyeenkomste 4 funksies, naamlik onderlinge liefdebetoon, saam leer, saam doen en besluitneming. 'n Kleingroep se agenda kan volgens hom (1992:91) bestaan uit *singing*, *sharing*, *praying*, en *Bible application*. Veenhuizen (1982:25-26) onderskei 6 onderdele van die kleingroepbyeenkoms, naamlik "zingen", "onderling meeleven en openingsgebed", 'bijbelgesprek", "dienstbetoon", "evangelisatie en zending", en "gebedsonderwerpen en slotgebed".

Dit is opvallend in Heb 10:19-25 hoedat die bespreking van die gelowige se vrymoedige toenadering tot God (vv. 19-23) opgevolg word met 'n vermaning om na mekaar om te sien en die onderlinge byeenkomste nie af te skeep nie. Vers 24-25 lui:

> Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien naderkom.

Neigbour (1990:227) maak die gedeelte op kleingroepe van toepassing en wys daarop dat die doel van so 'n Christelike byeenkoms nie is om 'n blote vergadering te hou nie, maar om verhoudinge te bou en mekaar aan te spoor tot "liefde en goeie dade". Na aanleiding van Neighbour (1990:226-227; 1994a:170-177) kan die volgende 4 fases onderskei word:

- **Mens tot mens (verwelkoming)**

'n Kleingroep moet elke keer as't ware van vooraf konstitueer en die "ys breek" om mense weer in lewende kontak met mekaar te bring. Die kleingroeplede moet in die spreekwoordelike sin eers op mekaar se golflengtes inskakel. As die groep gewoond is om tydens die byeenkoms verversings te geniet, is dit wys dat die gasvrou (of -heer) die verversings aan die begin bedien.

'n Eenvoudige ysbreker is om elke lid kortliks (30 sekondes) kans te gee om die belangrikste gebeurtenis in sy/haar lewe die afgelope week met die groep te deel. Op sake uit groeplede se lewens wat meer aandag verg, kan later (by die onderlinge opbou) in die byeenkoms dieper ingegaan word.

Gedurende hierdie eerste fase sê groeplede vir mekaar "ek is hier vir jou en aanvaar dat jy hier is vir my". Hierdie fase kan ongeveer 20 minute duur.

- **Mens tot God (aanbidding)**

Nadat die mense in die groep op mekaar ingeskakel en van mekaar se lewens en behoeftes bewus geraak het, is dit tyd om God as Koning en Hoof van die kleingroep te aanbid en van sy teenwoordigheid bewus te word. Aanbidding kan geskied deur sang, gebed (gesamentlike en stilgebed) en Skriflesings.

Hoewel hierdie fase relatief kort duur (ongeveer 20 minute) hang die diepte van die res van die byeenkoms grootliks af van die diepte van die aanbidding (vgl. Potgieter, 1996). Met ander woorde, oppervlakkige aanbidding aan die begin van die byeenkoms kan die kleingroeplede se belewing van God se teenwoordigheid in die res van die byeenkomstyd benadeel.

- **God tot mens (onderlinge opbou)**

In hierdie fase soek en luister die kleingroeplede saam na God se wil vir hulle lewens. Die doel is nie Bybelstudie vir kognitiewe kennis nie, maar om Skrifwaarhede te ontdek en toe te pas veral soos dit in lede se lewens ervaar word.

- **Gelowige tot medemens (deel die visie)**

Aan die einde van elke groepsessie behoort die groeplede mekaar onderling toe te rus, te versterk en te bemoedig om met hulle gawes dienswerk te lewer en as getuies in hierdie wêreld te lewe. Gesamentlike en individuele aktiwiteite met die oog op diens- en getuienislewering kan beplan word.

In terme van die definisie van spiritualiteit in hierdie studie, lyk dit asof Neighbour met bostaande beskrywing van 'n kleingroepbyeenkoms al die spiritualiteitsfasette van 'n kleingroep se *coram-Deo*-lewe op 'n gebalanseerde wyse aanspreek. 'n Rigoristiese en metodistiese (asof hierdie al metode is waarvolgens 'n samekoms ingerig kan word) sou egter skade doen aan die karakter van 'n kleingroep se spontane saamwees. Fase 1 en 2 sou byvoorbeeld by geleentheid omgeruil kon word. Aanbidding kan soms sowel aan die begin as aan die einde van die byeenkoms gedoen word. Die kleingroeplede se lewe en getuienis in die wêreld kan soms aan die begin ter sprake kom wanneer kleingroeplede iets van die afgelope week se gebeure vertel.

## 3.7 SPIRITUALITEITSBEOFENING

Onder hierdie afdeling word korporatiewe spiritualiteit soos dit in die konteks van die kleingroep na vore kom, ondersoek. Wuthnow (1994:31, 36, 220, 255) maak, op grond van 'n omvattende empiriese studie, die afleiding dat kleingroeplede veral twee dinge van hulle groepe verwag en ontvang:

- ervaring van gemeenskap (*koinonia*); en
- groei in spiritualiteit.

Hiermee bevestig Wuthnow opnuut die feit dat spiritualiteit 'n sterk korporatiewe dimensie het en dat gelowiges nie bloot individueel nie, maar ook korporatief hulle spiritualiteit beleef. Hy (1994:4, 223) toon aan dat 'n baie groot aantal (4 uit elke 10) hedendaagse Amerikaners aan kleingroepe behoort en dat 90% van hulle aandui dat hulle spiritualiteit daardeur beïnvloed is.

Omdat die vertrekpunt is dat gereformeerde spiritualiteit begin by (of wentel om) die belewing dat God teenwoordig is (vgl. Van der Merwe(1), 1995:134-134; en 2.5), word dié faset eerste behandel. Daarna word *koinonia* as 'n faset van spiritualiteit ondersoek. Vervolgens word ondersoek hoe gelowiges in die kleingroep saam gemeenskap met God beoefen en in hierdie wêreld lewe. Korporatiewe spiritualiteit se dinamika in die kleingroep kan soos volg voorgestel word:




Die kleingroep kom as 'n gemeenskap van gelowiges saam in die teenwoordigheid van God. Gesamentlik beoefen hulle luisterende en biddende gemeenskap met God. As geloofsgemeenskap help hulle mekaar om getuigend hulle roeping in hierdie wêreld te vervul.

### 3.7.1.2 'n Votum of openlike verklaring

Potgieter (1995:37) stel in sy benadering voor dat aan die begin van die byeenkoms 'n tipe votum, of soos hy dit noem, 'n "gesinsverklaring" gelees word. Die verklaring lui soos volg:

> Die Here is hier!
>
> Hy is ons Vader wat ons met sy hele hart liefhet en ons is sy kinders.
>
> Saam vorm ons 'n geestelike familie wat die hele week liefde teenoor mekaar uitleef.
>
> Hier by ons samekoms word ons eenheid met Jesus Christus en met mekaar sigbaar.
>
> Ons doel is om Hom te loof en te eer; om mekaar onselfsugtig te dien; en om in gehoorsaamheid aan Hom sy beeld verder uit te dra sodat ander Hom ook as Vader kan leer ken.

Die groot voordeel van so 'n verklaring is dat die groep onmiddellik herinner word aan God se teenwoordigheid by die groep en hulle identiteit en doel as groep. Krities beskou, is dit jammer dat Potgieter se gesinsverklaring net melding van die Vader en die Seun maak, maar God die Heilige Gees nêrens noem nie. Aan die positiewe kant weerspieël die verklaring 'n gebalanseerde perspektief op kleingroepspiritualiteit omdat naas die *coram-Deo*-belewing, klem ook op die lewensgemeenskap van gelowiges en die getuienis na buite gelê word.

Die gevaar is dat 'n gesinsverklaring wat elke keer gelees word, later 'n formalistiese handeling word. Aan die ander kant kan dit soos met liturgiese handelinge in 'n erediens tog bewustelik en onbewustelik op die kleingroeplede 'n invloed uitoefen. Na die verklaring kan 'n kort gebed gedoen word om God vir sy teenwoordigheid te loof (Potgieter, 1995:38).

Ander maniere om die aandag op God te fokus, is 'n kort gebed aan die begin waarin God Drie-enig geloof word vir sy teenwoordigheid, of net 'n opmerking van die kleingroepleier soos: "Dit is heerlik om vanaand weer saam met julle in die Here se

teenwoordigheid te wees. Hy sê mos in sy Woord: 'Waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle'" (vgl. Keller et al. 1995:3.2B).

Hoewel Neighbour (1990:226-227) aanbidding met sang, musiek en gebede eers in die tweede fase van die groepbyeenkoms plaas, is 'n omruiling van fase 1 en fase 2 ook 'n goeie opsie. Hiervolgens sal die groep dan met sy aanvang bewus word van God se teenwoordigheid deur dadelik met aanbidding ("mens-tot-God") te begin. Die verwelkoming en terugrapportering sal dan daarna plaasvind voor met die volgende fase (onderlinge opbou en luister na God se stem) begin word.

#### 3.7.1.3 Die *coram-Deo*-belewing moet alles beheers

Die bewusmaking en -wording van God se teenwoordigheid moet egter nie net aan die begin van die byeenkoms aandag geniet nie, maar deur die hele byeenkoms. Dit moet deur die kleingroepleier en die ander lede verbaal en nie-verbaal gekommunikeer word dat "ons hier in God se teenwoordigheid byeen is". Gelowiges moet gelei word om te beleef en mekaar te herinner dat hulle hele lewe *coram Deo* is - God is immers nie net in die kleingroepbyeenkoms teenwoordig nie. As 'n groeplid byvoorbeeld 'n probleem om sy getuienis by die werk uit te dra, met die groep deel, moet iemand in die groep hom daaraan herinner dat God ook daar by die werk teenwoordig is.

### 3.7.2 *Koinonia* as korporatiewe spiritualiteit in kleingroepe

Onder 3.4.2 is die kleingroep as 'n ruimte vir koinonia bespreek. Miller (1994:71) merk tereg oor die verband tussen die band met medegelowiges en die band met God die volgende op:

> Most clergy characterize the relationship between those two aspects of spiritual maturity - loving God and loving people - like this: Strenghthening our connection with God strenghthens our ability to love our neighbours. Far fewer pastors recognize the potential power in the opposite equation: *Strengthening our emotional connection with people*

*can (under the right circumstances) strengthen our spiritual connection with God.*

Volgens Wuthnow (1994:261) aanvaar die sogenaamde kleingroepbeweging eensydig dat "the sacred (spiritualiteit - JWO) is pursued best not by reading about it, by meditating privately, or by listening to lessons or sermons, but by being part of a close knit group that can put faith into practice". (Hiermee word korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep verkeerdelik, ten koste van individuele spiritualiteit, oorbeklemtoon.)

Die *koinonia* wat in kleingroepe beoefen word, is volgens Van der Merwe(1) (1995:66) 'n *"spiritualiteitsoefening"* omdat dit *"'n saam-wees met mekaar voor God"* is.

Aan die een kant is Van der Merwe reg in dié opsig dat *koinonia* 'n spiritualiteitsoefening is, want die saam eenwees met God en eenwees met mekaar as lede van dieselfde liggaam moet beleef en gedemonstreer word.

Aan die ander kant is die *koinonia* in kleingroepe veel meer as 'n spiritualiteits*oefening*. 'n Oefening is immers iets wat gedoen en voltooi word. In die kleingroep is *koinonia* egter, net soos *coram Deo*, 'n beskrywing van die konteks waarin die spiritualiteit van die kleingroepbyeenkoms en -lewe plaasvind. Die kleingroep ***beoefen*** nie net die gemeenskap van gelowiges nie, maar ***is*** ook 'n gemeenskap van gelowiges. Korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep is in die eerste plek 'n saam***wees*** met mekaar in die teenwoordigheid van God, en in die tweede plek 'n saam***doen*** in sy teenwoordigheid.

### 3.7.2.1 Die *koinonia* van die kleingroep as spiritualiteitskonteks

Die kleingroeplede se verbondenheid en *koinonia* met die kleingroep as God se mense is wesenlik van belang vir hulle verbondenheid en gemeenskap met God (Miller, 1992:73). Die *koinonia* van die kleingroep as spiritualiteitskonteks word op die volgende maniere bevorder:

- Kleingroeplede verwag 'n geestelike dimensie van die Christelike kleingroepbyeenkoms omdat hulle daarin met *medegelowiges* saamkom. Veral wanneer die kleingroeplede hulleself identifiseer as byvoorbeeld "God se geestelike gesin" of "die liggaam van Christus", is die konteks só dat kleingroeplede spiritualiteit verwag. Die verwagting is dan: "God se teenwoordigheid word sigbaar deur ons saamwees met mekaar".

- In die kleingroep kan die lede, omdat hulle min is, met mekaar persoonlike, aangesig-tot-aangesig-verhoudinge hê.

- In die kleingroepbyeenkoms sit die groeplede nie agter mekaar in rye banke soos in die gemiddelde kerkgebou nie, maar in 'n kring sodat kleingroeplede mekaar in die oë kan kyk. Die feit dat die kleingroeplede mekaar kan sien, sorg dat hulle hul deelwees van mekaar as 'n groter werklikheid kan beleef.

- Die plek van samekoms is gewoonlik 'n huis of woonstel van een van die kleingroeplede. Omdat die kleingroeplede in mekaar se huise bymekaarkom, word die belewing van nabyheid bevorder en kan intieme verhoudinge gekweek word (vgl. George, 1992:101-102).

- Die intieme en persoonlike karakter van die kleingroep bevorder interpersoonlike kommunikasie en deelname aan die verrigtinge. Sonder kommunikasie en deelname van die lede kan die kleingroep immers nie funksioneer nie (vgl. 3.5.4).

- In die kleingroep word die kleingroeplede weerhou van 'n piëtistiese en individualistiese spiritualiteit wat eensydig na binne gerig word, maar gelei om spiritualiteit in gemeenskap met ander te beleef. Die kleingroeplede leer om die verhoudinge waarin hulle leef onder die heerskappy van Christus te plaas.

**Samevattend** gestel, bevorder die konteks van *koinonia* die kleingroep se belewing van hulle onderlinge gebondenheid en eenheid in Christus en hulle saamwees voor God.

#### 3.7.2.2 *Koinonia* in die kleingroep as spiritualiteitsbeoefening

Die feit *dat* die kleingroep *koinonia* moet beoefen, is tot nou uit verskillende hoeke beklemtoon. Die vraag is: hoe? Hierdie studie kan nie volledig op die vraag ingaan nie, maar trek enkele lyne om aan te toon hoe *koinonia* beoefen word.

Die volgende breë lyne is hier van belang:

- **Die "mekaar"-tekste**

In sy studie oor die sogenaamde "mekaar"-tekste in die Nuwe Testament toon Versteeg (1980) oortuigend aan hoe hierdie tekste die onderlinge verhoudinge van die gemeente beskryf. Getz (1976:4-5) meen dat die "mekaar"-opdragte in twaalf aktiwiteite saamgevat word. Hy onderskei hulle soos volg:

- Wees mekaar se lede;
- Wees toegewyd aan mekaar;
- Betoon mekaar eerbied en respek;
- Wees eensgesind met mekaar;
- Aanvaar mekaar;
- Vermaan mekaar;
- Groet mekaar;
- Dien mekaar;
- Wees geduldig met mekaar;
- Dra mekaar se laste;
- Wees aan mekaar onderdanig; en
- Bemoedig mekaar.

Al die opdragte trek saam in die gebod om mekaar lief te hê. Liefde is immers die vernaamste kenmerk van 'n Christen (1 Kor 13; Joh 13:34). Toegepas op die kleingroep, kan afgelei word dat die kleingroep 'n liefdesgemeenskap van gelowiges is wat op al 12 maniere hierbo genoem, aan mekaar liefde bewys. Die onderlinge liefde word gefundeer op, en gemotiveer deur God se liefde vir sy kinders en hulle liefde vir Hom (vgl. 1 Joh 4:16-21).

Omdat gelowiges se spontane liefdebetoning belemmer word deur verskeie faktore soos die verbrokkeling van verhoudinge in die kerk en samelewing (kyk 3.2.1.4; 3.2.2.4), die hedendaagse lewensingesteldheid (3.2.3), en die individualisering van spiritualiteit (3.2.2.5), is dit soms nodig om onderlinge verhoudinge verder te stimuleer. Enkele voorbeelde hiervan is:

- Wanneer iemand in die groep 'n probleem ondervind, kan 'n ander groeplid aangewys word om hom of haar te ondersteun of kan 'n strategie uitgewerk word oor hoe die groep as 'n ondersteuningsnetwerk vir daardie persoon sal optree.
- 'n Geestelike voogstelsel kan ontwikkel word sodat elke groeplid vir een ander groeplid as "voog" optree om daardie persoon op 'n besondere wyse te ondersteun, te begelei in geestelike en praktiese sake en om vir die persoon te bid.

- **Die charismata**

Die *coram-Deo*-belewing in die kleingroep word werklik omdat God deur sy Gees in gelowiges woon. Volgens Nouwen (1986:81) beleef gelowiges God se teenwoordigheid in hulle midde deur "the constant recognition of the Spirit of God in each other".

Die kleingroep is 'n begaafde gemeenskap. Die eerste gawe wat God in Christus gee, is die Heilige Gees (1 Joh 2:20) en saam met Hom kom die genadegawes, talente of bekwaamhede wat vir *elke* lid gegee is (1 Kor 12:7; 1 Pet 4:10-11;Te Velde, 1992:74). Die doel van die genadegawes is dat gelowiges mekaar daarmee kan dien en opbou (Rom 12:6-8; Ef 4:16; kyk 3.3.1.3).

Die ontdekking van genadegawes gebeur gewoonlik heel natuurlik binne die kleingroep as geloofsgemeenskap (vgl. Te Velde, 1992:90-91). Die opdrag van Paulus aan Timoteus dat hy sy genadegawe "soos 'n vuur weer moet aanblaas", is ook op kleingroeplede van toepassing ten opsigte van die ontwikkeling van hulle gawes.

In die kleingroep moet vir die kleingroeplede ruimte geskep word om mekaar met hulle gawes te dien. So kan byvoorbeeld die gawes van musiek, lering, voorbidding, diens,

bemoediging, leiding en gasvryheid vir die verskillende fasette van die kleingroeplewe van groot waarde wees. Indien daar 'n besondere behoefte in die kleingroep ontstaan of die kleingroep 'n bepaalde roeping vir 'n saak voel, kan hulle bid dat God die lede met die toepaslike gawes na vore sal laat kom.

Uit die plek wat 1 Kor 13, wat handel oor die liefde, inneem tussen 1 Kor 12 en 14, wat beide handel oor die genadegawes, blyk dit dat liefde die gawes in die liggaam van Christus laat harmonieer sodat elke lid sy funksie kan vervul (vgl. Ef 4:16).

Kleingroeplede moet aangemoedig word om hulle gawes tot opbou van die kleingroep te gebruik (1 Kor 14:26) maar met dié twee voorbehoude:

- "Sorg dat alles tot opbou van die gemeente (insluitende die kleingroep -JWO) verloop" (1 Kor 14:26b); en
- "Alles moet egter gepas en ordelik geskied" (1 Kor 14:40).

- **Selfverloëning en onderdanigheid**

Die geestelike dissipline van selfverloëning en onderdanigheid is vir korporatiewe spiritualitiet van wesenlike belang. Daarsonder is die kleingroeplede nie vry om hulle swakhede, seer, swaarkry en vreugdes met mekaar te deel en mekaar te waardeer vir wat hulle is nie (vgl. Foster, 1990:140-143). Wanneer die eie-ek en eie-belang op die voorgrond tree, tree die vrug van die Gees op die agtergrond (vgl. hoe Paulus in Gal 5:15 en 26 voor en na die behandeling van die leiding deur en die vrug van die Gees op die gevaar van selfgesentreerdheid, verwaandheid en rusies wys).

Deur Bybelstudie en eerlike gesprek oor selfverloëning kan kleingroeplede leer om die vryheid wat selfverloëning bring, te waardeer en om in onderdanigheid aan God ook onderdanig aan mekaar te wees sodat "in nederigheid ... die een die ander hoër ag as homself" (Gal 2:3). Kleingroepe kan byvoorbeeld baie baat vind om by die eerste kleingroepbyeenkoms Fil 2:1-11 te bestudeer en die lyne na die kleingroeplewe deur te trek.

- **Openhartigheid**

Onder 3.5.4.4 is reeds na eerlike selfopenbaring verwys. Oor openhartigheid sê Louw (1980:189): "Die spontane openheid tussen lede van 'n groep geskied op die basis van geloof. Geloof in God bring geloof in mekaar. In die ervaring: ek word vertrou, iemand glo in my, word mense gehelp om spontaan en openhartig op te tree".

Oor die praktiese bevordering van openhartigheid, die volgende:

- Namate die kleingroeplede mekaar leer ken, kan hulle aangemoedig word om al hoe meer lewensbelangrike sake met mekaar te bespreek.
- As die groepleier 'n styl van gebrokenheid openbaar in plaas daarvan om 'n supersterbeeld voor te hou (vgl. 4.6.3.2), sal kleingroeplede geneig wees om meer openhartig met hom en mekaar te praat.
- 'n Ander belangrike aspek wat 'n rol in die groep se openheid teenoor mekaar kan speel, is 'n kode van vertroulikheid. Groepe kan geleer word om mekaar se sensitiewe inligting as vertroulik te hanteer en nie daaroor buite die groep met ander te praat nie.
- Die kleingroep kan ook soms in diades en triades opdeel om oor bepaalde aspekte van hulle lewens met mekaar te praat.

### 3.7.3 Gemeenskap met God as korporatiewe spiritualiteit in kleingroepe

Die Christelike kleingroep se saamwees in God se teenwoordigheid kry sy hoogste sin en betekenis in die gesamentlike gemeenskapsbeoefening met God. Vanuit 'n kommunikatiewe hoek word hier vervolgens twee fasette van gemeenskap met God onderskei, naamlik luisterende en aanbiddende gemeenskap.

#### 3.7.3.1 Luisterende gemeenskap met God

Volgens die gereformeerde beskouing van spiritualiteit word God se stem die duidelikste in die Skrif gehoor (vgl. 2.4.2.2). Wanneer gelowiges na God se stem luister, staan die Skrif sentraal. Hiermee word egter nie gesê dat die kleingroepbyeenkoms 'n blote Bybelstudiegeleentheid is nie. Die uiteindelike mikpunt

van die saamluister na die Skrif is volgens Burger (1995b:142-143) nie om meer kennis en 'n beter verstaan van die Skrif te verkry nie, maar om "daarvan te leef". Hy meen "Bybellees gaan nie daaroor dat 'n mens (net) tekste bestudeer nie, maar dat jy deur tekste en met tekste na die lewe kyk en probeer om sin te maak uit die lewe".

Een van die grootste bydraes wat die Reformasie tot spiritualiteit gelewer het, was om die Skrif weer terug in die hande van die gelowige te plaas (Arnold, 1992:43). Ongelukkig leef daar nog by baie gereformeerde lidmate 'n minderwaardigheidsgevoel oor hulle vermoë om die Skrif saam met, en voor ander te hanteer (Van der Merwe(1), 1995:134). 'n Belangrike vertrekpunt is dat elke gelowige kleingroeplid die Heilige Gees het (2.4.2.3) en daarom 'n profeet is wat God se stem kan hoor en interpreteer (De Klerk, 1987:222-228; Potgieter, 1995:75).

Uit 'n korporatiewe benadering tot spiritualiteit is dit vir die kleingroep belangrik om gesamentlik God te leer ken en te leer hoe om in sy teenwoordigheid te lewe. Die studie van die Skrif kom volgens Neighbour se onderskeiding van fases (vgl. 3.6) in die derde fase na vore. Die manier waarop kleingroepe die Skrif hanteer, is egter van wesenlike belang. Anders kan maklik "ander stemme" as God se stem gehoor word omdat betekenisse in die Skrifteks ingelees word.

Sowel Meier et al. (1992:110) as Arnold (1992:43-50) stel 'n induktiewe Bybelstudiemetode vir kleingroepe voor wat deur 3 prosesse beweeg, naamlik observasie of Bybellees, verduideliking en uitleg (eksegese), en interpretasie (hermeneuse). Burger, soos aangehaal deur Van der Merwe(1) (1995:135), stel 'n baie bruikbare Bybelstudiemetode, gebaseer op die verhouding tussen die indikatief en imperatief van 'n Skrifgedeelte, voor:

- **Die Woord openbaar God**
  - Wat sê die gedeelte oor **God**? Wie is Hy of wat doen Hy?
  - Wat is die goeie nuus (die evangelie) van die gedeelte?
  - Wat skenk God vir ons volgens die gedeelte?

- **Die Woord onthul die mens**
  - Watter tipe menslike gedrag word hier onthul?
  - Watter tipiese sondige neigings van die mens word onthul?
  - Watter stuk lewe kom hier na vore?

- **Die Woord eis**
  - Wat eis God van die mens?
  - Watter opdrag gee Hy aan ons?
  - Watter reaksie verlang Hy van ons?

Burger se Bybelstudiemetode is handig, veral as die kleingroep besig is om sekere dele van die Skrif sistematies deur te werk. Kleingroepe kan egter ook op ander maniere by die Skrif uitkom, byvoorbeeld deur met lewensvrae die Skrif te ondersoek vir antwoorde en perspektief (vgl. Simpson, 1992:49-50).

Die groepproses is baie belangrik vir die saamluister na God se Woord. Die kleingroep is 'n studerende en luisterende gemeenskap. Daarom moet kommunikasie in die groep so geskied dat elke lid sover moontlik die geleentheid kry om sy of haar insigte te deel. "Mense word deur mekaar se vrae geaktiveer, deur mekaar se ontdekkings gestimuleer en deur mekaar se twyfels laat dink" (Simpson, 1992:35). Soms kan deelname aan die Bybelstudie bevorder word deur die groep daarvoor in diades of triades te laat opdeel en dan later in die kleingroep as geheel kortliks te laat terugrapporteer.

Wuthnow (1994:292) kom na aanleiding van sy empiriese navorsing tot die gevolgtrekkings: "Storytelling has become the dominant mode of discourse in small groups" en "As the group encourages certain stories to be told, it shapes the identities of its members. Stories also provide the main vehicles by which the sacred is communicated and transformed". Ackerman (1992:3-4) sê dat storievertelling vir gelowiges die volgende beteken: "learning to recognize God's hand and voice in one's life because one has shared the process with others, responding in prayer, meditation, and love". Deur storievertelling help gelowiges mekaar om God se wil vir hulle lewens te verstaan en perspektief te kry.

- Skuldbelydenis en gebed om vergifnis na byvoorbeeld die Skrifstudie in die derde fase van die kleingroepbyeenkoms (vgl. 3.6); en
- Gebed om leiding oor sake wat in die byeenkoms bespreek word.

Soms kan 'n aand aan gesamentlike gebed (met al sy vorme van aanbidding, lofprysing, danksegging, verootmoediging, oorgawe, sondebelydenis, voorbidding, lees van toepaslike Skrifgedeeltes) gewy word. Besondere behoeftes van kleingroeplede, in die kerk of gemeenskap kan by geleentheid daartoe lei dat die kleingroep besluit om vir 'n tyd lank hulleself aan gebed en vas te wy. Hierdie sake moet egter met oordeelkundigheid gedoen word, anders kan die indruk gewek word dat die kleingroep God se guns met hulle verdienste probeer wen of Hom probeer manipuleer. Aan die ander kant kan sulke geleenthede lei tot groot geloofsverdieping en die belewing van God se teenwoordigheid in kleingroeplede se lewens verdiep (vgl. Foster, 1990:43-78 oor gebed en vas; Potgieter, 1995:84).

Ook in gebed kan die groepsproses gebruik word. Engelbrecht en De Wet (1985?:120-120) wys daarop dat die gespreksgebed (verskillende persone kry geleentheid om oor een onderwerp te bid), kringgebede (gebed word in 'n sirkel gedoen sodat elke persoon geleentheid kry om in 'n paar sinne te bid) en die tradisionele "biduur"-gebedspatroon (waar mense bid soos hulle "gelei" word) kleingroeplede se deelname aan die gebede kan bevorder. Daar moet gewaak word dat gebede nie deur een of twee persone oorheers word en dat dit nie herhalend en te lank word nie. Mense wat nie vrymoedigheid het om te bid nie, moet ook nie gedwing word nie. Soms kan dit goed wees om iemand *voor* die byeenkoms te vra of hy sal bid.

Arnold (1992:159) stel voor dat kleingroeplede ook soms tydens gebede hande kan vashou as 'n uitdrukking van hulle eenheid. Wanneer 'n groeplid tydens 'n kringgebed nie vrymoedigheid het om te bid nie, kan hy of sy die groeplid langs hom se hand druk as teken dat hy of sy moet voortgaan om te bid.

Omdat aanbidding en voorbidding belangrike fasette van die kleingroepbyeenkoms is, word nou daarop ingegaan.

- **Aanbidding en lofprysing**

Dat aanbidding 'n belangrike korporatiewe aktiwiteit is, blyk uit Ef 5:19 "sing *onder mekaar* (kursivering JWO) psalms, lofgesange en ander geestelike liedere" (vgl. Kol 3:16). Na aanleiding van Miller (1994:37-46), Van der Merwe(1) (1995:50-62) en Potgieter (1995:140-145) word die volgende belangrike punte uitgelig:

- **Ware aanbidding fokus op God**

Aanbidding wat sy primêre fokus op enigiets anders (bv. die gevoel van die aanbidders of die kwaliteit van die musiek) as op God het, is nie ware aanbidding nie. Aanbidding beteken 'n wegkyk van die self om op te kyk na God en Hom te erken en waardeer vir Wie Hy is, om bewus te word van sy heilige verhewenheid (transendensie) as Here, maar ook van sy liefdevolle teenwoordigheid (immanensie) as Vader en Versorger (Jes 57:15).

- **Onder leiding van 'n aanbiddingsleier**

Meer as een persoon wat die gawes het, kan vir die leiding van hierdie deel van die kleingroepbyeenkoms verantwoordelikheid neem. Die aanbiddingsleier en die kleingroepleier moet voortdurend met mekaar oor en weer skakel en oorleg pleeg. Die aanbiddingsleier moet hom- of haarself instel om die leiding van die Heilige Gees en die groep se belewenis sensitief waar te neem.

- **Aanbidding moet vooraf beplan word**

Aanbidding moet nie 'n lukraak aktiwiteit wees nie, maar vooraf deeglik en biddend beplan word deur die groep se aanbiddingsleier. Verkieslik moet liedere en die gemoedstemming wat hulle oordra, by mekaar aansluit. Die aanbidding moet ook as geheel by die Skrifgedeelte of tema wat bespreek gaan word, aansluit. Kleingroeplede moet ook kans kry om terugvoer te gee oor die wyse van aanbidding. Die aanbidding moet so beplan word dat dit 15 tot 20 minute duur.

- **Aanbidding is 'n lewenswyse van gelowiges**

Aanbidding moet nie net in die kleingroepbyeenkoms gebeur nie, maar ook in die stiltetye van die kleingroeplede. Verder moet aanbidding oorspoel na, en 'n effek hê op die praktiese lewe van gelowiges. Ook "daarbuite" moet hulle God se hand raaksien en Hom kan loof.

- **Aanbidding moet ook mensgerig en kontemporêr wees**

Burger (1995b:49) maak oor mensgerigtheid dié opmerkings: "Dit is egter *nie nodig dat 'n God-fokus en 'n mens-fokus teenoor mekaar gestel word* as opsies wat mekaar uitsluit nie. Inteendeel, die ideaal van die evangelie, die droom van die koninkryk, is tog juis dat die twee bymekaargebring word".

Omdat aanbidding en lofprysing deur "gewone" mense (en nie alleen deur musiekgeskooldes nie) gedoen word, moet dit nie vir die aanbidders lewensvreemd wees nie, maar só wees dat die woorde van die liedere, musiek en styl van aanbidding by die kultuur, taal en tyd van die aanbidders pas. "Effective worship" sê Miller (1994:39) "is user friendly. It communicates with real people who live in this present time and this present space - not some other time or some other space".

- **Die aanbidding moet aansluit by die lewens en ervaringe van die gelowiges**

Musiek en sang wat ervaringe besing wat vir die aanbidders vreemd is, kan nie opreg beleef en tot eer van God gesing word nie. Die aanbiddingsleier moet sensitief wees vir die lewenservaringe van die aanbidders en die aanbidding so beplan dat hulle met hulle lewens voor God kan kom staan.

- **Aanbidding verg deelname, nie alleen waarneming en waardering nie**

In die kleingroep kan lede nie passiewe toeskouers wees wanneer aanbid word nie. Aanbidding verg aktiwiteit en deelname (vgl. byvoorbeeld Ps 150). Mense met musiektalent moet hulle musiek so gebruik dat die ander lede aktief aan die aanbidding kan deelneem. Verskillende lede kan vooraf gevra word om dele van die aanbidding te hanteer soos byvoorbeeld om 'n teksgedeelte te lees of die groep in 'n kort gebed te lei. Om by geleentheid saam na 'n musiekopname te luister, kan 'n funksie hê, maar dit mag nie die gangbare manier wees waarop die groeplede lof aan God bring nie.

- **Balans in die gebruik van ervaringsmiddele**

Miller (1994:41) meen dat aanbidding mense op verskillende maniere die band met God kan laat beleef, naamlik

- Sensories (gesig, gehoor, reuk, aanraking, smaak);
- Emosioneel (simboliek en gevoel);
- Rasioneel (geheue en logika);
- Geestelik (misterie en verbeelding); en
- Aksioneel (spraak en beweging).

Aanbidding is meer as die blote sing van 'n paar liedjies, Dit neem die totale mens in beslag: die verstandelike, liggaamlike, emosionele en motoriese (vgl. Ps 9:2, 47:1, 103:1, 134:2, 150:1-6). Die aanbiddingsleier moet die kleingroep oordeelkundig lei om met hulle hele wese voor God te kom om Hom te aanbid.

'n Korreksie op die stugheid van die gereformeerde tradisie word hier vereis, veral waar met jonger groepe gewerk word. Ervaring is immers nie onbybels en ongereformeerd nie, solank dit op God gerig en op Bybelse waarhede gebou word (2.3.3.1; Floor, 1993:295-303; Burger, 1995b:80-81).

- **'n Vriendelike en warm atmosfeer**

Aanbidding in die kleingroep is 'n korporatiewe aktiwiteit. Lede moet hulleself welkom voel in die aanbidding. As daar kinders by is, hoef die ouers nie te voel dat die kind doodstil moet wees "want hier is ons ernstig" nie. 'n Laatkommer kan gerus 'n handdruk kry en verwelkom word. Kleingroeplede bly ook steeds van mekaar bewus.

Aanbidding rig die kleingroeplede se harte op God en berei hulle voor om saam die stem van God te hoor en te wil gehoorsaam.

- **VOORBIDDING**

Voorbidding in die kleingroepbyeenkoms is 'n manier waarop gelowiges saam met mekaar se behoeftes, probleme en vreugdes, voor God se heerlike teenwoordigheid kom. Deur die voorbidding van medegelowiges beleef groeplede God se liefde vir hulle en sy lewende betrokkenheid by hulle situasie (Engelbrecht, 1985?:114-116). Voorbidding bring tegelyk ook nuwe hoop omdat die visie nie meer op die lewensituasie alleen is nie, maar op God wat in die situasie betrokke is.

Voorbidding kan gedoen word nadat die groepleier of gebedsleier voor die gebed vir die kleingroeplede gevra het of daar iets is waarvoor hulle wil hê die groep moet bid. Verskillende sake kan uitgelig word, bv. persoonlike behoeftes, familie, vriende, die gemeente, die gemeenskap en uitreik-aksies (sending en evangelisasie) (vgl. Arnold, 1992:159). Verskillende mense in die groep kan gevra word om vir verskillende sake te bid.

As die groepleier voel dat sommige lede nie die vrymoedigheid het om voor die hele groep oor sake in sy of haar lewe te praat nie, kan die groep in diades of triades (groepies van twee of drie lede) opgedeel word. Nadat lidmate met mekaar hulle lief en leed gedeel het, kan hulle dan in die kleiner groepies vir mekaar bid.

Lidmate kan ook gevra word om in die week vir bepaalde sake te bid. As daar gebedsverhoring was, moet groeplede onder mekaar daaroor getuig en God daarvoor loof en dank. Gebedsverhoring versterk gelowiges se geloof en verdiep hulle belewenis dat God teenwoordig is.

### 3.7.4 Die lewe na buite as korporatiewe spiritualiteit in kleingroepe

Om gebalanseerde spiritualiteit te beoefen, moet die kleingroeplewe daartoe lei dat die lede prakties **in die wêreld** *coram Deo* sal lewe (kyk 3.4.3). Enersyds is die kleingroep 'n geestelike en emosionele "kliniek" en ***versorgingsentrum*** waarin lede met hulle wonde en mislukkings vertroos en versorg kan word. Andersyds is die kleingroep 'n ***versieningsentrum*** en 'n ***toerustingsentrum*** wat die kleingroeplede versterk en ondersteun om hulle roeping in die wêreld te kan vervul (kyk 3.3.1.2).

Die koinonia in die kleingroep is 'n instrument tot heiligmaking sodat gelowiges in die wêreld kan wees en word wat hulle in Christus is. Gereformeerde spiritualiteit beklemtoon juis vroomheid in die wêreld sodat die wêreld God in die gelowiges kan sien (vgl. Noordegraaf, 1993:56; 2.4.2.9).

Oor hoe kleingroepe saam hulle getuienis- en evangeliseringsroeping in die wêreld kan uitleef, is reeds in 'n vorige studie (Oostenbrink, 1994) ondersoek. In die algemeen word hier slegs enkele maniere waarop kleingroeplede mekaar kan versterk om met God in hierdie wêreld te lewe, aangedui:

- Kleingroeplede moet openlik met mekaar hulle lewensvrae en -probleme deel sodat in die groep vir mekaar raad gegee kan word en daaroor gebid kan word. Hier is die uitstekende voorbeeld van Hand 4:23-31 (kyk 3.3.1.2) ter sake.
- Skrifstudie kan in die lig van bepaalde probleme, sonde of geloofsgebreke onderneem word en die beginsels vir die praktiese lewe uitgewerk word.
- Die kleingroep kan ook vir sy lede 'n bron van aansporing (vgl. Hebr 10:24) wees om lede aan te moedig om met nuwe gedrag en die Bybelse hantering van probleme te volhard. In die groepbyeenkoms kan gevra word: "hoe het dit die afgelope week met jou hantering van die probleem gegaan?" Omdat

kleingroeplede weet dat hulle nuwe gedrag ook vir hulle medegelowiges van belang is, word hulle aangemoedig om Christus al meer in hulle praktiese lewe en alledaagse verhoudinge sigbaar te maak.

- Kleingroeplede kan mekaar ondersteun deur mekaar gedurende die week op te soek of telefonies te skakel om te verneem hoe dit gaan en mekaar te bemoedig. Verder kan kleingroeplede in een-tot-een-verhoudings vir mekaar as geestelike voogde optree om mekaar te begelei om in die wêreld *coram Deo* (Christelik) te dink en te lewe.
- Modellering is van groot belang by die aanleer van nuwe gedrag (Potgieter, 1995:80). Wanneer kleingroeplede vir mekaar in verskillende opsigte voorbeelde van Christelike waardes en lewenswyse kan wees, word die aanleer van Christelike waardes en gedrag aansienlik vergemaklik. Mense word volgens Potgieter (1995:81) veral binne 'n intieme groep verander, wanneer hulle nuwe gedrag sien en ervaar.
- Die kleingroep dien vir sy lede ook as 'n geestelike "gimnasium" of oefenskool waarin hulle in veilige omstandighede oefen om sake in die wêreld Bybels te interpreteer en in die onderlinge verhoudinge met mekaar Christelik te lewe. Wanneer hulle buite die kleingroepsituasie is, is die kanse groter dat die nuwe (Christelike) gedrag so geïnternaliseer is dat die kleingroeplede Christelik sal optree as wanneer hulle nie aan hierdie skoling in die kleingroep blootgestel was nie. Die voorwaarde hiervoor is dat kleingroeplede mekaar onvoorwaardelik moet aanvaar en met mekaar se soms wankelrige pogings geduld moet beoefen.
- 'n Kleingroep kan ook saam 'n evangelisasiekursus volg en daarna mekaar ondersteun om individueel en korporatief buitekerklikes te evangeliseer. Wanneer 'n buitekerklike geëvangeliseer word, kan die kleingroep aan hom of haar 'n geestelike tuiste bied.

### 3.7.5 Samevatting

Uit 3.7.1 - 3.7.4 blyk dit dat die kleingroep 'n praktiese en effektiewe ruimte vir korporatiewe spiritualiteit kan wees:

- Saam kan kleingroeplede van God se teenwoordigheid by hulle bewus word.
- Die koinonia in die kleingroep dien as 'n belangrike konteks waarin spiritualiteit plaasvind. maar is ook op sigself 'n spiritualiteitsoefening waarmee kleingroeplede hulle deelwees van die liggaam van Christus en God se teenwoordigheid by hulle beleef.
- Gemeenskap met God as spiritualiteitsoefening word op twee maniere beoefen. Enersyds is gemeenskap met God 'n saamluister na hoe Hy Homself in sy Woord bekendmaak en hoe sy Woord in medegelowiges se lewens gestalte gekry het. Andersyds word biddende gemeenskap met God beoefen in 'n ryke verskeidenheid van vorme, maar veral deur aanbidding en voorbidding.
- Die kleingroeplewe kan sy lede op verskillende maniere toerus vir hulle lewe in hierdie wêreld.

## 3.8 GEVARE EN BEPERKINGE VAN SPIRITUALITEIT IN KLEINGROEPE

Hoewel hierdie hoofstuk positief die potensiaal van kleingroepe om spiritualiteit te fasiliteer, ondersoek, sou dit tog onvolledig wees indien nie oorsigtelik ook op enkele gevare en beperkinge gewys word nie. Soos die meeste kragtige instrumente het die kleingroep ook gevaarkante Hier is enkele voorbeelde daarvan:

- **'n Skeefgetrekte Godsbeeld**

Wuthnow (1994:7) wys daarop dat sekere kleingroepe geneig is om 'n eensydige beeld van God te beklemtoon: "The deity of small groups is a God of love, comfort, order, and security. Gone is the God of judgment, wrath, justice, mystery, and punishment. Gone are concerns about the forces of evil. Missing from most groups even is a distinct interest in heaven and hell. except for the small heavens and hells that people experience in their everyday lives".

Indien spiritualiteit so benader word, kan dit maklik 'n soort selfhelp-godsdiens word, waar spiritualiteit vir die behoeftes van die mense aangepas word. "God" word dan net gebruik om die moeilike dinge in die lewe te aanvaar en te verwerk (vgl. Wuthnow, 1994:352) en 'n bron van emosionele krag en hoop vir die hier en nou.

- **Spiritualiteit sonder die Bybel**

Die gevaar dat die Bybel op die agtergrond gestoot kan word en die mens met sy behoeftes op die voorgrond staan, bedreig nie net sekere kerke nie, maar ook kleingroepe. Leiding word eerder gesoek by die kleingroeplede en hulle opinies en ervaringe as uit die Woord van God (vgl. Engelbrecht, 1985?:55; Wuthnow, 1994:277-278). Uit gereformeerde beskouing is gesonde spiritualiteit sonder die Skrif egter ondenkbaar en onmoontlik (vgl. 2.4.2.2).

- **Verabsolutering van koinonia**

Simpson (1992:85) waarsku teen 'n ongesonde neiging van groepe om introverties en oorbehep met mekaar binne die groep te raak en noem hierdie afwyking van gesonde spiritualiteit "*koinonitus*". Volgens Cho (1981:110) belemmer die oordrewe klem op *koinonia* die geloofsgroei van die lede asook hulle getuienisroeping na buite. Die kleingroep word 'n geslote groep wat homself isoleer en waarvan buitestanders nie deel kan word nie (Louw, 1980:176). Spiritualiteit word dan verskraal tot die deelwees van mekaar binne die groep en die ander dimensies van spiritualiteit word afgeskeep of geïgnoreer. Die kleingroep word 'n "ingrown clique" (Long, 1983:31), of andersins 'n emosionele kruk, maar bring nie individuele groei teweeg nie.

- **Kunsmatigheid en manipulasie**

'n Kleingroep kan ongesonde druk op sy lede uitoefen en hulle emosioneel manipuleer om tot die norme van die groep te konformeer sodat almal dieselfde dink, praat en optree ten opsigte van 'n bepaalde saak (Engelbrecht & De Wet, 1985?:55). So word die diversiteit van groeplede en elkeen se uniekheid en waarde misken. Gedragsveranderinge sal dan bloot kunsmatig en uiterlik wees, maar nie gepaard gaan

met hartsveranderinge nie. Kleingroeplede leer om nuwe maskers op te sit en so word kunsmatige persoonlikhede geskep (Louw, 1980:176).

- **Ecclesiola in ecclesia**

Die gevaar dat kleingroepe hulleself van die groot geloofsgemeenskap afsonder of selfs daarteenoor stel, was reeds in die gemeente van Korinte 'n probleem (vgl. 3.3.1.1). So kom die kleingroep se eenheid met die plaaslike gemeente in gevaar. Onder 5.2.2 word hieroor in meer besonderhede gehandel.

## 3.9 GEVOLGTREKKINGS

Uit 3.2 - 3.8 het die volgende geblyk:

- Faktore uit die samelewing en die kerk, wat korporatiewe spiritualiteit beïnvloed, verg effektiewe bedieningstrukture.
- Skriftuurlik beskou, bied die kleingroep, as εκκλησια in die kleine, unieke geleenthede vir korporatiewe spiritualiteit in die eg-Bybelse sin van die woord.
- Die kleingroep is 'n belangrike ruimte waarin faktore wat korporatiewe spiritualiteit beïnvloed, die behoeftes van die kleingroeplede, en die bestanddele van gebalanseerde spiritualiteit, aangespreek kan word.
- Kleingroep-dinamiese faktore bied unieke geleenthede en is nuttige kragte en prosesse vir korporatiewe spiritualiteit.
- Spiritualiteitsbeoefening in kleingroepsamekomste verloop breedweg deur vier verskillende fases, naamlik mens-tot-mens, mens-tot-God, God-tot-mens en gelowige-tot-ongelowige.
- Daar is belangrike praktiese maniere waarop kleingroepbyeenkomste so gelei kan word dat korporatiewe spiritualiteit in al sy fasette tot sy reg kan kom.
- Daar moet teen gevare wat kleingroepspiritualiteit kan benadeel, gewaak word.

Dit is duidelik dat die bogenoemde spiritualiteit in die kleingroep nie outomaties sal plaasvind nie. Effektiewe leierskap is nodig. Gevolglik word kleingroepleierskap in hoofstuk 4 bespreek.

# HOOFSTUK 4

# KLEINGROEPLEIERSKAP TER FASILITERING VAN SPIRITUALITEIT

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is aangetoon dat 'n kleingroep 'n ruimte vir die beoefening van korporatiewe spiritualiteit kan wees. In hierdie hoofstuk word die rol van die kleingroepleier in die fasilitering van die spiritualiteit van die kleingroep ondersoek. Hoofstuk 3 dien daarom as beskrywing van die konteks waarin, en die doel waarvoor die kleingroepleier sy leierskap moet uitoefen. Die kleingroepleier se verhouding tot die ouderlinge word in hoofstuk 5 bespreek.

### 4.1.1 Die noodsaaklikheid van kleingroepleiers

Die spiritualiteit van 'n kleingroep hang in 'n groot mate van die kleingroepleier af (Barlow, 1972:97). In Willow Creek Community Church se handboek oor kleingroepleierskap beskryf Donahue (1994:2) die kleingroepleier as "The most strategic person in the life-change process of the church". Volgens Potgieter (1995:103) kan daar vir alle praktiese doeleindes sonder die kleingroepleier nie 'n kleingroep wees nie.

Uit 'n sielkundig-terapeutiese hoek beskou, meen Ridgeway (1983:205-206) dat leierskap in die kleingroep vir drie redes nodig is:

- om 'n uitvoerende funksie in die groep te vervul;
- om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die strukturering van gedrag; en
- om die besluitnemingsproses wat deel is van die groep se pogings om hulle doelwitte te bereik, te stuur.

Oral waar mense in groepe, soos byvoorbeeld sportspanne, politieke partye en werkspanne, bepaalde doelwitte nastreef, is daar bepaalde vorme van leierskap. Leierskap is 'n onmisbare faktor vir die effektiewe funksionering van mense in 'n groep (vgl. Gibbs, 1981:367-361). In die Skrif is dit opvallend dat God mense tot leiers van sy volk roep en groot dinge deur hulle doen. Bekende voorbeelde daarvan is Moses, bevryder en leier van die volk (Eks 3:1-4:17; Deut 34:10-12), Dawid, die bekende koning van Israel (1 Sam 16:1-13; 1 Kron 11:1-3, 29:26-30), Petrus, 'n dissipel van Jesus en 'n leier in die eerste gemeente (vgl Matt 16:16-17; Joh 21:15-29) en Paulus die "sendingapostel" (Hand 9:1-19).

Volgens die die respondente se antwoorde op die vraelys (vgl. bylae A en B, vrae B1 - B4) speel die kleingroepleier 'n onmisbare rol in die funksionering van die kleingroep. 'n Kleingroepleier is nodig om die groeplede korporatief en gekoördineerd te laat meewerk.

Sonder 'n opgeleide leier wat die kleingroeplede aan die een kant koördineer en integreer, en aan die ander kant die groep met liefde tot bereiking van hulle korporatiewe doelwitte lei, verbrokkel kleingroepverhoudinge, neem die groep se motivering af en ontbind die groep kort voor lank (Venter, 1972:116; Wuthnow, 1994:100-102, 135).

### 4.1.2 Omskrywing van kleingroepleierskap

'n Leier is iemand wat effektief leiding gee, of, anders gestel, iemand wat 'n groep doelgerig lei in die rigting waarin hulle hulle gesamentlike doelwitte kan bereik (vgl. Calahan, 1983:42-43; Marshall, 1991:9). Met hierdie algemene beskrywing van leierskap word die problematiek van 'n omvattende reeks definisies met allerlei nuanseringe van leierskap, vermy (vgl. Steyn & Uys, 1990:208).

Uit 'n geestelike oogpunt is die beskrywing van kleingroepleierskap deur Willow Creek Community Church (1993:1.2) van belang: "The ultimate goal of a leader is life-change: to help group members grow in Christ-like character through learning, loving one another, and contributing of themselves and their resources". In lyn hiermee

beklemtoon beide Neighbour (1994:14) en Smit (1995a:26) dat leierskap in wese pastoraat is en daaroor gaan om mense herderlik te begelei sodat die beeld van Christus in hulle lewens gestalte kry. Met ander woorde, kleingroepleiers is *dissipelmakers* wat die groepproses gebruik om van mense dissipels van Christus te maak (vgl. Mat 28:19-20; Arnold, 1992:115).

In die lig van die bogenoemde perspektiewe en in terme van die ondersoek in hoofstuk 3 kan kleingroepleierskap met die oog op spiritualiteit beskryf word as *geestelike leierskap met die doel om kleingroeplede, eerstens korporatief en tweedens individueel, pastoraal te begelei om bewustelik in die teenwoordigheid van God (coram Deo) te lewe.*

'n Kleingroep kan verskillende leiers hê, byvoorbeeld 'n aanbiddingsleier, 'n gebedsleier, 'n Bybelstudieleier, 'n omgee-leier en 'n leier vir evangeliserende uitreiking (vgl. Potgieter, 1995:100-101). Een persoon moet egter die algemene of oorhoofse leier wees om al die fasette van die kleingroeplewe te koördineer. In hierdie hoofstuk word na die laasgenoemde, die algemene leier, verwys.

Die kleingroepleier kan manlik of vroulik wees. Om herhalings van manlike en vroulike uitdrukkingsvorme te vermy, word in hierdie hoofstuk na 'n kleingroepleier in die manlike vorm (hy) verwys in 'n omvattende betekenis om beide manlike en vroulike kleingroepleiers aan te dui.

### 4.1.3 Doel van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk word antwoorde op die volgende vrae gesoek:

- Watter Skrifperspektiewe kan met die oog op kleingroepleierskap afgelei word?
- Hoe moet die kleingroepleier se *eie* spiritualiteit daar uitsien sodat hy ander in hulle spiritualiteit kan begelei?
- Watter eienskappe word van die kleingroepleier vereis om ander in korporatiewe spiritualiteit te kan begelei?

- Watter identiteit het die kleingroepleier as geestelike leier?
- Watter leierskapstyl behoort die kleingroepleier te gebruik om die kleingroep geestelik te kan begelei?
- Wat is die funksies en verantwoordelikhede van die kleingroepleier om die kleingroep in individuele en korporatiewe spiritualiteit te kan begelei?

Die eerste vyf vrae fokus hoofsaaklik op die kleingroepleier se *wees*-funksies. Die laaste vraag spreek hoofsaaklik sy *doen*-funksies soos dit uit sy *wees*-funksies voortspruit, aan.

## 4.2 SKRIFGEGEWENS

In 3.3.1.1 is aangetoon dat 'n **christelike kleingroep as 'n εκκλησια in die kleine** bestaan vir die beoefening van korporatiewe spiritualiteit. ***Daarom word aangeneem dat Bybelse beginsels en riglyne vir leierskap en pastorale (herderlike) bediening in die εκκλησια (as die gemeente van Christus) ook op die leierskap en pastorale bediening van die kleingroepleier in die kleingroep (as geloofsgemeenskap) van toepassing is.*** Hiermee word die bediening van die kleingroepleier en dié van die ouderling nie op gelyke vlak gestel nie. Die aanname is egter dat die kleingroepleier, net soos die ouderling, tot herderswerk geroep is. Hulle werk egter op verskillende vlakke van bediening in die gemeente. (In hoofstuk 5 word aangetoon hoe die bediening van die kleingroepleier en die ouderling as ampsdraer in terme van mikro- en makrovlakbediening in die gemeente onderskei word.)

Die Keuse van Skrifgedeeltes uit Handelinge en Efesiërs is reeds onder 2.3 gemotiveer. Dieselfde motivering geld ook hier. Daar kan egter bygevoeg word dat beide Handelinge en Efesiërs nie net belangrike ekklesiologiese perspektiewe bied nie (vgl. Roberts, 1984:294-295; Venter, 1986:2-3), maar ook teologiese perspektiewe op leierskap soos dit in die vroeë Christelike gemeentes gestalte gekry het. Die twee gedeeltes wat hieronder geanaliseer word, is goeie voorbeelde daarvan.

#### 4.2.1 Hand 20:28 in Hand 20:17-38

Volgens Bruce (1984:415) is daar nie in die apostoliese tyd onderskeid getref tussen ouderlinge (πρεσβυτεροι) en biskoppe (επισκοποι) soos in die 2de eeu en verder nie. Hy stel dit duidelik dat "the leaders of the Ephesian Church are indiscriminately described as elders, bishops (i.e. superintendents) and shepherds (or pastors)" (1984:415).

In Hand 20:17-38 is die apostel Paulus besig om van die gemeente in Efese se leiers, oftewel ouderlinge, afskeid te neem. Hy was haastig om op Pinksterdag in Jerusalem te wees (20:16). Daarom vaar hy verby Efese na Milete. Omdat hy 'n behoefte het om met die gemeenteleiers van Efese tyd deur te bring vir gesprek en toerusting, laat hy hulle roep (20:17).

Die gesprek in hierdie gedeelte is 'n pastorale gesprek van 'n leier met leiers ter toerusting, bemoediging en aansporing. Oor die gesprek sê Vaughan (1981:124): "The theme of the address is fidelity in the ministry. In many respects it is the most personal and most affectionate address which has come down to us from Paul".

Die hoofgedagtes van die gesprek met hulle kan soos volg uiteengesit word:

Paulus se voorbeeld (vv. 18-20. vgl. 25-27, 31)

| |
|---|
| Paulus se lewe, bediening. lyding en woordverkondiging onder hulle. |

Paulus se toekomsplanne (vv. 22-27)

| |
|---|
| Hy is op pad na Jerusalem waar vervolging en gevangenskap op hom wag as deel van sy opoffering vir die evangelie wat hy in volle omvang onder hulle verkondig het. |

Paulus se opdrag aan hulle (vv. 28, vgl. v. 31)

| |
|---|
| Hulle moet hulleself en die gemeente van God oppas |

Gevare en troos vir die herders op die pad vorentoe (vv. 29-32)

| |
|---|
| Die "wrede wolwe" (dwaalleraars) wat onder hulle sal inkom.<br>Hy vertrou hulle aan God en sy Woord toe om hulle te bewaar. |

Weer eens: Paulus se voorbeeld en opoffering vir hulle (vv. 33-35)

| |
|---|
| Hy het onselfsugtig en selfopofferend hard gewerk om in sy eie lewensonderhoud te voorsien. |

Na die gesprek het hulle saamgebid en met hartseer het hulle van hom afskeid geneem (vv.36-38).

Vervolgens word vanuit Hand 20:28 enkele belangrike sake oor gemeentelike leierskap uitgelig:

#### 4.2.1.1 Herders se opdrag ten opsigte van hulleself

Uit die gesprek van die apostel Paulus (as 'n leier in die destydse kerklike gemeenskap) met die gemeente se herders blyk *sy eie voorbeeld* 'n belangrike motivering vir sy opdrag aan hulle oor hulle dienswerk te wees. (Die spreekwoord lui immers "woorde wek, maar voorbeelde trek".) Voor hulle ander in hulle geloofslewe kan

begelei, moet die herders van die gemeente eers self as gelowiges getrou wees (Grosheide, 1945:114; 1 Kor 4:2). Met verwysing na die voorbeeld wat hy gestel het, wil Paulus die gemeenteleiers aanspoor om getroue herders van God se kudde te wees. Hy vra nie van ander iets wat hy self nie bereid is om te doen nie.

Oortuigend toon Lotter (1995:556) aan dat Paulus se voorbeeld vir gelowiges altyd "rigtinggewend" en nie normatief is nie. In dié sin moet Paulus se voorbeeld vir die ouderlinge van Efese en die ouderlinge se voorbeeld vir die gemeente verstaan word.

Die gemeenteleiers kry die opdrag om eers op hulleself ag te gee (προσεχετε) en dan op die kudde. In 1 Tim. 4:16a is 'n soortgelyke opdrag van Paulus aan Timoteus: "Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat na jou luister". Wanneer 'n herder eers homself versorg, baat nie net hyself daarby nie, maar het sy selfversorging ook 'n heilsame uitwerking op diegene wat hy moet versorg en lei.

Lenski (1961a:846) verduidelik hierdie opdrag so:

> He who is to take heed of others must first take heed to himself. Be clean yourself before you try to cleanse others. Be taught yourself before you try to teach others. Be light yourself before you try to give light to others. Be near to God yourself before you attempt to bring others near. So Paul did, so he bade these elders do, and that pertains to you.

'n Herder of leier moet, met ander woorde, net so herderlik en versorgend na homself en sy eie geestelike lewe omsien as wat hy na ander omsien. In 1 Kor 9:27 verwys Paulus na die gevaar dat 'n geestelike leier "ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie"

In Tit 1:8 word selfbeheersing (εγκρατη) voorgehou as een van die voorvereistes van 'n gemeentelike leier of herder. Venter (1976:70) toon aan dat in die lysie van die vrug van die Gees in Gal 5:22 word selfbeheersing as "hoogste" vrug van die Gees genoem en volgens 2 Tim 1:7 is selfbeheersing die "hoogste deug en werking van die Heilige

Gees in die kind van God". Die "selfbeheersing" van 'n leier beteken dat hy in die krag van die Heilige Gees doelbewus beheer oor sy lewe uitoefen (Oostenbrink, 1988:24). As hy dit nie doen nie, is die kanse goed dat hyself deur versoekinge en verleidinge van God af weggetrek kan word en minder bewus van God se teenwoordigheid in sy lewe begin leef.

Met die oog op kleingroepleierskap en spiritualiteit kan die volgende afleiding gemaak word:

- Om spiritualiteit onder 'n groep mense te kan fasiliteer, moet 'n leier eers homself oppas en op sy eie spiritualiteit let.

**4.2.1.2 Herders se opdragte ten opsigte van die kudde**

Die herders se opdrag is volgens Hand. 20:28

- om "die hele kudde" op te pas;
- om "die gemeente van God" herderlik te lei; en
- om toesig te hou.

Haenchen (1965:593) sê oor die herders se taak dat "The Old Testament image of pasturing the sheep (see esp. Ezek 14.11f; Jer. 23.2; Zech 10.3, 11.6; in the NT esp. John 10.11, 14-16, 21.15-17) describes the task of these congregational leaders". Paulus gebruik 'n bekende beeld uit die Ou Testament en die kultuurhistoriese konteks van sy tyd om aan die gemeenteleiers hulle identiteit en taak te verduidelik.

Die woord "kudde" dui hier op die gelowiges wat as "skape" van die Here saam 'n eenheid vorm (vgl. Grosheide, 1945:114). Herders is geroep om die gemeente as 'n kudde, en nie as 'n groot aantal losstaande individuele lede nie, te begelei (Lenski, 1961a:847). 'n Geestelike herder lei en versorg daarom die gelowiges in sy sorg sowel korporatief (gesamentlik) as individueel.

Volgens Eseg 34:3-6 misbruik slegte herders die kudde tot hulle eie voordeel. Hulle help nie die swakkes nie, dokter nie die siekes nie, versorg nie die gewondes nie, soek nie die wat weggedwaal het nie en bring hulle nie terug nie. Die gevolg is dat die kudde

verstrooi raak en prooi vir wilde diere word (vgl. Hand. 20:29). Swak herderskap vernietig en verstrooi die kudde.

Die herders is, letterlik vertaal, as "opsieners" of "toesighouers" (Engels: *overseers*) aangestel. Hulle moet bestuursmatig toesien dat alles in die gemeente goed en ordelik verloop (vgl. Lenski, 1961a:463, 848).

Louw en Nida (1988:542) toon aan dat επισκοπος na 'n kerkleier verwys, en verduidelik met die oog op vertaling van die woord "it is important to try to combine the concepts of both service and leadership, in other words, the responsibility of caring for the needs of a congregation as well as directing the activities of membership. In some translations an equivalent may be 'helper and leader'". Die woord επισκοπος val egter ook in die betekenisdomein van sorgdra en dui dan op iemand wat verantwoordelik is om ander geestelik te versorg.

In die lig van bostaande verg goeie kleingroepleierskap die volgende:

- selfverloëning, liefdevolle verhoudinge, sensitiewe versorging asook persoonlike betrokkenheid by die kleingroeplede; en
- toesighouding oor en bestuur van die aktiwiteite van die kleingroeplede sodat alles in die kudde op 'n gesonde basis kan geskied.

#### 4.2.1.3 Deur die Heilige Gees in die kudde aangestel

Met die woorde "wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het" toon Paulus aan dat die herders nie toevallig leiers in die gemeente is nie, maar deur die Heilige Gees aangestel is. Die verwysing na die Heilige Gees beteken nie dat hulle deur 'n profetiese uitspraak aangewys en aangestel is nie (Bruce, 1984:416). Die uitdrukking beteken die volgende:

- God het mense gebruik om hulle aan te wys (vgl. Hand. 14:23); en
- Die Heilige Gees het Homself so in hulle gemanifesteer dat dit uit hulle eienskappe en gawes geblyk het dat hulle die nodige kwalifikasies vir die werk gehad het (Bruce, 1984:416).

- Omdat die kleingroep as God se kudde vir Hom so kosbaar en spesiaal is, word die kleingroepleier opgeroep om hulle met groot versigtigheid so goed as moontlik te behandel en te versorg.

### 4.2.2 Ef 4:12 in Ef 4:1-16

In hierdie afdeling word nou aangesluit by die agtergrond en verduideliking van die tekskeuse wat in 2.3.3 gegee is. Met Ef 4 begin Paulus met die tweede hoofdeel van sy brief (vgl. Foulkes, 1963:13-14; Roberts, 1983:16-17). Lenski (1961b:505) verduidelik die verhouding tussen Ef 1-3 en 4-6 treffend: "After having set forth the great doctrine of the *Una Sancta*, Paul now tells his readers how their lives should be shaped in order to accord with the facts of this doctrine". Nadat Paulus in Ef 1-3 gewys het hoe gelowiges onder die Jode en Grieke in Christus een geword het, wys hy in Ef 4:1-16 hoe die gelowiges as een lewende organisme moet saamleef en -groei.

Die gedagtestruktuur van Ef 4:1-16 kan soos volg voorgestel word:

Die roeping van die gelowiges (vv. 1-3)

| |
|---|
| 'n Oproep om in ooreenstemming met hulle roeping te lewe deur in nederigheid, vriendelikheid, geduld en liefde eenheid en vrede na te jaag. |

Die eenheid van die gelowiges (vv. 4-6)

| |
|---|
| Die gelowiges is een want daar is een liggaam, een Gees, een hoop, een Here, een geloof, een doop, een God en Vader wat oor, deur en in al die gelowiges is. |

Verskillende gawes en bedieninge (leiers) (vv. 7-11)

| |
|---|
| Aan die gemeente is in Christus wat na hierdie wêreld gekom het en triomfantlik opgevaar het na die hemel, verskillende gawes en bedieninge gegee. |

Die doel van leierskap en die gemeente (vv. 12-16)

| |
|---|
| Die doel van die bediening deur die leiers is die volkome-making van die gelowiges en die opbou van die gemeente sodat hulle een in geloof en volwasse in kennis kan wees.<br>Die doel is voorts dat hulle nie meer so onstabiel soos kinders sal wees nie, maar dat die hele liggaam mag groei en in liefde opgebou word in lewende eenheid met hul Hoof, Jesus Christus. |

Arnold (1992:22) sê opsommenderwys oor Ef 4:1-16 "the church is likened to a body, a living organism in which there are many interrelated parts that work together to make the body healthy and strong" en "the church is intended to be a growing, dynamic organism, a community of growth".

Uit Ef 4:11-12 blyk dat die leiers wat God as gawes aan die gemeente gee (vgl. 4.2.1.3), in die lewe en groei van die gemeente 'n wesenlike rol te speel het. Lee (1989:21) stel dit so: "God hereby appointed leaders for the church, leaders functioning in different capacities and in order to evoke and direct the gifts of others for the well-being of the church and its mission"

Hoewel Versteeg (1985:22-23) tereg na die gawes in Ef 4:11 as besondere ampte verwys (vgl. 5.3.1.4), word die kleingroepleier hier beskou as 'n herder in die kleingroep en word sy pastorale funksie in die kleingroep (as εκκλησια) met die funksie van die "herder en leraar" in die gemeente geïdentifiseer. Verder blyk dit dat Paulus die besondere ampte en die ander bedieninge in die gemeente nie duidelik van mekaar onderskei het nie (vgl. Ridderbos, 1966:510). Hier is wel in Ef 4:11 sprake van oorhoofse leiers wat koördinerend en toerustend in die gemeente gewerk het (vgl. 5.3.1.4 en 5.3.1.5).

Ef 4:12 volg op die vermelding van die leiers wat God as gawes vir die gemeentes gegee het (v.11). Die verhouding van die drie frases wat gebruik word, is onduidelik en kommentatore verskil heelwat met mekaar daaroor (vgl. Lenski, 1961b:529; en Abbot, 1968:119 vir 'n bespreking van die verskillende standpunte). Die beste keuse blyk te wees om die tweede frase as afhanklik van die eerste frase, en die derde as afhanklik van die eerste en tweede frase te sien (vgl. Abbot, 1968:119; Lenski, 1961b:530; Hendriksen, 1969:198). Dit kan soos volg voorgestel word:

(Die verskillende gawes is gegee:)

Onmiddelike doel (v. 12a)

| vir die volkome-making van die gelowiges |
|---|

Verdere doel (v. 12b)

| tot dienswerk |
|---|

Uiteindelike doel (v. 12c)

| tot opbou van die liggaam van Christus |
|---|

Hierdie keuse vir interpretasie van die drie frases se verhoudinge tot mekaar word gegrond op die feit dat die eerste frase ingelei word met προς, terwyl die volgende twee frases met εις ingelei word. Hieruit blyk dit dat die laaste twee frases voortspruit uit die

eerste een. Die betekenis van die sin kan soos volg weergegee word: ***die leierskap is as gawes gegee om die gelowiges volkome te maak vir hulle dienswerk wat tot opbou van die gemeente moet lei.***

Vervolgens word die drie frases as drie doelwitte vir leierskap ondersoek:

#### 4.2.2.1 Onmiddellike doel: om gelowiges volkome te maak

Die Griekse woord καταρτισμον beteken volgens Louw en Nida (1988:680) "to make someone completely adequate or sufficient for something". Foulkes (1968:120) wys daarop dat καταρτισμον slegs in Ef 4:12 in hierdie vorm voorkom en dat die ander vorme van die woord gewoonlik beteken om iemand of iets in sy ware vorm te herstel of om iemand se geestelike gesondheid weer te herstel. In hierdie gedeelte beteken καταρτισμον gevolglik om wat in gelowiges se geestelike lewe kortkom te herstel, aan te vul en te korrigeer sodat hulle geskik kan wees om hulle funksies volgens hulle gawes in die liggaam van Christus te vervul (vgl. Versteeg, 1985:27)

Toegepas op kleingroepleierskap beteken hierdie gedeelte:

- 'n Kleingroepleier moet die kleingroeplede se tekortkominge en gebreke peil .
- 'n Kleingroepleier moet daarop fokus om die lede korporatief en individueel só te begelei en toe te rus dat hulle geestelik al hoe meer volwasse en heel word sodat hulle geskik is om binne die groep en ook die groter gemeente as volwaardige lidmate te kan funksioneer.
- 'n Kleingroepleier het die groei, vernuwing en volwassewording van die kleingroeplede in die oog. Hy is met ander woorde 'n veranderings- of groei-agent in die groep.

#### 4.2.2.2 Die verdere doel: die dienswerk van die gelowiges

Die Griekse woorde εργον διακονιας in die tweede frase beteken nederige dienswerk waarin een mens 'n ander help, bedien en bystaan (vgl. Louw & Nida, 1988:460; Smit, 1990:134). Volgens Ef 4:7 en 16 is elke lidmaat geroep om met sy of haar gawes diensbaar te wees (vgl. Rom. 12:3-8 1 Kor. 12 7-11).

Leiers is ook daartoe geroep om die gelowiges nie bloot toe te rus om tekortkominge te bowe te kom nie, maar ook om hulle te begelei om tot dienswerk oor te gaan. Die werk van die gemeente is die werk van ál die lidmate, nie slegs van 'n klein klompie elite mense, leiers, "gehuurdes", gewilliges of "slawe" in die gemeente nie. In die gemeente van die Here bestaan daar nie so iets soos passiewe of rustende lidmaatskap nie.

Vir kleingroepleierskap beteken hierdie frase:

- 'n Kleingroepleier moet so lei dat nie net hy nie, maar al die lede saam die dienswerk verrig en dat elkeen met sy of haar gawes diensbaar kan wees.
- 'n Kleingroepleier moet die versoeking om alles self te wil doen weerstaan en hom daarop toelê om mense te bemagtig en aan te spoor vir hulle dienswerk. So kan die kleingroep se identiteit as charismatiese (begaafde) gemeenskap (Ef 4:7, 16) tot sy reg kom.

#### 4.2.2.3 Die uiteindelike doel: die opbou van die liggaam van Christus

Op die oog af lyk die uitdrukking "opbou van die liggaam" na 'n vermenging van 'n organiese groei- en 'n bou-metafoor. In die Griekse spraakgebruik was sulke uitdrukkings egter redelik algemeen (vgl. Lenski, 1961b:531; Abbot, 1968:531) en ook in Afrikaans word gepraat van "liggaamsbou".

In Ef 4:16 word verduidelik dat die verskillende liggaamsdele by mekaar pas en as elkeen sy funksie (sy dienswerk volgens sy gawes) vervul, bou die liggaam homself op. Die liggaam van Christus word nie opgebou deur die grootse pogings van leiers alleen nie, maar deur die meerdimensionele en korporatiewe samewerking van al die lede.

Toegepas op kleingroepleierskap is die volgende van belang:

- Die werk van 'n kleingroepleier om die kleingroep op te bou, is nie 'n solo-poging nie.
- Ook die dienswerk van kleingroeplede is nie solo-pogings nie, maar gesamentlike diens tot opbou van mekaar onder toerusting, aansporing en koördinering van die leier.

- 'n Kleingroepleier se effektiwiteit hang grootliks af van die mate waartoe hy/sy die lede in die groep kan laat saamwerk en met hulle gawes laat dien dat hulle saam, mekaar en die kleingroep. as liggaam van Christus in die kleine, opbou.

### 4.2.3 Gevolgtrekkinge

Uit bogaande kan die volgende lyne getrek word:

- God het gekies om sy gemeente deur geestelike leiers te lei, toe te rus en te versorg.
- As geestelike leiers moet kleingroepleiers eers hulleself versorg voor hulle ander kan begelei en versorg.
- 'n Kleingroepleier is 'n herder wat ander met groot liefde en selfopoffering moet begelei.
- 'n Kleingroepleier is nie toevallig herder van die kleingroep nie, maar deur die Heilige Gees daarvoor geroep en toegerus
- Die kleingroeplede is, soos alle kinders van die Here, sy kosbare en baie spesiale mense wat Hy vir Homself met die bloed van Christus verkry het.
- Kleingroepleiers is aan die kleingroep gegee om die kleingroeplede geestelik toe te rus sodat hulle geskik kan wees vir dienswerk tot opbou van die kleingroep se lewe in die teenwoordigheid van God.
- Nóg die kleingroepleier, nóg die kleingroeplid is solo-diensknegte, maar almal in die kleingroep moet onder leiding van die kleingroepleier saam dien tot groei in Christus.

## 4.3 DIE SPIRITUALITEIT VAN DIE KLEINGROEPLEIER

Ten diepste is egte kleingroepleierskap nie bloot 'n saak van identiteit, eienskappe, styl en verantwoordelikhede nie (vgl. 4.4 - 4.7), maar van spiritualiteit. Volgen die die respondente se antwoorde op die vraelys-ondersoek (vgl. bylae A en B, vrae B1 - B2) speel die kleingroepleier se spiritualiteit 'n onmisbare rol in die die kleingroeplede se geloofsbelewing. Hierdie bevinding onderstreep die feit dat om ander tot dieper spiritualiteit te kan begelei, moet die kleingroepleier allereers op sy eie spiritualiteit let

### 4.3.1 Die kleingroepleier se lewe *coram Deo*

Die diepte van die kleingroepleier se spiritualiteit begin en draai rondom die besef dat God by hom is (vgl. Jos 1:5-6; Jer 1:8, Matt 28:20) en dat hy voortdurend leef in die teenwoordigheid van God wat hom deur en deur ken en hom gemaak het (vgl. Ps 139:1-18). Bewus daarvan dat sy lewe *coram Deo* is, kan die leier met krag en vertroue kans sien vir sy taak, maar word hy ook gedring om selfondersoekend in die woorde van die Psalmdigter te bid:

> Deurgrond my , o God,
> deurgrond my hart,
> ondersoek my, en sien tog my onrus raak.
> Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie
> en lei my op die beproefde pad! (Ps. 139:23-24).

Die bewustheid dat hy in die teenwoordigheid en voor die oë van die heilige en groot God lewe, vervul die leier met ontsag en 'n diep begeerte om Hom in alles te behaag (Storey, 1995:71). Aan die ander kant vul die besef van die teenwoordigheid van die liefdevolle en almagtige God die kleingroepleier met die wete "ek kan hierdie werk doen, want die Opperherder en -leier is by en met my" (vgl. 1 Pet 5:4; Matt 28:18-20; Hand 1:8, 20:32) en "God is vir ons wie kan dan teen ons wees?" (Rom 8:31).

Saam met Paulus kan die kleingroepleier wat bewus van God se lewende teenwoordigheid leef, ook sê: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee" (Fil 4:13), al word die werk soms deur beproewinge en terugslae bemoeilik (vgl. Fil 4:10-12).

Met hierdie oorsigtelike inleiding word nou enkele perspektiewe op die kleingroepleier se lewe *coram Deo* gegee:

#### 4.3.1.1 God in die sentrum

Die belangrikste lewenshouding wat vir die kleingroepleier se *coram-Deo*-lewe nodig is, is 'n ware Godgesentreerdheid (in teenstelling met die sondige selfgesentreerdheid). As God nie die sentrum en fokus van sy lewe is nie, kan die kleingroepleier nie ander sinvol in hulle verhouding met God begelei nie. Jesus sê die hart van die mens bepaal die vrug wat sy lewe sal dra: "Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor" (Luk 6:43-45). In lyn hiermee lui Spr 4:23 "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe".

Die *hart* van 'n mens is in die Bybelse sin van die woord, volgens Nouwen (1990:77) "the source of all physical, emotional, intellectual, volitional, and moral energies", "the center of perception and understanding", en "the seat of the will". Met *hart* word die mens se bewuste gevoelens, gemoedstoestand en wense, sowel as onbewuste impulse geassosiëer.

Die kleingroepleier moet homself voortdurend afvra of sy hart voor God reg is, of sy lewensgerigtheid en innerlike gesindheid op God gerig is, en of ander belangrike sake of afgode nie dalk 'n houvas op hom het en sy fokus van God aftrek nie. Indien hy afgode in sy lewe (hart) toelaat, sal hy nie meer God se teenwoordigheid beleef en God se stem kan hoor nie. Immers, God onttrek Homself, sy stem en sy leiding van leiers wat nie heelhartig hulle lewens op Hom en Hom alleen rig nie (vgl. 1 Sam 18:12, 28:6 oor Saul; en Eseg 14:1-5 oor die afgodiese leiers van Juda).

Christus wys sy volgelinge daarop dat hulle lewenswaardes reg moet wees sodat hulle nie vir hulle skatte op die aarde bymekaarmaak nie, maar skatte in die hemel want "Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees" (Matt 6:19-21). As die kleingroepleier se skat aardse rykdomme, status of posisie is, sal sy dade daardeur aangedryf word - openlik of verskans agter fronte. Die ideaal is dat God en sy geestelike rykdomme die strewe en dade van 'n kleingroepleier moet bepaal.

Die basiese beginsel vir 'n ware godvrugtige lewe lê in Matt 6:33 opgesluit "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee". Die opdrag is dat die kleingroepleier se hart op die regte plek moet wees. Wanneer die kleingroepleier se hart vol kommer is, is sy hart volgens Jesus (Matt 6:19-34) op die verkeerde plek. "To set our hearts on the kingdom therefore means to make the life of the Spirit within and among us the center of all we think, say, or do" (Nouwen, 1986:43).

Hierdie Godgerigtheid word deel van die kleingroepleier se lewe wanneer hy daarna strewe om al meer te kan sê: "en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê" (Gal 2:20). Hierdie gesindheid is 'n lewensingesteldheid van "God is my lewe" (vgl. Ps 16:2, 5; Ps 27).

Wat Jesus in Matt 6:33 van sy volgelinge, en daarom ook van kleingroepleiers, verwag, is om doelbewus en doelgerig daarna te streef dat God in hulle en deur hulle kan regeer en om in alles sy wil te doen (vgl. Rom 12:2). Die opdrag sluit in dat die kleingroepleier (as gelowige) *in die geloof* in God moet lewe en optree (vgl. Hab 2:4; Hebr 11, veral vv. 1-2 en 6). Omdat God se belange sy belange is, word die kleingroepleier se waardes en prioriteite daarvolgens bepaal en vasgestel.

#### 4.3.1.2 *Coram-Deo*-lewenswaardes

Verskeie belangrike lewenshoudinge vir egte spiritualiteit kan onderskei word (vgl. Bridges, 1983; Burger, 1995b:84-86). Hier word enkele belangrikes aangedui:

- **Nederige onderworpenheid en afhanklikheid**

Vir gelowiges, en daarom ook vir kleingroepleiers, wat as mense van nature geneig is om selfgerig, selfsugtig en hoogmoedig te wees, is die opdrag in Jak 5:10 "Onderwerp julle in nederigheid voor die Here en Hy sal julle verhoog". 'n Basiese lewenshouding van 'n kleingroepleier behoort te wees om sy eie kleinheid en sondigheid voor die groot en heilige God te erken en om homself gewillig aan God se heerskappy te onderwerp.

Hoewel God ver bo die mens verhewe is, is Hy bereid om die een wat nederig is, sy teenwoordigheid op 'n besondere manier te laat beleef (vgl. Jes 57:15). Met hoogmoed en selfgerigtheid bring die mens afstand tussen homself en God omdat hy hom verbeel dat hy sonder God en sy genade kan klaarkom, maar wanneer die mens voor God nederig en klein word, ontvang hy God se genade (Jak 4:6). Vir hulle wat hulleself in nederigheid aan God onderwerp, geld die woorde: "Nader tot God en Hy sal tot julle nader" (Jak 4:8).

Oor die verhouding tussen die belewing van God se teenwoordigheid en afhanklikheid van sy genade merk Van der Merwe(2) (1995:33) op: "Dit maak my tegelyk nederig en sterk. Die afhanklikheid van God maak my nederig en tegelykertyd maak die besef van wat ek alles in sy Naam en danksy sy teenwoordigheid kan vermag, my ook sterk". Nederige afhanklikheid maak nie dinamiese leierskap onmoontlik nie, maar is juis een van die maniere waarop die kleingroepleier krag en rigting ontvang vir sy verantwoordelike werk.

Die volgende wenke wat Bridges (1983:102) oor die beoefening van nederigheid gee, is ook op die kleingroepleier van toepassing:

- Hy kan mediteer oor Skrifgedeeltes wat areas in sy eie lewe waar hy nog selfgerig lewe, aanspreek
- Soos wat hy oortuig word van eie hoogmoed of selfgerigtheid, moet hy die sondes voor God bely en vir innerlike vernuwing bid.
- In die alledaagse lewe moet die gelowige homself oefen om die minste te wees deur byvoorbeeld openlik aan God die eer vir prestasies of suksesse te gee, of 'n medemens se belange bo syne te stel deur iemand anders voorrang in 'n tou by die bank te gee.

- **Lewe uit dankbaarheid vir God se genade**

Dankbaarheid tot God sluit nou aan by nederige onderworpenheid. Met dankbaarheid moet die kleingroepleier erkenning gee dat God in sy genade alles voorsien wat geestelik en fisies nodig is. Hierdie lewenshouding is volgens Bridges (1983:123) "a

recognition that we are totally dependent upon him (God - JWO); that all that we are and have comes from God".

Wanneer die kleingroepleier bewus is daarvan dat sy redding en nuwe lewe nie van sy eie prestasies afhang nie. kan hy in God en sy genade rus vind en uit dankbaarheid en met vreugde sy lewe tot eer van God lei God se nabyheid word op 'n besondere wyse beleef wanneer sy goedheid en liefde raakgesien word en Hy doelbewus met verwondering en waardering daarvoor geloof word.

Die kleingroepleier se leierskap is een van die baie maniere waarop hy dank en lof aan God toebring. Sy hele lewe moet egter 'n dankoffer aan God wees (Rom 12:1).

- **Lewe as geheiligde**

As Christen is die kleingroepleier geheilig. dit wil sê hy is in Christus vir God afgesonder en aan Hom toegewy. Hy behoort tot 'n ander kategorie of soort mensheid (Heyns, 1978:319). Die kleingroepleier is totaal van God se genade afhanklik om as geheiligde heilig te lewe. Heiliging is die proses van afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (HK, 1992:So 33; Ef 4:17-24). Heiliging is 'n proses waarmee die gelowige met en in die krag en genade van die Heilige Gees, in sy eie lewe besig is (Heyns, 1978:319-321, Van der Merwe(1), 1995:31-33).

Sonder die proses van heiliging waarvolgens Christus en die nuwe lewe in Christus 'n toenemende werklikheid word, bly God se teenwoordigheid 'n vae werklikheid of 'n totale onwerklikheid (vgl. Jes 59:1-2; Jak 4:1-10). Daarom moet die kleingroepleier homself daarop toespits om God se wil vir sy lewe te verstaan, sy sonde te bely en af te sterf (1 Joh 1:9; Ef 4:22) en te streef om volkome volgens die wil van God te lewe en heilig te wees (Ef 4:24).

- **Lewe in opregtheid**

Om opreg voor God te wees, beteken om "*oop*" voor God te leef sonder pretensies en maskers (Burger, 1995a:85). Wanneer die kleingroepleier leer om oop en opreg voor God te leef, sal sy ontmoeting met God eg wees en sal hy leer om voor mense al meer homself te wees.

Opregtheid bring bevryding van 'n valse self en bring nuwe rustigheid, vreugde en vrede omdat die mens nader aan sy egte self beweeg en só ook nader aan God wat valsheid en bedrog haat (vgl. Mat 23:25-28).

### 4.3.1.3 Oefening in geestelike dissiplines

1 Tim 4:7b lui "Oefen (γυμναζε) jou liewer om in toewyding aan God te lewe (προς ευσεβειαν)". Die woorde "om in toewyding aan God te lewe" is 'n vrye vertaling van προς ευσεβειαν. Die woord ευσεβεια beteken spiritualiteit (vgl. Noordegraaf, 1993:60-62; Louw, 1989:10-11). Foster (1990:4-6) toon aan dat blote menslike pogings deur wilskrag en uiterlike wette en reëls nie mense verander nie. Innerlike vernuwing vind alleen plaas deur God se genade waarvolgens Hy deur sy Gees in mense werk.

Oor geestelike dissiplines as beoefening van spiritualiteit sê Foster (1990:7): "God has given us the Disciplines of the spiritual life as a means of receiving his grace. The Disciplines allow us to place ourselves before God so that he can transform us". Die dissiplines wat Foster (1990) onderskei, is meditasie, gebed, vas, studie, eenvoud, afsondering, onderdanigheid, diens, belydenis, aanbidding, leiding en feesviering.

Oor die beoefening van geestelike dissiplines merk Nouwen (1986:66) onder meer op "A spiritual life without discipline is impossible ... The practice of a spiritual discipline makes us more sensitive to the small, gentle voice of God ... Through the practice of a spiritual discipline we become attentive to that small voice and willing to respond when we hear it".

'n Kleingroepleier wat graag sy leierskap *coram Deo* wil uitvoer, sal, nie uit wettisisme nie, maar uit dankbaarheid vir God se genade, moet leer om deur beoefening van die geestelike dissiplines homself vir God se genade oop te stel. Die beoefening van die geestelike dissiplines behoort 'n integrerende deel te wees van elke kleingroepleier se strewe om naby en met God te lewe. Talle hulpmiddels oor geestelike dissiplines is op die mark en ook in gereformeerde kringe word *retraites* (vgl. 5.4.1.4; 5.5.6) gehou om mense oor geestelike dissiplines toe te rus (vgl. Le Roux, 1991:217-227).

### 4.3.1.4 Roepingsbesef

Om sy taak te beleef as werk wat hy vir God in God se teenwoordigheid doen, is dit baie belangrik dat die kleingroepleier homself sal sien as deur God geroepe en aangestel (vgl. 4.2.1.3). In die Skrif word op talle plekke melding gemaak van die belangrike rol wat roeping in die lewe en werk van leiers gespeel het (vgl. byvoorbeeld Eks 3:1-4:17; Jes 6; Jer 1:4-5, Hand 13:2, Hand 20:28). In sy verhouding tot die verskillende gemeentes aan wie hy briewe geskryf het, het Paulus se roeping 'n deurslaggewende rol gespeel en het hy telkens klem daarop gelê dat die Here hom tot apostel geroep en aangestel het (vgl. Rom 1:1,5; 1 Kor 1:1; Gal 1:1-2; Ef 1:1; Kol 1:1; 1 Tim 1:1; 2 Tim 1:1; Tit 1:1). Sy roeping van God was vir hom 'n belangrike vertrekpunt vir sy verhouding tot, en werk in die gemeentes (vgl. 1 Kor 9; 2 Kor 10; Gal 1).

Roeping is nie iets wat net tot leiers beperk is nie, maar dit kom tot elkeen wat tot geloof in Christus kom (vgl. Rom 8:30, 1 Kor 1:23-24; 1 Pet 2:9). Die kerk is immers 'n gemeenskap van geroepenes (Heyns, 1978:359). Daarom is 'n leier 'n geroepene onder geroepenes.

Roeping sluit verlossing en bekering in, maar ook die nuwe lewe volgens God se plan vir elke Christen se lewe. Burger (1995a:49) stel dat "Een van die wonderlikste waarhede van die evangelie is dat die Here 'n eiesoortige plan vir elkeen se lewe het en daarom 'n eie pad met elkeen loop. 'n Soort vrede en rustigheid kom in 'n mens se lewe en bediening wanneer jy vrede gemaak het met hierdie genade".

Oor leierskap en roeping skryf Bishop (1995:63) onder andere "A true Christian leader is not a man or a woman seeking the blessing of God upon his or her own agenda and initiative, but from the very beginning it is a leader responding to and co-operating with God Himself. An authentic, convincing call from God is the cure for doubt that this is really of the Lord". Die feit dat hy deur God vir sy besondere taak geroep is (kyk 4.2.1.3), moet die kleingroepleier lei om sy werk as 'n belangrike *coram-Deo*-aktiwiteit te sien, sy beste te wil lewer en om in moeilike tye te volhard.

Die kleingroepleier kan ook seker wees dat God aan hom alles gee wat nodig is om die roeping te kan vervul (2 Pet 1:3). Om sinvol sy roeping te kan uitleef, moet die kleingroepleier voortdurend die roeping opnuut aanvaar, sy roeping ernstig opneem en daarin volhard om dit so goed moontlik uit te leef (Bishop, 1995:66-67). Die kleingroepleier moet nooit sy roeping as groepleier los van die Roeper sien nie.

### 4.3.2 Biddende gemeenskap met God

Gebed is die vernaamste manier waarop die kleingroepleier sy dankbaarheid teenoor God kan betoon en God se teenwoordigheid kan soek en beleef (vgl. 3.7.3.2). En tog is dit juis op hierdie terrein waar menige leier (en daarmee saam die mense wat hy lei) faal en gevolglik kragteloos in sy bediening word (Carson, 1992:15-17).

Oor biddende gemeenskap met God sê Nouwen (1990:76):

> Prayer is standing in the presence of God with the mind in the heart; that is the point of our being where there are no divisions or restrictions and where we are totally one. There God's Spirit dwells and there the great encounter takes place. The heart speaks to heart because there we stand before the face of the Lord, all seeing, within us.

Volgens Matt 6:6 is afsondering 'n belangrike konteks waarin persoonlike gebed moet plaasvind: "as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie". Aan die ander kant behoort gebed ook deel van 'n lewenstyl te wees (1 Tess 5:17) en is gebed nie beperk tot tye van afsondering en stilte nie (vgl.

byvoorbeeld Nehemia se skietgebed in die loop van sy gesprek met koning Artasasta volgens Neh 2:4b).

In die Evangelie volgens Lukas word ten minste 13 keer verwys na die gebedslewe van Jesus (3:21, 5:16, 6:12, 9:18, 28-31, 10:21, 11:1, 22:19; 22:32, 22:39-46, 23:34, 23:46; 24:30). Veral die woorde in Luk 5:16 beskryf treffend hoe Jesus in besige tye waarin baie mense sy aandag gesoek het, tyd gemaak het vir gebed: "Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid". Van der Merwe(2) (1995:107) toon aan dat Jesus 'n volmaakte balans gehandhaaf het tussen

- die onttrekking van mense om in afsondering alleen met God te wees; en
- die totale betrokkenheid by die wêreld van probleme en vreugdes van mense.

Om sinvol met mense te kan lewe en die kleingroeplede te lei, moet die kleingroepleier tyd maak om in afsondering alleen met God te wees vir biddende gemeenskap met Hom.

In sy voorbidding vir die kleingroep moet die kleingroepleier homself ook deur die Gees van God laat lei ten opsigte van die sake waarvoor hy vir elke kleingroeplid moet bid (vgl. Jud :20b). Neighbour (1994:75) verwys na gebed as 'n "listening room" (luisterruimte) om daarmee te beklemtoon dat die kleingroepleier volgens God se wil (dit wil sê: gelei deur sy Gees en Woord) as dienskneg van God moet bid nadat hy eers probeer peil het wat God wil hê hy moet bid. Anders kan gebed maklik ontaard in die oordra van 'n "inkopielys" wat volgens die kleingroepleier se eie agenda opgestel is. Neighbour (1994:84) noem onder andere die volgende sake waarvoor 'n kleingroepleier behoort te bid:

- 'n Honger na God in die kleingroeplede.
- Dat God Homself nog meer aan die groep kenbaar sal maak.
- 'n Ontevredenheid onder die groeplede met die sondes in hulle eie lewens.
- 'n Passie om uit te reik na ongeredde mense.
- Geloof dat God groot dinge kan doen
- Om sleutelfigure wat Hy wil gebruik, voor te berei.
- Die persoonlike behoeftes van die kleingroepleier en sy gesin.

- Die verbreding van die kleingroepleier se visie van die liggaam van Christus en sy liefde daarvoor.
- Vir die vernuwing van dooie kerklike strukture oor die hele wêreld.

**Samevattend** gestel:

- Die kleingroepleier moet, ten einde met God te kan lewe en mense in hulle spiritualiteit te kan begelei, 'n biddende mens wees.

**4.3.3 Luisterende gemeenskap met God**

Persoonlike omgang met die Woord van God is die kleingroepleier se luisterende gemeenskap met God. Daarin hoor hy God se stem met hom praat, leer hy God en sy wil ken en word hy innerlik versterk en vernuwe. Aan Josua gee God, met die oog op die sukses en voorspoed van sy lewe en werk as leier, die opdrag om die wet van Moses (toegepas op vandag: die Woord van God) te oordink en daarvolgens te lewe (Jos. 1:7-8). Timoteus kry soortgelyke raad by sy mentor Paulus (2 Tim. 3:14-17). Oor sy luisterende gemeenskap met God, skryf Jesaja (50:4) soos volg:

> Die Here my God het my geleer
> om die regte woorde te gebruik
> sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat.
> Elke môre laat Hy my opnuut weer luister,
> Hy laat my luister soos 'n leerling moet luister.

Oor 'n Bybelstudiemetode waarvolgens na God geluister kan word, is reeds in 3.7.3.1 gehandel. Die metode is ook vir die kleingroepleier se persoonlike omgang met die Skrif van belang en kan met vrug vir ware luisterende omgang met God gebruik word.

Beide Nicol (1989:3-5) en Foster (1990:19-41) beklemtoon dat luisterende gemeenskap met God beslis met meditasie of biddende bepeinsing gepaard moet gaan. Ook hiervoor is, soos in die geval van gebed, 'n plek van stilte en afsondering waar telefone en ander onderbrekings nie kan steur nie, nodig. Meditasie is 'n

dissipline van internalisering en personalisering van 'n Skrifgedeelte. Tegnieke van studie, beelding en memorisering kan van groot waarde wees (Foster, 1990:33-39).

Oor die fyner detail van meditasie en luisterende gemeenskap met God, behoort 'n kleingroepleier 'n goeie boek (soos byvoorbeeld dié van Foster (1990) waarna hierbo verwys is) oor die onderwerp te raadpleeg. Op meeste *retraites* (vgl. 5.4.1.4; 5.5.6) word die deelnemers daarvan die basiese beginsels van Bybelse meditasie geleer (vgl. Le Roux, 1991:217-227).

**Samevattend** kan hier opgemerk word

- 'n Gereformeerde kleingroepleier lewe in God se teenwoordigheid deur met die Skrif om te gaan, dit te bepeins en in alles doelbewus daarvolgens te handel.

### 4.3.4 Gemeenskap met medegelowiges

Die gevaar bestaan dat 'n kleingroepleier so besig kan wees om ander te begelei in hulle gemeenskap met God en mekaar, dat hyself nie werklik deel van die gemeenskap van gelowiges is nie. Ook vir die kleingroepleier is dit belangrik om sy lewe voor God *saam met ander* te belewe en te beoefen. Vir die gemeenskap met die kleingroeplede is die woorde van Buchanan (1995:86) van belang: "as we focus on Jesus and away from self so we see others with new eyes and enjoy them for what they are, children of God for whom Christ died".

In die teenwoordigheid van God en deur die oë van God kry medegelowiges nuwe betekenis. Maar deur sy koinoniale verhouding met medegelowiges beleef hy God se teenwoordigheid en leer hy Hom beter ken. In die woorde van Miller (1994:71): "Strengthening our emotional connection with people can (under the right circumstances) strengthen our spiritual connection with God".

Die kleingroepleier moet volwasse genoeg wees om te erken "ek het my medegelowiges nodig - onder andere ook vir my eie lewe voor God" (vgl. Louw, 1993:184). Immers, *al* die lede in die liggaam van Christus is afhanklik van mekaar (vgl. 1 Kor 12:21-26; Ef 4:16). Verder is daar ook 'n lotsverbondenheid tussen die

kleingroepleier en die lede omdat hulle saam as korporatiewe eenheid met God op pad is.

Uit die sekulêre literatuur is die boek van Covey (1992) *The seven habits of the most effective people* oor die karakter-etiek van leiers, se klem op die leiers se interafhanklikheid van hulle medemens, van belang. Covey (1992:185-192) beklemtoon sake soos onderlinge verbondenheid, wedersydse begrip en vertroue, integriteit, liefde, goeie kommunikasie en samewerking.

Prakties kan die volgende as wenke vir die kleingroepleier dien om *koinonia* met sy medegelowiges te beoefen:

- Hy moet erken dat hy medegelowiges nodig het vir sy eie verhouding met God.
- Hy moet mooi na sy medegelowiges in die kleingroep luister om te hoor wat God deur hulle aan hom wil sê.
- Hy kan sy eie hartseer en probleme met die kleingroeplede deel sodat hulle ook vir hom kan bid.
- Samekomste met mede-kleingroepleiers en/of 'n geestelike mentor om oor persoonlike sowel as die groep se vreugdes en probleme te praat en saam te bid, kan van groot waarde wees. Kleingroepleiers is immers ook deel van 'n gemeenskap van leiers. (Hierdie saak word in hoofstuk 5 in groter diepte ondersoek).

### 4.3.5 Lewe in die wêreld

'n Spiritualiteit wat slegs innerlik en gemeentelik (of kleingroep-) georiënteerd is, is ongebalanseerd (vgl. 2.4.2.9; 3.4.3; 3.7.4). Reeds onder 4.3.2 is na aanleiding van Jesus se voorbeeld daarop gewys dat die kleingroepleier 'n balans tussen gemeenskap met God en betrokkenheid by die wêreld moet handhaaf. Hieroor merk Van der Merwe(2) (1995:109) soos volg op:

> Christ demonstrated that spirituality does not only consist of separating yourself from the world in a life of prayer and contemplation. True spirituality also entails a radical life of service, right down to the apparently most menial task, right down to our last ounce of strength.

God is so betrokke by hierdie wêreld dat Hy sy Seun daarvoor laat mens word en laat kruisig het (vgl. Joh 3:16) en Christus was bereid om vir hierdie wêreld sy Goddelike heerlikheid as Seun van God prys te gee en sy lewe daarvoor af te lê (vgl. Fil 2:5-8). Kort voor sy hemelvaart sê Jesus vir sy dissipels, en in hulle vir sy volgelinge op aarde: "Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20:21). Christene is tot diens en evangelisering van hierdie wêreld geroep.

Om die kleingroep te begelei om ook in die wêreld hulle spiritualiteit deur ware betrokkenheid uit te leef, moet die leier hulle daarin voorgaan. Soos Christus aan die dissipels betrokkenheid by hierdie wêreld gedemonstreer het (Van der Merwe(2), 1995:108-109), moet die kleingroepleier ook sy plek in die wêreld vol staan. Die lewe in die wêreld kan onder andere betrokkenheid by die werk, skool en ander gemeenskapsake soos 'n stryd vir reg en geregtigheid, voeding- en behuisingskemas insluit.

Gelei en bekragtig deur die Gees moet die kleingroepleier sy lig in hierdie wêreld laat skyn. Paulus roep gelowiges (wat kleingroepleiers en -lede insluit) in Ef 5:6-17 op om te leef "as mense van die lig" (5:8) en gee hieroor die volgende praktiese raad:

> Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie as onverstandige mense nie, maar as verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen (Ef 5:15-17).

Die kleingroepleier wat na hierdie wêreld kyk as God se wêreld (Ps 24:2) en streef om daarin vir God en met God te leef, sal ervaar hoe God se teenwoordigheid 'n baie wyer dimensie in sy lewe word as bloot godsdiensoefeninge en kerk. Sy totale lewe word erediens en lewe in God se teenwoordigheid en hy soek na geleenthede om sy spiritualiteit sigbaar te maak.

**Samevattend** kan gesê word:

- Om sy hele lewe as *coram Deo* te beleef en ander te kan begelei om ook prakties in die wêreld oral en altyd *coram Deo* te lewe, moet die kleingroepleier homself oefen om in alles God se leiding en sy wil te soek en Hom oral en altyd te eer.

## 4.4 DIE KLEINGROEPLEIER SE IDENTITEIT

Met *identiteit* word meer bedoel as bloot die funksies of styl van leierskap (vgl. 4.6-4.7). Die *identiteit* van die kleingroepleier beskryf *wie* die kleingroepleier in die kleingroep en tussen die lede is.

Die volmaakte voorbeeld van leierskap in die Skrif is dié van Jesus (vgl. Boehme, 1989:ix, 87). Jesus se identiteit as leier kan soos volg beskryf word:

- As ***Dienskneg*** was Hy bereid om Homself te verneder, sy goddelike heerlikheid prys te gee, en om sy lewe vir ander neer te lê (Fil 2:5-8); en verder om sy dissipels se voete te was (Joh 13:1-17).

- As die goeie ***Herder*** het Hy 'n persoonlike verhouding met elkeen in sy kudde en lei Hy hulle na weiding en lewe (Joh 10:1-16).

Die twee metaforiese beskrywinge van Jesus se identiteit sluit mekaar nie uit nie, maar oorvleuel mekaar se betekenisvelde. Sy identiteit kan met reg ook in een woord as diensknegherder beskryf word.

Deur Jesus se voorbeeld en sy opdragte word kleingroepleiers opgeroep om nie net as diensknegte en herders ***op te tree*** nie, maar om dit in die volle sin van die woord te ***wees*** (Marshall, 1991:66-70).

### 4.4.1 Die identiteit van 'n diensknegleier

Die woorde *dien* of *dienskneg* word 1452 keer in die Bybel gebruik (Boehme, 1989:87). Die Christen is immers geskep en herskep om te dien (vgl. Pred. 12:13). In Matt 20:20-28 verduidelik Jesus op treffende wyse wat diensknegleierskap beteken (vgl. Richards & Hoeldtke, 1980:106-109; Marshall, 1991:66-67):

Jakobus en Johannes se moeder vra (moontlik op versoek van haar seuns) of hulle elkeen 'n sleutelposisie in sy koninkryk kan kry. Die ander dissipels was baie kwaad toe hulle van hierdie versoek hoor. Juis op daardie oomblik, toe posisie, status en leierskap vir die dissipels 'n belangrike kwessie word, roep Jesus hulle bymekaar en leer hulle soos volg oor wat die identiteit (ingesluit die status, mag en posisie) van 'n geestelike leier is onder dié wat hy lei:

> Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense (Matt 20:25-28).

In die lig van Matt 20:20-28 en ander Skrifgedeeltes wat oor dieselfde onderwerp handel, asook die perspektiewe wat verskillende skrywers soos Richards en Hoeldtke (1980:106-107), Marshall (1991:70-73), Buchanan (1995:87) en Storey (1995:73-74) daaruit belig, kan die volgende beginsels oor **die kleingroepleier as diensknegleier** afgelei word:

- Sy leierskap beteken *nederige diens* waarin hy die lede en hulle belange hoër ag as homself en bereid is om hulle "voete te was" (vgl. Fil 2:3-4; Joh 13:13-17).
- Hy soek *nie sy eie voordeel* en wins nie, maar die voordeel van die wat hy bedien en begelei. Nie sy eie status en posisie tel nie, maar die kleingroeplede en hulle behoeftes.

- Hy is "in" die kring en "onder" die mense (vgl. Matt 20:26 en 27) as *deel van* hulle - 'n *primus inter pares*.
- As dienskneglеier wil hy *nie heers en baasspeel* nie, maar dienend lei.
- Hy *dwing mense nie*, maar trek hulle deur sy voorbeeld. Hy lei nie deur voor te sê nie, maar eerder deur sy *voorbeeld*.
- Hy *bemagtig* ander deur hulle gawes in ag te neem en hulle die geleentheid te gee om dit te gebruik. Hy nooi ander uit om saam met hom verantwoordelikheid te neem.
- Hy is bereid om na ander te *luister* sodat hy sensitief kan wees vir hulle behoeftes en daarvolgens kan optree en nie volgens sy eie agenda nie (vgl. Fil 1:9-10). Hy gee aan sy kleingroeplede nie bloot wat hulle wil hê nie (begeertes), maar wat hulle werklik nodig het (behoeftes).
- Hy aanvaar *verantwoordelikheid* vir sy pligte as dienskneg en is bereid om daaroor *verantwoording* te doen.
- Sy doel is om mense so te lei dat nie alleen hulle uiterlike gedrag verander nie, maar dat deur sy diens en begeleiding God hulle *van binne kan vernuwe* (vgl. Rom 12:1-2). Die gevolg hiervan is dat mense nie anders optree omdat hulle moet of hulle daartoe gedwing en gemanipuleer word nie, maar omdat hulle van harte wil.

In die eerste plek is die dienskneglеier in diens van God en verwag hy sy opdragte van Hom sodat hy die kleingroeplede met God se liefde en genade kan bedien en begelei. Hy dien God deur ander te bedien (vgl. 1 Joh 4:20). Uiteindelik is daar net een Hoof van die kleingroep as εκκλησια, naamlik Jesus Christus (vgl. Ef 1:22; 4:15) en elkeen in die kleingroep staan as sy diensknegte onder sy liefdevolle heerskappy.

### 4.4.2 Die identiteit van 'n herderleier

Reeds onder 4.2.1.2 is die kleingroepleier se roeping as herder van 'n kudde bespreek. Na aanleiding van Jesus se identiteit as herder kan heelwat afgelei word oor die identeit van die kleingroepleier.

Uit Joh 10:1-16 waar Jesus sy eie herderskap beskryf, blyk onder andere die volgende perspektiewe:

- Die goeie herder het met sy skape so 'n persoonlike verhouding dat hy hulle op die naam ken en dat hulle sy stem ken en reageer as hy roep (Joh 10:3).
- Hy lei hulle deur voor hulle uit te loop (voorbeeld) en hulle volg hom omdat hulle hom ken (Joh 10:4-5, 14).
- Hy bring hulle by weiding en lewe in oorvloed (Joh 10:7, 9-10).
- Hy lê sy lewe vir sy skape af en is bereid om alles vir hulle op te offer (Joh 10:11, 15).

Die beskrywing van die slegte herders in Eseg 34:2-6 gee verdere lig oor die identiteit van 'n geestelike herder. Toegepas op die kleingroepleier as herder, blyk uit Joh 10 en Eseg 34 die volgende perspektiewe:

- Die kleingroepleier se herderskap is sowel *korporatief* (op die kleingroep as geheel, as kudde) en individueel (op elke lid persoonlik) gerig.
- Hy het die kleingroep en elkeen in die kleingroep *lief* en ken hulle met hulle unieke behoeftes persoonlik.
- Hy is bereid om van homself (sy tyd, energie, kundigheid en ander bronne) vir die kleingroep *te gee en op te offer*.
- Hy is 'n liefdevolle en sensitiewe *versorger* wat mooi oplet op elkeen se besondere behoeftes en probleme.
- Hy is 'n *helper* vir die swakkes, 'n *dokter* vir die siekes en 'n *soeker* na dié wat weggedwaal of weggeraak het.
- 'n Kleingroepleier is as herder nooit hard en wreed nie, maar is vol liefde en *deernis* oor elkeen in sy sorg
- Nie wat hy by die kleingroeplede kan kry nie, maar wat hy vir hulle kan gee, is vir die hom as herder belangrik. *Nie sy eie status* of eer nie, maar hulle versorgingsbehoeftes staan op die voorgrond.
- Hy pas die skape op en *beskerm* hulle teen die gevare van dwaalleraars en ander wat hulle geestelik skade wil aandoen (vgl. Ps 23:4; Hand 20:28-32).
- In *opdrag van Christus*, die Opperherder (1 Pet 5:4), lei die kleingroepleier die groep as kudde met toewyding en oorleg (vgl. Ps 78:72). Hy probeer dus voortdurend by God te wete kom hoe en waarheen hy hulle moet lei.

**Samevattend** dui die kleingroepleier se identiteit as herder op die feit dat hy leier, versorger, dokter, beskermer, toeruster, soeker en helper is.

## 4.5 DIE EIENSKAPPE VAN 'N KLEINGROEPLEIER SE LEWE

'n Kleingroepleier hoef nie uitstaande kundigheid en hoogstaande kwalifikasies te besit wat net deur sommige mense verwerf kan word nie (Mitchell, 1995:161). Die teendeel is eerder waar: iemand wat oorbekend is vir sy kundigheid kan maklik die vrymoedigheid van die ander lede demp. Wat wel nodig is, is dat hy as diensknegherder (4.4) 'n geloofwaardige lewe met egte Christelike eienskappe lei sodat hy daardeur toon dat hy die "reg" verdien (waardig is) om ander te lei (1 Kor 4:2).

Onder 4.3 is die kleingroepleier se lewe reeds beskryf as 'n lewe in God se teenwoordigheid. Hierdie lewe in God se teenwoordigheid moet in sy lewenstyl gereflekteer word. Wat die kleingroepleier ***is***, is belangriker as wat hy ***doen*** (Burger, 1995a:36-38). Wat hy in die kleingroep doen, moet voortspruit uit wat hy is. As sy lewe immers nie in orde is nie, kan hy mense nie effektief in spiritualiteit lei nie omdat sy lewe hom diskwalifiseer.

**Die basiese vereiste van 'n kleingroepleier kom daarop neer dat hy God se genade moet ken en daaruit moet lewe.** Hy moet uit die verlossing van Christus en in die krag van die Heilige Gees onberispelik lewe (vgl. Venter, 1976:77-89). Richards en Hoeldtke (1980:117) meen "the basic qualification for spiritual leaders has nothing to do with skills or training or even the possession of particular spiritual gifts. The basic qualification for spiritual leaders is that they be living demonstrations of the reality of all that they teach!". Hoewel God hoë vereistes aan 'n geestelike leier stel, is die meeste vereistes ook lewensreëls wat God aan elke Christen stel (Oostenbrink, 1988:19).

In Tit. 1:5-9, 1 Tim. 3:1-7 en 1 Pet. 5:1-4 word lewenskwaliteite van die ouderling as geestelike herder en leier bespreek. Reeds onder 4.2 is aangetoon dat die voorskrifte wat vir die pastorale werk van die ouderling geld, ook op die pastorale werk van die kleingroepleier van toepassing is. Richards en Hoeldtke (1980:118-119) het 'n lys van

geestelike eienskappe saamgestel om aan te toon hoe 'n geestelike leier se lewe moet lyk. In vertaalde vorm kan die lys soos volg weergegee word:

| Skrifgedeelte | Eienskap | Verklaring |
|---|---|---|
| Kenmerke soos weergegee in Tit 1:5-9 | 1. Onberispelik | Nie tugwaardig nie, en onkreukbaar. |
| | 2. Getrou aan sy vrou | Nie 'n veelwywer nie (hiermee word geskeides en weduwees nie uitgesluit nie) |
| | 3. Gelowige kinders | Sy kinders moet nie die naam hê dat hulle losbandig en opstandig teen gesag is nie. |
| | 4. Nie eiesinnig nie | Nie aanmatigend en selftevrede nie. |
| | 5. Nie opvlieënd nie | Nie aggressief of humeurig nie. |
| | 6. Nie 'n dronkaard nie | Nie 'n te groot liefde vir drank nie. |
| | 7. Nie 'n rusiemaker nie | Nie bakleierig of rusiemakerig nie. |
| | 8. Nie 'n soeker na oneerlike wins nie | Nie 'n gierigaard nie. |
| | 9. Gasvry | Liefdevol teenoor vreemdelinge en gaste. |
| | 10. Lief vir wat goed is | Goedheid liefhê |
| | 11. Verstandig | Beheersd, emosioneel gesond, gematigd. |
| | 12. Regverdig | Regverdig, opreg en streef na geregtigheid. |

| | | |
|---|---|---|
| | 13. Toegewyd | Verantwoordelik in uitvoering van pligte teenoor God en mense. |
| | 14. Selfbeheersd | Ingetoë en gedissiplineerd. |
| | 15. Vashou aan die betroubare Woord | Verbind tot God se Woord as gesagvol. |
| | 16. In staat om in die gesonde leer te onderrig. | Moedig ander aan deur hulle God se Woord te leer. |
| | 17. In staat om argumente te weerlê | Kan hulle wat téén die waarheid praat, weerlê. |
| | 18. Nugter | Kalm en beheers van gees. |
| | 19. Inskiklik | Regverdig, billik, staan nie op sy eie regte nie, aanpasbaar. |
| Bykomende kenmerke volgens 1 Tim 3:1-7 | 20. Kan sy eie gesin goed beheer. | 'n Goeie leier in sy eie gesin. |
| | 21. Nie 'n nuwe bekeerling nie | Nie te jonk in sy Christenskap nie. |
| | 22. 'n Goeie naam by buitestaanders. | 'n Goeie ambassadeur van Christus by nie-Christene. |
| | 23. Gewillig, nie uit dwang nie | Dien nie teen sy wil nie |
| | 24. Soos God dit verwag | Volgens God se aanstelling |
| | 25. Nie vir eie gewin nie | Nie geld-gemotiveerd nie |
| Bykomend uit 1 Pet 5:1-4 | 26. Nie baasspelerig nie | Nie dominerend nie ('n herder moet lei, nie dryf nie). |
| | 27. As 'n voorbeeld | Aangenaam om te volg as |

| | | |
|---|---|---|
| | | gevolg van sy voorbeeld. |
| | 28. Verantwoordelik aan die Opperherder | Gemotiveer deur die onverganklike kroon om saam met Christus te regeer. |

By hierdie lysie kan ook nog die eienskappe van die vrug van die Gees volgens Gal 5:22-23 gevoeg word, naamlik "liefde vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing". Hierdie eienskappe behoort volgens Gal 5:13-26 nie net deel van leiers se lewens te wees nie, maar van elke Christen se lewe.

Met bogenoemde eienskappe word nie gesê dat die kleingroepleier volmaak en sondeloos moet wees nie. Volmaaktheid en sondeloosheid is immers ideale wat eers in die lewe hierna verwesenlik sal word. As geestelike leier moet sy lewe egter kenmerkend Christelik en Geesvervuld wees. Indien sy lewenstyl duidelik met die basiese vereistes verskil, moet hy (nog) nie as kleingroepleier oorweeg word nie (vgl. Venter, 1976:84-85, 101, 104).

Smit (1990:223) toon oortuigend aan dat die Heilige Gees die nuwe lewe in Christus in 'n leier realiseer, aan hom gawes vir sy dienswerk gee en betrokke is by sy "persoonlikheidsontwikkeling en pastorale identiteitsvorming". Om as kleingroepleier Christelik te lewe en die eienskappe wat nodig is vir leierskap te openbaar, moet die kleingroepleier homself deur die Gees van God moet laat lei (Gal 5:16-18) en met die Gees laat vervul (Ef 5:18). So 'n lewe deur die Gees beteken dat hy homself bewustelik onder die beheer en heerskappy van die Gees plaas (vgl. Floor, 1979:63-69).

Op praktiese vlak is dit nodig dat 'n kleingroepleier in terme van tyd en gewilligheid vir die werk beskikbaar is. Hy moet vorige ervaring van kleingroepe hê as groeplid, hulpleier of kleingroepleier sodat hy weet hoe en waarvoor 'n kleingroep byeenkom en funksioneer.

stresvolle en onsekere situasies verkies groeplede outokratiese leiers wat duidelike en direktiewe leiding en rigting kan gee. Sodra die stres verminder, die situasie meer gemaklik raak en die take van die kleingroeplede duideliker is, ontstaan toenemend frustrasie en ontevredenheid ten opsigte van die outokratiese leier (Steyn & Uys, 1988:227-228; Beebe & Masterson, 1994:268).

Toegepas op die leier van 'n kleingroep in 'n gemeente, word van die kleingroepleier vereis om veral in die begin van die kleingroep se bestaan, wanneer die funksionering en doel van die kleingroep vir die lede onseker is, meer direktief en gesagvol op te tree. Ook in krisistye soos tydens konflik tussen lede, is 'n meer direktiewe benadering toepaslik. Sodra die situasie egter meer ontspanne word, moet die kleingroepleier sy styl aanpas. Anders word kleingroeplede se spontaneïteit onderdruk en word hulle gefrustreerd omdat hulle behoeftes nie ontmoet word nie.

#### 4.6.1.2 Die laissez-faire-styl

In teenstelling met die outokratiese styl volg die laissez-faire-styl 'n passief-afwagtende benadering. Hierdie styl word dikwels in terapeutiese groepe gebruik (Barnard, 1979:142). Die groepleier se deelname word tot die minimum beperk en hy gee net inligting wanneer dit gevra word (Ridgeway, 1983:231). Die groep neem hulle eie besluite oor wat hulle gaan doen, hoe hulle dit gaan doen en wie in die take met mekaar gaan saamwerk. Die laissez-faire leier maak nie waarde-oordele nie en probeer om op geen manier die groepproses te beïnvloed nie (vgl. Ridgeway, 1983:231; Lee, 1989:43).

Geestelike leiers wat hierdie styl van leierskap volg, word oor die algemeen beskou as swak leiers (Lee, 1989:227). Groeplede is ook geneig om met so 'n soort leier gefrustreerd en ontevrede te voel en minder produktief te wees (Steyn & Uys, 1988:228). Hierdie styl moet in die Christelike kleingroep in hoogs uitsonderlike gevalle en slegs vir kort tye gebruik word wanneer dit nodig is om die kleingroeplede geleentheid te gee om gemaklik met mekaar te kan kuier en mekaar beter te leer ken, soos byvoorbeeld wanneer hulle bymekaar is vir 'n gesellige braaivleisfunksie.

#### 4.6.1.3 Die demokratiese leierskapstyl

Die demokratiese leier is meer mensgerig. Hy gee nie sy gesag as leier aan die kleingroeplede oor nie, maar bemagtig hulle en nooi hulle uit om deel te neem as mense met gawes en talente (Storey, 1995:74; Lee, 1980:44). Hierdie soort leier is geneig om groter vertroue in mense se vermoëns en verantwoordelikheidsin te hê. Die leier is voortdurend betrokke by die groepaktiwiteite, maak voorstelle en vra stimulerende vrae om die groep te lei om saam te werk en oor sake te besluit (Engelbrecht & De Wet, 1985?:41).

Die nadeel van 'n demokratiese leierskapstyl is dat dit in stresvolle tye onsekerheid by sommige kleingroeplede kan skep en dat die groep langer neem om by 'n plan van aksie of vaste besluite uit te kom as die groep met 'n outokratiese leier (vgl. Steyn & Uys, 1988:227-228; Lee, 1989:44). Die gevaar is ook dat 'n groep eiewillig sy eie spiritualiteit kan ontwikkel en so weg van die Skrif en gereformeerde spiritualiteit kan beweeg.

Die demokratiese styl van leierskap het ook baie voordele. Na aanleiding van Ridgeway (1983:231), Steyn en Uys (1988:226-228), Lee (1989:44) en Nel (1994:72) kan die volgende voordele uitgewys word:

- Deelname en betrokkenheid van die kleingroeplede word bevorder.
- Groeplede het meer vrymoedigheid en geleentheid om hulle eie idees en insigte met mekaar te deel.
- Omdat groeplede bereid is om met mekaar te deel, word meer inligting en perspektiewe oor 'n bepaalde saak gehoor en oorweeg.
- Die leier kan makliker as diensknegleier optree, ander bedien en bemagtig om hulle gawes te gebruik.
- Kleingroeplede se motivering om insigte en besluite wat uit die groep kom, deel van hulleself te maak (te internaliseer), is hoog omdat hulle self aan die besluitnemingsproses deel gehad het.
- Die kleingroeplede is minder afhanklik en meer volwasse en selfstandig as in die geval van kleingroeplede in 'n outokratiese situasie.

- Omdat die kleingroepleier deel is van die kleingroep, is die groep ook vir hom 'n hawe van versorging en ondersteuning in plaas van 'n eensydige bedienings- en leidingsobjek wat sy tyd en energie tap.

### 4.6.2 Die Christokratiese leierskapstyl


Op die oog af lyk dit of 'n logiese keuse vir 'n leierskapstyl by die demokratiese styl lê - veral as met Westerse oë daarna gekyk word. Storey (1995:74) meen egter dat dit nie so eenvoudig is nie: "The biblical model is hardly one of democratic leadership and in any case democracy has great dangers". Hy wys op die gedrag van die skare (die volk van God onder leiding van die destydse geestelike leiers) wat op Goeie Vrydag geskreeu het "kruisig Hom". Hoewel die *vox populi* nie gelyk aan die *vox dei* gestel mag word nie, wys Storey aan die ander kant weer daarop "that the councils of the church, beginning with the council of Jerusalem, were exercises in a form of Christian democracy where a corporate judgement was developed. What then is the difference?"

Die saak het daarom twee kante waarvolgens "ja" en "nee" vir 'n demokratiese styl gesê kan word. Uiteindelik bly *teokrasie* die kerk se ideaal. Volgens die Gereformeerde kerkregeringstelsel regeer Christus sy kerk (Du Plooy, 1982:76), maar Hy doen dit deur sy Woord, sy Gees wat in die gelowiges woon, en mense wat Hy toerus en vir sy kerk gee (Nel, 1994:72).

In die lig hiervan kan van 'n **Christokratiese styl** gepraat word. Hiervolgens is Christus die eintlike Leier en die enigste Hoof van sy kerk en daarom ook van die kleingroep. Deur sy Gees wat in sy mense (sy volk) woon, voer Hy sy heerskappy. Die groepleier staan, soos die kleingroeplede, onder die gesag van Christus en lei die kleingroep só dat hulle saamwees 'n saamluister na God kan wees. Die fokus is 100% op die mense wat hy lei én 100% op God na Wie toe en in opdrag van Wie hy die mense begelei sodat hulle, soos hy (die leier) in die teenwoordigheid van God kan lewe. Al die voordele van die demokratiese styl kan gebruik word sodat die groep *saam* kan besin en onderskei wat die wil van God is (vgl. Rom 12:2), en nie alleen die kleingroepleier nie. Die gelowiges is immers die tempel van God omdat Hy deur sy Gees in hulle woon

(1 Kor 3:16) en hulle in die volle waarheid lei (Joh 16:13). Alles wat die groep besin en doen, moet vanuit en volgens God se Woord besin en gedoen word (vgl. 2.4.2.2).

Die bestuursmatriks van Blake en Mouton (1985:12) is 'n poging om taakgerigtheid en mensgerigtheid te kombineer as 'n ideale wenkombinasie. Hulle stel dit soos volg voor:




(Die Bestuursmatriks van Blake en Mouton, 1985:12)

Volgens Blake en Mouton se matriks is die ideale situasie dat leierskap doelbewus 'n spanpoging moet fasiliteer waarin optimale resultate deur optimale deelname, betrokkenheid en verbintenis van die lede van die groep bereik word. Toegepas op die kleingroep beteken dit dat optimale spiritualiteit (as doel van die groep) in die groep teweeggebring word deurdat al die groeplede optimaal deelneem en doelbewus vir God in sy teenwoordigheid lewe

Volgens die Christokratiese leierskapstyl is die gesag nie in die hande van die kleingroeplede of die kleingroepleier nie, maar is Christus die Gesaghebber wat deur sy Gees in die individuele kleingroeplede en in die korporatiewe saamwees van die kleingroeplede woon (1 Kor 3:16). Die kleingroepleier wys met sy Christokratiese leierskapstyl weg van homself na Christus sodat hy die kleingroeplede begelei om (saam met hom) bewustelik vir God te lewe. Die Christokratiese leierskapstyl is 'n "spirituele leierskapstyl" (Smit, 1990:219) wat vereis dat die kleingroepleier ***Geesvervuld*** leiding gee en so Christus se gesag bedien.

Teenoor die demokrasie in die politieke wêreld wat 'n proses van *verkiesing* en mandaatgewing is, is Christokrasie in die kleingroep 'n proses van *luister* - luister na mekaar en veral saamluister na God (Storey, 1995:75). In die lig van die voordele wat onder 4.6.1.3 gelys is, maak die Christokratiese leierskapstyl dit vir die kleingroepleier moontlik om sy identiteit as dienskneg en herder uit te leef en die kleingroep te begelei om saam met hom in die teenwoordigheid van God te lewe.

Samevattend kan hieruit die volgende konklusies getrek word:

- Die Christokratiese leierskapstyl is die geskikste vir die normale lewe van die kleingroep omdat dit in lyn is met die teokratiese ideaal en die spiritualiteit en identiteit van die kleingroepleier (vgl. 4.3 en 4.4).
- Volgens die Christokratiese leierskapstyl begelei die kleingroepleier die groeplede om saam na God én na mekaar as God se mense te luister en só God se teenwoordigheid te belewe.
- Die kleingroepleier se gesag is nie in homself geleë nie, maar in God en in wat Hy deur sy Gees en Woord van Homself openbaar.

### 4.6.3 Implikasies van die keuse

Vir die doeleindes van hierdie studie kan op drie belangrike implikasies vir die uitlewing van die Christokratiese leierskapstyl gewys word, naamlik die kleingroepleier se mensbeskouing, sy aanvaarding van sy eie gebrokenheid en sy lewe met die kleingroep.

#### 4.6.3.1 Die kleingroepleier se mensbeskouing

Reeds onder 4.2.1.4 is verwys na die antropologie of mensbeskouing van die kleingroepherder. Daar moet gewaak word teen twee uiterstes:

- Uit die ***skeppingsgebeure*** kan die mens ***optimisties*** beskou word deur 'n oorbeklemtoning van sy identiteit en inherente vermoëns as beeld van God en as kroon van die skepping.
- Uit die ***sondevalgebeure*** kan die mens ***pessimisties*** beskou word deur 'n eensydige fokus op die sonde, skuld, verganklikheid en ellende van die mens.

Volgens Louw (1993:136) is die Bybelse mensbeeld ***realisties*** deur die mens se sonde en skuld nie mis te kyk nie, maar aan die ander kant ook God se genade en verlossing in Christus raak te sien. Die gelowige, so is onder 4.2.1.4 bespreek, is in Christus en sy verlossing duur gekoop om God se herskepte, kosbare eiendom te wees.

Burger (1995a:41) wys op die gevaar dat 'n geestelike leier agterdogtig oor mense kan word, voortdurend sleg van hulle dink en selfs betwyfel of hulle waarlik kinders van God is. So gesien, word die leier se bediening nie 'n bediening *saam met* die mense nie, maar 'n bediening *aan* hulle en soms selfs *teen* hulle.

Die kleingroepleier moet die kleingroeplede sien as mense wat, net soos hyself, in Christus begenadig en herskep is - mense wat besig is om van dag tot dag vernuwe te word na die beeld van Christus (2 Kor. 4:16; Kol. 3:10). 'n Bybelse (realistiese) mensbeskouing en 'n positiewe benadering op grond daarvan, is daarop gerig om die kleingroeplede te begelei om hulle potensiaal in Christus te realiseer deurdat hulle met hulle sonde breek en 'n nuwe lewenswyse aankweek om al meer te word wat hulle reeds in Christus is (vgl. Richards, 1990:4).

#### 4.6.3.2 'n Styl van gebrokenheid

In sy bekende boek *'n Tyd vir opbou* skryf Macdonald (1989) in 'n gees van gebrokenheid en met erkenning van sy eie mislukkings en pyn oor die opbou van gebroke wêrelde. As dertiende grondreël skryf hy (1989:188) "Die vryste mens in die wêreld is die een met 'n ongebonde hart, 'n gebroke gees en 'n nuwe koers om in te slaan".

Paulus se styl van gebrokenheid is waarskynlik die duidelikste in 1 Kor 12:1-10 waar hy aan die gemeente in Korinte vertel van sy worsteling met sy "doring in die vlees". In verse 8-10 skryf hy:

> Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

Volgens Burger (1995a:47) is die geestelike leier se ken en verstaan van sy eie swakheid sy "poort na God" en tegelyk ook sy "poort na ander". Die gevolg van 'n styl van gebrokenheid is volgens hom (1995a:47) dat "almal kan sien dat die krag van die evangelie werklik in en deur menslike swakheid werk".

Om mense as diensknegte en herders op 'n Christokratiese wyse te kan begelei, moet kleingroepleiers nie probeer om 'n sterkman- of heldebeeld voor te hou nie. Leiers wat so 'n beeld voorhou is valse messiasse wat ander mislei en uiteindelik teleurstel (Storey, 1995:71). Wanneer die kleingroepleier vry genoeg is om nie meer sy swakhede weg te steek nie, kan hy as gebroke mens saam met mede-gebrokenes in die genadige teenwoordigheid van God wees en het ander die vrymoedigheid om saam met hom daar te wees.

#### 4.6.3.3 'n Lewe met die kleingroep

Burger (1995a:40-45) onderskei vier elemente van 'n geestelike leier se presensie of teenwoordigheid by die mense wat hy lei:

- **Deel wees van**

Hiervolgens moet die geestelike leier sy lotsverbondenheid met die mense wat hy lei, verstaan. Hy is nie bo. langs. teen of los van hulle nie, maar saam met hulle met God op pad. Hy kompeteer nie en probeer nie met solopogings te presteer nie, maar sien dié wat hy lei as deel van sy familie.

- **Daar wees by**

Die leier moet soms ook fisies tyd met die mense deurbring. Op 'n manier moet hy tussen die mense leef en dinge saam met hulle beleef. Hy moet tyd maak om informeel met hulle saam te kuier, te gesels en te luister.

- **Lief wees vir**

Om mense waarlik geestelik te begelei sonder om hulle lief te hê, is Bybels gesproke onmoontlik. Die leier moet met selfopofferende liefde vir mense omgee en hulle belange op die hart dra. Indien die leier liefde kortkom, moet hy God daarom bid.

- **Entoesiasties wees oor**

Hiervolgens moet die geestelike leier entoesiasties wees oor mense se Godgegewe potensiaal en hulle waardeer vir wie en wat hulle is. Met waardering en aanmoediging word mense begelei en aangespoor tot diens aan ander as 'n gestalte van Christelike liefde.

Wanneer die kleingroepleier met hierdie soort presensie (teenwoordigheid) by en met die kleingroeplede leef, straal hy aan hulle God se omgee-liefde uit en word sy

gemeenskap met hulle lewensgemeenskap. Deur op hierdie manier (styl) met hulle om te gaan, begelei hy hulle met sy voorbeeld om ook met ander in die kleingroep presensie te beoefen. So begelei hy die kleingroep tot 'n saamleef voor God.

## 4.7 DIE VERANTWOORDELIKHEDE VAN 'N KLEINGROEPLEIER

Hierdie hoofstuk sluit doelbewus af met 'n bespreking oor die verantwoordelikhede en funksies van 'n kleingroepleier. In hierdie afdeling word die lyne uit die kleingroepleier se spiritualiteit, lewenskwaliteite, identiteit en leierskapstyl as hoofsaaklik *wees-funksies* deurgetrek na die leier se *doen-funksies*. Die voorveronderstelling is dat die kleingroepleier sonder die regte hart, lewe, identiteit en styl nie die regte dinge op die regte manier en tyd, met 'n regte hart en gesindheid sal kan doen nie. En tog help al die mooi dinge in 'n kleingroepleier se lewe niks as hy nie daadwerklik iets in die groep daarmee doen nie.

In dié opsig is Lee (1989:24) reg as hy sê "Leaders are those who make things happen that would otherwise not happen They are people of action".

Na aanleiding van 4.2-4.6 en Barlow (1972:109-110), Gibbs (1981:262-264), George (1992:195) en Geok en Neighbour (1994:115-116) kan die volgende verantwoordelikhede van die kleingroepleier (nie in prioriteitsvolgorde nie) met die oog op die korporatiewe spiritualiteit van die groep geïdentifiseer word:

**4.7.1** Die kleingroepleier se eerste verantwoordelikheid is ten opsigte van sy eie lewe. Hy moet voortdurend ***op sy eie spiritualiteit let*** deur self in alles bewustelik in die teenwoordigheid van God te lewe Hy moet voortdurend bid en gereeld met God se Woord ondersoekend en luisterend omgaan. Hy moet sy verbondenheid met sy medegelowiges en sy verantwoordelikheid teenoor ongelowiges sigbaar uitlewe. Hy moet op sy lewenswyse let sodat hy ook deur sy voorbeeld ander na Christus kan trek. Wat hy ander leer moet in sy eie lewe sigbaar wees. Die beoefening van die geestelike dissiplines moet 'n belangrike plek in sy lewe hê.

**4.7.2** Die kleingroepleier moet ***sy roeping as herder en dienskneg aanvaar*** en 'n integrerende deel van sy lewe maak. Hy moet voortdurend bid dat God hom sal toerus en waardig sal maak vir sy roeping.

**4.7.3** As herder moet hy die verantwoordelikheid aanvaar om elkeen in die kudde (kleingroep) wat die Here aan hom toevertrou het, ***geestelik te versorg***. Hy moet na hulle luister, hulle behoeftes leer ken en hulle daarvolgens versorg. Hy moet die kleingroeplede begelei om bewus van God se teenwoordigheid te lewe en die geestelike dissiplines te beoefen. Waar nodig, moet hy troos en bemoedig. Ander kere moet hy 'n lid vermaan en teregwys.

Kleingroeplede met ernstige geloofs-, emosionele of huweliksprobleme moet *vir hulp verwys* word wanneer die kleingroepleier hom nie bekwaam voel om dit te hanteer nie.

Verder moet die kleingroepleier daarna streef om op gereelde basis (byvoorbeeld een keer elke 3 maande) al die lede *persoonlik in hulle huise* te besoek. Lede wat wegbly van die byeenkomste moet telefonies geskakel of besoek word. Telefoniese kontak en kontak deur moderne media soos elektroniese pos en internet kan ook ingespan word om die kleingroepleier se lewe te vergemaklik en kommunikasie met die kleingroep uit te brei.

**4.7.4** Dit is die kleingroepleier se verantwoordelikheid om toe te sien dat die groep gereeld (ten minste twee maal per maand) en sinvol ***bymekaarkom***. Gedurende die byeenkoms is hy verantwoordelik vir die interaksionele Bybelstudie en die inisiëring van die gebed en omgee vir mekaar (vgl. 3.7.2.2).

Ten einde die byeenkoms glad te laat verloop, moet hy die *nodige reëlings* met die gasvrou of gasheer tref. Hy moet reël dat daar genoeg stoele is en dat die vertrek so ingerig word dat die groeplede mekaar kan sien en interaksioneel kan deelneem. Met die oog op die onderlinge geestelike opbou moet hy die Bybelstudie deeglik *voorberei* en die nodige beplanning vir die samesang en aanbidding doen.

Die kleingroepleier moet daarna streef om in die groep *'n atmosfeer van wedersydse vertroue* te skep sodat die lede vry kan voel om hulle probleme en bekommernisse met die groep te deel en vir ondersteuning te vra. Hy moet die groep laat verstaan: "Ons is hier om mekaar se laste te dra".

Gedurende die byeenkoms moet die leier die groeplede aanmoedig om almal deel te neem. Hy moet poog om *almal te betrek* by die aktiwiteite soos die Bybelstudie, bespreking, gebed, deel van eie vreugdes en laste, omgee vir mekaar en die bediening in en deur die kleingroep.

**4.7.5** Die kleingroeplede moet gehelp word om hulle eie ***gawes en vermoëns te ontdek*** en aangemoedig word om dit in die kleingroep, die groter gemeente en in die gemeenskap te gebruik.

**4.7.6** ***Leierskapsvaardighede in die kleingroep moet ontwikkel word***. So gou moontlik na die kleingroep se ontstaan, moet 'n hulpleier aangewys word. Die leier en die hulpleier moet gereeld vergader om die behoeftes en ontwikkeling van die groep te bespreek en om saam te bid (vgl. ook 5.5.3). Verder kan take ook aan ander leiers in die groep - soos 'n aanbiddingsleier, 'n gebeds- of voorbiddingsleier - toegewys word. Die kleingroepleier moet met verloop van tyd soveel moontlik take aan lede toevertrou sodat meer mense verantwoordelikheid neem vir die lewe en diens in die kleingroep (vgl. 5.3.2 oor die vermenigvuldigingsbeginsel).

**4.7.7** Kleingroeplede moet aangemoedig en begelei word om ***ook op ander tye as die byeenkoms, kontak met mekaar te hê***, mekaar te versorg en met mekaar mee te leef. Kleingroeplede kan aangemoedig word om as mekaar se geestelike voogde, begeleiers en gebedsvriende op te tree. Een manier om die omgee te bevorder is om elkeen se naam op 'n papiertjie in 'n hoed te gooi en elkeen die naam van iemand te laat trek vir wie hy of sy in die week(e) wat voorlê, in besonder moet omgee deur byvoorbeeld besoeke, telefoniese oproepe, praktiese bystand of gebed.

**4.7.8** Met die oog op hulle ***getuienisroeping*** moet kleingroeplede aangemoedig word om opleidingsgeleenthede wat in die gemeente of elders aangebied word, by te woon. Kleingroeplede moet aangemoedig word om na ander buite die groep (byvoorbeeld familie en vriende) met die evangelie uit te reik en hulle op 'n keer na die byeenkomste uit te nooi. Die kleingroepleier kan saam met die groep uitreikgeleenthede reël. Een so 'n geleentheid kan gerig word op kerklidmate wat nog nie by 'n kleingroep ingeskakel is nie. 'n Ander uitreikbyeenkoms kan gerig word op nie-Christene sodat kleingroeplede op 'n spontane wyse met hulle die liefde en genade van Christus kan deel.

**4.7.9** Wanneer die kleingroep te groot begin word, moet die leier doelbewus die groep vir ***verdeling en vermeerdering*** voorberei. Met die oog hierop moet hy die hulpleier toerus en hom al hoe meer geleentheid gee om die groep te lei sodat hy na die verdeling 'n groep op sy eie kan lei. Die kleingroep moet voortdurend van die Bybelse visie van die kerk se groei en vermeerdering bewus gemaak word en die positiewe van die groepverdeling moet beklemtoon word. Na die verdeling kan die twee groepe steeds by geleentheid saamkom vir gesellige verkeer en wedersydse versterking.

**4.7.10** Daar moet op gereelde basis oor die kleingroep ***verslag*** gedoen word by die ouderling wat toesig oor die kleingroep en die kleingroepleier het (vgl. 5.3.2.2 - 5.3.2.4). Byeenkomste waar kleingroepleiers met mekaar kan deel en waar hulle opgelei word, moet gereeld bygewoon word Wanneer daar 'n krisis in die kleingroep opduik wat die kleingroepleier nie kan hanteer nie, moet hy vrymoedigheid neem om by die verantwoordelike persone vir hulp aan te klop.

**Kortom, die kleingroepleier moet die kleingroep in sy sorg, korporatief en individueel, só bedien en begelei dat hulle saam as mekaar se broers en susters in Christus in alles sinvol voor God en tot eer van God lewe.**

## 4.8 Gevolgtrekkinge

Uit 4.2 - 4.8 kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die Skrif gee duidelike perspektiewe op die kleingroepleier se pastorale bediening in die kleingroep. Kleingroepleierskap is *geestelike leierskap met die doel om kleingroeplede, eerstens korporatief en tweedens individueel, pastoraal te begelei om bewustelik in die teenwoordigheid van God (coram Deo) te lewe.*

- Die kleingroepleier se persoonlike spiritualiteit, sy identiteit as dienskneg en herder, sy lewenseienskappe, en 'n Christokratiese leierskapstyl is bepalend vir die kleingroepleier om die groep waarlik geestelik te kan lei.

- Om die kleingroep in hulle spiritualiteit te begelei, moet die kleingroepleier bepaalde verantwoordelikhede en take aanvaar.

- Om as kleingroepleier só te kan lewe en dien soos in hierdie hoofstuk beskryf is, is effektiewe begeleiding, toerusting en ondersteuning nodig. Hieraan moet gevolglik in hoofstuk 5 aandag gegee word.

# HOOFSTUK 5

# KONTOERE VAN 'N GEMEENTELIKE STRATEGIE VIR KLEINGROEPLEIERSKAP

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 en 4 is reeds bevind dat kleingroepe 'n ruimte bied vir die groei en beoefening van korporatiewe spiritualiteit en dat groepleiers 'n belangrike rol in kleingroepe vervul deur spiritualiteit te fasiliteer. Gevolglik maak dié bevindinge 'n appél op gereformeerde gemeentes om in die lig van Skriftuurlike gegewens (2.3; 3.3; en 4.2), die huidige sosio-kulturele en historiese konteks van die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap (3.2) en lidmate se toenemende behoefte aan diepgaande verhoudinge en spiritualiteit (3.1), kleingroepbediening as deel van die totale gemeentebediening te integreer. Hieruit vloei voort dat, wanneer 'n gemeente kleingroepbediening as bedieningstrategie aanvaar, kleingroepleiers geïdentifiseer en in hulle bedieningswerk ondersteun en begelei moet word.

Hoewel gemeentelike kleingroepe as mikrostrukture sonder ondersteuning en leiding uit die gemeente as makrostruktuur effektief kan funksioneer, word kleingroepbediening daardeur aansienlik bemoeilik (Arnold, 1992:37). In hierdie hoofstuk word gevolglik ondersoek ingestel na die wyse waarop die oorhoofse gemeentelike bedieningstrategie en -struktuur kleingroepleiers kan help om spiritualiteit in die kleingroep te fasiliteer.

Twee sake is veral van belang, naamlik

- die verhouding tussen die gemeentelike spiritualiteit en kleingroepspiritualiteit; en
- die verhouding tussen die gemeentelike (oorhoofse) leierskap en kleingroepleierskap.

In die lig van bostaande is die doel van hierdie hoofstuk om die volgende vrae te beantwoord:

- Wat is die verhouding tussen die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente en die korporatiewe spiritualiteit van die kleingroep?
- Hoe kan kleingroepleierskap funksioneel in die organisasiestruktuur van 'n gereformeerde gemeente geïntegreer word?
- Hoe kan die gemeentelike bedieningstrategie kleingroepleiers ondersteun om spiritualiteit in die kleingroep te fasiliteer?
- Hoe kan kleingroepleierskap ontwikkel en ondersteun word tot voordeel van die korporatiewe spiritualiteit binne die kleingroepe?

## 5.2 DIE VERHOUDING: GEMEENTELIKE SPIRITUALITEIT EN KLEINGROEPSPIRITUALITEIT

In hierdie afdeling word gekyk hoe die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente (as grootgroep) die korporatiewe spiritualiteit van die kleingroep beïnvloed.

### 5.2.1 Prinsipiële oriëntering

Daar is reeds in 3.3.1.1 aangetoon dat die eerste Christelike gemeente in Jerusalem na die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2:1-4) en die bekering van 3 000 mense (Hand 2:41), by die tempel as ***grootgroep*** en in mekaar se huise as ***kleingroepe*** saamgekom het (Hand 2:46). Die breë gemeentelike spiritualiteit word klaarblyklik nie van die klein- of huisgroepspiritualiteit geskei nie. In Hand 2:46 word in dieselfde asem van beide melding gemaak. Beide die grootgroep- en die kleingroepsamekomste het 'n belangrike rol in die korporatiewe spiritualiteit van die eerste gemeente gespeel (Hand 2:46; vgl. 2.3.2). Na alle waarskynlikheid het die spiritualiteit wat in die grootgroep by die tempel beoefen is (veral die verkondiging van die apostels), die spiritualiteit in die huisgroepe (veral die onderlinge *koinonia*, onderlinge versorging en opbou) beïnvloed en andersom.

Sowel Ridderbos (1959:343) as Floor (1978:49) dui aan dat die gelowiges in Rome in verskillende huisgemeentes vergader het. Tog is die feit dat Paulus sy brief aan die

gelowiges in die stad gesamentlik rig (Rom 1:7), beduidend. Naas die kleingroep het die groter groep gelowiges ook so 'n sterk band met mekaar gehad dat Paulus aan almal gesamentlik as eenheid een brief kon skryf om homself en die evangelie wat hy verkondig, aan hulle bekend te stel (Ridderbos, 1959:5, 10-11).

Die gebrek aan 'n kerkgebou was waarskynlik een van die aanleidende oorsake dat die gelowiges in verskillende huise vergader het (Oostenbrink, 1994:28-29). Die bestaan van die verskillende huisgemeentes het egter nie die gelowiges verhoed om 'n onderlinge band met mekaar as gemeente in Rome te hê nie. Die huisgemeentes was deel van die groter geheel. Uit Paulus se adressering van sy brief aan al die gelowiges in Rome (Rom 1:7) blyk dat hy hulle as een gemeente beskou (vgl. Ridderbos, 1959:5). Tog beskou Paulus die klein groepe gelowiges wat in huise byeenkom, ook as gemeentes (Rom 16:5; Kol 4:15; Filem :2; vgl. 3.3.1.1).

In Korinte het skynbaar dieselfde tendens van huisgemeentes as in Rome na vore gekom (vgl. Floor, 1978:50). Paulus rig egter sy brief aan al die gelowiges in Korinte as 'n gesamentlike eenheid (1 Kor 1:2) en spreek hulle aan oor hulle verdeeldheid en partyskappe onder mekaar (1 Kor 1:10-12, 3:1-21).

### 5.2.2 Historiese lesse uit die Piëtisme en Metodisme

As gevolg van twyfelagtige vroomheidspraktyke (byvoorbeeld die die klem op die subjektivering van geloof, 'n metodiese bekeringservaring en 'n wettiese heiligmaking) wat in die kleingroepe van die Piëtisme van die 17de eeu en die Metodisme van die 18de eeu voorgekom het (vgl. Berkhof, 1955:242-249; Oostenbrink, 1994:31-32), is daar onder gereformeerdes beswaar teen die gedagte van 'n *ecclesiola in ecclesia* ('n kerkie binne 'n kerk). Die bedoeling van dié beswaar moet egter in sy historiese konteks verstaan word. Piëtistiese en metodistiese groepe het hulleself binne die ortodoksistiese Lutherse en Anglikaanse staatskerke as sogenaamd die ware gelowiges teenoor die naam-Christendom van die staatskerk afgesonder (Douma, 1982:12; Van der Vyver, 1975:1-15). Uit die Metodistiese kleingroepbeweging het in 1810 die Metodistekerk tot stand gekom (Van der Vyver, 1975:12).

Met reg kan kleingroepbediening as potensieel gevaarlik beskou word wanneer kleingroepe as mikro-eenhede 'n beweging word wat met die gemeente as makro-eenheid in spanning en konflik tree. Die ideaal is dat die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente as geheel en dié van die kleingroep bevrugtend op mekaar moet inwerk.

'n Les wat uit die kleingroepbediening van die Piëtisme en die Metodisme geleer kan word, is dat kleingroepe gevaarlik kan wees wanneer dit nie in die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente geïntegreer word nie. Met betrekking tot kleingroepleierskap kan dit gebeur dat kleingroepleiers, in plaas daarvan om onder leiding van die gemeenteleierskap te funksioneer, *teenoor* hulle te staan kom. Dit kan, soos in die geval van die Wesleyaanse Metodisme, lei tot kerkskeuring (Berkhoff, 1955:247).

Die gevare waarvan hier gepraat word, lê in werklikheid nie in kleingroepbediening self nie, maar in die wyse waarop dit binne die groter geloofsgemeenskap ontplooi en erken word en sy regmatige plek kry.

### 5.2.3 Moontlikhede om die spanning op te los

Om die organiese eenheid van die kleingroep met die groter gemeente aan te dui, praat Louw (1980:153) van die *sel-in-die-liggaam-model* en Potgieter (1995:50) van *selgemeentes*. Met beide uitdrukkings word die kleingroep aangedui as 'n selfstandige eenheid wat tegelyk afhanklik is van, en deel vorm van die groter geheel.

Bogenoemde onderskeiding kom grootliks ooreen met die onderskeiding van *wyke* binne die gemeente soos in die tradisionele gemeentebediening in gereformeerde kerke algemeen is. Wyke vorm mikro-eenhede binne die groter eenheid van die gemeente sodat die bediening vergemaklik kan word. Die nadeel van wyksbediening is egter dat dit eenrigtingbediening is, naamlik van die ouderling aan die wykslidmate. Die wykslidmate bly gewoonlik passiewe ontvangers van die bediening en is nie self met die bediening aan medegelowiges in die wyk en gemeente betrokke nie. Gevolglik kom die onderlinge *koinonia* in die wyk nie tot sy reg nie.

In 2.6.2 is reeds na Hendriks (1992:93-103) se model van aanvullende *koinonia*-verbande verwys. Hiervolgens het kleingroepe 'n unieke plek in die gemeente saam met die ander *koinonia*-verbande soos die gesin, die wyk of blok en die erediens van die gemeente. In die sentrum van al die *koinonia*-verbande is die individu se persoonlike gemeenskap met God in Christus.

### 5.2.4 Samevatting

Uit bostaande blyk die volgende:

- Die kleingroepverband sluit nie die grootgroepverband uit nie.
- Die kleingroep (as mikro-eeheid) bestaan nie net naas die grootgroep (as makro-eenheid) nie, maar is ook integrerend deel daarvan.
- Indien mikro- en makro-eenhede in 'n gesonde verhouding met mekaar is, kan grootgroepbyeenkomste die korporatiewe spiritualiteit van kleingroep-byeenkomste bevorder en andersom.
- Om die kleingroepleier te help om spiritualiteit in die kleingroep te fasiliteer, sal die leierskap en spiritualiteit in die grootgroep in harmonie moet wees met die leierskap en spiritualiteit wat in die kleingroepe beoefen word. Anders kan daar 'n digotomie tussen die kleingroep- en grootgroepspiritualiteit ontwikkel wat die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente uiteindelik skade kan berokken.

## 5.3 DIE ORGANISATORIESE PLEK VAN DIE KLEINGROEPLEIER

Hendriks (1992:100) merk tereg op dat lidmate begelei moet word om hulle bedieninge "binne die gemeente se totale bedienings- en organisatoriese struktuur te volvoer". Wanneer kleingroepleiers nie hulle plek in die breë gemeentebediening ken nie en nie daardeur ondersteuning en perspektief vir hulle dienswerk kry nie, word hulle effektiwiteit as groepleiers belemmer (vgl. Arnold, 1992:200), is hulle kanse op uitbranding groter (vgl. Barna, 1990:149) en kan dit verwarring by sowel die kleingroepleiers as die gemeente meebring.

Die vraag is egter: Wat is sy plek binne die gemeentelike bedienings- of organisatoriese struktuur? Ten einde hierdie vraag te beantwoord, moet die plek en rol

van bedieninge en ampte binne die gemeente sowel Bybels-prinsipieel as prakties-funksioneel ondersoek word. Omdat hierdie studie op korporatiewe spiritualiteit as *gereformeerde* spiritualiteit fokus, word die plek van die kleingroepleier binne die *presbiteriale* sisteem ondersoek omdat dit die stelsel is wat algemeen deur gereformeerde kerke gebruik word (vgl. Van der Linde, 1965; Spoelstra, 1989:16-17; Van't Spijker, 1990b:326-338).

### 5.3.1 Prinsipiële besinning

Daar heers vandag in teologiese kringe groot verskille oor die interpretasie en sistematisering van die Skrifgegewens oor die ampte en bedieninge in die gemeente (vgl. Pelser, 1990:1-2; Coertzen, 1995:371-376; Kurpershoek, 1995:37-39). Die literatuur wat oor hierdie onderwerp handel, is ook redelik omvattend en soms verwarrend. De Klerk (1988:1-2) meen dat die teologiese besinning oor die amp in die kerk in 'n krisis verkeer.

'n Belangrike vraag in die besinning oor 'n model waarin kleingroepleiers kan funksioneer, is of daar iets soos 'n Bybelse model vir gemeente-organisasie is. Pelser (1990:1) beredeneer dat die Nuwe Testament verskillende tye en omstandighede verteenwoordig en dat "dit eenvoudig nie meer moontlik of legitiem (is) om die verskillende strukture en bedieningsbenaminge tot een bedieningsisteem saam te voeg nie". Die vroeë Christelike kerk se gemeentelike organisasie het 'n direkte verband met die leefwêreld van daardie tyd gehad (vgl. Kurpershoek, 1995:15-16, 89-95). Ook Versteeg (1988:71) dui aan dat die Skrif nie 'n klinkklare bloudruk vir alle tye gee nie.

In die lig van die verskeidenheid van bedienings- en organisatoriese strukture wat in die Nuwe Testament voorkom, maak Pelser (1995:15-16) die gevolgtrekking dat die Bybel ruimte laat vir 'n geloofsgemeenskap om, in die lig van die Skrifbeginsels en sy bepaalde omstandighede, 'n diensbare organisatoriese sisteem te ontwikkel en te gebruik. Coertzen (1995:375) sluit hierby aan as hy sê: "Scripture does not give us a church order at all. **Scripture gives us the foundations or principles that ought to be brought to a structure (a church order) by every church in accordance with its own position in history"** (beklemtoning - JWO).

Vir die doel van hierdie studie word slegs na enkele prinsipiële bakens verwys sodat in die lig daarvan 'n struktuur ontwikkel kan word om kleingroepleierskap se plek in die gemeentelike organisasie aan te dui.

### 5.3.1.1 Die wese en doel van die gemeente

In die woorde van Spoelstra (1989:5) kan die kerk eenvoudig gedefinieer word as "die eenheid van gelowiges saamgebind deur 'n ware geloof in Christus" (vgl. 2.3.3.2). Versteeg (1985:9) kom op grond van Nuwe-Testamentiese gegewens tot die konklusie: "Wat de gemeente is, is slechts te zien in het licht van het in Christus gegeven heil. Hoe de gemeente dient te functioneren, is evenzeer slechts te zien in het licht van het in Christus gegeven heil". Die kerk as die in-Christus-verloste gemeenskap is geroep om gelowiges korporatief en individueel te begelei in die belewing en uitlewing van die **heil in Christus**.

Uit die oorvloed van teksgedeeltes wat die identiteit en lewe van die gemeente van Christus beskryf (bv. Joh 15; Rom 12:3-8; 1 Kor 12; Ef 2:11-22, 4:1-16; 1 Pet 2:1-10, 4:7-11), blyk dat die gemeente van Christus 'n **lewende eenheid** van gelowiges is waarin die verskillende lidmate **relasioneel** in Christus aan God en mekaar **verbind** is (vgl. 2.6). In die woorde van Noordegraaf (1990:62): "Het verticale (de gemeenschap met Christus, de gerichtheid op God, de vervulling met Geest) en het horizontale (de communio met elkaar als broeders en zusters in het ene lichaam) zijn nauw met elkaar verbonde. De in Christus gegeven eenheid vormt de grondslag voor de roeping". Die beoefening van gemeenskap met God en met mekaar is wesenlik deel van gemeente-wees (Kunst, 1991:22). Anders gestel: **Sonder *gemeenskap* is 'n gemeente nie werklik meer gemeente van Christus nie**.

'n Gemeente is geen doel opsigself nie, maar 'n middel tot God se doel. Uit Matt 28:18-20 blyk dit dat die kerk as volgelinge van Christus, in gehoorsaamheid aan Hom as Koning (28:18) en met sy blywende teenwoordigheid by hulle (28:20), gestuur is om:

- dissipels van mense te maak: die kerk se *evangeliserings-* en *uitbou*doel;
- nuwe dissipels te doop: die *assimilerende* doel van die kerk; en
- dissipels te leer om alles te onderhou wat Christus beveel het: die *toerustings*doel van die kerk.

#### 5.3.1.2 Christus as die enigste Hoof en Koning van die Kerk

Van der Walt (1976) het in 'n kerkregtelike studie die Skriftuurlike perspektiewe oor die Hoofskap van Christus deurgetrek na die presbiteriale kerkregeringstelsel. Hy (1976:169) beskryf in sy gevolgtrekkinge die kerk as "'n organiese eenheid wat lewe uit en tot, en onderhorig is aan sy Persoonlike Hoof, Jesus Christus die Lewende en die Teenwoordige, die Here en die Saligmaker van sy Kerk". Christus is en bly die ***enigste Hoof*** van die ***hele*** kerk (Ef 2:22, 4:15; vgl. ook Du Plooy, 1982:76). Die ampte staan daarom nie bo of teenoor die gemeente nie (hiërargie) of onder die gemeente nie (soos by die Independentisme), maar is organe of dienste in die gemeente onder die Hoofskap en Koningskap van Christus (Van der Walt, 1976:73; vgl. Spoelstra, 1989:4, 26-27; Van der Linde, 1965:76-77, 82; 1983:9).

Die wyse waarop Christus sy heerskappy in die gemeente uitoefen, is deur sy Gees wat in die gemeente woon en werk. Die heerskappy van Christus kom in die gemeente op 'n besondere manier tot uitdrukking waar die gelowiges saam bid, lofliedere sing en veral waar hulle met die Woord omgaan (De Klerk, 1987:38; Ef 5:18-21; Kol 3:16).

#### 5.3.1.3 Die gawes en bedieninge van lidmate

Die apostel Paulus gebruik volgens Ridderbos (1966:492) veral twee woorde om aan te toon waardeur die gemeente opgebou word, naamlik gawes (*charismata*) en dienste (*diakonia*). Aan *elkeen* in die gemeente is deur die Heilige Gees gawes gegee (1 Kor 12:7; Ef 4:7). God se gee van die gawes (as indikatief) bring die imperatief van diens voort. In die Nuwe Testamentiese gemeente gaan dit nie meer om representasie nie, maar om partisipasie, sodat elke lidmaat met sy gawes dienend naas die ander lewe en niemand namens die ander dien nie (Versteeg, 1985:20).

Die Nuwe-Testamentiese gemeente is 'n ***charismatiese gemeenskap*** waarin elke lidmaat gawes, dienste en funksies het (Pelser, 1990:15; Versteeg, 1985:19-20; 3.2.2.7).

**5.3.1.4 Die bestaan van die besondere ampte**

Volgens Roberts (1976:1-5), De Klerk (1985:1-2) en Coertzen (1995:378-379) word die vraag of die bestaan van ampte uit die Skrif afgelei kan word, deur verskeie teoloë sterk bevraagteken. Ridderbos (1966:499-500) onderskei agtien verskillende gawes en dienste uit Paulus se briewe, waaronder ook herders, ouderlinge en diakens tel. Volgens Ridderbos (1966:510) kan die grense tussen die verskillende dienste en ampte nie duidelik onderskei word nie.

Versteeg (1985:22-23) toon uit Ef 4:11 en 16 oortuigend aan dat ampsdraers 'n bepaalde plek in die gemeente het en van die ander charismata nie geskei nie, maar onderskei kan word. Van die **"*elkeen*"** van Ef. 4:7 wat gawes ontvang het, word **"*sommiges*"** in Ef 4:11 onderskei wat as gawes (besondere dienste) aan die gemeente gegee is om elkeen in die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk tot opbou van die gemeente (Ef 4:12). Uit 1 Kor 12:28, Ef 4:11 en Hand 20:28 kom Coertzen (1995:380) ook tot die konklusie dat die bestaan van die amp eerder 'n Skriftuurlike as historiese gegewe is.

Volgens Versteeg (1988:49) is elke amp 'n diens, maar nie elke diens 'n amp nie. Die ampsdraers het 'n meer **oorsigtelike funskie** om as dienste in die gemeente na die organisatoriese en geestelike lewe en die bestuur (die regering of kubernetiese) van die gemeente om te sien. Waar die gewone charismata en dienste gewoonlik op 'n bepaalde faset van die gemeentelike lewe fokus, het ampte 'n meer ***algemene fokus op die gemeentelike lewe as geheel*** (vgl. Ridderbos, 1966:513; Coertzen, 1995:380-382). Volgens Spoelstra (1989:31) het die amp in 'n sekere sin ook 'n "verteenwoordigende karakter" omdat Christus in die bediening van die ampsdraer in die gemeente teenwoordig is. Christus (byvoorbeeld sy versoening en sy gesag) word immers deur die ampsdraers in die gemeente bedien.

#### 5.3.1.5 Die verhouding tussen die besondere ampte en die lidmate in die charismatiese (begaafde) gemeente

Die rol van die ampsdraers as leiers in die gemeente is nie om te heers nie, maar om te dien (vgl. 4.4; 4.6, veral 4.4.1; 1 Pet 5:3). Die drieërlei doel van hulle diens volgens Ef. 4:12 is reeds onder 4.2.2 bespreek, naamlik die toerusting en volkome-making van die gelowiges, die gelowiges se aktivering tot diens en die opbou van die gemeente. Die toerusting van die gelowiges lei tot diens en uiteindelik tot die opbou van die gemeente.


Versteeg (1985:24-26) toon ook die verband tussen die αφη van Ef. 4:16 en die gawes van Ef. 4:11 aan. Die woord αφη beteken geleiding of verbinding wat volgens die destydse mediese begrip die liggaamsdele aanmekaar bind en voedsel na die liggaamsdele vervoer. Toegepas op ampsdraers, beteken dit volgens Versteeg (1985:25): "Het ampt **verbindt** de verschillende charismata en het ambt **voed** de verschillende charismata" (beklemtoning deur JWO). Die ampsdraers staan daarom nie ***bo*** die gemeente (as heersers) nie, ook nie ***onder*** die gemeente asof die gemeente bepaal hoe die ampte moet werk nie, maar ***langs*** die gelowiges en ***in*** die gemeente.

Oor die ouderling se werk in die gemeente merk Ridderbos (1966:513) soos volg op:

> De presbyter-episcoop was niet bedoelt om in de plaats te treden van de niet-ambtelijke charismatici. De zin en structuur van hun ambt had een meer algemene betekenis: leiding te geven aan het organisatorische en geestelijke leven der gemeente.

Die ampte in die gemeente moet so dien dat ruimte gemaak word vir die gelowiges om aktief met hulle gawes te kan dien (Lee, 1989:21). Wanneer die ampte so werk dat hulle die funksies en diens van die ander gelowiges met hulle gawes verdring en belemmer, slaag hulle nie langer in hulle doel nie. Kunst (1991:42) waarsku teen die "verampteliking" van die kerk. Volgens hom het die Reformasie wel die amp van die gelowige in teorie herstel, maar in die praktyk steeds die klerus-leke-onderskeid gehandhaaf (vgl. Kraemer, 1958:61-69).

Teenoor die klerikalistiese benadering waar die ampsdraer Christus in die gemeente representeer, en die demokratistiese benadering waar die amp in diens van die gemeente staan, bepleit Rossouw (1984:570-574; 1988:359-361) 'n gereformeerde model. Volgens die gereformeerde model staan die ampsdraers saam met die gemeente onder die gesag van Christus. Soortgelyk as Heitink (1977:363) stel Rossouw (1984:574; 1988:361) die gereformeerde model soos volg voor:




(Oorgeneem uit Rossouw, 1988:361)

Volgens hierdie model is daar *eerstens* 'n direkte lyn tussen Christus en sy gemeente, sonder enige menslike bemiddelaar. *Tweedens* is daar tussen Christus en die amp eweneens 'n reguit verbinding. Hy gee die ampte in die gemeente. *Derdens* is daar tussen die ampte en die gemeente 'n reguit lyn om die interaksionele kommunikasie en dienende aard van die ampte se verhouding tot die gemeente voor te stel. Volgens Rossouw (1988:575) dui hierdie model nie alleen die koers aan vir "ampsherstel in die pastoraat nie, maar van omvattende ampsherstel asook omvattende herstel van die gemeente in haar volkome verhouding tot Christus en die amp".

Die funksies en rol van die ampte binne die gemeente as charismatiese gemeenskap blyk uit bostaande die volgende te wees:

- Die *toerusting* van die gelowiges vir hulle dienswerk tot opbou van die gemeente.
- Die verskaffing van die *geestelike voeding* wat vir die lewe en werk van die gelowiges nodig is.
- Die *stimulering en koördinering* van die charismata en dienste in die gemeente.
- Die bediening van *die gesag van Christus as Hoof* aan die gemeente.
- Die *saambinding* van die gemeente tot 'n hegte eenheid in Christus.

### 5.3.1.6 Gevoltrekkinge

Uit 5.3.1.1 - 5.3.1.5 kan die volgende gevolgtrekkinge gemaak word:

- Die gemeente van Christus is 'n organiese eenheid van 'n verskeidenheid lidmate wat in Christus relasioneel aan God en mekaar verbind is om die heil in Christus te beleef en uit te leef.
- Christus is die enigste Hoof van die gemeente en die hele gemeente is gelyklik onder sy direkte heerskappy.
- Aan elke lidmaat in die gemeente is gawes gegee met die imperatief dat hy of sy daarmee aktief in die gemeente moet dien.
- Christus het ampte in die gemeente gegee om met hulle dienswerk op die algemene lewe van die gemeente in die geheel te fokus.
- Die ampsdraers staan langs die gelowiges in die gemeente en saam met die gelowiges onder die gesag van Christus. Hulle rol is om die lidmate toe te rus, geestelik te voed, te stimuleer, te koördineer en as eenheid in Christus en onder sy Hoofskap, saam te bind.

### 5.3.2 'n Voorlopige organogram om kleingroepleierskap binne die gemeenteleierskap-sisteem te integreer

Die presbiteriale kerkregeringstelsel is volgens Van't Spijker (1990b:337) soepel en kan met dieselfde grondbeginsels **in verskillende tye en omstandighede verskillende vorme** hê. 'n Gemeente het die roeping en die vryheid om in die lig van die Skrifbeginsels 'n organisasiesisteem te ontwikkel wat in haar tyd en omstandighede God en die gemeente die beste kan dien.

George (1992:123-125) neem Eks 18 as 'n belangrike uitgangspunt vir die struktuur van kleingroepleierskap. Volgens Eks 18:24-25 het Moses, op grond van die advies van sy skoonpa Jetro, bekwame manne aangestel as "leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien". Hiervolgens bedien leiers ander leiers om uiteindelik die volk te bedien. Hierdie beginsels is in lyn met Jesus se benadering om 12 mense sy dissipels te maak (Mark 3:13-19) sodat Hy hulle later kon uitstuur om op hulle beurt weer

dissipels van ander te maak (vgl. Matt 10:1-8; Matt 28:19-20). Dieselfde **vermenigvuldigingsbeginsel** waarin 'n leier sy bedieningswerk in ander vermenigvuldig, word in 2 Tim 2:2 gehoor: "Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer".

Gevolglik word nou, in die lig van die bespreking hierbo en die beginsels wat in 5.3.1 uitgewys is, 'n ***funksionele*** **organogram** vir kleingroepleierskap binne die korps van gemeenteleierskap ontwerp. Die organogram probeer om die organisasiestruktuur sigbaar voor te stel. Hierdie organogram sal vir gemeentes slegs as uitgangspunt dien sodat elke gemeente na gelang van sy eie omstandighede aanpassings kan maak.

In hierdie studie is dit van kardinale belang dat die organogram en die organisasiestruktuur wat dit voorstel, die ***spiritualiteit van die gemeente as hoofagenda*** moet hê. Sake soos finansiële bestuur, eiendomme, liturgiese ordes en opleidingsprogramme moet in diens van die hoofsaak wees. Die struktuur moet só wees dat dit die gemeente op God en mekaar rig sodat die gemeente so saam hulle taak na buite kan verrig. Verder moet die struktuur volgens Richards & Martin (1981:279-284) só wees dat dit aan lidmate vryheid gee om met hulle gawes te dien en tegelyk ook verantwoordelikheid aanmoedig. Onder 5.3.1.5 is klerikalistiese (of hiërargiese) en demokratistiese modelle reeds afgewys.


#### 5.3.2.1 Bestaande modelle

Dit is opvallend dat die organisasiestrukture wat deur voorstaanders van kleingroepbediening voorgehou word, basies dieselfde lyk (vgl. George, 1992:122-125; Neighbour, 1994:194-196; Potgieter, 1995:106-112). Hiervolgens word 'n klompie kleingroepleiers ('n blok) deur een oorhoofse leier gekoördineer. Vir elke groepie koördineerders van kleingroepleiers is daar op sy beurt weer 'n koördineerder. So word die struktuur uitgebou afhangende van die aantal kleingroepe wat in 'n groot geloofsgemeenskap bestaan.

Opvallend van hierdie organogramme is dat hulle meestal van onder af na bo gerig is met die kleingroepe bo en die leierskorps onder. Waarskynlik omdat die doel van die organogramme is om die funksionele verhouding tussen die leierskorps en die kleingroepe aan te dui, word die plek van Christus nie aangedui nie.

Potgieter (1995:111) stel die leierskapstruktuur van 'n geloofsgemeenskap soos volg voor:

**Leierskapstruktuur**





(Oorgeneem uit Potgieter, 1995:111)

Hiervolgens verteenwoordig die leraar 'n gemeentepredikant, die omsieners die ouderlinge van die gemeente en die herderleiers die kleingroepleiers. Die voordeel van so 'n organogram is dat die dienskneggestalte van die leierskap daarmee uitgedruk word. Die predikant en ouderlinge (wat saam die kerkraad vorm) is nie kontrolerend by die kleingroepleiers betrokke nie, maar dienend, toerustend, koördinerend, stimulerend en samebindend. Die nadeel van 'n organogram is reeds uitgewys onder 5.3.1.5, naamlik dat so 'n organogram die indruk van demokratisme mag wek asof die leierskap in die eerste plek in diens van mense en nie van Christus is nie.

'n Moontlike organisasiestruktuur met kleingroepleiers sou binne die presbiteriale kerkregeringstelsel kleingroepleiers eenvoudig as ouderlinge sien. So word baie prinsipiële kwessies ontwyk. Die probleem daarmee is dat kleingroepleiers dan beide op die mikrovlak in die kleingroep as op die makrovlak in die gemeente as geheel fokus. Onder 4.7 is reeds aangetoon hoe uitgebreid 'n kleingroepleier se werk in die kleingroep kan wees. 'n Dubbele fokus kan die werk bykans onmoontlik maak. Verder sou so 'n model met ouderlinge as kleingroepleiers in 'n groot gemeente 'n baie groot en lomp kerkraad tot gevolg hê.

### 5.3.2.2 'n Eie model

In die lig van die beginsels wat onder 5.3.1 aangetoon is en die modelle wat onder 5.3.2.1 bespreek is, kan 'n funksionele organogram soos volg voorgestel word:



#### 5.3.2.3 Beskrywing en evaluering van die voorgestelde organisasiestruktuur

Ter beskrywing van die organogram en die organisasiestruktuur wat dit voorstel, kan die volgende opmerkings gemaak word:

- Christus se liefdevolle heerskappy omvat die gemeente met sy ampte en bedieninge;
- Die gemeente met sy ampte en bedieninge is in die sfeer en teenwoordigheid van Christus se heerskappy as Hoof en Koning van die gemeente;
- Die ampte en die gemeente staan op een vlak langs mekaar; en
- Drie nie-hiërargiese vlakke van bediening word onderskei, naamlik die kerkraad (die ouderlinge en die predikante), die kleingroepleiers en die kleingroeplede (oftewel, die gemeente).

Die ***voordele en sterk punte*** van die struktuur is die volgende:

- Die ampte staan nie bo of teenoor die lidmate nie en ook nie onder die lidmate nie, maar saam met die lidmate onder die omvattende koningskap van Christus en derhalwe *coram Deo*. Dit is in lyn met wat Coertzen (1995:386) oor die amp in gereformeerde kerke skryf, naamlik "Offices in the church are primarily there to serve Jesus Christ and his rule in the life of his followers: this means equipping the members of his body so that they can render service and come to the fullness of Christ where He is everything in everybody".
- Kleingroepleierskap word as ***bedieninge onder leiding van die ampte*** erken.
- Diensknegleierskap word deur die organisasiestruktuur erken omdat die gemeenteleiers onder die gesag van Christus staan en daarop gerig is om die lidmate met hulle gawes vir dienswerk toe te rus en te bemagtig.
- Omdat die struktuur nie hiërargies is nie, gee dit vryheid aan lidmate om met hulle gawes te dien. Aan die ander kant moedig dié struktuur verantwoordelikheid aan omdat die ampte daarop ingestel is om lidmate vir hulle diens te aktiveer.
- Daar is samewerking en onderlinge kommunikasie tussen die lidmate en die leierskorps.

Die organogram het ook sekere ***probleme en gebreke***, byvoorbeeld:

- Omdat die doel is om die verhouding van die kleingroepleiers tot die algemene leierskap (presbiterium) in die gemeente binne die presbiteriale kerkregeringstelsel voor te stel, is die plek van die diaken nie in die organogram verdiskonteer nie. In hierdie organisasiestruktuur kan 'n diaken met die blokouderling - 'n ouderling wat 'n aantal kleingroepleiers begelei - saamwerk en kan hy die blokvergaderings van die ouderling saam met kleingroepleiers bywoon om diakoniale sake te bespreek en bedieningsbehoeftes te identifiseer.

- Volgens Ef. 4:16 is die plek van die besondere amp as αφη (vgl. 5.3.1.5) in die midde van die gemeente en nie eenkant apart nie. Die organogram kan verkeerdelik die indruk skep dat die ampte eenkant, los van die gemeente staan.

- Die missionêre bestaan van die gemeente word nie uitgebeeld nie. 'n Moontlikheid is om met pyle wat uit die sirkel na buite en van buite die sirkel na binne wys, die missionêre gerigtheid aan te toon as 'n aktiwiteit wat met die evangelie uitreik na buitekerklikes en hulle inbring.

- Die organogram veronderstel dat die hele gemeente in kleingroepe funksioneer. Wat gebeur egter met mense wat nie by kleingroepe wil inskakel nie of waar die gemeente besig is om na 'n kleingroepbediening oor te skakel? In so 'n geval kan 'n wyksgroep gesien word as 'n soort kleingroep wat minder gereeld byeenkom, maar steeds mekaar onderling ondersteun en opbou omdat hulle geografies na aan mekaar woon.

### 5.3.2.4 Implikasies vir die gemeentebediening

Volgens die voorgestelde organisasiestruktuur word kleingroepleiers *nie as ampte in die gemeente erken nie*. Hulle funksioneer as ***bedieninge*** onder leiding van die ampte, spesifiek die ouderling. Hierdie wyse van funksionering impliseer dat die ouderling die

kleingroepleier sal vertrou met die herderswerk wat hy in die kleingroep doen. Die ouderling behoort nie dupliserend te werk deur op die mikrovlak herderswerk te doen nie, behalwe waar die kleingroepleier homself onbevoeg en onbekwaam voel om bepaalde pastorale probleme te hanteer. Die kleingroepleier, ouderling en predikant moet as 'n bedieningspan saamwerk.

In 'n gemeente met kleingroepbediening sal 'n ouderling nie noodwendig by al die lidmate persoonlike huisbesoek doen nie. Sy taak is wel om toe te sien dat die gemeentelede deur mekaar en die kleingroepleier in die kleingroep versorg word. Die ouderling behoort van tyd tot tyd die huisbyeenkomste van kleingroepe by te woon.

Verder is dit die taak van die ouderling om die kleingroepleier en sy gesin persoonlik te besoek en pastoraal te versorg. In sy blok van kleingroepleiers moet die ouderlinge ook die kleingroepleiers in 'n groepsbyeenkoms bymekaar laat kom vir 'n blokvergadering, toerusting en onderlinge versterking en bemoediging. In die blokbyeenkoms is die ouderling 'n *primus inter pares* ('n eerste onder gelykes) as herder saam met mede-herders.

Die ouderling se funksie is ook om die kleingroepleier hulp en leiding te gee met die oog op die kwalitatiewe en kwantitatiewe groei en vermenigvuldiging (seldeling) van die kleingroep. Hy moet toesien dat die kleingroepe in sy sorg gesond en ordelik funksioneer en dat onbybelse en ongereformeerde soorte spiritualiteite nie by die kleingroepe posvat nie.

Om hiërargie te voorkom en self ook versorg te word, behoort ouderlinge en predikante saam met hul gesinne ook by kleingroepe in te skakel. Verder vorm die predikant en die ouderlinge ook 'n kleingroep wat mekaar onderling toerus en versterk vir hulle dienswerk. Die predikant is in die midde van die ouderlinge 'n *primus inter pares*. Sy rol is om naas die gewone predikantswerk soos byvoorbeeld prediking, kategese en die lei van vergaderings, die ouderlinge te begelei en vir hulle dienswerk toe te rus en te bemagtig. Waar pastorale probleme te moeilik vir die kleingroepleier en ouderling is, word die betrokke persone na die predikant verwys.

Vir die kleingroepleiers is hulle dienswerk ook 'n belangrike skoling en vorming om later as ouderlinge in die gemeente te kan dien. So word die gemeente bevoordeel deurdat die kerkraad uit geoefende en bediening-geskoolde ouderlinge bestaan.

Waar die kerkraad (die ouderlinge saam met die predikant(e)) besluite moet neem wat die hele gemeente raak, behoort die inligting op grondvlak deurgegee te word aan die kleingroepe. Kleingroepleiers bespreek die sake weer op hulle beurt in die blokvergadering en gee die insigte en opinies van lidmate daar weer. Op kerkraadsvlak word uiteindelik, in die lig van Skrifbeginsels, die insigte van die lidmate en die aanbevelings van die blokvergaderings, onder die leiding van die Heilige Gees biddend besluite geneem.

Omdat die kerkraad as ampsdraers ook die bedieninge in die gemeente moet koördineer en die gemeente tot 'n eenheid moet saambind (5.3.1.5), moet hy ook die verskillende bedieningsgestaltes tot 'n eenheid saambind (vgl. 5.4). Verder moet die kerkraad toesien, en die gemeente so begelei dat die gemeente die kenmerke van die ware kerk, naamlik die suiwer bediening van die Woord, sakramente en tug (NGB, 1992:art. 29) beoefen.

### 5.3.3 Samevatting

Hoewel die voorgestelde organogram en organisasiestruktuur (soos alle mensgemaakte dinge) bepaalde gebreke en tekortkominge het, slaag dit in sy doel om die verhouding tussen die kleingroepleiers en die leierskap in die gemeente effektief tot een werkswyse te integreer. Die voorgestelde organisasiestruktuur staan op die Skriftuurlike grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel.

## 5.4 GEMEENTELIKE BEDIENINGSGESTALTES TER BEVORDERING VAN KLEINGROEPSPIRITUALITEIT

Wanneer 'n gemeente kleingroepbediening aanvaar as deel van sy strategie om die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente te bevorder (met ander woorde as deel van sy gemeentebouplan vir die geestelike lewe en groei van die gemeente), moet dit met

die totale strategie van die gemeentebediening geïntegreer word. Nel (1994:96) onderskei die volgende agt bedieningsgestaltes wat 'n gemeenteboustrategie moet koördineer en integreer om die evangelie te verkondig en die gemeente in diens van God, mekaar en die wêreld te laat lewe:

- Getuienis (*marturia*);
- Verkondiging (*kerugma*);
- Erediens (*leitourgia*);
- Pastoraat (*paraklese*);
- Onderrig (*didachê*);
- Administrasie of bestuur (*kubernetiek*);
- Gemeenskap van gelowiges (*koinonia*); en
- Diens van barmhartigheid (*diakonia*).

In Nel (1994:96) se model val kleingroepbediening onder die *gemeenskap van die gelowiges*. Volgens Nel (1994:255) het die praktyk uitgewys dat kleingroepe in gemeentes wat dinamies in getalle en geestelike diepte groei, 'n belangrike deel van die gemeentestrategie uitmaak. Hy verwys na "voordeur- en agterdeur-bedieninge". Die erediens is 'n voordeurbediening waardeur nuwelinge met die gemeente kennis maak en kleingroepe 'n agterdeurbediening waardeur lidmate in 'n netwerk van verhoudinge bedien word en waarbinne hulle met hulle gawes funksioneer (Nel, 1994:259).

Miller (1994) gee in sy boek *Connecting with God - 14 ways churches can help people grow spiritually* op 'n meer pragmatiese vlak mooi perspektiewe. Deur intensiewe navorsing wat die loodsing van verskeie vraelys-ondersoeke insluit, wys Miller (1994:24-32) veertien "spiritual-growth facilitators" uit waarop mense tot dieper spiritualiteit kan kom. Hy toon aan dat gemeentes deur 'n vraelys kan vasstel hoe belangrik elk van die 14 faktore vir die gemeentelede is en dan doelbewus die gemeentebediening daarby kan aanpas. In 'n vraelys wat hy vir hierdie doeleindes opgestel het, word die spiritualiteitsfasiliteerders soos volg aangetoon:

- *Worship* - focussing on God and sensing God's presence;
- *Music* - feeling moved to give God greater attention.;
- *Prayer* - relating to God;
- *Fellowship* - receiving God's love through others;

- *Preaching* - hearing God speak to me;
- *Service* - giving God's love to others through time and talent;
- *Stewardship* - giving money to help with God's work in the world;
- *Bible study* - trying to obtain God's guidance for daily living;
- *Books* - receiving inspiration, information, and motivation;
- *Encouragement* - helping others grow spiritually through affirmation, counselling, inclusion and spiritual mentoring;
- *Leadership* - providing vision that helps Christians set goals consistent with God's will, and working together to accomplish God's work in the church and the world;
- *Administration* - carrying out and helping others to carry out one or more of the church's ministry tasks.
- *Retreats* - experiencing inspiration and insights in a physical setting apart from my daily life and the local church;
- *Evangelism* - helping others to find God.

Volgens Miller (1994:9-23) beteken geestelike groei 'n verdieping in spiritualiteit en bewerk die *Heilige Gees* spiritualiteit in 'n gemeente (vgl. 2.3.2.1). 'n Gemeente het die verantwoordelikheid om die bedieningsgestaltes waardeur die Gees werk, ten volle te benut. Daarom moet in afhanklikheid van God wat deur sy Gees by sy gemeente teenwoordig is, die lewe van die gemeente in al sy gestaltes doelbewus op God en die belewing van sy teenwoordigheid gerig word. **So word die *coram-Deo-lewe* die fokus van die gemeentelike lewe.**

### 5.4.1 Enkele voorbeelde van bedieningsgestaltes met die oog op kleingroepspiritualiteit

Dit val buite die skopus van hierdie studie om die breë gemeentelike bediening met die oog op korporatiewe spiritualiteit in al sy fasette te ondersoek. Daarom word by wyse van voorbeeld slegs enkele belangrike aspekte van die erediens uitgelig en kursories na ander bedieningsgestaltes gekyk om aan te toon hoe ander bedieningsgestaltes in die gemeente kleingroepbediening kan bevorder:

#### 5.4.1.1 Erediens

Teoreties is die gereformeerde erediens die diens van die Godsvolk (*leitourgos*), waarin die lidmaat aktief aan die erediens deelneem deur onder andere saam met die liturg te bid en tydens die preek self met die Woord besig te wees (Van der Walt, 1982:3-4; Handelinge,1985:406-409). Van Rensburg (1983:132) wys egter daarop dat die lidmaat in praktyk 'n passasier is wat passief sit en kyk hoe die predikant sy eenmansvertoning hou. In plaas van 'n *aktiewe deelnemer* is hy 'n *passiewe toeskouer* (vgl. 3.2.2.2; 3.2.2.7). Van der Walt (1982:5) wys die passiwiteit van die erediensgangers sterk af en sê voorts oor die erediens "Die praktyk van die godsaligheid (of spiritualiteit - JWO), dikwels beperk tot die binnekamer en die konventikel (of kleingroep - JWO), sal teruggebring moet word na die plek waar dit ook hoort, nl. in die samekoms van die gemeente".

Gereformeerde eredienste is oor die algemeen baie sterk op die *kognitiewe* gerig, terwyl die *affektiewe* en *behavioristiese* dimensies van die mens afgeskeep word (vgl. Hendriks, 1992:101-102). Op dié wyse lê die *coram-Deo*-belewing op hoofsaaklik die kognitiewe vlak terwyl die ander dimensies van menswees nie betrek word nie. Die prediking en lering oorheers die erediens sodat by die lidmate die gedagte leef dat hulle kerk toe gaan vir die preek (vgl. 3.2.2.2).

Dat selfs 'n erediens met min deelname van lidmate en 'n swak preek die vermoë het om lidmate se aandag op God te kan fokus (Miller, 1994:89), is tot in 'n beperkte mate waar. Dit is egter geen verskoning vir 'n swak beplande erediens wat nie deur die liturg deurleefd gelei word nie.

Die erediens is die **kulminasiepunt** van die lewe van 'n gemeente (Hendriks, 1992:101; George, 1994:135, 137). Dit is by uitstek dié geleentheid waar die gemeente as geheel bymekaarkom om op besondere wyse voor God te kom en met God en mekaar *koinonia* te beoefen. Daardeur word die gemeente se eenheid as geloofsgemeenskap sigbaar.

Neighbour (1994:194-208) onderskei tussen 'n "cell", 'n "congregation" en 'n "celebration". Die "cell" is 'n enkele kleingroep. 'n Blok kleingroepe vorm 'n "congregation" wat saamwerk met die toerusting, evangelisasie- en gemeenskapsprojekte en aanbiddingsamekomste. Die "celebration" is 'n massabyeenkoms waarin al die kleingroepe byeenkom vir aanbidding, getuienis, prediking en lering - kortom: vir die groot erediens. Kleingroepe se deelwees van die groter geheel word veral in die erediens sigbaar en beleefbaar. So word die gevaar van independentisme in die kleingroepe teengewerk.

Hoewel 'n erediens op God moet fokus, behoort dit in 'n sekere sin ook *gebruikersvriendelik* te wees omdat die erediens ook gaan oor *mense* wat God ontmoet. 'n Erediens wat die mense immers nie tot belewing van God se teenwoordigheid lei nie, maar bloot ritualisties 'n agenda afhandel, slaag nie in sy liturgiese doel nie. Natuurlik kan die sondigheid en onwilligheid van erediensgangers ook hulle saamwees met God belemmer (vgl. Jes. 59:1-2). **Liturgiese vernuwing behoort nie by die sondige neigings van mense aan te pas nie, maar wel by hulle sosio-kulturele konteks**.

Ten einde die erediens 'n aktiewe en feestelike samekoms van die gemeente met die lewende God en met mekaar te laat wees, kan die volgende gedagtes oorweeg word:

- Die liturg moet in al sy handelinge bewus wees van die teenwoordigheid van die lewende God en sy belewing van God se werklikheid vertolk in *die styl* waarop hy die gemeente lei. Hy moet beleef wat hy doen en nie liturgiese elemente soos agendapunte een na die ander bloot formeel afhandel nie (vgl. Burger, 1995b:87). Die liturg moet die gemeente saam met hom neem om in al die liturgiese momente *coram Deo* te wees.

- Sang en aanbidding kan 'n groot deel van die erediens uitmaak (Louw, 1980:154; Miller, 1994:33-46). Met sang kan die erediensgangers gelei word om hulle kleinheid voor God te erken en sy grootheid, werklikheid en liefde *aktief* te bely en te beleef. Daarvoor moet in die keuse van musiek en sang nie in die eerste plek op die estetika en gehalte van die musiek gefokus word

nie, maar op die moontlikhede van die musiek en liedere om die betrokke erediensgangers se ontmoeting met God te bevorder. Liedere moet Skriftuurlik wees, of, nog beter, Skrifberymd sodat die Woord van God daardeur in die erediensgangers se harte kan leef (vgl. Kol 3:16). Verder moet die liedere wat in die kleingroepbyeenkomste gebruik word, nie drasties van die erediensliedere verskil nie. Wat in die kleingroep gesing mag (kan) word, behoort ook in die erediens gesing te word en andersom.

- By geleentheid kan ruimte gegee word vir stilgebed (vgl. Louw, 1980:154). Erediensgebede moet deeglik beplan word, die bidders op God fokus, die behoeftes van die lidmate vertolk en so gebid word dat die erediensgangers kan verstaan en van harte kan saambid. Daar kan vir lidmate in besondere omstandighede en met bepaalde behoeftes in die erediens op die naam gebid word. Daar moet ook vir die regering van die dag en die sosio-politieke probleme van die samelewing gebid word sodat lidmate ook daardeur hulleself tot hulle roeping in die wêreld kan verbind (vgl. 1 Tim 2:1-7). Die voorbeeld van die gebede in die erediens kan ook op die gebede in die kleingroepe 'n groot invloed uitoefen.

- Die gemeente se stilword voor God en hulle gemeenskap met Hom moet nie met allerlei aktiwiteite (byvoorbeeld afkondigings en vergaderings) versteur word nie (vgl. Van der Walt, 1982:17).

- Meer lidmate kan by die leiding van die erediens betrek word, soos byvoorbeeld by die wetlesing, Skriflesing, gebede en die lei van die gemeentesang. Met die oog op kleingroepbediening kan 'n gemeente oorweeg om Sondae net een "groot" erediens te hê en dan die Sondag verder benut vir kleingroepaktiwiteite soos byeenkomste, pastorale besoeke en kleingroepleierskaptoerusting

#### 5.4.1.2 Woordverkondiging

Ten einde die gemeente in hulle lewe *coram Deo* te begelei, is dit volgens Burger (1995b:99) belangrik dat die prediking en ook ander studiegeleenthede in die gemeente benut moet word om "mense te vertel Wie en hoe God regtig is".

Hendriks (1992:102) stel die funksie van prediking raak wanneer hy sê "Die prediking moet beide inisiatief neem (ontvries), leiding en toerusting gee, aan die gemeente 'n visie voorhou, teologies die balans hou en voortdurend bemoedig. Die Gees werk en spreek deur die Woord". Die doel van prediking is volgens Kellerman (1993:176) om "die hoorder tot aanvanklike geloof in God te lei en daarna in sy geloof te versterk".

Die eksegese, hermeneuse en die vertolking van die Skrifgedeelte moet só wees dat die gemeente in die Woordverkondiging die stem van God in en vir hulle omstandighede kan hoor en hulle met die Woord voor God kan lewe (Handelinge, 1985:408). Runia (1990:399-403) beskryf Woordverkondiging as 'n ellips met twee gesigspunte, naamlik uitleg en toepassing. Die prediker moet sowel die Skrifteks as die lewens van die gemeente eksegetiseer en dan in die verkondiging die twee op mekaar betrek. Hoewel God en sy Gees deur mense werk, is dit uiteindelik die Heilige Gees self wat die Woord in die harte en lewens van mense aktualiseer (Runia; 1990:403). Goeie prediking bly 'n middel, maar is nooit 'n 100% waarborg vir lewensvernuwing nie. Daarom moet die prediker sy totale afhanklikheid van die Gees bely en voortdurend bid dat hy met die Gees vervul mag word (De Klerk, 1987:173-181). Gebede om God se seën en sy Heilige Gees se verligting kan voor en na die Woordeverkondiging gedoen word.

Wanneer die prediking suiwere Woordverkondiging is, dit duidelik en verstaanbaar is en as relevant vir die mense se lewens gebring word, sal dit ook verrykend deurwerk na die korporatiewe spiritualiteit en die onderlinge opbou in die kleingroepe. Daar kan verwag word dat die voorbeeld van die gemeenteprediker(s) se uitleg en toepassing van die Skrif, ook die lidmate se Skrifhantering in die kleingroepe en hulle persoonlike Skrifstudie sal beïnvloed.

In die kleingroepe kan die verstaan en toepassing van Sondag se prediking verder bespreek word. Kleingroepe kan ook, indien dit beskikbaar is, die eersvolgende Sondag se Skrifgedeelte bestudeer en so vir die erediens en prediking voorberei. Terugvoer hieroor kan ook aan die predikant gegee word.

#### 5.4.1.3 Kategese

Ten einde deelname te bevorder kan kategese in die vorm van 'n kleingroepbyeenkoms gedoen word sodat katkisante aktief aan die gesprek deelneem, praktiese vreugdes en probleme oor die uitlewing van hulle geloof deel, vir mekaar bid en mekaar ondersteun. Katkisante kan ook begelei word om met hulle gawes in die kategesegroep, die gemeente en die gemeenskap diensbaar te wees. So word katkisante in die volle spektrum van korporatiewe spiritualiteit begelei en toegerus om effektief in 'n kleingroep en die gemeente as geheel te funksioneer.

#### 5.4.1.4 Gemeentekampe en *retraites*

Gemeentekampe en *retraites* bied die geleentheid om lidmate buite hulle normale omstandighede waarin hulle in bepaalde roetines en patrone vasgevang is, te neem. 'n *Retraite* is volgens le Roux (1991:218) "'n periode van terugtrekking en afsondering met die oog op toewyding aan die wil van God onder leiding van 'n geestelike gids".

In 'n eilandsituasie word lidmate aan die ervaring van *koinonia* blootgestel en tot 'n dieper belewing van God se werklikheid gelei (vgl. Foster & Yani, 1992:267-268). Lidmate kom afsonderlik, maar ook saam, met hulle lewens voor Hom te staan. Die wisselwerking tussen die individuele en korporatiewe ontmoeting met God lei tot verdiepte spiritualiteit en 'n sterker behoefte om voortaan in die gemeente korporatiewe spiritualiteit op 'n dieper vlak te beoefen.

In 'n Bylaag gee Le Roux (1991:228-241) 'n program van die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (BUVTON) van die Stellenbosse Teologiese Fakulteit wat met vrug in 'n aangepaste formaat vir die hou van 'n *retraite* in 'n gemeente gebruik kan word.

### 5.4.2 Samevatting

Uit 5.2.1 - 5.2.3 kan die volgende afgelei word:

- Kleingroepbediening deur die kleingroepleier behoort deel uit te maak van die totale strategie van gemeentebediening met die oog op die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente.
- Om die kleingroepleier vir sy dienswerk te ondersteun, moet die gemeenteleierskap (die kerkraad) toesien dat gemeentebediening met die oog op die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente in harmonie is met die spiritualiteit wat die kleingroepleier in die kleingroep probeer bevorder.
- Die gemeentelike spiritualiteit het 'n besliste invloed op die spiritualiteit wat in die kleingroep beoefen word.
- Die bediening in die kleingroep behoort nie apart van die verskillende bedieningsgestaltes in die gemeente te staan nie, maar moet integrerend deel wees van die gemeentebediening.

## 5.5 DIE ONTWIKKELING EN VERSORGING VAN KLEINGROEPLEIERSKAP

### 5.5.1 'n Belangrike funksie van die ampte

Versteeg (1980:23) toon aan dat "De noodzaak van het ambt vloeit voort uit het feit, dat de charismatische structuur van de gemeente niet automatisch aanwezig is en evenmin automatisch op de juiste wijze functioneert". Die feit dat elke lidmaat gawes ontvang het (Ef. 4:7; 1 Kor. 12:7), impliseer nie vanselfsprekend dat elkeen sy gawes in bedieninge sal ontwikkel nie. Daarom het Christus die ampte as 'n bediening in die gemeente gegee om die lidmate te begelei om hulle gawes (charismata) in bedieninge te ontwikkel en hulle met hulle dienswerk as eenheid onder die Hoofskap van Christus saam te bind (vgl. 5.3.1.5; Ridderbos, 1966:496-498).

Ook die ontwikkeling en toerusting van kleingroepleierskap as bediening is 'n roeping van die ampte in 'n gemeente waar kleingroepbediening as bedieningsgestalte gebruik

word. Natuurlik is dit in die eerste plek die roeping van elke gelowige individueel om sy of haar gawes te ontwikkel en tot praktiese dienswerk te laat oorgaan (1 Tim. 1:6).

Die versorgende funksie wat die ouderlinge ten opsigte van die kleingroepleiers en die gemeente het, kom ook in die organogram by 5.3.2.2 en die bespreking daarvan in 5.3.2.3 en 5.3.2.4 na vore (vgl ook Hand. 20:28).

### 5.5.2 Verskillende maniere waarop gawes in bedieninge ontwikkel

Op voetspoor van Te Velde (1992:92-94) kan die volgende maniere waarop die kleingroepleier se gawes in aktiewe bedieninge kan ontwikkel, aangedui word:

- Deur te luister na die *Woord*, voortdurend daarmee om te gaan en daaruit te lewe, kry die gelowige insig en uitsig oor hoe om sy gawes te verstaan en te gebruik.
- *Gebed* dat God deur sy Gees die gawes "lewend" sal maak en sal gee dat die dienswerk daarmee vrugbaar sal wees.
- Oefening in *godsvrug*, oftewel, spiritualiteit. Die kleingroepleier moet met sy ganse lewe *coram Deo* sy dienswerk met oorgawe en toewyding doen.
- Die ontwikkeling van 'n regte siening van tyd (ook sogenaamde "vrye tyd") as God se tyd en daarmee saam gebalanseerde *tydsbesteding*spatrone. Die kleingroepleier moet deur die ouderling begelei word om die tyd tot sy beskikking reg te kan beplan tot eer van God.
- Die kleingroepleier se gawes en bediening kan ook ontwikkel deurdat hy *literatuur* oor die Bybel, die kerk en ook oor sy bepaalde dienswerk in die kleingroep, lees. Selfstudie is van wesenlike belang. Die ouderlinge en predikante kan hierin behulpsaam wees deur literatuur te voorsien, toegang tot literatuur moontlik te maak (byvoorbeeld in 'n gemeentebiblioteek) en bepaalde leesstof vir sy spesifieke behoeftes aan te beveel.
- Toerustings- en opleidings*kursusse* of *seminare* waar binne groepsverband die nodige kennis en vaardighede aan die kleingroepleier geleer word, kan van groot waarde wees.
- Ten slotte ontwikkel die kleingroepleier se gawes eenvoudig deurdat hy dit gebruik. Hier geld die spreekwoord "al doende leer 'n mens" en die Engelse

spreekwoord "ministry is caught, not taught". Hierna word ook onder 5.5.3 verwys.

Uit 5.3.2.4 blyk ook dat die kleingroepleiers in die blokvergadering waar hulle onder die leiding van die ouderling byeenkom, mekaar kan help om hulle gawes in effektiewe dienswerk te ontwikkel.

### 5.5.3 In-diens-opleiding

Die belangrikste manier waarop kleingroepleiers opgelei kan word, is volgens George (1992:144-149), Neighbour (1994:45-49) en Potgieter (1995:102) om hulle binne die kleingroepsituasie toe te rus. Hierdie werkswyse is in lyn met 2 Tim. 2:2 waarna ook onder 5.3.2 verwys word:

> Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

Met verwysing na die bogenoemde vers, sê Neighbour (1994:45) aan kleingroepleiers die volgende:

> Consider the pattern of sharing which is described by Paul. His equipping was seldom, if ever, done using a "one on one" pattern. He refers to the "many witnesses" who observed the way he worked with Timothy. Both Jesus and Paul discipled men in small groups, rather than doing it in private. Follow their example by equipping your Intern (hulpleier - JWO) before the observing Cell Group. This will provide the members to follow as they themselves serve as Sponsors. Even though what you are doing with your Intern is not mentioned by them, the impact made by watching you will be real.

Met Neigbour se eksegese kan egter nie ten volle saamgestem word nie. Paulus het immers aan Timoteus ten minste die twee persoonlike briewe wat in die Nuwe Testament opgeneem is, geskryf. Joh 21:15-19 is 'n weergawe van Jesus se

persoonlike gesprek met Petrus oor sy verhouding met Hom en sy dienswerk as apostel. Die waarheid is dat daar 'n balans tussen groepstoerusting en persoonlike (een-tot-een-) toerusting moet wees. Wanneer die hulpleier sekere leierskapfunksies vervul het, kan die kleingroepleier op 'n een-tot-een-basis aan hom daaroor terugvoering gee.

Die kleingroepleier identifiseer individueel of saam met die kleingroep iemand wat die kenmerke het om as *hulpleier* te kan optree. Om die hulpleier effektief te kan begelei, is 'n intieme dissipelskapverhouding tussen die kleingroepleier en die hulpleier nodig. Die kleingroepleier se begeleiding van die hulpleier behels die volgende:

- *Modellering:* Die kleingroepleier lei die kleingroep terwyl die hulpleier waarneem wat hy doen. Later bespreek hy met die hulpleier wat hy gedoen het. Die kleingroepleier kan ook handige wenke deur die terugvoering van die hulpleier kry.
- *Blootstelling* en *inoefening:* Die kleingroepleier gee al gaande al hoe meer leierskaptake aan die hulpleier sodat laasgenoemde sy vaardighede kan ontwikkel.
- *Monitering* en *terugvoering* aan die hulpleier deur die kleingroepleier.

Die kleingroep- en hulpleier ontmoet mekaar elke week om die kleingroepbyeenkoms te beplan, daarvoor te bid en pastorale behoeftes van kleingroeplede te bespreek. Die kleingroepleier behoort ook die hulpleier in die verdieping van sy spiritualiteit te begelei sodat die hulpleier kan leer om sy werk uit 'n intieme verhouding en omgang met God te doen.

Verder kan mense wat as hulpleiers dien, asook ander aspirant-kleingroepleiers, in 'n vormingsgroep toegerus word. So 'n groep kom ooreen om vir 10 byeenkomste weekliks te ontmoet. Elke groeplid kry onder die toesig van 'n instrukteur ('n ervare kleingroepleier) die geleentheid om die groepbyeenkoms te lei en ontvang daarna terugvoering van die ander groeplede en die instrukteur. So kan aspirant-kleingroepleiers deur mekaar en die instrukteur toegerus en gevorm word. Na die vormingsgroep se 10 byeenkomste kan die aspirant-kleingroepleiers as hulpleiers in bestaande groepe hulle leierskapvaardighede verder ontwikkel.

Wanneer 'n groep groter as twaalf volwasse lidmate word, moet voorberei word vir seldeling (of kleingroepvermenigvuldiging) waarna die hulpleier 'n volwaardige kleingroepleier van een van die twee groepe word. Ander maniere waarvolgens 'n hulpleier 'n kleingroepleier kan word, is as hy self besluit of versoek word om 'n nuwe groep te stig, of deur in te willig om 'n groepie mense wat graag 'n kleingroep wil vorm, maar 'n leier kortkom, te lei (George, 1992:145).

### 5.5.4 Toerustingskursusse

Beide Louw (1980:155) en Van der Spuy (1994) meen dat kleingroepleiers op 'n weeklikse basis in 'n *normaalklas* waarin hulle toeligting oor Bybelstudiemateriaal en leierskapvaardighede kry, geskool behoort te word. Wanneer 'n gemeente so 'n normaalklas het, behoort hulpleiers ook die skoling mee te maak. 'n Ander moontlikheid is om op 'n gereelde basis (byvoorbeeld kwartaalliks of maandeliks) onder leiding van die predikant, 'n begaafde ouderling of 'n persoon van buite, 'n seminaar aan te bied.

George (1992:142) noem 50 onderwerpe vir die toerusting van kleingroepleiers, wat algemeen in boeke van evangeliese kerke en instansies vir die benutting van menslike hulpbronne na vore kom. Dit kan in tabelvorm soos volg weergegee word:

1. Luistervaardighede
2. Reaksievaardighede (responding)
3. Aansporing (challenging)
4. Konfrontering
5. Evangelisering
6. Visie en Strategie
7. Leierskap
8. Werwing
9. Opvolgwerk
10. Versorging (nurturing)
11. Voorhou van die globale beeld
12. Administrasie
13. Probleemhantering
14. Hoe om 'n byeenkoms te hou
15. Hoe om lede te laat deel
16. Berading
17. Onderskeiding en besluitneming
18. Geloofwaardigheid en voorbeeld
19. Geestelike kennis
20. Bybelkennis en lesvoorbereiding
21. Hoe om hulpleiers te kry
22. Hoe om 'n groep te verdeel
23. Hoe om met potensiële nuwe lede kontak te maak
24. Hoe om nuwelinge te verwelkom
25. Aanbidding en musiek
26. Identifisering van geestelike gawes
27. Hoe om uitreikprojekte te koördineer
28. Wanneer om vir hulp te vra
29. Hoe om vir genesing te bid
30. Bestuursprobleme
31. Hantering van kinders in die groep
32. Bevryding
33. Herkenning van mishandeling
34. Holistiese gesondheid
35. Tydsbestuur
36. Lojaliteit en spanwerk
37. Bevestiging en versterking
38. Gesindhede
39. Konflikhantering
40. Persoonlike dissipline
41. Hoe om ander te leer bid
42. Hoe om in gebed na God te luister
43. Verwysing van mense met probleme
44. Wetlike implikasies
45. Vertroulikheid
46. Hoe om bediening as 'n span te deel
47. Hoe om skaamheid te oorkom
48. Rentmeesterskap of begroting
49. Herderskapvaardighede
50. Vaardighede vir een-tot-een-dissipelmaking

(Vertaal en oorgeneem van George, 1992:142-143).

Veral die fasette van spiritualiteitsverdieping, wat hierbo genoem is, is in die lig van hierdie studie belangrik (vgl. 3.7; 4.3; 5.5.6). Verder is die materiaal wat in hoofstuk 3 en 4 asook in 5.2 tot 5.4 vervat is, ook geskik om in 'n opleidingsgids verwerk te word sodat kleingroepleiers daarmee toegerus kan word om spiritualiteit in die kleingroepe te fasiliteer.

Die kerkraad het die verantwoordelikheid om toe te sien dat die toerusting aan die kleingroepleiers gegee word en dat alles ordelik en opbouend geskied (5.3.1.5;

### 5.5.6 Die spiritualiteitsvorming van die kleingroepleier

Wat onder 5.5.1 tot 5.5.5 bespreek is, handel nie net oor die toerusting van die kleingroepleier met die oog op sy vaardighede en funksies nie, maar beklemtoon ook die belangrikheid van sy spirituele toerusting. Verder kan aanvaar word dat die gemeentebediening met die oog op gemeentelike spiritualiteit, wat onder 5.4 behandel is, nie net die kleingroepleier se dienswerk in die kleingroep sal bevorder nie, maar ook sy eie spiritualiteit sal verdiep.

Onder 5.4.1.4 is reeds na die voordele van 'n *retraite* in die gemeente verwys. Die program van die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing wat Le Roux (1991:228-241) as bylaag in sy studie oor die spiritualiteitsvorming van die predikant weergee, kan as basis dien om 'n *retraite* vir kleingroepleiers te hou. Nicol (1989:122-128) gee ook nuttige wenke, praktiese riglyne en 'n voorbeeld van 'n program wat vir 'n *retraite* met die oog op Skrifstudie, meditasie en gebed, gebruik kan word.

Foster (1990) het met die oog op spiritualiteitsvorming die boek *Celebration of Discipline* oor spiritualiteitsdissiplines geskryf. (Later (1992) is dié boek in Afrikaans vertaal as *'n Tyd vir toewyding*). In 'n volgende boek, *Celebrating the Disciplines*, gee Foster en Yanni (1992) verdere aanwysings oor hoe die eerste boek deur individue en groepe gebruik kan word. Die tweede boek eindig ook met riglyne en 'n program vir 'n *retraite* (Foster & Yanni, 1992:267-272).

Gedurende blokbyeenkomste kan 'n ouderling met die kleingroepleiers en hulpleiers die boeke van Foster en Foster en Yanni as riglyn vir gesprekke oor spiritualiteit gebruik. Kleingroepleiers kan ook aangemoedig word om die boeke deur te werk en toe te pas. Op 'n geleë tyd kan met behulp van die voorgestelde program, 'n *retraite* gehou word vir die ouderling, kleingroepleiers en hulpleiers saam met hulle gesinne. Hiervoor is die nodige opleiding deur 'n kundige nodig.

### 5.5.7 Samevatting

Uit 5.5.1 - 5.5.6 blyk die volgende:

- Die ampte het 'n belangrike rol te speel in die ondersteuning en versorging van kleingroepleiers.
- Daar is nie net een manier nie, maar verskeie maniere waarop kleingroepleierskap ontwikkel kan word.
- Die belangrikste manier om kleingroepleierskap te ontwikkel is deur in-diens-opleiding.
- As gevolg van die stres wat kleingroepleiers in hulle dienswerk kan ervaar, is dit belangrik dat hulle hulleself sal versorg en dat hulle deur die ouderling versorg word. Die wyse waarop die kleingroep en die gemeente funksioneer, behoort ook aan die kleingroepleier versorging te verskaf.
- Die gemeentelike bediening as geheel, gesprekke en gebede van die ouderling en kleingroepleier wanneer hulle saam is, Bybelstudie en besprekings in die blokvergaderings oor spiritualiteit, asook die hou van 'n *retraite,* kan die vorming en verdieping van die kleingroepleier se spiritualiteit bevorder.

## 5.6 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende blyk uit hoofstuk 5:

- Daar is 'n wisselwerking tussen die korporatiewe spiritualiteit in die gemeente en die korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep.
- Kleingroepleierskap kan as 'n bediening onder leiding van die ampte binne die gemeente in die presbiteriale kerkregeringstelsel geïntegreer word.
- Die gemeentelike bedieningsgestaltes moet so benut word dat dit ook gesonde spiritualiteit binne die kleingroepe bevorder.
- Vir effektiewe bediening deur kleingroepleiers tot bevordering van die korporatiewe spiritualiteit binne die kleingroep, behoort die kleingroepleierskap op 'n omvattende wyse ontwikkel en versorg te word.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING

## 6.1 ALGEMENE OPMERKINGS

Die belangrike rol van kleingroepleierskap in die fasilitering van korporatiewe spiritualiteit in gereformeerde gemeentes is ondersoek. Met hierdie studie is die volgende beoog:

- Om korporatiewe spiritualiteit uit gereformeerde perspektief te ondersoek;
- Om aan te te toon op watter wyse kleingroepe spiritualiteit kan fasiliteer;
- Om die verband tussen kleingroepleierskap en die spiritualiteit van kleingroeplede te ondersoek; en
- Om kontoere van 'n gemeentelike strategie wat kleingroepleiers ondersteun om spiritualiteit in die kleingroepe te fasiliteer, daar te stel.

**Die kleingroep is in hierdie studie op grond van Skrifgegewens (3.3.1.1) beskou as volledig εκκλησια - 'n selfstandige geloofsgemeenskap binne, en afhanklik van die groter eenheid van die gemeente.**

## 6.2 BEVINDINGS

Oor die verskillende fasette van hierdie studie is die volgende bevindings gemaak:

### 6.2.1 Korporatiewe spiritualiteit is gereformeerde spiritualiteit

- Daar is verskeie benaderings wat spiritualiteit uit verskillende perspektiewe beskryf. Hier is gekies vir 'n meerdimensionele beskrywing van spiritualiteit as 'n balans van *innerlike vroomheid en die praktiese uitlewing daarvan.* Die klassieke uitdrukking *praxis pietatis* vat hierdie meerdimensionele beskrywing van spiritualiteit mooi saam.

- Uit die analise van gekose Skrifgedeeltes uit Handelinge en Efesiërs en die beskrywinge van die kerk in Efesiërs, het die volgende geblyk:

  - Die Heilige Gees woon en werk op 'n besondere manier in die kerk as die gemeenskap van die gelowiges.

  - Deur die werk van die Gees word God se handelinge in Christus nie net verstaan en aanvaar nie, maar ook deur gelowiges ervaar en in hulle lewens gerealiseer.

  - Ortodoksie sonder die bevinding (geestelike, verstandelike en emosionele belewing) van die godsdiens is leweloos.

  - Die gelowiges se reaksie op die ervaring van God in die gemeenskap van die gelowiges is om God volhardend en meer toegewyd te dien en lief te hê.

  - Gereformeerde spiritualiteit is Bybelse spiritualiteit en volgens die Skrif is individuele spiritualiteit sonder die gemeenskap van gelowiges ondenkbaar. Die korporatiewe spiritualiteit wat gelowiges in gemeenskap met mekaar beoefen, en die individuele spiritualiteit wat elke gelowige persoonlik beoefen, staan nie teenoor mekaar nie, maar interaktief naas mekaar.

- Gereformeerde spiritualiteit kan nie losgemaak word van sy historiese wortels, teologiese beklemtoninge en godsdienstige uitdrukkingsvorme nie. Hieroor is die volgende opmerkings met die oog op hierdie studie ter sake:

  - Gereformeerde sprituality het ontwikkel uit, het wortels in, en hou verband met 'n verskeidenheid historiese spiritualiteitstradisies. Gereformeerdes behoort voort te bou op hulle eie erfenis en tradisie van spiritualiteit, maar kan ook verryk en uitgebou word deur van die sterk Bybelse aspekte van ander tradisies kennis te neem.

  - Gereformeerde spiritualiteit het 'n eie teologiese *ratio* wat aanleiding gee tot sy eie unieke tipe spiritualiteit.

- Gereformeerde spiritualiteit word deur bepaalde gestaltes of verskyningsvorme van spiritualiteit getipeer soos byvoorbeeld die klem op die Bybel, gebed, geloofsonderrig, belydenisskrifte, die familie- en geloofsgemeenskap en die beïnvloeding van die samelewing.

- In die lig van Skrifgegewens en die gegewens oor wat gereformeerde spiritualiteit is, is spiritualiteit meerdimensioneel soos volg gedefinieer:

  ***Spiritualiteit*** **beskryf hoe gelowiges voor die aangesig van God, in gemeenskap met Hom en medegelowiges in hierdie wêreld lewe**.

  Volgens hierdie definisie fokus spiritualiteit op die volgende:

  - Die hele lewe *coram Deo*: voor die aangesig van God;

    en uit hierdie sentrale dimensie op:

    - luisterende en biddende gemeenskap met *God*;
    - liefdesgemeenskap met *medegelowiges*; en
    - die gelowige se nuutgemaakte lewe in hierdie *wêreld*.

- Korporatiewe spiritualiteit fokus op die gemeenskap van gelowiges as 'n ***dimensie*** van spiritualiteit maar ook as 'n belangrike ***ruimte* of *milieu*** waarbinne spiritualiteit beoefen (moet) word.

### 6.2.2 Kleingroepe kan korporatiewe spiritualiteit fasiliteer

Kleingroepe is nie al ruimte waarin korporatiewe spiritualiteit beoefen word nie, maar wel 'n belangrike ruimte of koinoniale verband vir korporatiewe spiritualiteit in 'n gereformeerde gemeente.

- Die korporatiewe spiritualiteit van gemeentelike kleingroepe is 'n integrerende deel van die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente in die geheel. Die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente as geheel, die korporatiewe spiritualiteit van die gemeentelike kleingroepe, en individuele spiritualiteit van elke lidmaat behoort interafhanklik van mekaar beoefen te word.

- Faktore uit die samelewing, die kerk en die psigolgiese ingesteldheid van die laat-twintigste eeuse mens kan remmend inwerk op die fasilitering van korporatiewe spiritualiteit:

  - ***Uit die breë samelewing*** stel die Post-modernisme, die "New Age"-Beweging, Internasionalisme, die Individualisme, en die Kollektivisme en Universalisme nuwe eise aan die kerk. Tegelykertyd bied dié faktore ook 'n **nuwe milieu** met nuwe behoeftes en geleenthede, waarbinne die kerk met **dieselfde geloofsinhoud op 'n nuwe manier** in die 21ste eeu sal moet opereer.

  - ***Binne die kerk*** word korporatiewe spiritualiteit gerem deur 'n eensydige verkondigingsmodel, die onderbeklemtoning van die Heilige Gees, lidmate se belewing van die kerk as 'n anonieme kollektiwiteit en strukture wat nie ruimte vir spiritualiteit skep nie. As die verwagtinge wat hedendaagse lidmate aan die kerk stel, bygereken word, is die implikasie dat Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke op 'n kritieke moment van hulle bestaan verkeer. Gereformeerde kerke sal met hulle Skriftuurlike raamwerk Bybels- kreatief en strategies te werk moet gaan.

  - ***Die psigologiese ingesteldheid*** van die mens van die laat 20ste eeu, soos die kits-sindroom, die produksie- of prestasiementaliteit, sy vrees vir stilte, die totdat-sindroom (uitstelmentaliteit en utopiese verwagting van 'n beter toekoms) en sy selfgerigtheid in spiritualiteit, kan remmend inwerk op pogings om gereformeerde spiritualiteit te bevorder.

- Uit die analise van Skrifgedeeltes uit Handelinge en Efesiërs het die volgende oor die kleingroep, as εκκλησια in die kleine, geblyk:

  - Die kleingroep is 'n ***klein eenheid*** wat saam met ander klein eenhede verbind is om die ***groter sisteem*** van die plaaslike gemeente (en die universele kerk) te vorm.

  - Hoewel die kleingroep nêrens in die Skrif eksplisiet as voorskrif voorgehou word nie, is dit 'n belangrike en ***navolgenswaardige voorbeeld*** van opbou van die geloofsgemeenskap en die funksionering van *koinonia*.

  - Die kleingroep is ook daar waar die kleingroeplede met mekaar saam is vir geloofsgemeenskap, gemeente (εκκλησια) van Christus.

  - Wanneer gelowiges in die kleingroep voor God in sy teenwoordigheid byeen is, kan hulle mekaar op 'n besondere wyse ***ondersteun*** deur na mekaar te luister en saam te bid.

  - So verkry gelowiges ondersteuning, toerusting en krag vir hulle ***roeping in die wêreld***.

  - In die kleingroep kan gelowiges as liggaam van Christus mekaar opbou deurdat ***elkeen sy/haar funksie*** vervul.

  - Christus moet erken en beleef word as ***Hoof*** (die belangrikste Een, die groep se bestaansrede) deur Wie mense volwaardige lede van die groep word, en na Wie en uit Wie die groep groei en lewe.

- Kleingroepe het groot potensiaal om korporatiewe spiritualiteit in die gemeente te bevorder omdat dit strukture is wat gelowiges se saamluister na God kan bevorder, ware *koinonia* kan bevorder, gelowiges kan toerus en ondersteun om geloofwaardig as getuies in die wêreld te lewe, die sosio-emosionele behoeftes van die hedendaagse mens kan aanspreek en die probleme van die tydsgees in die kerk, samelewing en individuele gelowiges kan aanspreek.

- Kleingroep-dinamiese faktore, soos die wyse van totstandkoming, die grootte, samestelling en onderlinge verbintenis van 'n kleingroep, die kleingroep se groeistadia, die doel waarvoor die groep bestaan, interpersoonlike kommunikasiepatrone, groepbewussyn en -identifikasie en groepkohesie, bied unieke geleenthede en is nuttige kragte en prosesse vir korporatiewe spiritualiteit.

- 'n Gebalanseerde kleingroepbyeenkoms verloop deur hoofsaaklik vier verskillende fases, naamlik mens-tot-mens (verwelkoming en onderlinge sorg), mens-tot-God (gesamentlike aanbidding), God-tot-mens (onderlinge opbou uit die Skrif) en gelowige-tot-medemens (diensbetoon en getuienislewering).

- Oor die praktiese beoefening van korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep het die volgende geblyk:

    - Saam kan kleingroeplede van God se teenwoordigheid by hulle bewus word deur onder andere die regte lewenswaardes aan te kweek en die byeenkoms te begin met 'n openlike verklaring oor God se teenwoordigheid.

    - Die koinonia in die kleingroep dien as 'n belangrike milieu waarin spiritualiteit plaasvind, maar is ook op sigself 'n spiritualiteitsoefening waarmee kleingroeplede hulle deelwees van die liggaam van Christus en God se teenwoordigheid by hulle beleef.

    - Gemeenskap met God as spiritualiteitsoefening word op twee maniere beoefen. Enersyds is gemeenskap met God 'n saamluister na hoe Hy Homself in sy Woord bekendmaak en hoe sy Woord in medegelowiges se lewens gestalte gekry het. Andersyds word biddende gemeenskap met God beoefen in 'n ryke verskeidenheid van vorme, maar veral deur aanbidding en voorbidding.

    - Die kleingroeplewe kan sy lede op verskillende maniere toerus vir hulle lewe in hierdie wêreld deurdat gelowiges byvoorbeeld in die kleingroep die

geleentheid kry om hulle geloof met ander te deel en deurdat gelowiges mekaar ondersteun en aanspoor vir hulle getuienis na buite.

- Daar moet gewaak word teen faktore wat gesonde korporatiewe spiritualiteit in die kleingroepe in gevaar kan stel. soos 'n skeefgetrekte Godsbeeld, onderbeklemtoning van die Bybel, verabsolutering van *koinonia*, kunsmatigheid en manipulasie.

### 6.2.3 Kleingroepleierskap kan korporatiewe spiritualiteit fasiliteer

- Gesonde korporatiewe spiritualiteit in die kleingroep vind nie outomaties plaas nie. Effektiewe leierskap is nodig.

- Kleingroepleierskap is ***geestelike leierskap met die doel om kleingroeplede, eerstens korporatief en tweedens individueel, pastoraal te begelei om bewustelik in die teenwoordigheid van God (coram Deo) te lewe***.

- Omdat bevind is dat die kleingroep 'n εκκλησια in die kleine is, is aanvaar dat die beginsels wat vir die herderlike leiers (ouderlinge) van die gemeente geld, ook op die kleingroepleier as herder van toepassing is. Uit die analise van Skrifgedeeltes uit Handelinge en Efesiërs het die volgende perspektiewe op die kleingroepleier se herderlike rol in die kleingroep, as εκκλησια in die kleine, geblyk:

  - God het bepaal dat sy gemeente deur geestelike leiers gelei, toegerus en versorg moet word.

  - As geestelike leiers moet kleingroepleiers eers hulleself versorg voor hulle ander kan begelei en versorg.

  - 'n Kleingroepleier is 'n herder wat ander met groot liefde en selfopoffering moet begelei.

  - 'n Kleingroepleier is nie toevallig herder van die kleingroep nie, maar deur die Heilige Gees daarvoor geroep en toegerus.

    - Die kleingroeplede is, soos alle kinders van die Here, sy kosbare en baie spesiale mense wat Hy vir Homself met die bloed van Christus verkry het.

    - Kleingroepleiers is aan die kleingroep gegee om die kleingroeplede geestelik toe te rus sodat hulle geskik kan wees vir dienswerk tot opbou van die kleingroep se lewe in die teenwoordigheid van God.

    - Nóg die kleingroepleier, nóg die kleingroeplid is solo-diensknegte, maar almal in die kleingroep moet onder leiding van die kleingroepleier saam dien tot groei in Christus.

- Die kleingroepleier se persoonlike spiritualiteit, is bepalend vir sy vermoë om die kleingroep waarlik geestelik te kan lei:

    - 'n Kleingroepleier se vermoë om die kleingroeplede tot dieper spiritualiteit te begelei, hang grootliks af van sy persoonlike spiritualiteit as 'n belewing van die werklike teenwoordigheid van God in elke faset van sy lewe. Anders gestel: die kleingroepleier moet nie net die regte dinge reg doen nie, maar moet ook alles doen met 'n regte hart en gesindheid *coram Deo*.

    - 'n Kleingroepleier wat graag sy leierskap *coram Deo* wil uitvoer, sal, nie uit wettisisme nie, maar uit dankbaarheid vir God se genade, moet leer om deur beoefening van die geestelike dissiplines homself vir God se genade oop te stel. Die beoefening van die geestelike dissiplines behoort 'n integrerende deel te wees van elke kleingroepleier se strewe om naby en met God te lewe.

    - Om sinvol sy roeping te kan uitleef, moet die kleingroepleier voortdurend die roeping opnuut aanvaar, sy roeping ernstig opneem en daarin volhard om dit so goed moontlik uit te leef. Die kleingroepleier moet nooit sy roeping as groepleier los van die Roeper sien nie.

- Die kleingroepleier moet, ten einde met God te kan lewe en mense in hulle spiritualiteit te kan begelei, 'n man (of vrou) van gebed wees.

- 'n Gereformeerde kleingroepleier lewe in God se teenwoordigheid deur met die Skrif om te gaan, dit te bepeins en in alles doelbewus daarvolgens te handel.

- Die kleingroepleier moenie so besig wees om ander in hulle gemeenskap met God en mekaar te begelei nie, dat hyself nie werklik deel van die gemeenskap van gelowiges is nie. Ook vir die kleingroepleier is dit belangrik om sy lewe voor God ***saam met ander*** te belewe en te beoefen. In die teenwoordigheid van God en deur die oë van God kry medegelowiges nuwe betekenis. Maar deur sy koinoniale verhouding met medegelowiges beleef hy God se teenwoordigheid en leer hy Hom beter ken.

- Om sy hele lewe as *coram Deo* te beleef en ander te kan begelei om ook prakties in die wêreld oral en altyd *coram Deo* te lewe, moet die kleingroepleier homself oefen om in alles God se leiding en sy wil te soek en as getuie van Christus Hom oral en altyd te eer.

- Die kleingroepleier se identiteit is dié van 'n dienskneg-herder wat selfopofferend, dienend en liefdevol die kleingroeplede lei, versorg, toerus en help.

- As geestelike leier moet die kleingroepleier se lewe kenmerkend Christelik en Geesvervuld wees.

- Die kleingroepleier behoort 'n Christokratiese leierskapstyl te hê. Volgens hierdie styl is Christus die eintlike Leier en die enigste Hoof van die kleingroep. Deur sy Gees wat in gelowiges woon, voer Hy sy heerskappy. Die geestelike leier staan, soos al die gelowiges, onder die gesag van Christus en lei die kleingroep só dat hulle saamwees 'n saamluister na God kan wees.

daar 'n digotomie tussen die kleingroep- en grootgroepspiritualiteit ontwikkel wat die korporatiewe spiritualiteit van die gemeente uiteindelik skade kan berokken.

- Met die oog op die vasstelling van die organisatoriese plek van die kleingroepleier binne die gereformeerde presbiteriale kerkregeringsisteem, is op grond van 'n Skriftuurlike en kerkregtelike ondersoek die volgende bevindings gemaak:

    - Die gemeente van Christus is 'n organiese eenheid van 'n verskeidenheid lidmate wat in Christus relasioneel aan God en mekaar verbind is om die heil in Christus te beleef en uit te leef.

    - Christus is die enigste Hoof van die gemeente en die hele gemeente is gelyklik onder sy direkte heerskappy.

    - Aan elke lidmaat in die gemeente is gawes gegee met die imperatief dat hy of sy daarmee aktief in die gemeente moet dien.

    - Christus het ampte in die gemeente gegee om met hulle dienswerk op die algemene lewe van die gemeente in die geheel te fokus.

    - Die ampsdraers staan langs die gelowiges in die gemeente en saam met die gelowiges onder die gesag van Christus. Hulle rol is om die lidmate toe te rus, geestelik te voed, te stimuleer, te koördineer en as eenheid in Christus en onder sy Hoofskap, saam te bind.

    - Kleingroepleierskap kan as 'n bediening onder leiding van die ampte binne die gemeente in die presbiteriale kerkregeringstelsel geïntegreer word.

- In die lig van die Skriftuurlike en gereformeerd-kerkregtelike beginsels is 'n organogram ontwerp om kleingroepleierskap binne die presbiteriale kerkregeringsisteem van 'n gereformeerde gemeente te integreer. Hiervolgens word kleingroepleierskap as ***bedieninge onder leiding van die ampte*** erken.

- Die gemeentelike bedieningsgestaltes, soos byvoorbeeld die erediens, Woordverkondiging, kategese, gemeentekampe en *retraites*, moet so benut word dat dit ook gesonde spiritualiteit binne die kleingroepe bevorder.

- Vir effektiewe bediening deur kleingroepleiers ter bevordering van die korporatiewe spiritualiteit binne die kleingroep, behoort die kleingroepleierskap op 'n omvattende wyse ontwikkel en versorg te word deur byvoorbeeld pastorale versorging aan die kleingroepleier deur die ouderling, in-diens-opleiding, toerustingskursusse en *retraites* vir geestelike leiers.

## 6.3 FINALE GEVOLGTREKKINGS

In die lig van die probleemstelling en die sentrale teoretiese argument van hierdie studie (hoofstuk 1) en die studie wat in hoofstuk 2 tot 5 gedoen is, is die finale gevolgtrekkings van hierdie studie die volgende:

- Daar is 'n besondere verband tussen gereformeerde en korporatiewe spiritualiteit.
- Kleingroepe kan 'n kardinale rol in die fasilitering van spiritualiteit speel.
- Deur effektiewe kleingroepleierskap in die kerk kan kleingroeplede tot groei in spiritualiteit gelei word.
- Dit is moontlik om, ter ondersteuning van kleingroepleiers se fasilitering van spiritualiteit in die kleingroepe, kontoere van 'n gemeentelike strategie daar te stel.

## 6.4 TERREINE VIR VERDERE NAVORSING

Enkele onontginde terreine vir verdere studie word aangedui:

1. Die verhouding tussen individuele en korporatiewe spiritualiteit.
2. Die verhouding tussen individuele en groepspastoraat - toegespits op depressielyers.
3. Die invloed van kleingroepbediening op lidmate se belewing van die eenheid van die gemeente.
4. Die opleiding van kleingroepleiers - beginsels, strategie en tegniek.
5. Die implikasie van die gereformeerde verbondsbeskouing vir

kleingroepbediening.

6. 'n Omvattende strategie vir die transisionering van 'n gereformeerde gemeente met die oog op kleingroepbediening.
7. Kleingroepbediening by die reformatore Bucer en Luther.
8. Kleingroepbediening en die verbondsonderrig en versorging van die hoër- en laerskoolse dooplidmate
9. Die Heilige Gees se toerusting van kleingroepleiers vir Geesvervulde leierskap.
10. Die kleingroep as charismatiese geloofsgemeenskap tot opbou van die gemeente.

# BYLAE A

## VRAELYS OOR KLEINGROEPE EN GELOOFSBELEWING

Baie dankie dat jy bereid is om hierdie vraelys in te vul. Wees asb. heeltemal eerlik - onthou die vraelys word anoniem ingevul:
Hoe lank behoort jy aan 'n kleingroep? ________________
Hoe groot is julle kleingroep? ________
Wat is jou huidige rol in die groep? (bv. groepleier, hulpleier, groeplid ens) ________________
Wat is jou ouderdom? ________

Beoordeel die volgende stellings op 'n punteskaal soos volg.

| GLAD NIE | | SOMS | | MEESTAL |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

A. **DIE KLEINGROEPLEWE**

1. In die kleingroep ervaar ek iets van die Here se liefdevolle teenwoordigheid by ons.

1 2 3 4 5

2. In ons kleingroep probeer ons agterkom (luister) wat die Here wil hê ons moet doen.

1 2 3 4 5

3. Ons het tydens kleingroepbyeenkomste vrymoedigheid om oor ons geloof te gesels.

1 2 3 4 5

4. Ons kleingroep gee regtig vir mekaar om op praktiese maniere.

1 2 3 4 5

**B. DIE KLEINGROEPLEIERSKAP**

1. Ons kleingroepleier se verhouding met die Here spreek my aan.

1 2 3 4 5

2. Ons groepleier help my om nader aan die Here te kom.

1 2 3 4 5

3. Ons leier moedig almal aan en gee almal geleentheid om deel te neem.

1 2 3 4 5

4. Ons leier is dominerend, hy oorheers die byeenkoms en praat te veel.

1 2 3 4 5

| GLAD NIE | | SOMS | | MEESTAL |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

5. Die volgende eienskappe en optrede van ons kleingroepleier help my om in my verhouding met die Here te groei:

________________________________________

________________________________________

________________________________________

6. Dinge wat ek in ons kleingroepleier anders sou wou hê:

________________________________________

________________________________________

________________________________________

C. **PERSOONLIK**

1. Ek het, sedert ek deel van 'n kleingroep is, geleer om die Here se teenwoordigheid as 'n groter werklikheid te ervaar.

1 2 3 4 5

2. My stiltetyd (Bybellees, bid ens.) is vir my 'n dieper belewenis sedert ek deel van 'n kleingroep is.

1 2 3 4 5

3. Ek het, sedert ek deel van 'n kleingroep is, gegroei in my liefde vir God en my geloof in die algemeen.

1 2 3 4 5

4. Ek het, sedert ek deel van 'n kleingroep is, gegroei in my liefde vir my medegelowiges.

1 2 3 4 5

5. Ek het, sedert ek deel van 'n kleingroep is, gegroei om my Christenskap uit te leef in die praktyk van my lewe (by die werk, huis, tussen vriende en vreemdelinge).

1 2 3 4 5

BAIE DANKIE VIR JOU SAMEWERKING MET HIERDIE VRAELYS!

# BYLAE B

## 1. INLEIDING

### 1.1 Agtergrond

Die vraelys in Bylae A is deur 69 kleingroeplede in 5 verskillende Nederduits Gereformeerde gemeentes ingevul. Daar is gepoog om die volgende hipoteses met die vraelys te toets:

- **Hipotese A:** Die lewe in die kleingroep (onder andere die onderlinge liefde, die gesamentlike aanbidding, die Bybelstudie en opbou in die geloof) kan korporatiewe spiritualiteit fasiliteer en kleingroeplede help om gesamentlik (korporatief) God se teenwoordigheid as 'n groter werklikheid te beleef.

- **Hipotese B:** Die kleingroepleier kan 'n baie belangrike rol in die bevordering van die spiritualiteit in die kleingroep speel.

- **Hipotese C:** Die kleingroeplewe kan gelowiges in hulle persoonlike spiritualiteit laat verdiep.

### 1.2 Probleme met die vraelys-ondersoek

Die data wat uit die vraelyste verkry is, was voldoende vir die ontleding maar was slegs positief van aard. Indien die vraelys voorsiening gemaak het vir meer vrae met 'n negatiewe strekking, sou nog meer bruikbare inligting uit die ondersoek verkry kon word.

Belangrike inligting sou ook verkry kon word deur die vraelys aan te pas sodat respondente wat nie kleingroeplede is nie, se spiritualiteit met die spiritualiteit van kleingroeplede vergelyk kon word. Om kleingroepe se uitwerking op gelowiges se spiritualiteit te kan toets, sou dit die ideaal wees om twee vraelyste uit te stuur, naamlik voor en na aansluiting by 'n kleingroep ("before and after"-situasie). 'n Verdere probleem is dat baie van die respondente self groepleiers was.

Die laaste probleem is dat spiritualiteit iets abstraks en subjektiefs is. Daarom kan aanvaar word dat dit vir mense moeilik is om hulle eie spiritualiteit objektief te evalueer.


Ten spyte van die probleme is 'n data-ontleding gedoen en bruikbare inligting ter ondersteuning van die studie oor *korporatiewe spiritualiteit en kleingroepleierskap* verkry.

## 2. DIE VERANDERLIKES


Uit die ontleding van die vraelys het dit geblyk dat die veranderlikes soos hoe lank kleingroeplede aan die groep behoort, die grootte van die kleingroep, die rol van die kleingroeplid in die groep en die kleingroeplid se ouderdom, nie 'n beduidende invloed op die respondente se antwoorde gehad het nie. Die volgende inligting dien daarom slegs as agtergrond:

### 2.1 Hoe lank respondente aan 'n kleingroep behoort

Die meeste respondente was vir 'n periode van twee jaar of langer lede van kleingroepe. Dit kan dus nie met sekerheid gesê word of toetrede tot die groep die lid beïnvloed het nie omdat die meeste respondente al 'n geruime tyd aan so 'n groep behoort het (gemiddeld 2 jaar met 'n standaardafwyking van 2.03 ). Die onderstaande figuur vat die inligting saam.









## 2.4 Die ouderdomme van respondente

Die gemiddelde ouderdom van die respondente was 39 jaar met 'n standaardafwyking van 9 jaar.

## 3. Ontleding van die resultate


## 3.1 Hipotese A: Die kleingroeplewe

Die gemiddelde antwoord op vraag A1 - 4 was 'n telling van 5. Die respondente stem dus saam dat die kleingroeplewe daarin slaag om korporatiewe spiritualiteit te fasiliteer en hulle God se teenwoordigheid as 'n groter werklikheid te laat belewe. Die onderstaande grafiek gee die respondente se antwoorde weer:



### 3.2 Hipotese B: Die rol van die kleingroepleier

Vraag B1 - 4 is baie positief beantwoord met 'n vyftelling. Volgens die respondente se antwoorde speel die groepleier se persoonlike spiritualiteit en leierskapstyl 'n baie belangrike rol in die bevordering van die spiritualiteit in die kleingroep. Sommige vrae in hierdie afdeling is op party vraelyste egter onbeantwoord gelaat. Dit is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat baie van die respondente self kleingroepleiers was. Die respondente se antwoorde op die vrae in Afdeling B word in die volgende grafiek voorgestel:




Wat die twee oop vrae vraag B5 en 6 betref, is die algemene gevoel soos volg.

**Vraag B5:** Die respondente dui aan dat dit veral die groepleier se geloof, Bybelkennis, opregtheid, entoesiasme en liefde vir ander was wat hulle in hulle spiritualiteit laat verdiep het.


**Vraag B6:** Sake wat die respondente in die groepleiers se mondering anders sou wou hê, is onder andere dat hulle meer ontspanne moet wees, sterker standpunt moet inneem, nie groepsbesprekings moet oorheers nie en nog meer onder leiding van die Heilige Gees moet leef.

### 3.3 Hipotese C: Die kleingroep se effek op groeplede se persoonlike spiritualiteit

Die vrae in Afdeling C is redelik positief beantwoord met 'n vier of 'n vyf. Die meeste respondente meen dus dat hulle sedert hulle by 'n kleingroep aangesluit het, in hulle persoonlike spiritualiteit gegroei het. Volgens hulle antwoorde is God se

teenwoordigheid vir hulle 'n groter werklikheid, die beoefening van geestelike dissiplines (soos persoonlike Bybellees en gebed) 'n dieper belewenis en het hulle ook gegroei in hulle liefde vir God en hulle geloof in die algemeen. Verder het hulle liefde vir hulle medegelowiges, volgens hulle, toegeneem. Hulle spiritualiteit het ook só gegroei dat hulle hulle Christelike getuienis in die alledaagse lewe prakties kan uitleef.

Die respondente se antwoorde op die vrae in Afdeling C word in die volgende grafiek voorgestel:




## 4. Gevolgtrekkings

Uit die data wat uit hierdie vraelys-ondersoek verkry is, blyk dit dat die volgende stellings vir die 69 respondente wat aan hierdie vraelys-studie onderwerp is, waar is:

- Die lewe in die kleingroep (onder andere die onderlinge liefde, die gesamentlike aanbidding, die Bybelstudie en opbou in die geloof) kan korporatiewe spiritualiteit fasiliteer en kleingroeplede help om gesamentlik (korporatief) God se teenwoordigheid as 'n groter werklikheid te beleef.
- Die kleingroepleier kan 'n baie belangrike rol in die fasilitering van spiritualiteit in die kleingroep speel.
- Die kleingroeplewe kan gelowiges in hulle persoonlike spiritualiteit laat verdiep.

# BRONNELYS


ABBOT, T.K. 1968. A Critical and exegetical commentary on the Epistles to the Ephesians and to the Colossians. Edinburgh: T. & T. Clark.

ACKERMAN, J. 1994. Spiritual Awakening. New York: Alban Institute.

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M., & WIKGREN, A. *eds.*, 1983. The Greek New Testament. 3rd ed. (Corrected). Stuttgart: United Bible Societies.

ARNOLD, J. 1992. The Big Book on Small Groups. Downers Grove. Illinois: Intervarsity Press.

BANKS, R. 1980. Paul's idea of community. Early House Churches in their historical setting. Exeter: The Paternoster Press.

BARLOW, T.E. 1972. Small group ministry in the contemporary church.Independence, Missouri: Herald Publishing House.

BARNA, G. 1990. The frog in the kettle. What Christians need to know about life in the 21st century. Ventura, Ca: Regal Books.

BARNARD, A.C. 1979. Die plek en die betekenis van die kleingroep. (*In* De Klerk, J.J. (*red*). Evangelistiek. Pretoria: NGKB. p. 125-146).

BECKHAM, W.A. 1995. The Second Reformation - reshaping the Church for the 21st century. Houston: Touch Publications.

BEEBE, S.A. & MASTERSON, J.T. 1994. Communicating in small groups - principles and practices. New York: Harper Collins College Publishers.

BELLAH, R.N. 1988. Interview: The dangers of taking our journey alone. *Discipleship Journal*, 48:51.

BERKHOF, H. 1955. Geschiedenis der Kerk. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach.

BERKHOF, H. 1973. Christelijk geloof. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach.

BISHOP, C. 1995. A leaders call. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *red.s*. Meeting the future - Christian leadership in South Africa. Randburg: Knowledge Resources. p. 60-68)

BLAKE, R.R. & MOUTON, J.S. 1985. The Managerial Grid. Houston: Gulf Publishing Company.

BOEHME, R. 1989. Leadership for the 21st century - changing nations through the power of serving. Seattle, WA: Frontline Communications.

BOLKESTEIN, M.H. 1964. Zielzorg in het Nieuwe Testament. Den Haag: Uitgeverij van Keulen.

BORMANN, E.G. 1975. Discussion and group methods - theory and practice. New York: Harper & Row Publishers.

BOSHOFF, C.W.H. 1991. Politieke veranderinge en waardeverskuiwings: kerklike implikasies. Potchefstroom: Instituut vir Toekomsstudies.

BOTES, C. 1982. Die vergete lidmaat. Fokus op die bediening van die lidmaat in die plaaslike gemeente volgens die Nuwe Testament. Kaapstad: Kerugma.

BREED, D.G. 1994. Die kenmotief in 2 Petrus: 'n eksegetiese studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.)

BRIENEN, T. 1993. Vroomheid volgens het gereformeerd Piëtisme in Nederland, met name bij vader en zoon á Brakel. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 199-208)

BRIDGES, J. 1983. The practice of Godliness. Colorado Springs: Navpress.

BRUCE, F.F. 1965. The Acts of the Apostles. London: The Tyndale Press.

BRUCE, F.F. 1984. Commentary on the book of Acts. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Co.

BUCHANAN, D. 1995. A leader's authority. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *red.s.* Meeting the future - Christian leadership in South Africa. Randburg: Knowledge Resources. p. 78-88)

BURGER, C.W. 1991. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi.

BURGER, C.W. 1995a. Presensie: By God en by mense. (*In* Smit, A.T. (*red.*) Nuutgedink oor leierskap in gemeentes - die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi. p. 36-49.)

BURGER, C.W. 1995b. Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd. Kaapstad: Lux Verbi.

BUYS, P.J. 1984. Die aard van die verbond en die implikasies daarvan vir evangelisasie. Potchefstroom: P.U. vir CHO. (Verhandeling - Th.M.).

BYBEL. 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. (Aangedui in die teks as 1933-vertaling.)

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika. (Die teks gebruik hierdie vertaling behalwe as anders aangedui.)

CALVYN, J. 1559/1984. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek 1. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekfonds. p. 1-348.

CALVYN, J. 1559/1986. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek 2. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekfonds. p. 349-695.

CALVYN, J. 1559/1988. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek 3. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekfonds. p. 699-1264.

CALVYN, J. 1559/1992. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek 4. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekfonds. p. 1265-1859.

CALVYN, J. 1981. Commentary upon the acts of the apostles. Grand Rapids: Baker Book House.

CALAHAN, K.L. 1983. Twelve keys to an effective church. New York: Harper Collins Publishers.

CARSON, D.A. A call to spiritual reformation - priorities from Paul and his prayers. Grand Rapids: Baker Book House.

CHO, P.Y. 1981. Successful Home Cell Groups. South Plainfield, NJ: Bridge Publishing, Inc.

COERTZEN, P. 1995. Offices in the church: contemporary questions and suggestions (proposals). *In die Skriflig*, 29(3):371-393.

COETZEE, C.F.C. 1980. Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.).

COETZEE, J.C. 1983. Gedagtestruktuurontleding en basiese struktuurpatrone - Illustrasiemateriaal uit die Nuwe Testament. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat).

COMBRINK, V. 1987. Die gemeenskap van die heiliges. Bybelse beginsels, praktiese struikelblokke en konkrete patrone. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. 18 p. (Reeks F1: IRS-studiestukke. Studiestuk no. 230.)

COVEY, S.R. 1992. The seven habits of the most effective people. Powerfull lessons in personal change. London: Simon & Schuster Ltd.

DL. Kyk DIE DORDTSE LEERREëLS. 1992.

D'ASSONVILLE, V.E. 1981. Bakens vir die Dogmageskiedenis. Potchefstroom: Marnix.

DE KLERK, J.J. 1988. Inleiding. (*In* Rossouw, P.J. *red.* Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 1-6)

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.)

DE JONGH VAN ARKEL, J.T. 1989. Spiritualiteit as semantiese struktuurkern: 'n pastorale perspektief. (*In* Muller, J.C., *red.* Spiritualiteit - Praktiese Teologie in Suid-Afrika 4(2). Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 18-30.)

DE VILLIERS, J.L. 1977. Die Handelinge van die Apostels. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

DE VILLIERS, J.L. 1985. Die Teologie van Handelinge. (*In* Handleiding by die Nuwe Testament. Bundel v. Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers. p. 218-266.)

DINKMEYER, C.D. & MURO, J.J. 1979. Group counselling. Theory and Practice. Itasca: Ilinois.

DIE DORDTSE LEERREëLS. 1992. (*In* Interkerklike hersieningskommissie. Die berymde psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Die Deputate vir die Calvyn-Jubileumfonds. p.557-589.) (In die teks afgekort as DL)

DONAHUE, B. 1994. Willow Creek Small groups: Leadership Handbook. South Barrington: Willow Creek Community Church.

DOUMA, J. 1982. Evangelistiek. Kampen: Copiëerinrichting Van de Berg.

DOUMA, J. 1993. Christelijke Levenstijl. Kampen: Uitgeverij Van Den Berg.

DU PLOOY, A. Le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.)

DU PREEZ, C.P. 1990. Die ontwikkeling van die ACSV-kringleier binne die skoolkonteks. Johannesburg: R.A.U. (Verhandeling- M.ED.)

DU TOIT, S. 1955. Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis. Potchefstroom: Pro Rege.

ENGELBRECHT, J. & DE WET, C. 1985?. Kleingroepe. 'n Sleutel tot dinamiese kerkgroei. Kemptonpark: Instituut vir kerkgroei in Afrika.

ESCHBACH, H. 1993. De groeigroep als bouwsteen, een model voor de opbouw van de gemeente. Kampen: Uitgeverij Kok Voorhoeve.

EXALTO, K. 1993. Luther over de ware christelijke vroomheid. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 149-168).

FLOOR, L. 1978. Persone rondom Paulus. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

FLOOR, L. 1979. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

FLOOR, L. 1993. De spiritualiteit van de charismatici. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 294-306)

FOSTER, R.J. 1990. Celebration of Discipline. The path to spiritual growth. London: Hodder and Stoughton.

FOSTER, R. & YANI, K. 1992. Celebrating the Disciplines. London: Hodder and Stoughton.

FOULKES, F. 1963. The epistle of Paul to the Ephesians - an introduction and comment. London: The Tyndale Press.

FOWLER, S. 1990. The New Age: threat or challenge? Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. p. 32-50. (Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk no. 273/274.)

GEOK, O.S. & NEIGHBOUR, R.W. 1994. Selleiersgids - 'n Hulpbron vir die opleiding van selgroepleiers. New Castle: Touch International South Africa.

GEORGE, C.F. 1992. Prepare your church for the future. Grand Rapids: Flemming H. Revell.

GEORGE, C.F. 1994. The coming Church Revolution - empowering leaders for the future. Grand Rapids: Flemming H. Revell.

GETZ, G.A. 1976. Building up one another. Wheaton: Victor Books.

GETZ, G.A. 1987. Sharpening the focus of the church. Wheaton: Victor Books. 360 p.

GIBBS, E. 1981. I believe in Church Growth. London: Hodder and Stoughton.

GIRARD, R.C. 1977. Brethren, hang loose. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F., PLUG, C. 1979. Psigologie-woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

GUDJONS, H. 1976. Eerste deel. (*In* Becker, W., Gudjons, H., Koller, H. *red.s.* Groepsdinamika - haar grenzen en mogelijkheden in het licht van de bijbel. In Nederlands vertaal deur H.J. Teutscher. Den Haag: J.N. Voorhoeve.)

GRAAFLAND, C. 1993. De spiritualiteit van de Puriteinen (inzonderheid van Ebenezer en Ralph Erskrine en haar invloed in Nederland). (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 209-230)

GROSHEIDE, F.W. 1941. De Handelingen van de Apostelen - opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen: J.H. Kok.

HK. Kyk DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS. 1992.

HAENCHEN, E. 1971. The acts of the apostles. A commentary. Oxford: Basil Blackwell.

HANDELINGE, 1985. Twee en veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Potchefstroom op 8 Januarie 1985 en volgende dae. p. 398-425.

HANDS, D.R. & FEHR, W.L. 1993. Spiritual Wholeness for clergy. New York: Alban Institute.

HARBAUGH, G.L. 1992. Caring for the caregiver. New York: Alban Institute.

HARNACK, R.V., FEST, T.B. & JONES B.S. 1977. Group discussion - theory and technique. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall, Inc.

HATTINGH, C. 1990. Of Gemeenskap met God, of formalisme - vir Bybelstudie en toerusting van ouderlinge en diakens. Pretoria: C. Hattingh.

DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS. 1992. (*In* Interkerklike hersieningskommissie. Die berymde psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Die Deputate vir die Calvyn-Jubileumfonds. p.517-556.) (In die teks afgekort as HK)

HEITINK, 1977. Pastoraat als hulpverlening. Kampen: J.H. Kok.

HENDRIKS, H.J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente. Wellington: Hugenote-uitgewers.

HENDRIKS, J., JANSEN, E.J.P., RIJKEN-HOEVENS, A.L., SCHIPPERS, K.A. 1987. De kleine groep en de opbouw van de gemeente. Kampen: J.H. Kok.

HENDRIKSEN, W. 1969. Galations & Ephesians - New Testament Commentary. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. kerkboekhandel Transvaal.

HEYNS, L.M. 1990. Bedieninge in die gemeente: praktykmodelle. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 5(1):61-72.

HODGE,C. 1964. A commentary on the epistle to the Ephesians. London: The Banner of Trust.

HOFMEYER, L. 1972. Die groepsgesprek in maatskaplike groepwerk. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

HOUSTON, J.M. 1991. Spiritual life today: An appropriate spirituality for a post-modern world. (*In* Eden, M. & Wells, D.F., *ed.* The gospel in the modern world. A tribute to John Stott. Leicester: Inter-Varsity Press. p.175-197.)

JONKER, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif.* 30: 288-299.

KANE, P. 1995. In the thrall of New Age thrills. *Weekly Mail & Guardian*, Feb 3-9. p. 21.

KELLER, T.J., WHITE, J.O., FIELD, A.E., SCOT, M.S., KAUFMAN R.P. 1995. Fellowship group handbook. New York: Redeemer Presbyterian Church.

KELLERMAN, J.S. 1993. 'n Praktykteorie vir die vormgewing van die preek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8(2):175-189.

KRAEMER, H. 1958. A theology of the laity. London: Lutterworth Press.

KRUGER, S.F. 1993. Die pastorale bediening aan die selfgesentreerde gelowige. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - Th.M.)

KUNST, T.J.W. 1991. De gemeente als organisme en het belang van de kleine groep. Hoornaar: Gideon.

KURPERSHOEK, P.W. 1995. Die verband tussen die organisasie van die eerste Christelike kerk en sy leefwêreld - toegespits op die onderskeid tussen die bedienaar van die Woord en die ouderling. (Skripsie - Th.B.)

LEECH, K. 1989. Experiencing God. Theology as Spirituality. San Francisco: Harper & Row Publishers.

LEE, H.W. 1989. Effective church leadership - a practical sourcebook. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Fortress.

LENSKI, R.C.H. 1961a. The interpretation of St. Paul's epistles to the Galations, to the Ephesians and to the Philippians. Minneapolis, Minnesota: Augsburg Publishing House.

LENSKI, R.C.H. 1961b. The interpretation of the Acts of the Apostles. Mineapolis: Augsburg Publishing House.

LE ROUX, J.G. 1991. Spiritualiteit en identiteit: 'n ondersoek na die geestelike vorming van die predikant. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif - D.Th.)

LONG, J. 1982. A Biblical basis for small groups. (*In* Nicholas *ed.* Small group leaders' handbook. Downers Grove. Il: Inter-Varsity Press. p. 27-33)

LOTTER, G.A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korintiërs. Potchefstroom: P.U. vir CHO.(Proefskrif - Th.D.)

LOTTER, G.A. 1995. Is Paulus 'n ervaringsteoloog. *In die Skriflig*, 29(4):549-560, Des.

LOUW, D.J. 1980. Die stad in die mens. Pretoria: NGKB.

LOUW, D.J. 1989. Spiritualiteit as Bybelse vroomheid in die teologie en gemeentelike bediening. (*In* Muller, J.C., *red.* Spiritualiteit - Praktiese Teologie in Suid-Afrika 4(2). Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 1-17.)

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN-Uitgewery.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. I. New York: United Bible Societies.

LOVELACE, R.F. 1979. Dynamics of spiritual life. Downers Grove: Inter-Varsity Press.

LUDIK, C.B. 1992. Koinonia in die stad - verhoudinge in die stadsgemeentes van die Ned. Geref. Kerk. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling: M.Th.)

LYON, B., ROWEN, H.H. & HAMEROW, T.S. 1969. A History of the Western World. Chicago: Rand Mcnally & Company.

MACDONALD, G. 1989. 'n Tyd vir opbou. Herbou jou gebroke wêreld. Pretoria: Struik Christelike Boeke.

MALAN, C.J. 1984. Die Nadere Reformasie. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Studiestuk F5, no.7)

MARSHALL, T. 1991. Understanding leadership. Fresh perspectives on the essentials of New Testament leadership. Chichester, England: Sovereign World.

MEAD, L.B. 1991. The once and future church - reinventing the congregation for a new mission frontier. New York: The Alban Institute.

MEIER, P., GETZ, G.A., MEIER, R.A. & DORAN, A.R. 1992. Filling the holes in our souls. Chicago: Moody Press.

MILLER, H. 1994. Connecting with God - 14 ways churches can help people grow spiritually. Nashville: Abingdon Press.

MITCHELL, G. 1995. Small groups. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *red.s.* Meeting the future - Christian leadership in South Africa. Randburg: Knowledge Resources. p. 157-163)

MOLENAAR, D.G. 1963. De doopd met de Heilige Geest. Kampen: J.H. Kok.

NGB. Kyk DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. 1992.

NAUTA, H. 1957. Staatskerk. (*In* Grosheide, F.W. & Itterzon, G.P. *red.* 6:245.)

DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. 1992. (*In* Interkerklike hersienings-kommissie. Die berymde psalms in gebruik by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Die Deputate vir die Calvyn-Jubileumfonds. p.488-516.) (In die teks afgekort as NGB)

NEIGHBOUR, R.W. 1990. Where do we go from here? A Guidebook for the Cell Group Church. Houston: Touch Publications.

NEIGHBOUR, R.W. 1994. The Shephard's Guidebook - spiritual and practical foundations for cell group leaders. Houston: Touch Publications.

NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House: Orion Uitgewers.

NEWMAN, B.M. & NIDA, E.A. 1972. A Translator's Handbook on Acts of the Apostles. London: United Bible Societies.

NICOL, W. 1989. Stem in die stilte. 'n Werkboek in Christelike meditasie. Pretoria: Orion.

NOORDEGRAAF, A. 1984. Creatura Verbi - De groei van de gemeente volgens de Handelingen der Apostelen. 'S-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum.

NOORDEGRAAF, A. 1990. De kerk in het Nieuwe Testament. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s.* De Kerk Wezen, weg, en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 19-62)

NOORDEGRAAF, A. 1993. Vroomheid in het Nieuwe Testament. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 44-68)

NOORDEGRAAF, A. 1996. Mededelinge aan die navorser. Utrecht. (Kassetopname in besit van die navorser).

NOUWEN, H.J.M. 1978. Creative ministry. New York: Doubleday.

NOUWEN, H.J.M. 1986. Making all things new. New York: Walker and company.

NOUWEN, H.J.M. 1990. The way of the heart. London: Darton, Longman and Todd.

NOUWEN, H.J.M. 1991. Reaching out. London: HarperCollins Publishers.

NOUWEN, H.J.M. 1994. The Wounded healer. Ministry in contemporary society. London: Darton, Longman and Todd.

ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J., BOOYSEN, C.M. 1991. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

OOSTENBRINK, J.W. 1988. Pas julleself op - 'n Diakoniologiese studie oor die selfbestuur van die pastor. Potchefstroom: P.U. vir CHO. (Skripsie - Th.B.)

OOSTENBRINK, J.W. 1994. Kleingroepevangelisering in die stad. Potchefstroom: P.U. vir CHO. (Verhandeling - Th.M.)

PAPPAS, A.G. 1995. Pastoral stress. New York: Alban Institute.

PAUL, M.J. 1993. Vroomheid in het Oude Testament. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p.17-43.)

PELSER, G.M.M. 1990. Die bedieninge in die Nuwe Testament. 'n Ondersoek na historiese wording en prinsipiële regverdigbaarheid. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 5(1):1-18.

POTGIETER, A.V., HEYNS, P.M., & ROUX, G.B. 1994. Die predikant: bewaker of veranderingsagent in 'n tydperk van transformasie? 'n Sosiaal-sielkundige perspektief. *In die Skriflig*, 28(3):371-393, September.

POTGIETER, M. 1995. 'n Nuwe Bybelse Lewenswyse - Die Selgemeente. George: Lewensvreugde.

POTGIETER, M. 1996. Selgemeentes in die praktyk. Werkswinkel gelei op 29 Februarie 1996 in die kerkgebou van die N.G gemeente Krugersdorp-Oos.

RAUBENHEIMER, O.S.H. 1987. Persone en instansies betrokke by gemeentebou. (*In* Smuts, A.J., *red.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Gemeentebou. Pretoria: NG kerkboekhandel. p.38-53)

RICHARDS, L.J. 1974. The Spirituality of John Calvin. Atlanta: John Knox Press.

RICHARDS, L.O. & HOELDTKE, C. 1980. A theology of Church Leadershio. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House.

RICHARDS, L.O. & MARTIN, G. 1981. A theology of personal ministry. Spiritual giftedness in the local church. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House.

RICHARDS, L.O. 1987. A practical theology of spirituality. Grand Rapids: Academie Books.

RICHARDS, L.O. 1990. 99 idees om 'n Bybelstudiegroep te begin en te laat groei. Kaapstad: Lux Verbi.

RIDGEWAY, C.L. 1983. The dynamics of small groups. New York: St. Martin's Press.

RICE, H.L. 1991. Reformed spirituality. Louisville: Westminister/John Knox Press.

RIDDERBOS, H. 1959. Commentaar op het Nieuwe Testament - Aan de Romeinen. Kampen: J.H. Kok.

RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn teologie. Kampen: J.H. Kok.

ROBERTS, J.H. 1976. Can church offices be founded in Paul? *Neotestamentica* 10(1976). p. 1-19.

ROBERTS, J.H. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

ROBERTS, J.H. 1984a. Die Gevangenskapbriewe. (*In* Handleiding by die Nuwe Testament. Band v. Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers. p. 114-157.)

ROBERTS, J.H. 1984b. Die kerk by Paulus. (*In* Handleiding by die Nuwe Testament. Band v. Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers. p. 282-319.)

ROSSOUW, P.J. 1984. Praerogativa Singularis. Amp in die kontemporêre gereformeerde pastoraat. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat. (Proefskrif - D.Th.)

ROSSOUW, P.J. 1988. Die verhouding tussen Christus, Amp en gemeente. (*In* Rossouw, P.J. *red.* Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 359-361)

ROXBURGH, A.J. 1993. Reaching a new generation - strategies for tommorow's church. Downers Grove. Illinois: Intervarsity press.

RUNIA, K. 1990. De prediking van de kerk. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* De kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 392-403).

RUNIA, K. 1993. Spiritualiteit by Calvijn. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 169-186)

SAUNDERSON, J.W. 1990. Small group evangelism. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 31 (4): 621-632. Des.

SCHWANDA, T. 1995. Reformed Spirituality - It's not New Age. Grand Rapids: CRC Publications.

SCHWANZ, F. 1988. Growing the church through small groups. *Discipleship journal*, 45:43.

SIMPSON, N.W. 1992. 'n Teorie oor die funksionering van die kleingroep in die gemeente. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - M.Th.)

SMIT, A.T. 1990: Die dimensie van spiritualiteit in leierskapontwikkeling by die predikant. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - M.Th.)

SMIT, A.T. 1995a. Begeleiding: Nuutgedink oor leierskap in gemeentes. (*In* Smit, A.T. (*red.*) Nuutgedink oor leierskap in gemeentes - die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad: Lux Verbi. p. 16-34.)

SMIT, A.T. 1995b. Spirituality and church meetings. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *red.s.* Meeting the future - Christian leadership in South Africa. Randburg: Knowledge Resources. p. 112-121).

SMIT, D.J. 1988. Wat is gereformeerde spiritualiteit? *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 29:182-193.

SMIT, D.J. 1989. Kan spiritualiteit beskryf word? *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 30:83-94.

SMITSKAMP, H. 1957. Constantijn de grote. (*In* Grosheide, F.W. & Itterzon, G.P. *red.* Christelijke Encyclopedie. Band 2. Kampen: J.H. Kok. p. 288-289.)

SNYDER, H.A. 1977. Het probleem van de wijnzakken. De structuur van de kerk in een eeuw van techniek. Hoornaar: Gideon.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering. 'n Handboek by die kerkorde. Hammanskraal: Die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

STEYN, A.F. & UYS, T. 1990. Die kleingroep. Struktuur en dinamika. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

STEYN, C. 1994. Worldviews in transition - an investigation into the New Age Movement in South Africa. Pretoria: University of South Africa.

STOREY, P. 1995. A Leader's vision. (*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *red.s.* Meeting the future - Christian leadership in South Africa. Randburg: Knowledge Resources. p. 69-77)

TE VELDE, M. 1992. Gemeenteopbouw 2. Barneveld: De Vuurbaak.

TE VELDE, M. 1996. Mededelinge aan die navorser. Kampen. (Kassetopname in besit van die navorser).

THERON, J.P.J. 1989. Spiritualiteit en pneumatika: konflik en aanvaarding binne gereformeerde kringe in Suid-Afrika. (*In* Muller, J.C., *red.* Spiritualiteit - Praktiese Teologie in Suid-Afrika 4(2). Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p.31-47.)

THURSTON, B. 1993. Christianity in the early church. Menapolis: Fortress Press.

TOFFLER, A. 1971. Future Shock. London: Pan Books.

TOFFLER, A. 1981. The Third Wave. London: Pan Books.

TOFFLER, A. 1991. Powershift: knowledge, wealth, and violence at the edge of the 21st century. London: Bantam Books.

ULSCHAK, F.L., NATHANSON, L. & GILLAN, P.G. 1981. Small group problem solving. London: Addison-Wesley Publishing company.

VAN DE BANK, J.H. 1993. Spiritualiteit en de vroege kerk. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 69-98)

VANDER KOLK, C.J. 1985. Introduction to group counselling and psychotherapy. Columbus: Charles E. Merrill Publishing Company.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die gronbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde. 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN DER MERWE, A.F. 1990. 'n Kritiese evaluering van die sosio-politieke dimensie in die relasionele groeimodel van Howard J. Clinebell. Stellenbosch: U.S. (Proefskrif - D.Th.)

VAN DER MERWE(1), M. 1995. Nuwe treë saam met God - Riglyne en programme oor spiritualiteit en gemeentevernuwing. Kaapstad: Lux Verbi.

VAN DER MERWE(2), R. 1995. Praying with Jesus.(*In* Buchanan, D. & Hendriks, J. *red.s.* Meeting the future - Christian leadership in South Africa. Randburg: Knowledge Resources. p. 99-111)

VAN DER POL, F. 1993. Spiritualiteit in de Middeleeuwen. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 99-148)

VAN DER SPUY, D. 1994. Mededelinge aan die navorser. Pretoria. (Kassetopname in besit van die navorser).

VAN DER VYVER, G.C.P. 1975. Die wordingsgeskiedenis van die metodisme. (*In* Van der Vyver, G.C.P. *red.* "Revival" of Reformasie - 'n studie oor Metodisme. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 1-15).

VAN DER WALT, B.J. 1990. Die "New Age"-Beweging: 'n onskuldige eksentrisiteit, nuwe hoop, demoniese sameswering of duidelike uitdaging vir die Christen. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 1-31. (Studiestuk no. 273/274.)

VAN DER WALT, B.J. 1994. Godsdiensverskeidenheid, -gelykheid en -vryheid in Suid-Afrika. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. (Studiestuk no. 314).

VAN DER WALT, B.J. 1996. Geen ander keuse: Reformatories in die wêreld teenwoordig. *Die Kerkblad*, 98(2982):22-23, Feb. 28.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN LEEUWEN, J.A.C. 1926. Paulus' Zendbrieven aan Efese, Colosse, Filemon en Thessalonika. Amsterdam: H.A. van Bottenburg.

VAN RENSBURG, F. 1983. Die amp sonder portefeulje. (*In* Botha, E., Steenberg, D., Taljaard, J., Van der Walt, B., Van der Walt, K. *red*s Venster op die kerk. Potchefstroom: IRS. p. 131-143).

VAN 'T SPIJKER, W. 1990a. De kerk bij Bucer: het rijk van Christus. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel. L. *red.s* De kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 126-142).

VAN 'T SPIJKER, W. 1990b. Het Presbyteriale-synodale stelsel. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel. L. *red.s* De kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 326-338).

VAN 'T SPIJKER, W. 1993a. Woord vooraf. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 15-16).

VAN 'T SPIJKER. 1993b. Tussenbalans. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 307-329).

VAN 'T SPIJKER. 1993b. Spiritualiteit en Spiritus Sanctus. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *reds*. Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 435-452).

VAN 'T SPIJKER. 1996. Mededelinge aan die navorser. Apeldoorn. (Kassetopname in besit van die navorser).

VAUGHAN, C. 1981. Acts - Bible study commentary. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House.

VEENHUIZEN, F.H. 1982. Gemeentekringen: handrijking by het kleine groep. Apeldoorn: World Home League Nederland.

VEENHUIZEN, F.H. 1996. Mededelinge aan die navorser. Apeldoorn. (Kassetopname in besit van die navorser).

VELEMA, W.H. 1990. Nieuw zicht op gereformeerde spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij Kok Voorhoeve.

VELEMA, W.H. 1993. Spiritualiteit in aktie. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 373-383)

VELEMA, W.H. 1993. Spiritualiteit en persoonlijk geestelik leven nu. (*In* Van 't Spijker, W., Balke, W., Exalto, K., Van Driel, L. *red.s* Spiritualiteit. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 416-434)

VENTER, A.G.S. 1986. Die werk van die Gees in die opbou van die kerk volgens Handelinge. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - Th.D.)

VENTER, C.J.H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde - 'n Pastorale studie in die lig van die pastorale briewe. Potchefstroom: Pro Rege.

VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29(1 & 2):181-202, Maart/Junie.

VENTER, G.J.C. 1972. Kleingroep en Koinonia. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat. (Verhandeling - M.A.)

VERSTEEG, J.P. 1980. Oog voor elkaar. Kampen: J.H. Kok.

VERSTEEG, J.P. 1985. Kijk op de kerk. De structuur van gemeente volgens het Nieuwe Testament. Kampen: J.H. Kok.

VERSTEEG, J.P. 1988. Het karakter van het ambt volgens Efeziërs 4:7-16. (*In* Rossouw, P.J. *red.* Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. p. 49-74)

VORSTER, J.M. 1992. 'n Teologie van Spiritualiteit? *Die Kerkblad*, 95:11-12, April 22.

VORSTER, J.M. 1994. Die kerk in 'n nuwe konteks. *In die Skriflig*, 28(3):309-327, Sept.

VORSTER, J.M. 1995a. Die kerk in 'n nuwe konteks (1). *Die Kerkblad*, 98(2963):25 en 27, Mei 10.

VORSTER, J.M. 1995b. Die kerk in 'n nuwe konteks (1). *Die Kerkblad*, 98(2964):11 en 25, Mei 24.

WHITNEY, D.S. 1991. Spiritual disciplines for the christian life. Amersham-on-the-Hill: Scripture Press.

WILLOW CREEK COMMUNITY CHURCH, 1993. Orientation for new small group leaders and apprentices. Chicago: Willow Creek Community Church.

WUTHNOW, R. 1994. Sharing the journey. New York: The Free Press.